

Morfologiese evalueringskonstruksies in Afrikaans

EB Trollip

 orcid.org/0000-0003-2969-2832

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Philosophiae*
Doctor in Afrikaans en Nederlands aan die Noordwes-
Universiteit

Promotor: Prof GB van Huyssteen

Gradeplegtigheid: Junie 2023

Studentenommer: 21724504

Voorwoord

Dit was Heraclitus wat by geleentheid gesê het, en ek wil dit meer parafraseer as woord vir woord aanhaal, dat geen persoon ooit sy voete in dieselfde rivier sit nie, want hy is nie dieselfde persoon nie en dit is nie dieselfde rivier nie. Hierdie afgelope ses jaar kan ek nie in woorde beskryf nie, en ek dink nie dit is nodig nie. Ek kan my oë toemaak en álles voel, maar dit is nie vir my moontlik om te verwoord wie ek gedink het ek voor die tyd was, wie ek geword het, of wie ek dink ek nou is nie.

Hierdie studie was 'n reusepoging deur soveel mense, en ek wil hulle elkeen graag bedank:

- My ouers – Eddie en Maryke Trollip. Ek het geen woorde nie, ek dink julle dalk ook nie. Wie sou kon dink dat hierdie dag uiteindelik sou aanbreek? Dankie dat ek kliphard kon vloek, huil en uitmekaarval en dat julle daar was om saam te vloek, te huil en my weer op te help. Dankie vir al die perspektief wat ek by julle kon kry toe ek gedink het my probleme is die grootste en ergste in die wêreld. Dit was uitdagend, Trollips, maar ek sê soos altyd, dankie.
- Die Trollips daar in Jeffreys – Edgar, Carmen, Ari'el, Abiya en Jed. Dankie dat julle my altyd aan die hand wou vat en net liefde gee. Oom Ben is baie dankbaar vir elke oomblik saam met julle.
- My promotor – Gerhard. Van daardie eerste dag in jou morfologieklas in 2012 was ek betower deur die Afrikaanse taalkunde. Daar was baie tye wat jy my moed ingespraak het, geïnspireer het en op die regte, gefokusde weë gehou het. Dankie vir jou ondersteuning, jou raad en jou konstante, byna vanselfsprekende vertroue dat ek hierdie ding kon doen.
- Vir hulle finansiële steun wat hierdie studie moontlik gemaak het, bedank ek graag die volgende instansies:
 - Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns;
 - Die Noordwes-Universiteit;
 - Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT);
 - Die Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks, ook vir hulle administratiewe steun.

- Baie dankie, Petra, vir die formatering van my proefskrif, en Anneke, vir die nagaan van my bronnelys, en Eduan, vir die teksversorging.
- Vir die lang lys vriende, familie, kollegas, plekke, (naamlose en ontelbare) vreemdelinge en diere wat my ondersteun het met hulle eie insigte, skoonheid, raad, onsinnige praatjies, en perspektief oor die lewe. Ek gaan net julle name alfabeties gee, want as ek op almal se bydrae tot my lewe moet uitbrei, sit ek tot 2044 nog en tik: Alana, Alex, Allison, Amsterdam, Anneke, Attie (my neef-neef), prof Attie, Biandri, Cecile, Chantal, Deon, Diane, Edoardo, Gerrie, Gert, Ida, Jeffreysbaai, Juan, Katie, Lucy, Marlie, Martin, ML, Mmasi, Monique, Phil, (liefste-liefste) Poeksie, Reinhardt, Risha, Rochelle, Trudie, en Wouter.
- Ek wil ook graag vir my werk by die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) bedank – die groei wat ek sedert 2019 ervaar, die eindelose geleenthede wat daagliks meer word, en die tyd wat ek kon spandeer aan die voltooiing van my proefskrif is vir my 'n groot eer en voorreg.
- Ek bedank die Hemelse Vader vir Sy genade en verder ook elke ander sigbare en onsigbare mag wat my uiteindelik tot op hierdie punt gebring het.

Opsomming

SLEUTELTERME: affiksoïed, Afrikaans, ekspressiwiteit, gebruiksdata, intensivering, MEK, morfologiese evalueringskonstruksie, taalbeskrywing, taboe

Evaluering is 'n algemene eienskap van mense se daaglikse lewens – ook in hulle taalgebruik. In hierdie studie is die fokus op die spesifieke wyses waarop evaluering op 'n talige manier, en meer spesifiek op morfologiese vlak, in Afrikaans neerslag vind. Die kern van die studie is Afrikaanse morfologiese evalueringskonstruksies (MEK's), 'n sambreelterm wat gebruik word om na evaluerende konstruksies te verwys, byvoorbeeld intensiewe vorme en vloekwoordinfigeringskonstruksies. Die vrae wat in die studie gevra word, is wat 'n beskrywingsraamwerk vir MEK's moet insluit; watter MEK's in Afrikaans gebruik word; en hoe hierdie konstruksies aan die hand van gebruiksdata beskryf kan word. Die beskrywing van Afrikaanse MEK's, hetsy teoreties of aan die hand van sinchroniese korpusdata, is nog nie voorheen in sy totaliteit onderneem nie.

Ten einde die vereistes vir 'n beskrywingsraamwerk vas te stel, is 'n literatuurstudie onderneem. Begrippe soos *ekspressiwiteit*, *intensivering* en *ikonisiteit* kom in die literatuur voor en word krities bespreek. Bestaande studies oor evaluerende taalgebruik word vanuit verskillende perspektiewe geskryf, maar stel dit deurgaans dat 'n kerneienskap van evaluerende taalgebruik die uitdruklike en/of gesuggereerde oordeel van taalgebruikers is. Taalgebruikers spreek hulle oordeel uit deur spesifieke keuses te maak: Hulle gebruik byvoorbeeld taboes of intensiewe vorme eerder as woorde of konstruksies wat slégs denotatief of beskrywend is. Op grond van die literatuur kon bepaal word dat MEK's met verwysing na hulle vorm, betekenis, gebruik en ontwikkeling beskryf behoort te word. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif is slegs op die eerste drie aspekte gefokus, siende dat hulle sinchroniese aspekte is.

Aan die hand van hierdie drie aspekte word MEK's in die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se korpusversamelings beskryf. Om verskillende MEK's in die verskillende korpusversamelings te vergelyk, word die woordfrekwensieklasse van MEK's gebruik.

In hierdie studie is affiksoïede, komposita, affikse en 'n opvanggroep met ander MEK's as die hoofgroepe waarin MEK's beskryf kan word, geïdentifiseer. MEK's wat voorheen oppervlakkig of geensins in Afrikaans beskryf is nie, wat affiksoïede, taboeaffiksoïede, dubbele diminutiewe en rekursiewe MEK's insluit, vorm deel van die beskrywings. Gemeenskaplikhede tussen die verskillende MEK's is op grond van die data en beskrywings bepaal: Komponente wat links- of kernverbindend is, soos prefikse, prefiksoïede en infikse dra tot intensiverende betekenisonderskeidings by, terwyl suffikse en suffiksoïede wat regsverbindend is, se

betekenismoontlikhede meer uiteenlopend is en evaluerend na persone, voorwerpe of eienskappe kan verwys. Die produktiwiteit en veelsydigheid van veral taboemorfeme om intensiverend en persoonsvormend te wees, is 'n prominente saak wat in die studie aandag geniet.

Die studie se bydrae is tweeledig deurdat 'n beskrywingsraamwerk vir MEK's daargestel word, én sinchroniese beskrywings van verskillende MEK's in Afrikaans geformuleer is. Hierdie studie lê daarom die grondslag vir die volledige beskrywing van MEK's in ander tale, en bied ook 'n eerste omvattende beskrywing van MEK's in Afrikaans. Dié sinchroniese, gebruiksgebaseerde beskrywing van Afrikaanse MEK's vestig uiteindelik Afrikaans se plek in die groter gesprek rondom evaluerende taalgebruik.

Abstract

KEYTERMS: *affixoid, Afrikaans, expressivity, intensification, language description, MEC, morphological evaluative construction, taboo, usage data*

Evaluation is a general characteristic of people's lives – also their language. In this study the focus is on the specific ways in which evaluation is expressed in Afrikaans, specifically on a morphological level. This study has at its core Afrikaans morphological evaluative constructions (MECs), an overarching term that is used to refer to evaluative constructions, for example, intensified adjectives and taboo infixes. The research questions addressed in this study are what a descriptive framework for MECs should include; which MECs are used in Afrikaans; and ultimately how these constructions should be described with reference to usage data. The description of Afrikaans MECs, whether theoretically or by means of synchronic corpus data, has not yet been undertaken in its totality before.

To determine the requirements for a descriptive framework, a literature study has been undertaken. Concepts that include *expressivity*, *intensification* and *iconicity* appear in the literature and are critically discussed. Existing studies about evaluative language include approaches from different perspectives, but they generally affirm that a core characteristic of evaluative language is the overt or implied judgement of language users. Language users express their judgement by making specific choices: For example, they use taboos and intensified adjectives, rather than constructions that are purely denotative or referential. It could be determined on the basis of the literature that MECs should be described with reference to their form, meaning, usage and development. For the purpose of this study, only the first three aspects are relevant, due to them being synchronic aspects.

MECs, as they appear in the corpus collections of the Virtual Institute for Afrikaans (VivA), are described on the basis of these three aspects. To compare different MECs in different corpus collections, the word-frequency classes of MECs are used.

In this study affixoids, compounds, affixes and a catch-all group with other MECs are the main groupings in which MECs are described. MECs that have previously enjoyed either no attention or only superficial attention, for example, affixoids, taboo affixoids, double diminutives and recursive MECs, form part of the descriptions. Commonalities between the different MECs are determined based on the data and usage: Components that combine on the left or at the core, like prefixes, prefixoids and infixes, contribute to intensified meanings, while the meanings of suffixes and suffixoids that combine on the right, vary more and can be used to refer evaluatively to people, objects or characteristics. The productivity and versatility of especially Afrikaans taboo

morphemes to indicate intensification and to form constructions that refer to people are prominent topics that are discussed in the study.

This study has a dual contribution in as far as it offers a descriptive framework for MECs, and it presents synchronic descriptions of different Afrikaans MECs. This study therefore lays the foundation for the complete description of MECs in other languages, and also offers a comprehensive description of Afrikaans MECs. This synchronic usage-based description of Afrikaans MECs ultimately promotes the role of Afrikaans in the bigger discussion of evaluative language use.

Inhoudsopgawe

Voorwoord	i
Opsomming	iii
Abstract.....	v
Lys afkortings.....	xvi
Lys tabelle.....	xviii
Lys figure	xxii
Hoofstuk 1: Kontekstualisering	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling	2
1.3 Navorsingsvrae	6
1.4 Doelstellings en doelwitte	6
1.5 Sentrale teoretiese stelling	6
1.6 Navorsingsmetode.....	7
1.6.1 Literatuurstudie	7
1.6.2 Korpusanalise en skemas	7
1.6.2.1 Gebruiksdata.....	7
1.6.2.2 Notasiekonvensies	14
1.7 Vooruitskouing en hoofstukindeling.....	15
Hoofstuk 2: Teoretiese aspekte en 'n beskrywingsraamwerk van MEK's.....	17
2.1 Inleiding	17
2.2 Vorm	18

2.2.1	Morfologiese tipes	19
2.2.2	Konvensies.....	20
2.3	Betekenis	22
2.3.1	Ikonsiteit en metonimie.....	22
2.3.2	Langackeriaanse subjektiwiteit	25
2.3.3	Intensiteit, ekspressiwiteit en evaluering.....	31
2.3.3.1	Intensiteit en ekspressiwiteit	31
2.3.3.2	Evaluering	36
2.3.4	Oordadigheid en oortoligheid	42
2.4	Gebruik.....	44
2.5	Ontwikkeling.....	45
2.5.1	Inleiding.....	45
2.5.2	Traugottiaanse subjektivering	46
2.5.3	Vestiging-en-konvensionaliseringsmodel.....	47
2.5.4	Konstruksionalisering en konstruksionele verandering	49
2.6	Samevatting.....	51
2.7	Beskrywingsraamwerk	51
Hoofstuk 3: Affiksoïede		54
3.1	Inleiding	54
3.2	Prefiksoïede.....	54
3.2.1	MEK's met 'n prefiksoïed (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe <i>hond-siek</i>	54
3.2.1.1	Vorm.....	55
3.2.1.2	Betekenis	58

3.2.1.3	Gebruik.....	60
3.2.1.4	Opmerking.....	64
3.2.2	MEK's met 'n taboeprefiksoïed (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe <i>kak≠snaaks</i>	65
3.2.2.1	Vorm.....	66
3.2.2.2	Betekenis	68
3.2.2.3	Gebruik.....	73
3.2.2.4	Opmerking.....	92
3.3	Suffiksoïede.....	93
3.3.1	MEK's met 'n naamwoord (K1) en 'n adjektiverende taboesuffiksoïed (K2): Die tipe <i>kerk≠bedonnerd</i>	93
3.3.1.1	Vorm.....	94
3.3.1.2	Betekenis	94
3.3.1.3	Gebruik.....	96
3.3.1.4	Opmerking.....	101
3.3.2	MEK's met 'n naamwoord/adjektief/werkwoord (K1) en 'n suffiksoïed (K2): Die tipe <i>dom≠kop</i>	102
3.3.2.1	Vorm.....	102
3.3.2.2	Betekenis	103
3.3.2.3	Gebruik.....	106
3.3.2.4	Opmerkings.....	120
3.4	Samevatting.....	120
Hoofstuk 4: Komposita		122
4.1	Inleiding	122

4.2	Kleuradjektiewe as kernkomponente.....	126
4.2.1	MEK's met 'n naamwoord (K1) en 'n kleuradjektief (K2): Die tipe <i>goud+geel</i>	128
4.2.1.1	Vorm.....	128
4.2.1.2	Betekenis	130
4.2.1.3	Gebruik.....	135
4.2.1.4	Opmerkings.....	138
4.2.2	MEK's met 'n werkwoord (K1) en 'n kleuradjektief (K2): Die tipe <i>giggel+geel</i>	138
4.2.2.1	Vorm.....	139
4.2.2.2	Betekenis	140
4.2.2.3	Gebruik.....	140
4.2.3	MEK's met 'n adverbium (K1) en 'n kleuradjektief (K2): Die tipe <i>vars+groen</i>	142
4.2.3.1	Vorm.....	143
4.2.3.2	Betekenis	143
4.2.3.3	Gebruik.....	144
4.3	Ander adjektiewe as kernkomponente.....	145
4.3.1	MEK's met 'n naamwoord (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe <i>gal+bitter</i>	145
4.3.1.1	Vorm.....	146
4.3.1.2	Betekenis	147
4.3.1.3	Gebruik.....	148
4.3.2	MEK's met 'n werkwoord (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe <i>skreeu+snaaks</i>	152
4.3.2.1	Vorm.....	152
4.3.2.2	Betekenis	153

4.3.2.3	Gebruik.....	154
4.3.3	MEK's met 'n adverbium (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe <i>alom+bekend</i>	155
4.3.3.1	Vorm.....	156
4.3.3.2	Betekenis	156
4.3.3.3	Gebruik.....	157
4.3.3.4	Opmerking.....	158
4.4	Samevatting.....	160
Hoofstuk 5: Affikse.....		161
5.1	Inleiding	161
5.2	Prefikse	161
5.2.1	MEK's met 'n kategorieneutrale prefiks uit die Germaanse stratum (K1) en 'n naamwoord (K2): Die tipe <i>aarts·vyand</i>	161
5.2.1.1	Vorm.....	162
5.2.1.2	Betekenis	163
5.2.1.3	Gebruik.....	163
5.2.1.4	Opmerking.....	169
5.2.2	MEK's met 'n kategorieneutrale prefiks uit die Klassieke stratum (K1) en 'n naamwoord (K2): Die tipe <i>mega·kerk</i>	169
5.2.2.1	Vorm.....	169
5.2.2.2	Betekenis	170
5.2.2.3	Gebruik.....	171
5.2.2.4	Opmerking.....	181
5.2.3	MEK's met 'n kategorieneutrale prefiks uit die Germaanse stratum (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe <i>oer·lelik</i>	181

5.2.3.1	Vorm.....	181
5.2.3.2	Betekenis	182
5.2.3.3	Gebruik.....	182
5.2.4	MEK's met 'n kategorieneutrale prefiks uit die Klassieke stratum (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe <i>super-mooi</i>	188
5.2.4.1	Vorm.....	189
5.2.4.2	Betekenis	190
5.2.4.3	Gebruik.....	191
5.2.4.4	Opmerking.....	208
5.3	Suffikse	209
5.3.1	MEK's met 'n naamwoord of werkwoord (K1) en <i>-asie</i> (K2): Die tipe <i>dier-asie</i>	209
5.3.1.1	Vorm.....	209
5.3.1.2	Betekenis	210
5.3.1.3	Gebruik.....	210
5.3.2	MEK's met 'n diminutiefsuffiks: Die tipes <i>brief-ie-tjie-tjie</i> en <i>sagg-ies</i>	212
5.3.2.1	Vorm.....	213
5.3.2.2	Betekenis	214
5.3.2.3	Gebruik.....	216
5.3.2.4	Opmerking.....	219
5.3.3	MEK's met 'n adjektief (K1) en 'n nominaliserende suffiks (K2): Die tipe <i>laf-aard</i>	220
5.3.3.1	Vorm.....	220
5.3.3.2	Betekenis	221

5.3.3.3	Gebruik.....	222
5.3.3.4	Opmerking.....	225
5.3.4	MEK's met 'n naamwoord (K1) en 'n adjektiverende suffiks (K2): Die tipe <i>wolw-er</i>	225
5.3.4.1	Vorm.....	226
5.3.4.2	Betekenis	227
5.3.5	MEK's met 'n werkwoord (K1) en 'n nominaliserende suffiks (K2): Die tipe <i>skep-sel</i>	227
5.3.5.1	Vorm.....	227
5.3.5.2	Betekenis	229
5.3.5.3	Gebruik.....	231
5.3.5.4	Opmerkings.....	237
5.4	Infikse.....	238
5.4.1	MEK's met 'n taboe-infiks: Die tipe <i>fan-fokken-tasties</i>	238
5.4.1.1	Vorm.....	238
5.4.1.2	Betekenis	243
5.4.1.3	Gebruik.....	244
5.4.1.4	Opmerkings.....	253
5.5	Samevatting.....	254
Hoofstuk 6: Ander MEK's		257
6.1	Inleiding	257
6.2	Reduplikasiekonstruksies.....	257
6.2.1	Die tipe <i>blou--blou</i>	257

6.2.1.1	Vorm.....	259
6.2.1.2	Betekenis	260
6.2.1.3	Gebruik.....	260
6.2.1.4	Opmerking.....	265
6.2.2	Die tipe Braaidag, (schm)aaidag.....	266
6.2.2.1	Vorm.....	267
6.2.2.2	Betekenis	268
6.2.2.3	Gebruik.....	268
6.2.2.4	Opmerking.....	269
6.3	Rekursiewe MEK's	269
6.3.1	Vorm.....	270
6.3.2	Betekenis	271
6.3.3	Gebruik.....	272
6.4	Hipokoristiese konstruksies	273
6.4.1	Vorm.....	274
6.4.2	Betekenis	275
6.4.3	Gebruik.....	275
6.5	Samevatting.....	276
Hoofstuk 7: Gevolgtrekking		277
7.1	Inleiding	277
7.2	Terugskouing en beantwoording van navorsingsvrae.....	277
7.2.1	'n Beskrywingsraamwerk vir MEK's.....	277
7.2.2	MEK's in Afrikaans	280

7.2.2.1	Affiksoïede	280
7.2.2.2	Komposita	282
7.2.2.3	Affikse	284
7.2.2.4	Ander MEK's	286
7.3	Beperkings van die studie.....	288
7.4	Moontlikhede vir verdere navorsing	288
Bylaag A:	Etiekklaring.....	290
Bylaag B:	Woordfrekwensieklas (N) van oer-N-MEK's	292
Bylaag C:	Woordfrekwensieklas (N) van super-N-MEK's	305
Bylaag D:	Afrikaanse vertalings van Diepeveen (2012) se diminutief-adverbia	317
Bronnelys.....	321

Lys afkortings

Afkorting	Uitdrukking
ADJ	adjektief
ADJZ	adjektiveerder
ADV	adverbium
ADVZ	adverbaliseerder
Afr.	Afrikaans
AP	adjektief-frase (<i>adjectival phrase</i>)
AUG	ougmentatief
AWS	<i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i> (2017)
CMPR	vergrotendetrapsuffiks (<i>comparative suffix</i>)
CN	kategorieneutrale komponent
D.	Duits
DIM	diminutief
DM	graadveranderingskonstruksie (<i>degree modifier construction</i>)
EA	evaluerende affiks
Eng.	Engels
ER	evaluerende reël
e-WAT	elektroniese weergawe van die <i>Woordeboek van die Afrikaanse Taal</i>
Fr.	Fries
GKM	geïdealiseerde kognitiewe model
Gr.	Grieks
INT	intensiveerder
K&Kv	konstruksionalisering en konstruksionele verandering
K1	eerste komponent
K2	tweede komponent
K3	derde komponent
kf-reduplikasie	kontrastiewefokusreduplikasie
KG	kognitiewe grammatika
KL	kognitiewe linguistiek
LK	valensiemorfeem
MEK	morfologiese evalueringskonstruksie
N	woordfrekwensieklas
Ndl.	Nederlands
NMLZ	nominaliseerder
NVT	nie van toepassing nie
P	produktiwiteit
POS	woorddeel (<i>part of speech</i>)
QUANT	kwantifiseerderkonstruksie (<i>quantifier construction</i>)
RED	reduplikasie
RX	gedeeltelike geredupliseerde komponent
SEM	betekenisinhoud
SUPL	oortreffendetrapsuffiks (<i>superlative affix</i>)
NWU/THT	Tracing History Trust

Afkorting	Uitdrukking
V	werkwoord
V&K-model	vestiging-en-konvensionaliseringsmodel
VivA	Virtuele Instituut vir Afrikaans
VivA-KPE	Virtuele Instituut vir Afrikaans: Eksklusiewe korpusversameling
VivA-KPO	Virtuele Instituut vir Afrikaans: Omvattende korpusversameling
VR	verbaliseerder
WKJ	watkykjy.co.za
WV	woordvorming

Lys tabelle

Tabel 1-1:	Opsomming van die korpuse wat vir Afrikaans gebruik word	8
Tabel 1-2:	'n Uittreksel van die N-tabelle wat gebruik word	12
Tabel 1-3:	'n Uittreksel van die verkorte N-tabelle wat gebruik word	12
Tabel 2-1:	<i>poes÷graag</i> gemeet teen Scalise (1984) en Stump (1993) se eienskappe	37
Tabel 3-1:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>hond÷-</i> en <i>perd÷-</i> MEK's.....	60
Tabel 3-2:	Opsomming van die adjektiewe waarmee diernaamprefiksoïede verbind	62
Tabel 3-3:	Kategorisering van taboeprefiksoïede in Wes-Germaanse tale	71
Tabel 3-4:	Opsomming van taboeprefiksoïedkonstruksies in VivA se korpusversamelings.....	73
Tabel 3-5:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>dood÷-</i> MEK's	75
Tabel 3-6:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>poes÷-</i> MEK's	80
Tabel 3-7:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>kak÷-</i> MEK's	83
Tabel 3-8:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>vrek÷-</i> MEK's	87
Tabel 3-9:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>moer÷-</i> MEK's.....	88
Tabel 3-10:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>doos÷-</i> MEK's	90
Tabel 3-11:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>pis÷-</i> MEK's	91
Tabel 3-12:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>hel÷-</i> MEK's	92
Tabel 3-13:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>÷bedonnerd-</i> en <i>÷befok-</i> MEK's.....	97
Tabel 3-14:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>÷gek-</i> MEK's	98
Tabel 3-15:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>÷mal-</i> MEK's	99
Tabel 3-16:	Suffiksoïede wat na persone of eienskappe verwys in Afrikaans.....	105

Tabel 3-17:	Woordfrekwensieklas (N) van ÷ <i>gat</i> -MEK's	107
Tabel 3-18:	Woordfrekwensieklas (N) van ÷ <i>kop</i> -MEK's	110
Tabel 3-19:	Woordfrekwensieklas (N) van ÷ <i>neus</i> -MEK's	118
Tabel 3-20:	Woordfrekwensieklas (N) van ÷ <i>kous</i> -MEK's	118
Tabel 3-21:	Woordfrekwensieklas (N) van ÷ <i>balie</i> -MEK's	119
Tabel 4-1:	Vergelykende tabel van intensiewe vorme	125
Tabel 4-2:	Tellings van kleurintensiewe in Nederlands en Afrikaans	127
Tabel 4-3:	Woordfrekwensieklas (N) van kleurintensiewe met naamwoordintensiveerders	136
Tabel 4-4:	Woordfrekwensieklas (N) van kleurintensiewe met werkwoordintensiveerders	141
Tabel 4-5:	Woordfrekwensieklas (N) van kleurintensiewe met adverbiumentensiveerders	144
Tabel 4-6:	Woordfrekwensieklas (N) van intensiewe vorme met naamwoordintensiveerders	148
Tabel 4-7:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>skreeu+lelik</i> -MEK's in VivA-KPO en VivA- KPE	154
Tabel 4-8:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>alom+bekend</i> -MEK's	157
Tabel 4-9:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>bitter÷</i> -MEK's in VivA-KPO en VivA-KPE	159
Tabel 5-1:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>aarts</i> -N-MEK's	164
Tabel 5-2:	Opsomming van woordfrekwensieklas (N) van <i>oer</i> -N-MEK's.....	168
Tabel 5-3:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>hiper</i> -N-MEK's	171
Tabel 5-4:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>mega</i> -N-MEK's	173
Tabel 5-5:	Opsomming van die woordfrekwensieklas (N) van <i>super</i> -N-MEK's.....	178

Tabel 5-6:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>ultra-N</i> -MEK's	179
Tabel 5-7:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>aarts-ADJ</i> -MEK's	183
Tabel 5-8:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>oer-ADJ</i> -MEK's	184
Tabel 5-9:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>ekstra-ADJ</i> -MEK's	191
Tabel 5-10:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>hiper-ADJ</i> -MEK's	193
Tabel 5-11:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>mega-ADJ</i> -MEK's	198
Tabel 5-12:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>super-ADJ</i> -MEK's	198
Tabel 5-13:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>ultra-ADJ</i> -MEK's	205
Tabel 5-14:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>·asie</i> -MEK's	211
Tabel 5-15:	Woordfrekwensieklas (N) van diminutief-adverbia	216
Tabel 5-16:	Woordfrekwensieklas (N) van iminutiewe.....	218
Tabel 5-17:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>·aard</i> -MEK's.....	223
Tabel 5-18:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>·erd</i> -MEK's.....	224
Tabel 5-19:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>·erik</i> -MEK's	225
Tabel 5-20:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>·sel</i> -MEK's	231
Tabel 5-21:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>·fokken-</i> -MEK's	244
Tabel 5-22:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>·bleddie-</i> -MEK's	251
Tabel 5-23:	Woordfrekwensieklas (N) van <i>·flippen-</i> -MEK's	252
Tabel 6-1:	Woordfrekwensieklas (N) van reduplikasiekonstruksies	261
Tabel 6-2:	Rekursiewe komponentpare in Afrikaans	272
Tabel 6-3:	Woordfrekwensieklas (N) van rekursiewe MEK's	273
Tabel 6-4:	Woordfrekwensieklas (N) van hipokoristiese MEK's	275

Tabel 7-1:	P-waardes van affiksoïed-MEK's.....	282
Tabel 7-2:	P-waardes van komposita-MEK's.....	284
Tabel 7-3:	P-waardes van affiks-MEK's.....	286
Tabel 7-4:	P-waardes van ander MEK's	287

Lys figure

Figuur 1-1:	Skermgreep 1	10
Figuur 1-2:	Skermgreep 2	10
Figuur 1-3:	Skermgreep 3	10
Figuur 1-4:	Skermgreep 4	10
Figuur 2-1:	Langacker se ideale perspektiwiese rangskikking en egosentriese perspektiwiese rangskikking	27
Figuur 2-2:	Langackeriaanse subjektiwiteit toegepas op <i>mors≠dood</i>	31
Figuur 2-3:	Grafiese opsomming van Bolinger (1972) se intensiveringskategorieë	32
Figuur 2-4:	Grafiese opsomming van Grandi en Körtvélyessy (2015b) se semantiese kategorieë	40
Figuur 2-5:	Aangepaste grafiese opsomming van Grandi en Körtvélyessy (2015b) se semantiese kategorieë	41
Figuur 2-6:	Schmid (2015) se V&K-model	48
Figuur 2-7:	Grafiese opsomming van die beskrywingsraamwerk vir MEK's	53
Figuur 3-1:	Verwantskap tussen konstruksies met <i>hond+</i> en <i>hond≠</i>	56
Figuur 3-2:	Die gebruik van <i>dog≠</i> 'hond≠' in Engels (Michel <i>et al.</i> , 2011)	65
Figuur 3-3:	Verwantskap tussen konstruksies met <i>kak+</i> en <i>kak≠</i>	68
Figuur 4-1:	Konseptuele voorstelling van <i>geel</i>	133
Figuur 4-2:	Voorstelling van <i>geel</i> as 'n adjektief	133
Figuur 5-1:	Die gebruik van <i>·fucking·</i> '·fokken·' in Engels	254

Hoofstuk 1: Kontekstualisering

1.1 Inleiding

Evaluering is 'n inherente eienskap van mense se denke, gedrag en taalgebruik. In die kognitiewe wetenskappe word evaluering as 'n belangrike onderdeel van prosesse soos kategorisering en besluitneming gesien. Dit is redelik om aan te neem dat mense nie sommer iets wat hulle afkeur, sal verkies bo iets wat wel hulle goedkeuring wegdra nie. Die vraag wat ontstaan, is hoe mense hulle evaluasies in taal uitdruk.

Die behoefte onder taalgebruikers om aan hulle ervarings of evaluasies uitdrukking te gee, blyk duidelik wanneer 'n mens aan algemene fenomene soos resensies, kommentaar op sosiale media of selfs grappe dink. In informele kontekste, soos wanneer taalgebruikers met vriende whatsapp, gebruik hulle elemente soos taboewoorde, hoofletters en uitroeptekens om hulle menings op 'n nadruklike wyse weer te gee. 'n Voorbeeld waarin 'n persoon hulle evaluasie van 'n situasie uitdruk, wat uit die Virtuele Instituut vir Afrikaans (hierna VivA) se eksklusiewe korpusversameling (Virtuele Instituut vir Afrikaans, 2022a) (hierna VivA-KPE) voorkom, word in (1) ter illustrasie gegee.¹

(1) Wat het jy vir daai loyalty kaart betaal? Jou expenses begin daar. Nog Nog!!! Ons soek nog!!! Fok!!!

(VivA-KPE)

As 'n mens kan agterkom dat gebruikers hulle evaluasies op bepaalde wyses uitdruk, is dit ook belangrik om te bepaal wát hulle wil uitdruk en hóé hulle dit doen. Oormatige gebruik van skryftekens of taboewoorde is nie altyd negatief of neerhalend nie; daar is sosiale aspekte wat 'n rol kan speel, soos groepsamehorigheid, ironie of humor. Die betekenis van die uiting in (1) is byvoorbeeld positief, ten spyte van die herhaalde gebruik van uitroeptekens en die taboewoord *Fok*. Naas die wát wat uitgedruk word, gaan dit in hierdie proefskrif oor hóé gebruikers hulle oordeel uitdruk.

Een motivering vir taalgebruikers om hulle hoorders se aandag slegs op spesifieke aspekte te vestig, is as gevolg van hulle eie evaluering of waardeoordele van 'n saak. Volgens Hübler

¹ Die voorbeeldsinne en -konstruksies word direk vanuit die platform waardeur toegang tot die korpusversamelings verkry word, gekopieer en geplak. Geen redigering met inagneming van spelfoute en skryffoute word gedoen nie.

(1998:3-5) is evaluering onlosmaaklik deel van menslike kommunikasie; taal is altyd op een of ander manier evaluerend.

Evaluering en beoordeling in taalgebruik geniet al vir geruime tyd aandag. Taalkundiges, wat Bolinger (1972), Potts (2007), en Stump (1993) insluit, het al oor die afgelope dekades beskrywings en eienskappe van evaluering geformuleer. Bestaande beskrywings van verskillende evaluerende konstruksies in verskillende tale is volop, met elkeen wat op 'n manier tot beter begrip van die verskynsel bydra. Ander studies wat onder andere Bolinger (1972) as 'n basis gebruik, sluit Cacchiani (2017), Dekeukelaere (2016), Esterhuizen (1974), Liebrecht (2015), Norde *et al.* (2014) en Partington (1993) in.

1.2 Probleemstelling

Die kern van evaluerende taalgebruik handel oor hoe daar deur middel van taal aan die konstrueringsverhouding, oftewel die *construal relationship* (Langacker, 1987:487-488; Verhagen, 2005:4-8), uitdrukking gegee word. Na gelang van die betekenis wat gekommunikeer wil word, is dit moontlik om verskillende konstruksies van dieselfde basiskomponent te vorm. Afrikaans, soos enige ander taal, beskik oor 'n verskeidenheid konstruksies wat, buiten die inligting wat dit oordra, ook gevoelswaarde het. Ter illustrasie, word verskillende korpusvoorbeelde met *pienk* as die basiskomponent in (2)-(6) uit VivA se omvattende korpusversameling (hierna VivA-KPO) (Virtuele Instituut vir Afrikaans, 2022b) gegee. Die konstruksies varieer tussen die gewone, neutrale, beskrywende gebruik van die kleuradjektief, 'n sintaktiese vergelyking, 'n attribuutsamestelling met *pienk* as kern, 'n onderskikkende samestelling waarin 'n skeldwoord en *pienk* verbind, en laastens 'n grafemiese konstruksie van *pienk* wat slegs in hoofletters geskryf is.

- (2) Ons het geleef van poeiertee (ja, waaragtigwaar!) en poeierkoffie en klein blikkies ingemaakte raaisels en dog biscuits en **pienk** kougom en soet suiglekkers.
- (3) Beteuterd en dankbaar dat ek dit oorleef het, het ek daar gestaan – so skoon en rein en **pienk soos 'n skoon dagoud varkie**.
- (4) Die webkleur **kersiebloeisepi**nk verskyn regs hiervan. Die eerste aangetekende gebruik van "cherry blossom pink " as 'n kleurnaam in Engels was in 1867.
- (5) Of die uitgewer of die samestellers hiervoor verantwoordelik was, weet 'n mens nie, maar die figuur uit die Kinsey-foto-argief staan nou teen 'n **moffiepienk** agtergrond, met engele wat wegspat vanuit 'n ster reg agter "Meneer Amerika".
- (6) Foto: Liza van Deventer Loftus Versfeld se heilige groen gras kan binnekort deur rugbyspelers in **PIENK** truie onteer word.

Die evaluerende konstruksies in (3)-(6) kommunikeer verskillende gevoelswaardes (d.i. die “wat”), afhangende van die konteks. Die konstruksies wissel tussen ’n kreatiewe stylfiguur om ’n sekere *pienk* te beskryf in (3), tot ’n neerhalende of afkeurende samestelling om die gebruiker se negatiewe ingesteldheid te beklemtoon in (5). Hierdie voorbeelde illustreer ook dat daar verskillende maniere (d.i. die “hoe”) is waarop Afrikaanssprekendes aan hulle evaluasies uiting kan gee, wat sonder twyfel ’n mate van onvoorspelbaarheid aan hierdie tipe konstruksies verleen. Gegewe die omvang van evaluerende taalgebruik en die vorme wat die konstruksie kan aanneem, word daar in hierdie navorsing slegs op morfologiese evalueringskonstruksies (hierna MEK’s) gefokus. Uit die voorbeelde in (3)-(6) is moontlike MEK’s *kersiebloeisel+pienk* en *moffie+pienk*, aangesien albei morfologies kompleks is én ’n moontlike gevoelswaarde het.

Die bestudering van taalgebruikers se vermoë om op verskillende morfologiese maniere uiting aan hulle evaluasies te gee, word al vir jare aan die hand van verskillende eienskappe en met die fokus op ’n verskeidenheid konstruksies bestudeer. Die oorsprong van wat as evaluatiewe morfologie (*evaluative morphology*) bekend staan, is Scalise (1984), Stump (1993) en Bauer (1997), wat almal eienskappe van MEK’s identifiseer en bespreek. Bauer (1997) se studie eindig met die kritiek op Scalise (1984) dat evaluering ’n eienskap van gewone morfologiese prosesse, eerder as ’n vertakking van die morfologie is. Potts (2007) het op soortgelyke wyse, maar gebaseer op formele semantiek, eienskappe geïdentifiseer vir wat hy die *expressive dimension* noem. Ons kan met reg sê dat die vasstelling van kriteria vir evaluerende taalgebruik en beskrywings van MEK’s ’n goed gevestigde onderneming in die morfologie is, maar dat dit nog lank nie uitgeput is nie. Boonop lei ’n gebrek aan eenvormige terminologie en ’n eenvormige teoretiese benadering dikwels tot grootskaalse onsekerheid oor die aard van evaluerende taalgebruik (Grandi & Körtvélyessy, 2015a:36).

Buiten eienskappe of vereistes wat deur taalkundiges geformuleer is, is daar ook konsepte soos oordadigheid (Haspelmath, 1999), ekspressiwiteit (Zwicky & Pullum, 1987) en ikonisiteit (Efthymiou, 2013; Klamer, 2001) wat al gebruik is om evaluerende taalgebruik te verduidelik. Oordadigheid (oftewel *extravagance*) bied ’n korttermynvoordeel, byvoorbeeld om te skok, of aan die gebruikers afkeur van ’n spesifieke konstruksie aan te dui. Hierdie korttermynvoordeel geld solank daardie konstruksie opvallend genoeg is om so te kán funksioneer (Haspelmath 1999:1060-1062), want konstante gebruik van so ’n konstruksie lei daartoe dat die oordadige aard daarvan verlore gaan. Uit die *pienk*-konstruksies kan die ongewone vergelyking in (3) en *moffie+pienk* in (5) gesien word as oordadige wyses waarop die gebruikers hulle evaluasie te kenne gee. In die geval van *moffie+pienk* is daar wel ’n mate van oordadigheid wat die konstruksie verklaar, maar daar is ’n aspek

van die betekenis wat nie vasgevang word wanneer dit slegs met verwysing na oordadigheid verklaar wil word nie. Die konstruksie is wel ekspressief, maar dit hang van die interpretasie af, terwyl ikonisiteit bevestig word deur die toename in die vorm wat op 'n toename in die betekenis dui. Ikonisiteit verklaar egter nie watter betekenis dit is wat toeneem nie.

Ter agtergrond van hierdie hoofstuk, behoort daar breedweg iets oor kognitiewe linguistiek (KL), kognitiewe grammatika (KG) en die gebruik van evaluerende taal gesê te word. KL word onder andere gekenmerk deur die kognitiewe verbintenis en 'n verbintenis tot gebruikersdata, wat 'n sosiale ingesteldheid teenoor taal suggereer (Geeraerts, 2016:530-533). Geeraerts (2016:537) beskryf die sosiosemiotiese verbintenis as 'n nuwe verbintenis vir KL in die 21^{ste} eeu. Hierdie verbintenis vereis 'n prioritisering of ten minste 'n oorweging van die intersubjektiewe komponent van taal as sosiaal gemeenskaplik, nie beperk tot 'n individu nie. Alhoewel die sosiosemiotiese verbintenis nog nie voorheen as 'n verbintenis beskryf is nie, blyk dit tog onderliggend deel van KG te wees soos Langacker (1985; 1987; 2008) dit ontwikkel het. Wanneer Langacker kies om betekenis nie eng te definieer nie, word 'n sosiosemiotiese element noodgedwonge ingesluit. Hy sluit hierdie verbintenis in deur gebruik en konteks as belangrike eienskappe van betekenis-konstruering te beklemtoon.

As daar byvoorbeeld van die teoretiese vooronderstelling uitgegaan word dat evaluasie 'n belangrike kognitiewe motivering van subjektivering en subjektiwiteit is, kan gemotiveer word dat evaluering nie 'n afsonderlike vertakking van die morfologie is nie (Bauer, 1997), maar eerder 'n kognitiewe motivering wat deur konstrueringsmeganismes gebruik word om die gebruiker se oordeel deur middel van taal te realiseer.

As 'n gebruiksvoorbeeld van die intersubjektiewe aard van taal, kan die sin in (7) oorweeg word. In hierdie sin kom 'n tussenwerpsel (*Sjoe*), 'n adjektief (*suiwer*), en 'n metafoor (*testosteron op twee bene*) voor. Taalgebruikers ontgin 'n betekenisvlak waarin hulle hulself en hoorders of lesers deel van die ervaring maak. Dit is juis deur die gebruik van evaluerende konstruksies soos tussenwerpsels, adjektiewe en metafore wat taalgebruikers hulle aanhoorders se aandag op bepaalde aspekte wil vestig. In dieselfde gees as Geeraerts stel Van Berkum (2011:21) voor dat teorieë oor emosie en teorieë oor taal verenig moet word indien menslike taalgebruik ten volle begryp wil word.

(7) Sjoe, maar die man is suiwer testosteron op twee bene.

(VivA-KPO)

Twee dominante teorieë met betrekking tot subjektivering en subjektiwiteit is Langacker (1999, 2008) se sinchroniese perspektief en Traugott (1989, 2003, 2010) se diachroniese perspektief op

subjektiwiteit – beide meestal met toepassing op sintaktiese konstruksies. Weinig is egter al gedoen oor die rol van subjektivering deur middel van morfologiese konstruksies en die konstruering van sodanige konstruksies om uitdrukking aan evaluerende betekenis te gee. Die wyse waarop MEK's deur middel van subjektivering 'n evaluerende betekenis gegee word, is 'n hiaat in die internasionale morfologieliteratuur. Waar daar in hierdie proefskrif na subjektivering en subjektiwiteit verwys word, sal dit hoofsaaklik in hoofstuk 2 van die literatuurstudie wees.

Verskillende teoretiese konstrunkte bied moontlikhede vir die verklaring van MEK's. Naas taalkundige beskrywings van gebruiksdatabasis, kan daar met verwysing na konstrunkte wat direk met KG verband hou, meer insig rondom MEK's gegee word. MEK's word as konstruksies, oftewel vorm-betekenispare, beskou in dieselfde sin as wat Goldberg (1995) vorm-betekenispare vir konstruksiegrammatika en Langacker (1987) vorm-betekenispare vir KG uiteensit: 'n MEK het 'n bepaalde vorm en betekenis wat saam 'n konstruksie of simboliese eenheid uitmaak.

Die sentrale probleemstelling het dus betrekking op die afwesigheid van volledige beskrywings van MEK's. Daar is 'n gebrek aan omvattende, vergelykende, deskriptiewe studies in sommige tale, soos Afrikaans, wat die formulering van vrae oor die aard, gebruik en ontwikkeling van evaluerende taalgebruik bemoeilik (Foolen, 2012:355). Daar word op die meeste plekke in die Afrikaanse literatuur slegs vlugtig na sulke konstruksies verwys, al word dit nie noodwendig MEK's genoem nie (Combrink, 1990:90-91, 128; Feinauer, 1981:142; Taalkommissie, 2017:146, 710). Waar daar wel beskrywings van sodanige konstruksies in Afrikaanse bronne voorkom, is die beskrywings gewoonlik op anekdotiese databasis of taalkundiges se intuïsie gebaseer. Daar bestaan dus 'n leemte met betrekking tot beskrywings wat op empiriese gebruiksdatabasis gebaseer is.

Die feit dat daar weinig navorsing oor Afrikaanse evalueringskonstruksies gedoen is, beteken dat ons nie insig in die meeste van dié konstruksies in Afrikaans het nie. Dié soort insig sal nie net 'n leemte in die Afrikaanse taalkunde vul nie, maar sal ook vir die taalwetenskap oor die algemeen belangwekkend wees. Die ontwikkeling van evaluerende taalgebruik in Wes-Germaanse tale sal verbreed aangesien studies oor MEK's tot nou toe hoofsaaklik op Engels, Nederlands en Duits gefokus het. Die daarstelling of verryking van beskrywings van Afrikaanse MEK's en hulle raakvlakke met ander tale sal uiteindelik 'n goeie basis vir toekomstige vergelykende studies bied. Sulke vergelykende navorsing sou antwoorde kon bied of lig op onbeantwoorde vrae kon werp, soos watter konstruksies in watter Wes-Germaanse tale voorkom, en waarom of waarom nie in ander tale nie. As daar 'n ongelyksoortigheid tussen die Wes-Germaanse tale is, watter hiate bestaan in watter tale, hoe word daardie hiate in die ander tale gevul, en/of watter tale het unieke konstruksies? Sonder die nodige taalspesifieke beskrywings van konstruksies kan sulke vrae nie

volledig beantwoord word nie. Afrikaans is in die verlede by vergelykende studies tussen (Wes-)Germaanse tale uitgesluit weens die gebrek aan volledige beskrywings van relevante konstruksies. Juis as gevolg van die moontlikhede wat volledige beskrywings van MEK's kan bied, behoort die volledige beskrywing van MEK's soos dit in gebruikgebaseerde data voorkom, 'n kerndeel van die beskrywings te wees.

1.3 Navorsingsvrae

Enkele navorsingsvrae, met subvrae, kan op basis van die probleemstelling geformuleer word:

- Watter teoretiese beskrywings van MEK's kan geïntegreer word om 'n beskrywings-raamwerk daar te stel?
 - Tot watter mate kan KG-konstrakte soos ikonisiteit, vestiging, subjektiwiteit en subjektivering gebruik word om MEK's te verklaar?
- Watter MEK's bestaan daar in Afrikaans?
 - Hoe kan hierdie MEK's beskryf word?

1.4 Doelstellings en doelwitte

Na aanleiding van die navorsingsvrae wat geformuleer is, word die volgende doelwitte in die vooruitsig gestel:

- Om 'n beskrywingsraamwerk vir die bestudering van evaluerende taalgebruik te bespreek en te motiveer;
 - Om aan te toon dat KG-konstrakte soos ikonisiteit, vestiging, subjektiwiteit en subjektivering gebruik kan word om MEK's te verklaar;
- Om Afrikaanse MEK's te identifiseer; en
 - Die geïdentifiseerde MEK's aan die hand van korpusdata te beskryf.

1.5 Sentrale teoretiese stelling

MEK's druk 'n waardeoordeel deur middel van 'n aantoonbare morfologiese komponent uit, wat van die denotatiewe of deskriptiewe betekenis van die basiswoord afwyk. MEK's is per definisie nie spesifiserend nie, maar evaluerend. Dié stelling is gebaseer op gemeenskaplike eienskappe geïdentifiseer deur onder andere Battfeld *et al.* (2018), Bolinger (1972:17, 20), Bowers (1963), Liebrecht (2015:29) en Renkema (1997:497) se eksplisiete of geïmpliseerde definisies van verskillende evaluerende konstruksies. In hierdie studie sal MEK's in Afrikaans beskryf word ten einde die vormlike en betekenisvolle aspekte daarvan te ekspliseer, met spesifieke verwysing na Afrikaanse gebruikdata en verklarende KG-konstrakte.

1.6 Navorsingsmetode

1.6.1 Literatuurstudie

Taalteoretiese aspekte, soos vestiging, oordaad en ikonisiteit, word in samehang met bestaande beskrywings van konstruksies deur middel van 'n omvattende literatuurstudie bespreek. Ten einde die bespreking koherent te hou, word teoretiese konsepte primêr in hoofstuk 2 aan die hand van voorbeelde bespreek. Die beskrywings van spesifieke MEK's wat in die literatuur voorkom, soos Hoeksema (2012) se studie oor intensiewe vorme en Ruppenhofer *et al.* (2018) se studie oor suffiksoïede, sal in hoofstuk 3-6, waarin die spesifieke MEK's beskryf word, krities bespreek word. Die studies waarin die fokus op spesifieke konstruksies is, word dus saam met die datagebaseerde analises en beskrywings van die onderskeie MEK's behandel.

1.6.2 Korpusanalise en skemas

Binne die gebruiksgebaseerde tradisie (Barlow & Kemmer, 2000; Bybee, 2009; Langacker, 2000) is gebruikers se taalgebruik kernbelangrik. Die voorkoms van konstruksies soos dit deur gebruikers gebruik word, dien daarom as 'n onweglaatbare komponent van die beskrywing van MEK's. Sover moontlik is alle voorbeelde wat deur die loop van die proefskrif gebruik word, voorbeelde uit VivA se korpusversamelings of voorbeelde uit die literatuur waarin die betrokke konstruksies bespreek word. Ten einde MEK's so volledig moontlik te beskryf, word skemas vir MEK's aan die begin van die betrokke afdelings in hoofstuk 3-6 voorgestel. Hierdie analiseskemas word gebaseer op die beskrywingsraamwerk, die bestaande literatuur en meegaande KG-konstrukte wat in hoofstuk 2 bespreek word. Waar die data daarop dui dat die skemas vir die MEK's bygewerk behoort te word, word die skemas aangepas. Die doel is om skemas vir MEK's te voorsien in soverre dit tot die beskrywing van die MEK bydra.

In die onderafdelings wat volg, word die aard, omvang en uitdagings van die gebruiksdata, asook wat as morfologiese konstruksies in hierdie proefskrif geag word, bespreek. Ten einde die moontlike produktiwiteit en spreiding van die verskillende konstruksies te bepaal, word die woordfrekwensieklass – 'n statistiese manier om die voorkoms van 'n konstruksie aan die mees frekwente woord (in die meeste gevalle *die*) te meet – ook in die meegaande bespreking behandel. Laastens word die notasiekonvensies wat in hierdie proefskrif gebruik word, uiteengesit.

1.6.2.1 Gebruiksdata

Vir doeleindes van hierdie studie is die versamelings aanlyn Afrikaanse korpuse op VivA se webwerf (<https://viva-afrikaans.org>) geraadpleeg – VivA-KPO en VivA-KPE word gebruik.

Volgens Van Huyssteen (2018a) kan die tekste wat in VivA se korpuse ingesluit is, as geredigeerde, semigeredigeerde en ongeredigeerde tekste geklassifiseer word. Gedeeltes van VivA-KPO bestaan uit fiksietekste of taalbeskrywings, wat geredigeerde tekste is, en ook uit Wikipedia-artikels wat as semigeredigeer beskou kan word. Die Leipzig-korpus, wat ook deel van VivA-KPO is, word as gedeeltelik ongeredigeer beskou. Vir die doeleindes van die meeste MEK's is enige mate van geredigeerde tekste waarskynlik nie ideaal nie, aangesien die informele aard van MEK's sentraal staan. VivA-KPE is minder geredigeer, aangesien dit uit anonieme kommentaar (hierna NWU-kommentaarkorpus), die Tracing History Trust se historiese versameling tekste (hierna NWU/THT-korpus), en inskrywings op watkykly.co.za (hierna WKJ-korpus) bestaan. Vir doeleindes van hierdie studie word die totale versameling in VivA-KPO gebruik, terwyl slegs die WKJ-korpus en die NWU-kommentaarkorpus uit VivA-KPE gebruik word.

'n Opsomming van 'n onlangse weergawe van die korpusversamelings word in Tabel 1-1 gegee. Dié opsomming word ter illustrasie voorgehou, sodat 'n indruk van die data se omvang verkry kan word. Korpusdata is oor 'n tydperk van vier jaar uit verskillende weergawes (d.i. groottes) van die korpusversamelings onttrek soos dit op daardie stadium beskikbaar was. Frekwensietellings (bv. in Tabel 3-17) word dus gegee vir soekresultate soos dit toe gedoen is. Die implikasie hiervan is dat die resultate in byvoorbeeld Tabel 3-17 (MEK's met *±gat*) en Tabel 3-18 (MEK's met *±kop*) moontlik op verskillende weergawes van die korpora gedoen is en dus moontlik nie perfek vergelykbaar is nie. Dié probleem word tot 'n groot mate ondervang deur 'n relativerende metriek – die N-waarde – te gebruik om frekwensies te normaliseer en rapporteer. In elke tabel word die frekwensie van *die* soos dit vir daardie tabel geld, ook gerapporteer. By elke MEK word die tellings dus gebruik soos dit was op die gegewe oomblik toe die soektog uitgevoer is.

Tabel 1-1: Opsomming van die korpuse wat vir Afrikaans gebruik word

<i>Korpusversamelings</i>	<i>Aantal woorde</i>		<i>Weergawe op 31 Julie 2022</i>	<i>Frekwensie van die</i>	
VivA: Omvattend (VivA-KPO)		266 946 102	1.11		278 554 355
<i>Afrikaanse Leipzig-korpus</i>	104 467 192		1.3	6 251 942	
<i>NCHLT-Afrikaanse korpus</i>	2 229 214		1.1	156 704	
<i>NWU/ATKV-Taalgenootkorpus</i>	1 271 347		1.1	63 107	
<i>NWU/ATKV-Tienertoneelkorpus</i>	3 497 773		1.3	113 852	
<i>NWU/Lapa-korpus</i>	19 990 705		1.5	817 183	

<i>Korpusversamelings</i>	<i>Aantal woorde</i>		<i>Weergawe op 31 Julie 2022</i>	<i>Frekwensie van die</i>	
<i>NWU/Maroela Media-korpus</i>	39 145 931		2.0	2 461 586	
<i>PUK/Protea Boekhuis-korpus</i>	10 492 467		2.3	644 184	
<i>RSG-nuuskorpus</i>	22 801 993		2.7	1 728 283	
<i>Taalkommissie-korpus</i>	47 321 344		1.1	3 198 933	
<i>VivA Spraakkorpus</i>	363 756		1.0	16 795	
<i>Wikipedia-Afrikaanse korpus</i>	26 972 633		1.5	1 839 529	
VivA: Eksklusief (VivA-KPE)		63 013 023	1.12		2 066 584
<i>NWU/ Kommentaarkorpus</i>	41 950 744		2.0	1 925 303	
<i>NWU/THT-korpus</i>	19 343 422		1.4	67 114	
<i>Watkykjy.co.za-korpus</i>	1 718 857		2.0	74 104	

Enkele uitdagings met betrekking tot VivA se korpusversamelings word deur die skermgrepe in Figuur 1-1 tot Figuur 1-4 geïllustreer. Figuur 1-1 hou met die frekwensies en voorkoms van MEK's verband. Konteksvrye lyste intensiewe vorme, wat wel as trefslae sal registreer, is deel van sommige tekste. Dieselfde geld vir die selfnoemfunksie van woorde soos in Figuur 1-2. Die derde uitdaging is die woordsoortetikettering wat in die skermgrepe verskillend en foutief vir dieselfde tipe konstruksie is, soos in Figuur 1-2 en Figuur 1-3. Figuur 1-4 toon 'n konstruksie wat met die eerste oogopslag in dieselfde sin drie keer herhaal word en daarom drie keer getel word. Die rede hiervoor is dat die algoritme wat in VivA-KPO en VivA-KPE gebruik word, klein verskille in die tekste as belangrik genoeg ag om dit drie keer afsonderlik op te neem. Die gebruiker van hierdie korpora is daarom genoop om trefslae en etikettering handmatig te kontroleer en nie ongekwalfiseerde afleidings op basis van die rou frekwensietellings te maak nie. Vir doeleindes van hierdie studie word trefslae uit lyste, trefslae in die vorm van selfnoemgevalle en meerdere opnames van konstruksies wat lyk of dit dieselfde een is, wel by frekwensietellings ingesluit. Al is al die trefslae van MEK's nie in lopende teks nie, is selfs selfnoemfunksies ook belangrik, omdat dit daarop dui dat die skrywer wel die konstruksie ken. Afgesien van die enkele aspekte wat uitgewys is, bly die korpora bruikbaar om gebruiksvoorbeelde van MEK's in geskrewe Afrikaans te vind.

Konteks links	Trefteks ▲ ▼	Konteks regs	lemma ▲ ▼	woordsoort ▲ ▼
... - bly – doodbly ,	hondbly	, dankiebly , dolbly , ...	hondbly	WW.ongemarkeerd.hoof.onskeibaar.oorganklik
, spieëlblink , diamantblink , sonblink , sweetblink (spiere) , silwerblink , politoerblink , kraakblink , kristalblink - blond – bottelblond , vlasblond , sonblond , koringblond - blou – potblou , erdblou , baftablou , hemelsblou , blouselblou , branderblou - bly – doodbly , hondbly , dankiebly , dolbly , sielsbly - bo – heelbo - bont – papegaalbont , kakelbont , strontbont (plat) - breed – hemelsbreed , wêreldbreed - broos – seepbelbroos - bros – kraakbros - bruin – grondbruin , bergbruin (water ; stroom) , modderbruin				

Figuur 1-1: Skermgreep 1

Konteks links	Trefteks ▲ ▼	Konteks regs	lemma ▲ ▼	woordsoort ▲ ▼
... gegee en na 'n klomp	hondsleg	besluite sit ons met 'n ...	hondsleg	S.NW.soortnaam.enkelvoud.basis
... te wil afkou oor absolute	hondsleg	spel : Met die eerste ...	hondsleg	WW.ongemarkeerd.hoof.onskeibaar.oorganklik
... mens is ook hondsiek ,	hondsleg	of hondlelik . 'n Mens is ...	hondsleg	S.NW.abstrak
ook bewus daarvan dat baie kritici dink dat kunstenaars slegs suksesvol kan wees indien hulle volledig blind vir hulle eie diepste dryfvere of oortuigings is . " n mens is ook bly dat tannie Botie erkenning vir haar liefdesdiens gekry het . 'n mens is ook hondsiek , hondsleg of hondlelik . 'n Mens is ook maar 'n dier en dit is 'n baie goeie praktyk om jouself en jou arbeiders elke ses maande te ontworm . 'n Mens is ook so oud soos jy voel en as jy 'n kind wil hê moet jy dit met jou				
... geskryf . Die goed is	hondsleg	, Daisy . Die goed ...	hondsleg	B.NW.stellend.predikatief
... , is Lappies wat regtig	hondsleg	gevoel het oor die verloor ...	hondsleg	S.NW.soortnaam.enkelvoud.basis

Figuur 1-2: Skermgreep 2

Konteks links	Trefteks ▲ ▼	Konteks regs	lemma ▲ ▼	woordsoort ▲ ▼
... , superjaloers , doodjaloers ,	hondejaloers	, strontjaloers , zielsjaloers , ...	hondejaloers	S.NW.soortnaam.meervoud.basis
, kokendheet , loeiheet , vuurheet , gloedheet , keiheet , pokkenheet , stikheet - hoog : torenhoog , huizenhoog , superhoog , megahoop , metershoog , mijlenhoog , reuzehoog , hemelhoog , kilometershoog , wolkenhoog , knetterhoog . - jaloers : stikjaloers , superjaloers , doodjaloers , hondejaloers , strontjaloers , zielsjaloers , megajaloers , aartsjaloers . - jong : piepjong , superjong , berejong , kei-jong , megajong , bloedjong . - kalm : doodkalm , doodskalm , ijskalm . - lekker : superlekker , kiplekker , keilekker , berelekker , reuzelekker , megalekker , steenlekker ,				

Figuur 1-3: Skermgreep 3

#	Soekopdrag	binne	Metadatafilters	Groepering	Status	Trefslae	Dokumente	HERSTEL
1	[word="vermoedelik"] [word="omdat"] [word="dit"] [word="hondwarm"] [word="is"]	dokument			KLAAR	3	3	VERANDER x
2	[word="agter"] [word="sy"] [word="pt-broek"]	dokument			KLAAR	3	3	VERANDER x

Soekresultate:

Trefslae	Dokumente	Trefslae in groepe	Dokumente in groepe	
Toon 50 per bladsy << < 1 > >> Swik titels Bladsy 1 van 1 Gaan				
Stoor resultate				
Konteks links	Trefteks ▲ ▼	Konteks regs	lemma ▲ ▼	woordsoort ▲ ▼
... agter sy pt-broe k ingestee (vermoedelik omdat dit hondwarm is) – dit hang soos ...	vermoedelik omdat dit hondwarm is	BW.stellend VG onderskikkend VNW.derde.onsydig.enkelvoud.ongemarkeerd.persoonlik WW.gemarkeerd.hoof.onskeibaar.oorganklik WW.verlede.hulp.onskeibaar.modus
... agter sy pt-broe k ingestee (vermoedelik omdat dit hondwarm is) – dit hang soos ...	vermoedelik omdat dit hondwarm is	BW.stellend VG onderskikkend VNW.derde.onsydig.enkelvoud.ongemarkeerd.persoonlik WW.gemarkeerd.hoof.onskeibaar.oorganklik WW.verlede.hulp.onskeibaar.modus
... agter sy pt-broe k ingestee (vermoedelik omdat dit hondwarm is) – dit hang soos ...	vermoedelik omdat dit hondwarm is	BW.stellend VG onderskikkend VNW.derde.onsydig.enkelvoud.ongemarkeerd.persoonlik WW.gemarkeerd.hoof.onskeibaar.oorganklik WW.verlede.hulp.onskeibaar.modus

Figuur 1-4: Skermgreep 4

Wat met betrekking tot MEK's in Afrikaans, of enige ander taal geld, is dat die afwesigheid van 'n konstruksie in die korpusversamelings of bronne nie die afwesigheid van die konstruksie in die taal impliseer nie. Die beskikbare korpusversamelings is nie met Afrikaanse of ander tale se evaluerende taalgebruik in gedagte saamgestel nie, en in sommige gevalle is die tekste in 'n korpusversameling streng geredigeer, wat die moontlikheid vir MEK's nog onwaarskynliker maak.

Die voorbeelde uit ander tale wat in die bespreking betrek word, word óf uit 'n ooptoegangkorpus, óf uit die bron wat die verskynsel in daardie taal bespreek, aangehaal. Ter illustrasie sal die voorbeelde wat Bauer (2015) vir Engelse vloekwoordinfigering gebruik, bes moontlik aangehaal word indien dit vir vergelykingsdoeleindes nodig is, terwyl die Afrikaanse voorbeelde vir vloekwoordinfigering uit onder andere Feinauer (1981) en VivA se korpusversamelings aangehaal sal word. In die geval van konstruksies wat skaars in geskrewe Afrikaans is, byvoorbeeld *ʒs(c)hm*-reduplikasie, sal populêre Afrikaanse publikasies (soos romans) ook as 'n toevallige waarneming gebruik word.

Die maatstaf wat gebruik word om MEK's se gebruik of spreiding in die data te beskryf, is die woordfrekwensieklass (hierna N). Die N-waarde stel ons in staat om 'n konstruksie se frekwensie met die mees frekwente woord in die korpus, naamlik *die*, te vergelyk. Die frekwensie van *die* word saam met die rou frekwensie van die MEK's gebruik om die N-waarde van konstruksies te bereken. Die N-waarde word na die voorbeeld van Van Huyssteen (2017a) as metriek in hierdie studie gebruik om MEK's se voorkoms in Afrikaans te interpreteer. Die formule wat gebruik is om N te bereken, word in (8) aangedui. In beide versamelings is *die* se N=0. Konstruksies met 'n rou frekwensie van 0 word nie in die studie ingesluit nie, aangesien 'n frekwensie van 0 nie aanvaarbare invoer vir die berekening van N-waardes is nie.

$$(8) \quad [N = 0.5 - \log_2 + (\frac{\text{frekwensie van woord}}{\text{frekwensie van frekwentste woord}})]$$

Van Huyssteen (2017a:337) gebruik 'n N-waarde van tussen 4-18 as 'n maatstaf om 'n woord vir opname in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (hierna AWS) (Taalkommissie, 2017) te oorweeg; dit wil sê dat woorde wat tussen vier en agtien keer minder as *die* voorkom, vir opname oorweeg word. Vir die doeleindes van taalbeskrywing eerder as opname in 'n woordelys en meer spesifiek met MEK's en hulle sistematiek in gedagte, kan N-waardes egter gegroepeer word. Die groepering van N-waardes hier onder is gebaseer op 'n beperkte voorafondersoek van Afrikaanse konstruksies waarin *hond-* en *perd-* gebruik is, asook MEK's waarin intensiverende Klassieke en Germaanse prefikse, soos *super-* en *oer-* gebruik is.² Die groepe wat geïdentifiseer is, is die volgende:

- Baie hoog: $N \leq 14$ dui op 'n besonders hoë voorkoms van 'n MEK;
- Hoog: $14 < N \leq 17$ dui op 'n hoë voorkoms van 'n MEK;

2 Hierdie voorafondersoek het *hond-*, *perd-* en intensiverende prefikse ingesluit, omdat *hond-* algemeen met ander adjektiewe gebruik word, terwyl dit nie die geval vir *perd-* is nie. Dieselfde geld vir Klassieke prefikse wat gereeld gebruik word om adjektiewe te intensiveer, teenoor Germaanse prefikse wat minder algemeen voorkom. Die gebruik van affiksoiede soos *hond-* is ook minder gevestig as die gebruik van prefikse soos *super-*.

- Gemiddeld: $17 < N \leq 20$ dui op 'n gemiddelde voorkoms van 'n MEK;
- Laag: $20 < N < 24$ dui op 'n lae voorkoms van 'n MEK;
- Baie laag: $N \geq 24$ dui op 'n besonders lae voorkoms van 'n MEK.

Elke onderafdeling in hoofstuk 3-6 sluit N-tabelle in; dié van die meeste lyk soos die uittreksel in Tabel 1-2, terwyl daar ook gevalle is waar Tabel 1-3 as 'n verkorte formaat gebruik sal word. In die eerste kolom (MEK) van albei helftes in die tipe tabel in Tabel 1-2 word die MEK's aangedui, in die tweede kolom word die woordfrekwensieklas (N) aangedui, en in die derde kolom (Trefslae) word die rou frekwensie van die konstruksie in die korpusversameling aangedui. Konstruksies wat nie in die betrokke versameling voorkom nie, word nie in die tabel aangedui nie. In Tabel 1-3 word die verskillende N-klasse in die eerste kolom (N-kategorie) aangedui, en die aantal konstruksies in daardie klas in die tweede (VivA-KPO) en derde (VivA-KPE) kolom. In die res van die kolomme word voorbeelde van die konstruksies uit die korpusversamelings gegee. Al die tabelle is aanlyn as 'n datastel beskikbaar.³

Tabel 1-2: 'n Uittreksel van die N-tabelle wat gebruik word

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>die = 14058066</i>			<i>die = 1080247</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
hondmoeg	20	13	hondkak	16	27
hondsiek	19	19	hondsiek	18	5
hondsleg	19	19	hondmak	18	4
hondkak	21	9	hondsleg	18	4

Tabel 1-3: 'n Uittreksel van die verkorte N-tabelle wat gebruik word

<i>N-kategorie</i>	<i>Aantal konstruksies</i>		<i>Voorbeelde</i>		
	<i>VivA-KPO</i>	<i>VivA-KPE</i>			
	<i>die = 15529096</i>	<i>die = 1209996</i>			
Baie hoog: $N \leq 14$	NVT	NVT			
Hoog: $N \leq 17$	3	2	<i>oer.gees</i> (VivA-KPO)	<i>oer.bron</i> (VivA-KPO)	<i>oer.dier</i> (VivA-KPO)
Gemiddeld: $17 < N < 20$	20	9	<i>oer.instink</i> (VivA-KPO)	<i>oer.lig</i> (VivA-KPO)	<i>oer.verhaal</i> (VivA-KPO)

³ <https://hdl.handle.net/20.500.12185/566>

Benewens die frekwensie is die produktiwiteit van MEK's ook van belang. Die formule in (9) om linguistiese produktiwiteit te meet, meet produktiwiteit in die eng sin: Die verhouding tussen die aantal hapax legomena (n_1) – konstruksies wat slegs een keer voorkom – en die totale frekwensie van al die konstruksies van dieselfde soort (T) word gebruik om die produktiwiteit (P) te meet (Baayen & Lieber, 1991:809). Hoe hoër die P-waarde, hoe produktiewer is die proses. In Van Huyssteen (2018a:408) word *·heid* se P op 0.02 vasgestel, en in Afrikaans word dit algemeen aanvaar dat *·heid* 'n produktiewe woordvormingsaffiks in Afrikaans is. Vir doeleindes van hierdie studie word *hondz* se P-waarde aan dié van *·heid* gemeet, terwyl *hondz* se P-waarde as maatstaf vir die P-waarde van ander MEK's in hierdie proefskrif dien. Die rede waarom *hondz* se P-waarde (P=0.13 vir VivA-KPO; P=0.1 vir VivA-KPE) gebruik word, is omdat dit nie 'n ware weerspieëling van die produktiwiteit van die meeste MEK's sal wees as dit met die P-waarde van 'n besonders produktiewe suffiks, soos *·heid*, vergelyk word nie. Ten spyte daarvan dat sommige MEK's wel met 'n algemene suffiks soos *·sel* of 'n prefiks soos *super·* voorkom, kom baie MEK's slegs in minder algemene konstruksies, soos vloekwoordinfigering of reduplikasies, voor en word *hondz* se produktiwiteit as 'n redelike kompromie beskou.

$$(9) \quad P = \frac{n_1}{T}$$

'n Opmerking oor die normalisering van die data is ook nodig. Indien daar verskillende vorme van 'n konstruksie in die data voorkom – argumentsonthalwe *galgeel*, *Galgeel*, *galgeel*. en *gal-geel* – word die vorm genormaliseer na die vorm wat volgens die AWS (2017) korrek is (*galgeel*), en die frekwensies word bymekaargetel. Waar 'n vorm wat verkeerd geskryf is, dit wil sê slegs met 'n koppelteken of hoofletter, slegs op daardie manier in die data voorkom, word dit in die finale datastel so gehou. 'n Voorbeeld uit die data is *hiper-versorging* wat in die reël vas, sonder die koppelteken geskryf moet word. Spelfoute en tikfoute, soos argumentsonthalwe *galgel*, word nie by die frekwensies ingesluit nie, aangesien dit 'n groot en moeilike taak word om na alle moontlike spel- en tikfoute in die korpusversamelings te soek. Indien nie anders in die bespreking van spesifieke MEK's vermeld word nie, word frekwensie van konstruksies wat (verkeerdelik) met koppeltekens geskryf is, by die vorme daarsonder se frekwensies getel.

Aangesien die empiriese data waarop die beskrywings berus uit VivA se korpusversamelings geneem word, word slegs die vorme wat daarin voorkom, vir die besprekings in ag geneem. Die data wat vir die doeleindes van hierdie studie gebruik word, is dus ortografiese voorstellings van MEK's. Vir doeleindes van hierdie proefskrif word slegs komplekse konstruksies wat as een woord geskryf word as morfologiese konstruksies geag. Konstruksies waarin die komponente los geskryf is, oftewel wisselvallig vas en los geskryf is, sal uitgesonder word wanneer die mate

waartoe 'n sekere MEK gevestig is deel van die beskrywing van die betrokke MEK vorm. 'n Belangrike geval waar die vas en los skryf van die konstruksie bespreek sal word, is taboeprefiksoïede wat in § 3.2.2 aan bod kom. Dieselfde geld in gevalle waarin die taalgebruiker 'n fonologiese meganisme wou gebruik om 'n konstruksie evaluerend te laai en dit ortografies aandui. Slegs waar 'n fonologiese komponent 'n rol sou kon speel by die beskrywing van 'n MEK, byvoorbeeld emfatiese rekking by intensiewe vorme in § 4.2.1.2, sal vorme van die MEK's waarin 'n fonologiese element beklemtoon word, bespreek word.

Benewens die insluiting van konstruksies wat as een woord in die korpusversamelings gerealiseer is, is die datastelle hoofsaaklik induktief uit VivA-KPO en VivA-KPE saamgestel. Die verstekmetode wat gevolg is, is dat alle trefslae met 'n bepaalde string karakters (byvoorbeeld alle trefslae van konstruksies wat met -sel eindig) afgelaai en handmatig gekontroleer is. Slegs die konstruksies wat as MEK's geklassifiseer kon word op basis van hul vorm en inhoud, is met hul frekwensies onttrek en in 'n datastel vir 'n spesifieke MEK gevoeg. Om soveel as moontlik datapunte in die studie in te sluit, is die gebruik van vooropgestelde lysse van konstruksies sover moontlik vermy. In die geval waar so 'n lys van 'n tipe MEK beskikbaar sou wees, is dit wel as 'n basis vir die korpussoektog gebruik. Hierdie besluit is geneem weens die produktiwiteit en omvang van sekere MEK's (i.e. hoe gemaklik gebruikers nuwe, soortgelyke konstruksies kan vorm) en om die studie haalbaar te maak. Waar 'n lys gebruik is om 'n spesifieke MEK-datastel saam te stel, sal dit in die relevante afdeling bespreek word.

1.6.2.2 Notasiekonvensies

Die volgende konvensies word in hierdie studie gebruik:

- Voorbeelde wat in die lopende teks gebruik word, verskyn in skuinsdruk in die oorspronklike taal (bv. sau÷kalt), die letterlike Afrikaans vertaling tussen dubbelaanhalingstekens (bv. "sog÷koud") en die betekenis in enkelaanhalingstekens (bv. 'baie koud').
- Waar lettergrepe aangedui word, word dit in navolging van Audring (2019) met behulp van skuinsstrepe (/a/) gedoen.
- Slegs in § 6.2.2 waar <s(c)hm>-reduplikasie bespreek word, en enige ander gevalle waar <schm>-reduplikasie genoem word, word <> gebruik om die herhaling van 'n spesifieke klank aan te dui.
- In die geval van affikse word 'n middelpunt voor of ná die affiks gebruik (namaak·sel), terwyl 'n deelteken (÷) gebruik word waar affiksoïede genoteer word (hond÷warm). 'n Koppelteken word gebruik om woorddele aan te dui wat nie affikse, woorde of lettergrepe is nie (pot-blou); 'n plusteken word in komposita gebruik om die komponente van mekaar te skei (seep+glad).

- Die > tussen skemas wys op 'n uitbreidingsverhouding in die rigting van uitbreiding, met die skema voor die > wat as die basiskonstruksie dien waaruit die tweede konstruksie ontwikkel het. Die ≈ tussen skemas wys op die onderlinge verwantskap tussen die skemas, gebaseer op eienskappe wat hulle deel met betrekking tot hulle vorm en/of betekenis. Vergelyk Audring (2019) wat ≈ gebruik om wat sy susterskemas noem, met mekaar te verbind.

1.7 Vooruitskouing en hoofstukindeling

Die proefskrif bestaan uit sewe hoofstukke. In hoofstuk 2 word teoretiese standpunte rondom evaluerende taalgebruik krities bespreek. Die doel van die bespreking in hoofstuk 2 is nie om slegs 'n uitgebreide oorsig van teoretiese standpunte oor evaluerende taalgebruik te gee en op Afrikaanse voorbeelde toe te pas nie: 'n Definisie vir MEK's sal aan die hand van die literatuurstudie in hoofstuk 2 geformuleer word. Die beskrywingsraamwerk wat aan die einde van hoofstuk 2 uiteengesit word, sal die definisie van MEK's as vertrekpunt neem.

Die beskrywings van Afrikaanse MEK's sal in vier hoofstukke geskied: In hoofstuk 3 word affiksoïede beskryf, in hoofstuk 4 kom komposita aan die beurt (meer spesifiek komposita met kleuradjektiewe as kernkomponente en ander adjektiewe as kernkomponente), in hoofstuk 5 word affigering behandel, en in hoofstuk 6 word ander MEK's (soos reduplikasies en rekursiewe MEK's) bespreek. Hierdie hoofstukke se inhoud word op sowel vorige taalkundige beskrywings (Afrikaans en ander tale) as korpusdata gebaseer. Die leemte ten opsigte van die beskrywing van Afrikaanse MEK's en hoe hulle met ander Wes-Germaanse eweknieë vergelyk, word in hierdie hoofstukke gevul. Weens die algemene onsekerheid oor Afrikaanse MEK's sal 'n kritiese beskouing van die literatuur en die versameling, kontrolering en beskrywing van Afrikaanse gebruiksdata die omvang van die beskrywings bepaal. As 'n voorbeeld kan diminutiewe in Afrikaans geneem word: Daar is reeds 'n kritieke massa literatuur oor diminutiewe beskikbaar, met geen vindbare onsekerheid onder taalkundiges oor die deskriptiewe en evaluerende betekenismoontlikhede daarvan nie. Diminutiewe kom algemeen in korpusdata voor en dit is nie haalbaar of verhelderend om op diminuering oor die algemeen te fokus nie. Volgens Prieto (2015:23) is diminutiewe die mees prototipiese en mees bestudeerde MEK. Diminutiewe sal daarom in hoofstuk 6 kortliks aandag geniet, maar die fokus sal slegs op spesifieke vorme van diminuering wees. Daarenteen geniet dubbele diminuering en diminutief-adverbia histories nie aandag in Afrikaanse taalkundige beskrywings nie, en daarom sal hierdie vorme as uitbreidings van normale diminuering in hoofstuk 6 se afdeling oor diminutiewe die fokus wees.

In hoofstuk 7 word die teoretiese benaderings wat in hoofstuk 2 bespreek en uiteindelik as 'n beskrywingsraamwerk geformuleer is, saam met die beskrywing van Afrikaanse MEK's in hoofstuk 3-6, in oënskou geneem en opgesom. 'n Belangrike gedeelte van hoofstuk 7 sluit 'n

besinning oor die geslaagdheid van die beskrywing van MEK's in, aangesien dit 'n taak is wat nog nie voorheen in sy totaliteit onderneem is nie. Hoofstuk 7 sluit ook 'n uiteensetting van moontlikhede vir toekomstige navorsing in wat uit hierdie studie spruit.

Hoofstuk 2: Teoretiese aspekte en 'n beskrywingsraamwerk van MEK's

2.1 Inleiding

Die beskikbare bronne oor evaluerende taalgebruik groei voortdurend, en dit maak 'n volledige oorsig 'n ideale, dog onmoontlike onderneming. Soos oorsigtelik in hoofstuk 1 uiteengesit, is 'n aantal uiteenlopende studies oor evaluerende taalgebruik beskikbaar. Onlangse studies strek oor 'n verskeidenheid velde en tale – van onder andere Corver (2016) wat teoretiseer oor die inkorporering van emosie in Nederlandse konstruksies, Fajardo (2022) wat pejoratiewe suffikse in Engels bestudeer, Efthymiou (2017) wat intensivering in Grieks naspeur, tot Pakendorf (2017) wat die evaluatiewe morfologie van Lamunkhin vanuit 'n taalvergelykende perspektief beskryf. Onderbestudeerde eienskappe van MEK's geniet in hierdie hoofstuk aandag in soverre dit die karakterisering en verklaring van MEK's kan bevorder. Hierdie eienskappe sluit in wát 'n MEK evaluerend maak, of sekere MEK's meer of minder evaluerend is, en hoe MEK's gevorm word.

Die eienskappe van MEK's word teen die agtergrond van KG beskou: As 'n teoretiese benadering waarin simboliese vorm-betekenispare, oftewel konstruksies, die fokus is, is KG 'n deelteorie binne die groep benaderings wat as die konstruksiegrammatika bekend staan (Geeraerts, 2006:15). As 'n mens spesifiek oorweeg wat as 'n konstruksie geklassifiseer kan word, is dit enige vorm-betekenispaar (Langacker, 2013:15). 'n Voorbeeld van 'n vorm-betekenispaar is [VINGER/vinger] waar VINGER die gevestigde konseptuele inhoud of betekenis voorstel, terwyl die kleinletters die ortografiese vorm daarvan voorstel. Konstruksies varieer in die skematisiteit van hulle vorm en/of betekenis: Soos wat [VINGER/vinger] 'n konstruksie met 'n spesifieke en konkrete vorm en betekenis is, so is die meervoud-s in Afrikaans ([PL·s]) ook 'n konstruksie, ondanks die skematiese inhoud en vorm daarvan (Van Huyssteen, 2017:186). Wanneer hierdie twee konstruksies gekombineer word, sodat die meervoud van eersgenoemde gevorm word, ontstaan die kompleksere morfologiese vorm-betekenispaar [VINGER·PL/vingers].

'n Konstruksionele benadering tot MEK's is ideaal wanneer die verskillende vorm-betekenispare wat as MEK's geklassifiseer kan word, in ag geneem word. Die grondslag wat 'n konstruksionele benadering bied om konstruksies met verwysing na hulle vorm en betekenis as kernaspekte te beskryf, skep die ruimte om Afrikaanse MEK's stelselmatig en in detail te beskryf.

In hierdie hoofstuk is die fokus hoofsaaklik op die verskillende sinchroniese aspekte van MEK's (§ 2.2, § 2.3 en § 2.4). In § 2.2 word meer spesifiek aandag aan die vormlike aspekte van MEK's gegee, in § 2.3 aan die betekenisaspekte, en die aspekte rakende die gebruik van MEK's kom in § 2.4 aan die beurt. Verskillende diachroniese benaderings word in § 2.5 bespreek, aangesien dit

wel belangrik vir 'n geheelprentjie van MEK's is om die ontwikkeling daarvan in ag te neem. Let daarop dat die diachroniese aspekte nie die fokus van die beskrywende deel van hierdie studie is nie en daarom slegs in hierdie hoofstuk aandag geniet.

Die oorweging van uiteenlopende sinchroniese en diachroniese teoretiese benaderings berus uiteindelik op die verwagting dat gekombineerde insigte vir die bestudering en verklaring van (veral Afrikaanse) MEK's van waarde kan wees vir meer begrip rondom die verskynsel. In § 2.6 word 'n samevatting van die teoretiese aspekte van MEK's gegee ten einde die basis te lê vir die beskrywingsraamwerk wat in § 2.7 uiteengesit sal word.

Daar sal in hierdie hoofstuk hoofsaaklik van Afrikaanstalige voorbeelde gebruik gemaak word. Anderstalige voorbeelde word ook ter illustrasie gebruik, hoofsaaklik in gevalle van MEK's wat nie geredelik (of enigsins) in Afrikaans voorkom nie. Die Afrikaanse voorbeelde kom óf uit VivA se korpusversamelings, óf uit bronne waarin die konstruksies reeds in Afrikaans beskryf is.

2.2 Vorm

MEK's, as morfologies komplekse konstruksies, bestaan per definisie uit meer as een betekenisvolle komponent. Soos enige komplekse konstruksie wat uit 'n KG-perspektief beskou word, is MEK's se betekenis egter nie slegs tot die som van die dele daarvan beperk nie (Langacker, 2009:362). 'n Afrikaanse voorbeeld wat dit illustreer, is *hond=koud*. Die betekenis van *hond* en *koud* lei nie tot 'n ontsluiting van *hond=koud* se betekenis van 'baie koud' nie.

Met betrekking tot die karakterisering van MEK's se vorm is die konsepte hoërordeskemas (Hilpert, 2019) en susterskemas (Audring, 2019) belangrik. Met hoërordeskemas en susterskemas word bedoel veralgemenings wat op grond van sekere vorm-betekenispare gemaak kan word – hoërordeskemas is dus algemener (of abstrakter) vorme van meer gespesifiseerde konstruksies. 'n Voorbeeld van 'n hoërordeskema word in (1) gegee, aangesien dit 'n algemene skema vir konstruksies soos *bloed+rooi* en *goud+geel*, met die betekenis 'baie SEM_{ADJ}', aandui. Wanneer sulke hoërordeskemas op 'n manier verband hou, word dit as susterskemas gesien, byvoorbeeld in (2) aangedui: 'so SEM_{ADJ} soos SEM_N' ('so rooi soos bloed') staan in verhouding tot 'so SEM_{ADJ} dat jy/dit SEM_V' ('so bang dat jy skyt'). Die onderskeid tussen die skemas berus daarom op die abstraksie- of veralgemeningsvlak.

(1) $[[a]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [\text{baie SEM}_{ADJ}]$

(2) $[[a]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [\text{so SEM}_{ADJ} \text{ soos SEM}_N]$

>

$[[a]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [\text{so SEM}_{ADJ} \text{ dat jy/dit SEM}_V]$

As gevolg van die struktuur wat bogenoemde indeling daarstel, is die identifisering van hoërorden susterskemas, in samehang met die morfologiese tipes wat volgende bespreek word, vir Afrikaanse MEK's van belang.

By die beskrywing van MEK's se vorm is dit belangrik om Brisard (2006:54) se waarskuwing in gedagte te hou: Hy beklemtoon dat betekenis altyd van meer as net 'n konstruksie se vorm afhang. Brisard se stelling kan aan die KG-beginsel van gedeeltelike komposisionaaliteit gelyk gestel word. Komposisionaaliteit hou in dat 'n konstruksie se betekenis nie beperk is tot die samevoeging van die dele waaruit dit bestaan nie; die konstruksie het sêlf ook betekenis (Van Huyssteen, 2002:309).

2.2.1 Morfologiese tipes

MEK's word met behulp van verskillende morfologiese prosesse, wat affigering, samestelling en reduplikasie insluit, gevorm. Hierdie prosesse verskil van mekaar met betrekking tot die komponentstrukture wat gebruik kan word om komplekser konstruksies mee te vorm. Die konstruksies verrig ook verskillende morfosintaktiese funksies, aangesien onder andere werkwoorde, naamwoorde, adverbialia en adjektiewe deurgaans as komponente gebruik word om ander werkwoorde, naamwoorde, adverbialia en adjektiewe deur hierdie prosesse te vorm.

Die eerste morfologiese tipe word op grond van die gebruik van affiksoïede as een van die komponentstrukture uitgesonder. 'n Voorbeeld van 'n MEK waarin 'n affiksoïed gebruik word, is waar die suffiksoïed *-bedonnerd* met die naamwoord *bybel* verbind om die adjektief *bybel-bedonnerd* te vorm. In hierdie konstruksie wil dit voorkom asof twee onafhanklike komponentstrukture met mekaar verbind, soos by 'n samestelling, maar dit is nie die geval nie: Weens die gespesialiseerde betekenis van *-bedonnerd* ('behep') in hierdie spesifieke konstruksie, wyk die affiksoïed se inhoud van die prototipiese betekenis van *bedonnerd* ('kwaai') af. Ter illustrasie word *rigting-bedonnerd* ook as 'n affiksoïedkonstruksie geklassifiseer, maar daar is 'n verskil in die betekenisinhoud: In *bybel-bedonnerd* word 'n obsessie of beheptheid met die Bybel aangedui, terwyl *rigting-bedonnerd* op 'n onvermoë om rigting te hou, dui. Die twee konstruksies se skemas is daarom verskillend, al stem die komponentstrukture (d.i. 'n naamwoord wat met *-bedonnerd* verbind) ooreen. Tans word die gebruik van affiksoïede in komplekse konstruksies nie as 'n aparte woordvormingsproses beskou nie, maar as 'n stadium in die ontwikkeling van 'n komponent vanaf 'n onafhanklike na meer afhanklike komponent (Booij, 2010; Hartmann, 2019; Hüning & Booij, 2014). Afrikaanse MEK's wat met behulp van affiksoïede gevorm word, word in hoofstuk 3 beskryf.

Wanneer twee onafhanklike komponente met mekaar verbind om 'n kompleksere of meer spesifieke konstruksie te vorm, is daar sprake van samestelling. Die naamwoord *modder* en die adjektief *bruin* kan saamgevoeg word om 'n meer spesifieke adjektief, naamlik *modder+bruin*, te vorm. Samestelling is 'n algemene woordvormingsproses in Afrikaans en nie alle samestellings is MEK's nie: Die samestellings wat wel as MEK's geag kan word (d.i. dié waarin adjektiewe as kernkomponente gebruik word) word in hoofstuk 4 beskryf.

In die geval van affigering verbind 'n afhanklike of gedeeltelik skematiese komponent, byvoorbeeld die nominaliserende suffiks *·sel*, met 'n onafhanklike en gespesifiseerde komponent, byvoorbeeld die werkwoord *skep*, om die naamwoord *skep·sel* te vorm. Die konstruksieskemas van affikse, wat prefikse, interfikse en suffikse insluit, is skematies afhanklik en moet met komponente wat onafhanklik is, byvoorbeeld werkwoorde, verbind om te kan funksioneer. MEK's wat met behulp van affikse gevorm word, word in meer detail in hoofstuk 5 beskryf.

Die laaste hoofstuk sal 'n opvanggroep wees met ander MEK's wat nie in die hoofgroepe wat reeds genoem is, ingedeel kan word nie. Die eerste is reduplikasiekonstruksies, byvoorbeeld *dood--dood*. Hierdie tipe konstruksies word gevorm deurdat die eerste komponent herhaal en met 'n koppelteken vas geskryf word. Hierdie konstruksies is sterk ikonies van aard en dui, deur 'n toename in dieselfde vorm, op 'n toename in die betekenis – hetsy die betekenis intensiteit, iteratieweit of ander betekenismoontlikhede is. Aansluitend by reduplikasies is rekursiewe konstruksies, soos *stapel÷gek÷mal*, waar verskillende komponente gebruik word om meer betekenis aan te dui. Derdens is hipokorismes konstruksies waar 'n afname in die vorm, en soms die byvoeging van 'n diminutiefsuffiks, op 'n toename in die betekenis dui. 'n Voorbeeld is *berg·ie*, wat 'n neerhalende manier is om histories na 'n bergslaper, maar deesdae na enige hawelose persoon, te verwys. Hierdie drie tipes MEK's word in meer detail in hoofstuk 6 bespreek.

Die indeling van die beskrywende hoofstukke in hierdie proefskrif word dus deur bogenoemde tipes en prosesse gerig. In die onderafdelings waarin die vormlike aspekte van elke MEK bespreek word, sal die tipe MEK eerstens met voorbeelde toegelig word en dan sal hoërordeskemas geformaliseer word. By die formele notasie sal susterskemas, ongeag of hulle weens vormlike eienskappe of betekenis verwant is, ook aangedui word. Die karakterisering van MEK's se vorm berus dus op die morfologiese tipes, hoërordeskemas en die verskillende MEK-susterskemas. Om hierdie skemas se vorm voor te stel, word van spesifieke konvensies gebruik gemaak.

2.2.2 Konvensies

Die notasiekonvensies wat in hierdie proefskrif gebruik word, is kortliks in afdeling 1.6.2 uiteengesit. Ten einde die skemas wat in die vormafdeling vir elke MEK geformuleer word se

interpretasies te vergemaklik, word praktiese voorbeelde in (3)-(5) gebruik. Die skema en verwante skemas vir MEK's waarin werkwoorde as intensiveerders vir adjektiewe gebruik word, dien as illustrasie. In (3a) word die aanvanklike skema, met ander woorde die skema waarin daar nog 'n kousatiewe verhouding tussen die werkwoord en adjektief is, gegee. 'n Spesifieke voorbeeld is *skreeu+lelik* wat as 'so lelik dat jy skreeu' geparafraseer kan word. Dit wat voor die \Leftrightarrow staan, verteenwoordig die vorm van die konstruksie. Dit wat regs van die \Leftrightarrow staan, verteenwoordig die konseptuele inhoud of betekenis. Dit is waarom SEM_{ADJ} en SEM_V ná die dubbelpyl staan, aangesien dit die konseptuele inhoud (semantiek of SEM) van die twee komponente (ADJ en V) voorstel. Uit hierdie skema vloei die intensiverende skema in (3b); dit is waarom die $>$ ná (3a) staan en in die rigting van (3b) wys. Volgens die skema in (3b) is daar MEK's waar 'n werkwoord as intensiveerder gebruik word, sonder dat 'n kousatiewe verhouding tussen die komponente geld: *vrek≠lelik* dien hier as voorbeeld, aangesien dit óók as 'baie lelik' geparafraseer kan word.

(3) (a) $[[a]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit/jy } SEM_V]$,

waar $[a]_V$ = werkwoord wat deur SEM_{ADJ} gekenmerk (kan) word

$>$

(b) $[[a]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

\approx

(4) (a) $[[a]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ soos } SEM_N]$,

waar $[a]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het

$>$

(b) $[[a]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

\approx

(5) $[[a]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a]_N$ = naamwoord onverwant aan SEM_{ADJ}

Die skemas in (3) word met die \approx aan die skemas in (4) geskakel omdat hulle susterskemas is. Die skemas in (4) verskil op grond van die intensiverende komponent wat 'n naamwoord is, byvoorbeeld *wol+sag* wat as 'so sag soos wol' of 'baie sag' geparafraseer kan word. Die skema in (5) is die algemeenste of abstrakste van die drie voorbeelde en verteenwoordig MEK's waar daar nie meer 'n verband tussen die naamwoord wat intensiveer en die geïntensiveerde adjektief is nie. 'n Voorbeeld is *hond≠skelm* wat slegs as 'baie skelm' geparafraseer kan word.

2.3 Betekenis

Naas die vormlike aspek van MEK's is die betekenisinhoud van MEK's, en meer spesifiek die wyse waarop betekenis deur middel van MEK's geskep word, 'n belangrike aspek. Aspekte of konstruksies wat die betekenis van MEK's moontlik bepaal, sluit ikonisiteit en metonimie, subjektiwiteit, en ekspressiwiteit, intensiteit en evaluering in. Die doel van hierdie afdeling is om die onderbou van MEK's se betekenisinhoud, as strukturele manifestasies van taalgebruikers se kognitiewe evaluerings, breedvoerig te bespreek.

2.3.1 Ikonisiteit en metonimie

Taalgebruikers is geneig om die toename van iets se grootte of inhoud as positief te ervaar. Dit is daarom moontlik om 'n onderliggende geïdealiseerde kognitiewe model (hierna GKM) vir taalgebruik te identifiseer: MEER VORM IS MEER BETEKENIS. Lakoff en Johnson (1980:127-128) bespreek dié metafoer as een van die konseptuele metafore wat deel van taalgebruik uitmaak. Hierdie GKM kan in die toepassing van ikonisiteit raakgesien word. Ikonisiteit is die verskynsel waar konstruksies die vorm het wat hulle het omdat gebruikers poog om hulle taalgebruik so te manipuleer dat dit ooreenkomste toon met die konsepte wat hulle hoop om te kommunikeer (Haiman, 1985:1). 'n Ander manier waarop daar na ikonisiteit verwys word, is as *augmentation of the symbol* en *indexation by duplication* deur Corver (2016). Hy beskryf ook ikonisiteit as 'n toename in vorm wat tot 'n toename in konseptuele inhoud lei. Die verskillende maniere waarop Lakoff en Johnson se GKM van MEER VORM IS MEER BETEKENIS in MEK's toegepas word, kan deur middel van voorbeelde geïllustreer word.

Konstruksies se vorm en betekenis kan met behulp van of sonder koppeltekens maklik deur ortografiese rekking gemanipuleer word. In die voorbeelde in (6) en (7) is dit duidelik dat die verlenging van die gerealiseerde vorme van die konstruksies verteenwoordigend is van betekenisinhoud wat anders/meer is as die ongerekte vorm. Die gebruik om vokaalleters te verleng soos in *la-aa-ank* en *k-k-koud* word emfatiese rekking (*emphatic lengthening*) genoem (Hoeksema, 2012). Dieselfde geld vir die verlenging van konsonantletters soos *k-k-koud* in (7). Corver (2016:262) meen dat die verlenging van frikatiewe (soos in die Nederlandse *Sssssschitterend*) 'n intensiverende betekenis tot gevolg het. Daar is egter geen sprake van affigering of enige morfologiese prosesse in (6) en (7) nie, maar slegs klank-/letterherhaling. Daar word nie verder met voorbeelde van emfatiese rekking in hierdie proefskrif gewerk nie.

- (6) Ek het 'n gillettjie gegee van die skielike lekker, maar ek was vasbeslote om dit **la-aa-ank** uit te rek.

- (7) Onthou, dis winter; dis **k-k-koud**. Dit word soggens eers ná agtuur lig, en teen vyfuur smiddags is dit al weer byna pikdonker.

(VivA-KPO)

Haiman (1985:1) merk dat verskillende konstruksies vormlike ooreenkomste toon, omdat daar eenders gedink word oor die konsepte wat hulle voorstel. Sy opmerking kan geïllustreer word deur die MEK's *krisiss-ie* in (8) en *vinger+lek+lekker* in (9). Volgens Ponsonnet (2018) kontrasteer diminutiewe en ougmentatiewe nie soseer op grond van hulle emosionele valensie nie, maar met betrekking tot hulle negatiewe of positiewe lading. Die feit dat 'n evaluerende waarde gemeenskaplik in beide konstruksies is, dwing taalgebruikers om vormlike verwantskappe ook te skep. Beide konstruksies se vorm is vergroot omdat meer inhoud en meer vorm die gemeenskaplike eienskappe is wat hulle deel. Die toename in die vorm word as 'n manier gebruik om na die toename in die betekenisinhoud te verwys.

- (8) Haar pa sal kalm wees, sal vir haar mooi verduidelik watse **krisissie** haar ma so ontstel het dat sy nie haar woorde agtermekaar kan kry nie.

- (9) Hierdie resep kan vir feitlik enige wildsboud ingespan word en dit sal eenvoudig **vingerleklekker** anderkant uitkom.

- (10) Feitlik almal weet **die ANC is korrup**, maar talle gaan in elk geval nog vir dié party bly stem.

(VivA-KPO)

Hierdie verskynsel skakel ook met metonimie. 'n Voorbeeld van metonimie is die verwysing in (10) na die ANC wat korrup is. In (10) word daar eintlik verwys na die verantwoordelike persone in die ANC wat korrup is. In hierdie geval staan die naam van die organisasie in die plek van die relevante persone in die organisasie. Metonimie stel taalgebruikers dus in staat om na 'n entiteit te verwys (i.e. die ANC) op die basis van daardie entiteit se verhouding tot dit waarna eintlik verwys word (i.e. die mense wat deel van die ANC is). In (10) se geval staan die ANC, as werkgewer van die korrupte persone, vir die persone self in (Lakoff & Johnson, 1980:39). Indien metonimie op MEK's toegepas word, is dit duidelik dat gebruikers die toename in die vorm van die konstruksie gebruik om die toename in die betekenis duideliker te kommunikeer. Metonimie word nie verder in hierdie proefskrif behandel nie; vir uitgebreide besprekings van die toepassing van metonimie in die KG kan Broccias (2022), Janda (2011) en Radden en Kövecses (1999) geraadpleeg word.

'n Nederlandse MEK waarin daar duidelik sprake van ikonisiteit is, is die invoeging van diminutiefsuffikse in saamgestelde adjektiewe, oftewel intensiewe vorme. Hierdie konstruksies vorm die kern van Morris (2013) en Norde en Morris (2018) se studies. Die voorbeelde in (11)

kom uit Morris (2013) waarin ondersoek ingestel is na die gebruik van diminutiefsuffikse in intensiewe vorme in Nederlands: Affikse wat prototipies tekenend is van konseptuele waardervermindering en gepaardgaande konseptuele invoere, word gebruik in 'n konstruksie wat intensivering of vergroting impliseer (Morris, 2013:7). Hetsy daar sprake van vermindering of vermeerdering is, die bykomende affiks dra tot 'n toename in die betekenis van die konstruksie by. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die gebruik van diminutiefsuffikse in intensiewe vorme slegs tot interpretasies van toenemende nadruk/inhoud (spesifiek waar "inhoud" gelyk is aan "meer") lei, nie tot interpretasies van waardevermindering nie (Morris, 2013:54). Dit is belangrik om te noem dat sy aandui dat die voorbeelde in haar studie hoofsaaklik ontgin is uit die Nederlands wat in Nederland gepraat word (Morris, 2013:53). Voorbeelde uit die Nederlands wat in België gepraat word, is volgens haar skaars. Afrikaans beskik oor enkele intensiewe vorme waarin diminutiefsuffikse voorkom, soos *prent-jie+mooi* en *voël-tjie+klein*, maar hulle is versteende vorme wat nie sonder die diminutiefsuffikse bestaan nie.

(11) doll-etjes-gelukkig

gloed-je-nieuw

kipp-etjie-lekker

spiegel-tje-glad

(Morris, 2013)

Nog 'n Nederlandse konstruksie waarin die diminutiefsuffiks in 'n ander betekenisverband gebruik word as om na iets kleins te verwys, is konstruksies waarin adjektiewe of adverbiala met diminutiefsuffikse kombineer – die voorbeelde in (12) kom uit Corver (2016:252-255). Dieselfde konstruksie kom ook in Afrikaans voor, soos die voorbeelde in (13) illustreer. In hierdie konstruksies dra die suffiks tot 'n toename in die konstruksie se vorm en betekenis by, soortgelyk aan die konstruksies in (11). Die verskil is egter dat die diminutiefsuffikse in (12) en (13) steeds 'n betekenis aandui wat aan die prototipiese betekenis van diminutiewe verwant is, naamlik toegeneentheid. Wanneer gebeurtenisse of gedrag met behulp van die MEK's in (12) en (13) beskryf word, poog die gebruiker om iets oor die onskadelike aard (soos in *kalm-pjes* of *sagg-ies*) of liefderike aard (soos in *gezellig-jes* en *oulik-ies*) van die gebeurtenis of gedrag te kommunikeer. Ikonisiteit is na aanleiding van hierdie bespreking en voorbeelde beslis 'n oorweging wanneer die beskrywing van MEK's oorweeg word.

(12) gezellig-jes

kalm-pjes

vlot-jes

(13) amper·tjies

sagg·ies

ligg·ies

oulik·ies

mooi·tjies

(VivA-KPO)

2.3.2 Langackeriaanse subjektiwiteit

Traugott (2003:125), Verhagen (2007:74) en Vis (2011:13-15), om maar enkele studies te noem, onderskei tussen die twee hoofstrome wanneer linguistiese subjektiwiteit ter sprake is: Langacker se siening van 'n subjek wat 'n situasie konseptualiseer en in die gebruiksepisode geïmpliseer word, en Traugott se benadering dat konstruksies se semantiese waardes toenemend 'n gekonvensionaliseerde/gesemantiseerde sprekershouding weerspieël. Langacker fokus op (sinchroniese) semantiese *analise* en Traugott op (diachroniese) semantiese *verandering*. Vis (2011:12) is egter van mening dat dit nie so eenvoudig is nie: Volgens haar is daar steeds nie sekerheid oor die inhoud van subjektiwiteit in die KL nie. Subjektiwiteit word as 'n "seemingly nebulous concept" (Langacker, 1985:147) gekarakteriseer, en daarom word dit in hierdie studie met die nodige omsigtigheid benader.

In hierdie afdeling sal krities met Langacker se benadering tot subjektiwiteit omgegaan word om te bepaal of dit verduidelikende krag vir MEK's bied. Traugott se benadering word as deel van diachroniese benaderings in § 2.5.2 bespreek. Om Langacker se benadering te begryp, is dit egter eers nodig om na algemener KG-konsepte soos konstruering, perspektief en grond te kyk.

Volgens Langacker vorm subjektiwiteit in KG deel van perspektief, terwyl perspektief deel van die algemener konsep van konstruering vorm (Langacker, 1985:122; Langacker, 1987:128-132). Konstruering kan in subjektiewe en objektiewe konstruering verdeel word. Subjektiewe konstruering word van objektiewe konstruering onderskei in soverre eersgenoemde op die agtergrond van 'n taaluiting betrekking het, en laasgenoemde op die voorgrond (Langacker, 1985:121-122). Solank as wat 'n konsep nie as 'n objek gekonstrueer is nie, is dit deel van die ongerealiseerde omgewing van die subjek (ook genoem die grond). Grond, as 'n konsep, verenig die aparte elemente van subjektiwiteit, perspektief en konstruering. Al die faktore van 'n gebruiksepisode wat nie in die gekonstrueerde taalepisode tot uiting kom nie, maak deel uit van die grond en is gewoonlik subjektief. Hierdie faktore sluit onder andere in wie die spreker of

skrywer is, die omgewing of situasie waarin die kommunikasie plaasvind, en wat die verhouding tussen die kommunikeerders is. Volgens Langacker is grondelemente subjektief gekonstrueer vanweë hulle geïmpliseerde teenwoordigheid in enige taalepisode. Die taboewaarde van sommige woorde is byvoorbeeld deel van die grond, aangesien die taboewaarde geïmpliseer (i.e. op die agtergrond) bly. Daarteenoor behels objektiwiteit die gerealiseerde vorm of vasstelbaarheid van die konseptuele inhoud van die konsepte in die gebruiksepisode. Objektiewe realiserings gaan tradisioneel met deskriptiewe inhoud gepaard, terwyl MEK's inhoud voorstel wat nie noodwendig deskriptiewe werklikhede soos STOEL of TAFEL verteenwoordig nie.

Konstruering behels die keuses wat taalgebruikers konstant moet maak wanneer hulle taal gebruik. Daar ontstaan deurlopend 'n verhouding tussen die konseptualiseerder en dit wat gekonseptualiseer of gekonstrueer word (Langacker, 1987:128). Die belang van konstruering word in 'n vroeër publikasie van Langacker (1985:110) beklemtoon waarin hy betekenis definieer as afhanklik van hoe taalgebruikers kies om hulle taaluitings te konstrueer. Op soortgelyke wyse is konstruering 'n noodsaaklike vereiste om 'n taalepisode uiteindelik as objektief of subjektief te karakteriseer. Neem (14)-(16) waaruit 'n mens soortgelyke inligting oor temperatuur kry, maar die konstruering daarvan verskil.

(14) Dene is mal oor gerookte wors. Ons swem elke dag. Die water is **koud**, maar helder.


(15) Voel hoe koud is **my** voete! (Sy druk haar tone teen Anna se been)

(16) Dit was **poeskoud** in Centurion gewees, maar dit het nie gelyk of iemand juis 'n fok gevoel het nie.

(VivA-KPO)

'n Konseptuele voorstelling van die inhoud van hierdie sinne verskyn in Figuur 2-1(a) en in Figuur 2-1(b). Eersgenoemde stel Langacker se ideale perspektiewiese rangskikking (*optimal viewing arrangement*) voor, terwyl laasgenoemde Langacker se egosentriese perspektiewiese rangskikking (*egocentric viewing arrangement*) voorstel. Die blok met die "S"-etiket verteenwoordig die spreker, en die blok met die "O"-etiket die objek⁴ wat waargeneem/beskryf word. Die stippelsirkel in Figuur 2-1(a) verteenwoordig die skeiding tussen die subjek wat ongerealiseer bly en die objek wat gerealiseer word, en dit dui in wese op die fokusgebied van die betrokke taaluiting. Die stippelpyl beklemtoon die aandag van die subjek op die spesifieke objek. In die drie onderskeie sinne word die grond of konteks op verskillende maniere verwoord, wat die konstruering daarvan beïnvloed.

4 Met *objek* word enige entiteit, hetsy 'n situasie, aansyn, proses of kwaliteit bedoel.



Figuur 2-1: Langacker se ideale perspektiwiese rangskikking en egosentriese perspektiwiese rangskikking

In (14) en Figuur 2-1(a) word grondelemente nie gerealiseer nie, terwyl daar in (15) en Figuur 2-1(b) eksplisiet na 'n grondelement verwys word. Die spreker se verwysing na haarself en die deiktiese verwysing na 'n ander party wat deel van die handeling in (15) is, dien as grondelemente. In die gevalle waar Figuur 2-1(b) van toepassing is, is daar 'n oorvleueling van die spreker se perspektief en konstruering, soos voorgestel deur die stippelsirkel om "S" en "O" in Figuur 2-1(b) (Langacker, 1987:130). Die vraag wat uit hierdie klaarblyklik duidelike onderskeid blyk, is waar (16) inpas. Dit is juis die onderwerp van hierdie studie, om te bepaal waar MEK's op die skaal tuishoort, aangesien selfverwysing ontbreek én suiwer deskriptiewe inhoud nie ter sprake is nie. MEK's is as gevolg van hulle aard (d.i. gebaseer op 'n spreker se oordeel) wel nader aan Figuur 2-1(b) as wat hulle aan Figuur 2-1(a) is.

Die belang van die grond en om elemente daarvan soms in taalgebruik te inkorporeer, is 'n kenmerkende eienskap van MEK's. Langacker (2008:262) bespreek in die verbygang die implisering van grondelemente in enige konstruksie waarin die houding van die spreker teenwoordig is. Hy verwys spesifiek na subjektiewe konstruering. 'n Voorbeeld sou wees om van 'n *malhuis* te praat as 'n *versorgingsplek vir geestesongestelde persone*, eerder as van 'n *gestig*. Hierdie woordkeuse is 'n manier waarop subjektiwiteit niemorfologies manifesteer. In 'n voetnoot diskwalifiseer Langacker (2008:263) egter evaluerende konstruksies daarvan om grondelemente te bevat, aangesien hulle nie epistemies van aard is nie. Later in dieselfde bron plaas Langacker (2008:475-477) die kollig op *expressives* (sy voorbeelde sluit tussenwerpsels en aanspreekvorme in) en hoe taalgebruikers, deur sulke konstruksies te gebruik, verder gaan as om bloot 'n situasie/objek te beskryf – taalgebruikers ken vir hulleself 'n rol in die taalepisode toe. Só gesien, is MEK's dus ekspressiewe wat ook op die inkorporering van die rol van 'n spreker in die konstruksie se betekenis staat maak.

Langacker se benadering kan met dié van Potts (2007) in lyn gebring word. Soos Langacker, maak Potts (2007) ook gebruik van ekspressiewe as 'n term en bevestig hy die eienskap van ekspressiewe konstruksies om nie soseer tot beskrywing by te dra nie, maar tot konteksverandering. Potts se benadering is formalisties, maar die eienskappe wat hy identifiseer en sy uiteensetting is waardevol en word in § 2.3.3 bespreek. Die aard van evaluerende konstruksies om nie slegs voorstelbare werklikhede soos STOEL en TAFEL te beskryf nie, plaas MEK's in Langacker en Potts se definisies van ekspressiewe. Die taalgebruiker word in MEK's subjektief gekonstrueer én die konstruering word aangedui met behulp van 'n morfeem.

Neem (17)-(21) waarin subjektiwiteit in verskillende morfologiese konstruksies met dieselfde basis geïllustreer word. Hierdie voorbeelde illustreer die wyses waarop *amper* se konseptuele inhoud deur middel van verskillende konstruerings aangepas kan word. Die onderskeid tussen die konstruksie in (17), wat *amper* slegs in die beskrywende funksie daarvan verteenwoordig, en die MEK's in (18)-(21) word deur hulle morfologiese kompleksiteit aangedui. Die aard van die betekenisverskille is vanuit 'n waarheidsvoorwaardelike perspektief (*truth conditional perspective*) moeilik vasstelbaar. Die verskille setel nie in 'n "vasstelbare" graad van amperheid nie, maar eerder in die spreker se gepaardgaande oordeel wat deel van die konstruksie se betekenis is. Die spreker eien vir hom 'n rol toe tussen dié van 'n verwyderde (subjektiewe) waarnemer, wat nie deel is van die betekenis van die konstruksie nie, en 'n deelnemer wat homself identifiseer as die een wat die konstruksie se inhoud tot 'n mate beïnvloed.

- (17) Dit is **amper** soos in die geval van 'n gerehabiliteerde alkoholis; sy ou gewoontes en drinkebroers van vroeër moet hy vir goed afsweer.
- (18) Pillay puik in skadu van wêreldrekord tot 'n **amperse** blote herinnering vervaag.
- (19) Helaas is die kortste dag van die jaar reeds verby en kan jy so **amper-amper** die lente in die vroegoggendluggie ruik.
- (20) Dit was so **ampertjies** of die skool was nie gebou nie, het Oprah gesê.
- (21) Die vlug het verskeie noue ontkomings gehad, maar die **amperste** wat dit in 'n ramp ontvaard het, was toe die landingstuig, Snoopy, naby die maanoppervlak buite beheer geraak en amper verongeluk het.

(VivA-KPO)

As 'n mens dus na die voorbeelde kyk, is dit deurlopend dieselfde adverbium: In (18) word 'n attributiewe *-e* daarby gevoeg, in (19) dien dit as 'n basis vir 'n reduplikasie, 'n diminutiefsuffiks word in (20) daaraan geheg, en in (21) word *amper* met die suffiks vir die oortreffende trap gesuffigeer. Dit is eerstens opvallend dat daar nie MEK's is waar *amper* met 'n prefiks verbind nie.

Dit wys moontlik daarop dat suffikse 'n voorkeurkeuse is wanneer MEK's gevorm word. Met verwysing na die betekenis van die MEK's met *amper*, moet *amper* se betekenis van 'byna' of 'omtrent' in ag geneem word: Dit is 'n onderskeidende betekenis wat nie tipes gegradeer of verklein kan word nie, anders as byvoorbeeld *lank* wat met verwysing na 'n skaal en *hoender* wat met verwysing na die vorm daarvan uitgedruk kan word. Een vraag is dus hoe 'n ongradeerbare konsep, soos *amper*, in die oortreffende trap gestel word of geredupliseer kan word om intensivering aan te dui? Die konstruering van *amper* in die oortreffende trap in (21) en die reduplikasie in (19) dui dus nie op 'n letterlike gradering van die konsep nie, maar op die subjektiewe gradering daarvan.

Gradeerbare konsepte, byvoorbeeld *lank* en *koud*, dien oor die algemeen as basis vir 'n bespreking van evaluerende konstruksies. Cacchiani (2017:7) lei op basis van Paradis (2008) af dat intensiveerders die gradeerbaarheid van konstruksies op die voorgrond plaas (i.e. profileer in 'n Langackeriaanse sin). Intensiveerders dra in wese 'n betekenisvlak by tot die beskrywende betekenis wat tradisioneel sou geld, soos vir *amper* geïllustreer is. In 'n aantal gevalle dra taalgebruikers se subjektiewe konstruering deur middel van spesifieke konstruksies 'n gradeerbare dimensie tot andersins ongradeerbare konsepte by. 'n Voorbeeld, wat by die gebruik van *amper* aansluit, is *mors-dood* wat 'baie dood' beteken, ten spyte van die definisie van *dood* wat nie werklik die gebruiker toelaat om tussen grade van doodheid te onderskei nie.


Die gebruik van adjektiewe op evaluerende maniere verteenwoordig nie inherente subjektiwiteit nie, maar eerder 'n tydelike subjektiewe interpretasie deur die spreker (Athanasiadou, 2006:233). Athanasiadou se interpretasie is nie strydig met Langacker se inherente subjektiwiteit nie; sy ekspliseer slegs die bedoeling van die spreker. Die tydelikheid van hierdie tipe konstruerings skakel ook met die opsionaliteit waarna Cacchiani (2017) verwys.

Verhagen (2005) bou deels voort op Langacker, maar kies 'n benadering gebaseer op (pragmatiese) argumentteorie. Verhagen (2005:4) argumenteer dat menslike kommunikasie primêr op die regulering en assessering van gedrag gerig is, soortgelyk aan niemenslike kommunikasie. As uitvloeisel/noodwendige gevolg van die reguleringsfunksie van taal dien menslike kommunikasie ook as 'n wyse om inligting oor te dra. Juis vir hierdie doeleindes ontwikkel hy 'n teorie van intersubjektiwiteit. In Verhagen (2007:75) herhaal hy hierdie eienskap van taal en dat enige taalepisode gekenmerk word deur een subjek wat weens die inherente aard van kommunikasie 'n invloed op die ander wil uitoefen.

Verhagen (2005:67) beklemtoon die waarde van intersubjektiwiteit om op 'n natuurlike wyse 'n diachroniese ontwikkeling van konstruksies daar te stel. Die uitsondering van die kommunikatiewe funksie van taal as deel van intersubjektiwiteit is oorbodig indien subjektiwiteit

– soos Langacker dit vir KG ontwikkel het – die teoretiese raamwerk is wat gevolg word. Volgens KG is betekenis ensiklopedies en word betekenis saamgestel uit faktore wat konstant in wisselwerking met mekaar is, waarvan gebruik bloot een van die faktore is. Die interaktiewe/kommunikatiewe element van enige gebruiksepisode dra uiteraard by tot die betekenis, maar 'n eksklusiewe fokus daarop plaas 'n beperking op die beskrywing van MEK's. Verhagen se benadering lei uiteindelik tot 'n sterker verbinding tot Traugottiaanse subjektivering wat in § 2.5.2 verder bespreek word.

Subjektiviteit as KG-konsep bied dus 'n goeie verklaring en uiteensetting van hoe die konstruering van MEK's werk. Die analyseskema in Figuur 2-2 dien as voorstelling van subjektiviteit, toegepas op *mors÷dood*. In die skema word gewys dat *mors÷* as 'n uiters skematiese komponent (deur die arsering aangedui) met die onafhanklike adjektief *dood* verbind. Weens die sterk verband tussen *mors÷* en taalgebruikers se behoefte om hulle oordeel uit te spreek, word die grond in die voorstelling van *mors÷* geprofileer. In die voorstelling van *dood* regs onder in die skema, word *dood* teenoor *lewendig* geskets. Die "tr"-etiket wys dat *dood* geprofileer is. Wanneer hierdie komponente verbind, met *dood* as die kernkomponent, erf die komposisiestruktuur die subjektiviteit van *mors÷*. Dit is juis die konstruering wat *mors÷* bydra wat tot die profilering van grond in die komposisiestruktuur bo in die figuur lei. Dieselfde sal geld met verwysing na leksikale eenhede, soos vroeër genoem met *malhuis* teenoor *gestig*. Inherent is beide hierdie tipes konstruksies evaluerend, net nie morfologies nie. Die kruks van subjektiviteit is dat die keuse wat die spreker vir 'n spesifieke leksikale item of morfologiese konstruksie uitoefen, die spreker subjektief ín die konstruering plaas.




Figuur 2-2: Langackeriaanse subjektiwiteit toegepas op *mors÷dood*

2.3.3 Intensiteit, ekspressiwiteit en evaluering

2.3.3.1 Intensiteit en ekspressiwiteit

Een van die bekendste bronne in die veld van evaluering is Bolinger (1972). Die belang van Bolinger se 1972-werk is tweeledig: Dit dien as 'n invloed of vertrekpunt vir 'n aantal ander studies oor intensivering, en Bolinger (1972:18-19) se stelling dat intensiveerders 'n teenmiddel vir die beskrywing van taal as 'n sisteem is, inspireer taalkundiges tot verdere pogings om evaluerende konstruksies te beskryf en te kategoriseer. Hy onderneem 'n studie van intensiverende (by)woorde in Engels en kies om van graadwoorde (*degree words*) en intensiveerders (*intensifiers*) te praat. Intensiveerders word gebruik om na enige konstruksie (hy praat van 'n *device*) te verwys wat 'n gradering van 'n eienskap bewerkstellig. Die gradering kan 'n meer-as-gradering, 'n minder-as-gradering, of êrens tussenin wees (Bolinger, 1972:17).

Bolinger identifiseer vier tipes sintaktiese/analitiese intensiveerders met enkele voorbeelde, wat in Figuur 2-3 grafies uitgebeeld word en met voorbeeldkonstruksies uit Viva se korpusversamelings gepaar word. In 'n vroeër studie van Afrikaanse intensivering word Bolinger se kategorieë ook aangehaal, maar met Bolinger se Engelse voorbeelde (Esterhuizen, 1974).



Figuur 2-3: Grafiese opsomming van Bolinger (1972) se intensiveringskategorieë

In Figuur 2-3 is die verskillende intensiveerders op 'n skaal van positief tot negatief geplaas. “Versterkers” en “minimaliseerders” verteenwoordig die uiterstes, en voorbeelde daarvan kom algemeen voor. Dit is opvallend dat slegs versterkers as deel van die “upper part of the scale looking up” beskryf word. Die “bemiddelaars” (Esterhuizen stel “beoordelaars” of “skeidsregters” voor as Afrikaanse vertalings) as kategorie grens aan 'n stylmiddel soos eufemisme, aangesien die gebruiker die situasie steeds evaluerend wil beskryf en dit sagkens stel. Die beskrywing wat Bolinger (1972:17) van bemiddelaars gee (“middle of the scale, often trying to look both ways”), bevestig dit. Myns insiens sal Bolinger se bemiddelaars veral in kombinasie met stylfigure of in sintaktiese konstruksies gevind word, soos onderbeklemtoning deur die gebruik van *effens* in (22). 'n MEK wat wel in Viva-KPO gevind is, wat as 'n bemiddelaar geklassifiseer kan word, is *on·mooi* in (23). Verkleiners en minimaliseerders sinspeel albei op negatiewe evaluasies, terwyl die verskil bes moontlik slegs in die intensiteitsgraad lê. Bolinger brei nie in detail – teoreties of empiries – op sy kategorieë uit nie; bogenoemde bespreking is daarom gebaseer op die beperkte toeligting wat hy wel daarvoor gee.

(22) Sy is **effens besope**, maar haar oë is nog helder en haar stem ferm.

(23) Toe sê juffrou Sophia agterna dis baie **onmooi** om vir een te sê jy hou nie van sy geskenk nie.

(Viva-KPO)

Die konseptuele inhoud kan daarom toeneem om enersyds as ‘meer’, ‘beter’, ‘groter’, ‘baie’ en andersyds as ‘minder’, ‘kleiner’ of ‘swakker’ geïnterpreteer te word. Neem *kak÷moeg* en *krisiss·ie* as voorbeelde: Albei kommunikeer iets meer as hulle standaardvorm (*moeg* en *krisis*). In *kak÷moeg* se geval word ‘baie moeg’ deur die gebruik van die taboewoord uitgedruk, terwyl die diminutiefsuffiks in *krisiss·ie* 'n klein krisis of, ironiesgewys, juis 'n groot krisis aandui. Sodra die

onderskeid tussen die tipe inhoud wat toeneem slegs as 'n verandering in konseptuele inhoud aanvaar word, kan 'n argument vir 'n noue verband tussen die twee konsepte aangevoer word.

Nog 'n belangrike onderskeid is dié tussen spesifisering en intensivering. Om hierdie onderskeid duidelik uiteen te sit, word op Bolinger (1972) en Esterhuizen (1974) gesteun. In sy hoofstuk oor graadnaamwoorde behandel Bolinger (1972:146) hierdie onderskeid wanneer hy praat van die *distinguishing effect* teenoor die *intensifying effect*. Bolinger illustreer die verskil enersyds met “bad smell” teenoor “good smell”, en andersyds “bad mistake” teenoor “good mistake”. Laasgenoemde kwalifiseer as intensivering aangesien 'n fout nie werklik as goed geklassifiseer kan word nie. Met reuke is dit wel moontlik om tussen aangename en onaangename reuke te onderskei. Volgens Esterhuizen (1974:7-8) verwar Bolinger hierdie konsepte en kom spesifisering op die akkurate beskrywing van 'n konsep neer, en intensivering op die beklemtoning daarvan. Hy haal Kempen (1969:119) aan om sy punt te staaf dat sommige intensiewe vorme “presieser sê wat die laaste komponent op algemener wyse ook sê” (Esterhuizen, 1974:8). Die voorbeelde wat Esterhuizen noem om sy stelling te staaf, is *dol+jammer*, *deurskynend---dun*, *gloeiend---koorsig* en *moeg+seer*.

Wanneer Esterhuizen se stelling en Afrikaanse voorbeelde in oënskou geneem word, is hulle nie werklik voorbeelde wat sy standpunt staaf nie. Eerstens is *dol+jammer* sinchronies gesien nie presiserend/onderskeidend nie, maar intensiverend. Sy ander voorbeelde wat as “so ADJ₂ dat dit/jy ADJ₁ (is)” geparafraseer kan word, is unieke uitbreidings van die kern, soos in (24) aangetoon word. 'n Moontlike toets vir die bepaling van intensivering is om te vra of die bepaler iets verder oor die kern spesifiseer (d.i. albei dele kan deel van die parafrasering wees en sin maak), en of dit die kern slegs intensiveer (d.i. die parafrasering kan met verwysing na slegs die kernkomponent sinvol verwoord word). Indien laasgenoemde, is die kans goed dat die bepaler intensiverend optree. Hierdie toets is 'n moontlike eerste stap om intensiverende stamme te identifiseer en sal veral in die hoofstukke waarin affiksoïede (hoofstuk 3) en samestellings (hoofstuk 4) bespreek word, op die proef gestel kan word.

(24) *deurskynend---dun* ‘so dun dat dit deurskynend is’

gloeiend---koorsig ‘so koorsig dat hy gloeiend is’

moeg+seer ‘so seer dat hy moeg is’ / ‘iemand is moeg en seer’

Evaluerende of intensiverende konstruksies word ook onder die term *ekspressiwiteit* bespreek. Volgens party taalkundiges is ekspressiwiteit 'n buitegrammatikale eienskap van taal. Daarmee word bedoel dat dit 'n manier is waarop daar op pragmatiese wyse uiting aan emosie gegee word (Hübler, 1998:10). Aspekte wat tradisioneel as “buite die taal” beskou is, word in sulke konstruksies deel van die taal.

Volgens Zwicky en Pullum (1987:330-332) hoort sekere konstruksies onder ekspressiewe morfologie tuis. Hulle noem die Engelse voorbeelde $\langle s(c)hm \rangle$ -reduplikasie (*variables schvariables* “veranderlikes CN-veranderlikes” ‘niebedreigende of minagtende verwysing na veranderlikes’), vloekwoordinlywing (*fan-fuckin-tastic* “fan--CN--tasties” ‘fan-fokken-tasties’) en woordvorming met *·eria/·teria/·eteria* (*clean·eteria* “skoon·NMLZ” “n oulike onderneming wat skoonmaakmiddels verkoop’)⁵. Volgens hulle is ekspressiewe morfologie en gewone morfologie onversoenbaar. Vanuit ’n KG-perspektief is daar egter nie iets soos buitogrammatikale taal nie aangesien betekenis ensiklopedies is en noodgedwonge van konteks afhanklik is. Die aard van MEK’s om hulle beskrywende en spesifiserende waarde in te boet vir die waarde wat dit gebruikers bied om hulself uit te druk (d.i. ekspressief te wees), is in dié verband belangrik.

Haspelmath (1999:1057) kritiseer die gebruik van die term *ekspressief*. Volgens hom vooronderstel die gewone definisie van *ekspressief* die duidelike uiting van ’n spreker se houding of emosie, nie ’n kreatiewe/innoverende/opmerklike uitdrukking daarvan nie. Haspelmath (1999:1065-1066) besin in voetnoot 9 en 10 spesifiek oor die etiket *ekspressiwiteit* en waarsku teen die idee dat taalgebruikers hulself slegs wil uitdruk.

In ’n bespreking van ekspressiewe taalgebruik moet Potts (2007) se ses eienskappe van ekspressiwiteit (uit ’n semanties funksionele perspektief) ook aandag geniet. Hierdie eienskappe is onafhanklikheid, onverplaasbaarheid, perspektiefafhanklikheid, beskrywende onsegbaarheid, onmiddellikheid en herhaalbaarheid. Die Afrikaanse voorbeelde wat hier ter illustrasie van Potts se eienskappe gebruik word, is *graag*, *poes=graag* en *roos+tuin*:

- (i) Onafhanklikheid het te doen met die manier waarop deskriptiewe taal, soos *graag* en *roos+tuin*, apart staan van evaluerende taal soos *poes=graag*. Potts (2007:168) gee egter toe dat deskriptiewe en ekspressiewe inhoud nie totaal onafhanklik van mekaar is nie. Ekspressiwiteit gebruik deskriptiwiteit as ’n anker en brei daarop uit.
- (ii) Volgens Potts is ekspressiewe konstruksies onverplaasbaar en perspektiefafhanklik omdat dit slegs in die regstreekse gespreksituasie manifesteer en van die spreker se onmiddellike perspektief afhanklik is. Die gebruik van ’n MEK soos *poes=graag* sou nie in elke gespreksituasie gebruik kon word nie, deels oor die perspektief van die spreker op enige gegewe oomblik en die gespreksituasie oor die algemeen.
- (iii) Beskrywende onsegbaarheid behels ’n taalgebruiker se onvermoë om ekspressiewe taalgebruik te verduidelik of te parafreseer (Potts, 2007:176-179). ’n Gebruiker sou

⁵ Die voorbeelde vir *·eria/·teria/·eteria* in Zwicky en Pullum is geneem uit Siegel (1974).

byvoorbeeld maklik *roos+tuin* as “’n tuin wat bestaan uit rose” kan parafraseer, terwyl om *poes÷graag* as “baie graag” te probeer parafraseer nie die totale omvang van die konstruksie se betekenis sal kommunikeer nie.⁶

- (iv) Herhaalbaarheid as ’n eienskap kan die beste geïllustreer word deur *poes÷poes÷poes÷graag* en **roos+roos+roos+tuin* te kontrasteer. Die herhaling in eersgenoemde sal ekspressiewer oorkom, terwyl laasgenoemde nie deskriptiewer sal wees nie. Die beginsel is dat die herhaling van ekspressiewe inhoud tot ’n toename in die ekspressiwiteit lei, anders as wat die geval met deskriptiewe inhoud sou wees.
- (v) Laastens is ekspressiewe konstruksies onmiddellik in soverre hulle inhoud duidelik tydens die gebruik van die konstruksie blyk (Potts, 2007:180). Vroeër in Potts (2007:167) som hy self onmiddellikheid op as die eienskap van ekspressiewe konstruksies om inhoud toe te dien, eerder as om inhoud aan te bied.

Potts (2007:167) tref ’n onderskeid tussen deskriptiewe en ekspressiewe betekenisdomeine wanneer hy onafhanklikheid as die eerste eienskap van ekspressiwiteit bespreek. Die deskriptiewe domein se inhoud bly onveranderd, terwyl die ekspressiewe domein gemanipuleer of verwyder kan word. Dit skakel met die interafhanklikheid waarna Potts verwys wanneer hy die onafhanklikheid van hierdie dimensies wil vasstel. Deskriptiewe inhoud word op die agtergrond geskuif en ekspressiewe inhoud word, volgens Potts, op ’n onafhanklike wyse deur die spreker beklemtoon. Soortgelyk aan die onderskeid tussen gewone morfologie en ekspressiewe morfologie, is Potts se uiteensetting (met sy uitsonderings) van onafhanklikheid onversoenbaar met ’n KG-benadering. Betekenisdomeine oorvleuel konstant in die konstruering van betekenis en is deurlopend afhanklik van ’n aantal faktore wat die verskillende betekenis insluit wat konstruksies kan aanneem.

Die verband tussen Potts se eienskappe met ’n gebruiker se keuse om ’n situasie subjektiewer of objektiewer te konstrueer (sien § 2.3.2) is ook duidelik. Hoe subjektiewer die spreker wil wees, hoe meer van Potts se ekspressiewe eienskappe behoort volgens hom in die konstruksie te wees. Hierdie benadering, om evaluering te meet eerder as te kategoriseer, is ’n alternatiewe manier om die verskynsel sistematies te ontleed.

6 Drożdżowicz (2016) formuleer goeddeurdagte argumente teen beskrywende onsegbaarheid as klassifikasiekriterium met spesifieke verwysing na Potts. Sy meen dat dit hoogstens ’n eienskap is wat kan help met die uitkenning van ekspressiewe inhoud, eerder as wat dit ’n tiperende grond vir klassifikasie is.

Volgens Potts is sy ses ekspressiwiteitseienskappe nie gelykmatig in al die moontlike ekspressiewe konstruksies teenwoordig in 'n taal nie. Die gedeeltelike teenwoordigheid van die ekspressiewe eienskappe stem met die stelling van Stump (1993) ooreen wat in die volgende afdeling as deel van evaluerende morfologie bespreek word. Volgens Stump vergestalt MEK's ook nie álle evaluatiewe reëls, wat hy self geformuleer het, gelyktydig nie.

2.3.3.2 Evaluering

Verwant aan intensiteit en ekspressiwiteit in morfologiese konstruksies, is evaluering. Die studie van evaluerende morfologie is hoofsaaklik deur Scalise (1984), Stump (1993) en Bauer (1997) ontwikkel. In Scalise (1984) is daar vir die eerste keer sprake van evaluerende morfologie as 'n tipe morfologie wat apart van afleidingsmorfologie en fleksiemorfologie staan. Hierdie afbakening stem ooreen met Zwicky en Pullum (1987) (in die vorige afdeling bespreek), wat normale en ekspressiewe morfologie van mekaar onderskei. Scalise (1984:132-133) identifiseer ses eienskappe van evaluerende affikse (hierna EA's):

- (i) EA's verander die semantiek van die basiswoord.
- (ii) EA's laat die herhaalde toepassing van meer as een reël van dieselfde tipe toe, en by elke toepassingsvlak (i.e. konstrueringsvlak in die KG) is die basiswoord 'n bestaande woord.
- (iii) EA's is ekstern met betrekking tot afleidingsaffikse en intern met betrekking tot fleksieaffikse.
- (iv) EA's laat tot 'n bepaalde mate die herhaalde toepassing van dieselfde reël op opeenvolgende siklusse (*adjacent cycles*) toe.
- (v) EA's verander nie die sintaktiese kategorie van die basiswoord nie.
- (vi) EA's verander nie die (morfo)sintaktiese eienskappe van die subkategoriseringsraamwerk van die basiswoord nie.

Bykomend tot hierdie ses eienskappe identifiseer Scalise (1984:131) vier kategorieë waarin evaluatiewe suffikse (spesifiek Italiaanse affikse) verdeel kan word: diminutiewe, ougmentatiewe, pejoratiewe en ander. Soortgelyke kategorisering is vantevore deur Bolinger (1972) en meer onlangs deur Grandi en Körtvélyessy (2015a) voorgestel. Dit is opmerklik dat Scalise 'n ander-kategorie insluit; dit sou kon dui op sy bewustheid van die verskeidenheid betekenismoontlikhede wanneer evaluerende woordvormingsprosesse plaasvind.

Ná Scalise het Stump (1993) voortgebou op die konsep evaluerende morfologie. Hy formuleer eienskappe vir evaluerende reëls (hierna ER's) en tree só in gesprek met Scalise (1984). Scalise se eienskappe van EA's word deur Stump gekritiseer as té taalspesifiek vir Italiaans en te beperkend, omdat woordvormingsprosesse waarin affikse nie gebruik word nie, uitgesluit word. Stump (1993:12-13) herformuleer Scalise se eienskappe van EA's as eienskappe van ER's, maar behou grootliks die bewoording. Die meerderheid van sy eienskappe korreleer met dié van Scalise, met twee belangrike verskille: In Stump (1993:12-13) se weergawe kan ER's voor asook ná fleksie- en afleidingsaffikse toegepas word (anders as Scalise se (iii)); en ER's behou ten minste een morfosintaktiese eienskap van die stam, maar alles word nie noodwendig behou nie (anders as Scalise se (vi)).

Die gesprek oor die omvang en aard van evaluerende morfologie as 'n tipe morfologie wat van fleksie en afleiding verskil, neem 'n belangrike wending in Stump se studie. Hy verwys na verskillende tale (wat Kikuyu en Zoeloe insluit) en die maniere waarop die wisselwerking tussen evaluering aan die een kant, en afleidings- en fleksiemorfologie aan die ander kant, van een taal tot 'n ander verskil. Volgens Stump is die formulering van evaluerende morfologie as iets heeltemal nuuts onnodig, aangesien hierdie reëls deel van die bestaande kategoriebehoudende morfologiese reëls vorm.

Scalise se affikseieenskappe en Stump se reëleieenskappe kan naas mekaar in 'n tabel voorgestel en aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer word, soos in Tabel 2-1. Die konstruksie wat gebruik word, is *poes÷graag*. In die tabel word 1 gebruik om die aanwesigheid, en 0 om die afwesigheid van 'n betrokke eienskap aan te dui. Uit die tabel is dit duidelik dat die eienskappe nie almal teenwoordig is nie. Stump en Scalise se eienskappe pas ewe goed, aangesien *graag* en *poes÷graag* adjektiewe is – die morfosintaktiese kategorie het daarom nie verander nie. Indien die woordsoort van die MEK verander het (byvoorbeeld *skep* wat *skep-sel* word), sou Stump se laaste eienskap vir 'n beter passing gesorg het.

Tabel 2-1: *poes÷graag* gemeet teen Scalise (1984) en Stump (1993) se eienskappe

<i>Scalise</i>	<i>poes÷graag</i>		<i>Stump</i>
Verander semantiek	1		1
Herhaalde toepassing	0		0
Afleidingekstern en fleksie-intern	1		1
Dieselfde reël op aangrensende siklusse	0		0
Verander nie sintaktiese kategorie nie	1		1

Morfosintaktiese eienskappe bly onveranderd	1	1	Kán morfosintaksis verander, maar behou ten minste een eienskap.
---	---	---	--

Bauer (1997:557-559) tree in gesprek met Zwicky en Pullum (1987) en Dressler (1994) wanneer hy vra of evaluerende morfologie noodwendig dieselfde as ekspressiewe morfologie is. Hy betrek 'n groot aantal verwante en onverwante tale in sy bespreking en hy baseer sy afleidings op veralgemenings wat hy kon maak. Hy het die taalvergelykende idee van Stump verder gevoer en die waarde van 'n taalvergelykende perspektief wanneer evaluering ter sprake is, beklemtoon.

Nadat Bauer sy eie ekspressiwiteitseienskappe identifiseer, kom hy tot die gevolgtrekking dat evaluering en ekspressiwiteit nie mekaar noodwendig uitsluit nie. Hy onderskei wel tussen ekspressiwiteit en evaluering deur uit te wys dat evaluerende konstruksies ekspressief in sommige gespreksituasies gebruik kan word, soos diminutiewe wat gebruik word wanneer volwassenes met kinders kommunikeer. Hierdie onderskeid kan slegs tot 'n mate gehandhaaf word, sou 'n streng skeiding tussen pragmatiek en semantiek veronderstel word. Behalwe vir sy toegewing dat evaluerende morfologie in sommige gevalle ekspressief kán wees, stel Bauer (1997:564) dat evaluerende morfologie en gewone morfologie nie grondig van mekaar verskil nie. Bauer meen dat evaluering eintlik net 'n gevolg van sekere gewone morfologiese prosesse is. Bauer se standpunt oor gebruik wat tot 'n evaluerende betekenisinhoud lei, skakel met Langacker se interpretasie van subjektiwiteit (§ 2.3.2) en Schmid se vestigings-en-konvensionaliseringsmodel (§ 2.5.3).


Sedert Scalise (1984) het evaluerende morfologie (so genoem ten spyte van Bauer se pleidooi daarteen) tot 'n produktiewe navorsingsgebied gegroei. Die onlangse versamelwerk van Grandi en Körtvélyessy, *Edinburgh Handbook of Evaluative Morphology* (2015a), is 'n bewys hiervan. Hierdie publikasie bestaan uit 'n versameling teoretiese en taalspesifieke bydraes. Die drie teoretiese hoofstukke in Grandi en Körtvélyessy (2015a) wat direk op die huidige studie van toepassing is, sluit die inleidende hoofstuk deur Grandi en Körtvélyessy (2015b), Prieto (2015) se bydrae oor die semantiek van MEK's, en Štekauer (2015) se hoofstuk oor woordvormingsprosesse in. In die taalspesifieke hoofstukke word die beskrywing van tale buiten goed bestudeerde tale soos Engels, Italiaans en Duits bevorder.

'n Bondige opsomming van Grandi en Körtvélyessy (2015b) se sistemativering van moontlike evaluerende betekenis kan in Figuur 2-4 gesien word. Die kwadrante in hierdie figuur toon ooreenkomste met Bolinger (1972) se vier kategorieë (sien Figuur 2-3), met die belangrikste verskil dat daar nie 'n "bemiddelaar"-kategorie in Figuur 2-4 is nie. Grandi en Körtvélyessy het

gekies om die vier kategorieë spesifieker te maak. In Figuur 2-4 word Grandi en Körtvélyessy se digotomiese eienskappe ingesluit om die vier kategorieë te onderskei:

- Vertikaal:
 - positief teenoor negatief
- Horisontaal:
 - kwantitatief teenoor kwalitatief
 - primêr teenoor sekondêr
 - objektief teenoor subjektief
 - fisies teenoor metafories
 - sigbaar teenoor onsigbaar

Volgens Grandi en Körtvélyessy se beskrywing is fisiese vergroting/ougmentering en verkleining/diminuering die primêre kategorieë van evaluerende konstruksies. Ook Prieto (2015:23) ondersteun hierdie indeling wanneer hy noem dat diminutiewe en ougmentatiewe prototipiese kategorieë vir MEK's is, terwyl pejoratiewe en amelioratiewe daaruit spruit en dus sekondêr is. Die gebruik van stippellyne en stippelpyle in Figuur 2-4 verteenwoordig die onvasstelbaarheid van definitiewe skeidings tussen die kategorieë wat, myns insiens, altyd geld.




Figuur 2-4: Grafiese opsomming van Grandi en Körtvélyessy (2015b) se semantiese kategorieë

Al is Figuur 2-4 nie self deur Grandi en Körtvélyessy opgestel nie, word hulle benadering om tussen evalueringskategorieë te onderskei steeds daarin vasgevang. Dit is egter nie duidelik wat hulle met "Ouderdomsverkil", "Uitdrukking van sosiale stand" en "Uitdrukking van lae sosiale stand" bedoel nie. Die onderskeidings wat deur hulle gemaak word, skets wel 'n besonders ordelike manier om evaluering te benader, wat nie die geval is wanneer die werklikheid van die verskynsel oorweeg word nie. Dit is eerstens nie altyd moontlik om 'n skeiding tussen "kwantitatiewe" diminutiewe en "kwalitatiewe" pejoratiewe te maak nie: 'n MEK soos *grasperk·ie* in (26) dien as voorbeeld van 'n konstruksie wat na fisiese grootte verwys, terwyl daar ook 'n neerhalende of pejoratiewe mening van die grootte is. Die onderskeid tussen ougmentatiewe en pejoratiewe is ook kunsmatig, aangesien 'n MEK soos *fokopp·ie* in (25) in sekere kontekste pejoratief kan wees, én ironiesgewys kan verwys na iemand of iets wat 'n groot mislukking is. Tarasova en Fajardo (2022) het onlangs die verband tussen die Engelse diminutiefsuffiks *·ie/·y* en pejoratiewe betekenissoos ondersoek. Hulle wys, onder andere, dat die kontekste waarin hierdie tipe konstruksies gebruik word, die mate van pejoratiwiteit van die konstruksies beïnvloed (Tarasova & Fajardo, 2022:77). 'n Aanpassing van Figuur 2-4, met inagneming van bogenoemde, word in Figuur 2-5 gegee.

(25) Kaila wens daar is 'n manier waarop sy Sebastian en Bertina en die baba se storie kan oordra sodat dit nie na 'n totale **fokoppie** klink nie.

(26) Dié stukkie intieme aarde wat agterplaas genoem word, bestaan gewoonlik uit 'n klein **grasperkie** langs 'n kaal stuk grond.

(VivA-KPO)



Figuur 2-5: Aangepaste grafiese opsomming van Grandi en Körtvélyessy (2015b) se semantiese kategorieë

Die kategorisering van evaluerende konstruksies se betekenis is nie sonder kritiek nie. Soos die onderskeid tussen linguistiese en buitelinguistiese kennis op die daarstelling van arbitrêre grense neerkom (Langacker, 1987:147), behoort dieselfde beginsel te geld met betrekking tot die kategorisering van evaluerende betekenis. So argumenteer Bauer (1997:5) byvoorbeeld tereg dat diminutiewe en ougmentatiewe nie uitsluitlik na grootte verwys nie: Die grense van wanneer diminutiewe en ougmentatiewe slegs na grootte verwys, is nie werklik vasstelbaar nie. Die horisontale middellyn in Figuur 2-4 sou vir Bauer se doeleindes dus nie bestaan nie.

In die tweede teoretiese hoofstuk in Grandi en Körtvélyessy (2015a), skenk Prieto (2015) aandag aan die semantiek en kategorisering van evaluerende konstruksies. Hy bespreek die moontlike semantiese inhoud van MEK's binne die raamwerk van die kognitiewe semantiek. Volgens hom spruit alle MEK-betekenis uit die primitiewe konsep van waarneembare GROOTTE, terwyl gebruikers mettertyd na ander evaluerende konsepte soos TOENADERING en BELANGRIKHEID abstraher. Prieto (2015:22-23) is van mening dat mense daarop ingestel is om grootte sedert 'n jong ouderdom waar te neem – dit is ook sy verduideliking vir Wierzbicka (1996) se insluiting van GROOTTE as een van haar semantiese primitiewe. 'n Belangrike insig van Prieto (2015:29-30) is dat die betekenis van MEK's (Prieto verwys slegs na AUG's en DIM's) afhanklik is van die hoorder

se vermoë om betekenis binne die konteks van die taalepisode te konstrueer. 'n Taalepisode funksioneer nie in isolasie nie – alle deelnemers in die gespreksituasie se konstruering is altyd relevant.

Štekauer (2015) is die derde hoofstuk in Grandi en Körvtvélyessy (2015b) wat relevant vir hierdie afdeling is. Hy sit in wese verskillende woordvormingsprosesse uiteen en ekspliseer wat Bauer (1997) vantevore gesê het oor algemene morfologiese prosesse wat tot evaluerende betekenisinhoud lei. Štekauer (2015:47-53) gee 'n tipologiese oorsig van woordvormingsprosesse in tale wat in die Standaard- Gemiddelde Europese (Standard Average European) Gebied gepraat word, wat tot evaluerende vormgewing (*evaluative formation*) bydra. Sy studie toon nie dieselfde onderbou as Bauer (1997) nie, aangesien Štekauer (2015:45-46) die stelling van Scalise (1984) dat evaluerende morfologie apart van ander morfologie staan, as vertrekpunt vir sy evaluerende vormgewing neem. Ten spyte van die soortgelyke benadering om verskillende tale te gebruik, verskil Štekauer van Bauer oor die aard van evaluatiewe taalgebruik. Bauer se stelling dat sommige woordvormingsprosesse evaluerende betekenisinhoud tot gevolg kan hê, staan in kontras met Štekauer se uitsondering van sekere woordvormingsprosesse wat uitsluitlik evaluerende konstruksies produseer.

2.3.4 Oordadigheid en oortolligheid

Volgens Partington (1993:178) stel intensivering taalgebruikers in staat om op hiperboliese (i.e. oordadige) wyse hulle stelling se betroubaarheid te bevestig. Hy meen dat intensivering as 'n manier van taalgebruikers om hulle gespreksgenote van iets te oortuig, gebruik word. Om oordadigheid en oortolligheid in taal te bepaal, is nie eenvoudig nie en dit word in hierdie afdeling aan die hand van Grice (1989) se gespreksvoorwaardes vir suksesvolle kommunikasie gedoen. Gemeet teen Grice (1989:26-27) se vier gespreksvoorwaardes (*conversational implicatures*), ondermyn MEK's elke voorwaarde:

- (a) Volgens Grice se kwantiteitsvoorwaarde moet jou bydrae so informatief moontlik wees, sonder om meer inligting oor te dra as wat nodig is. In terme van kwantiteit gaan dit by MEK's nie per se oor informatiwiteit nie, en nog minder oor die hoeveelheid inligting. Om na iets as *hond=kak=tos* te verwys, is omslagtiger as nodig en nie werklik meer informatief as om te sê dit is sleg nie.
- (b) In sy kwaliteitsvoorwaarde stel Grice dat mense nie iets wat hulle weet onwaar is, of waarvoor hulle nie bewyse het nie, moet sê nie. MEK's kan nie aan die kwaliteitsbeginsel voldoen nie aangesien die waarneembare waarheid nie die primêre fokus is nie. Wanneer

mense na 'n ander persoon as *stapel÷gek* verwys, spreek hulle slegs hulle oordeel uit sonder om enigiets oor die ander persoon se geestestoestand te weet.

- (c) Grice se verhoudingsvoorwaarde spesifiseer dat 'n persoon slegs dit wat relevant is, moet sê. Dit is nie relevant vir 'n spreker om iets as *kots÷geel* eerder as net *geel* te beskryf nie, aangesien die persoonlike oordeel van die spreker nie vir die beskrywing van die objek relevant is nie.
- (d) Laastens spesifiseer Grice ook die wysevoorwaarde waarmee vereis word dat taalgebruik nie onduidelik, dubbelsinnig, langdradig of onordelik moet wees nie. MEK's verontagsaam hierdie voorwaarde deur wel soms onduidelik, dubbelsinnig, omslagtig en lukraak te wees. Wanneer 'n spreker iets as *kak÷lekker* beskryf, is dit moontlik dat die hoorder nie duidelikheid het oor die spreker se houding teenoor dit wat beskryf word nie. In daardie opsig is *kak÷lekker* ook dubbelsinnig. As *hond÷kak÷tos* gebruik word, eerder as *sleg* of *onaangenaam*, is die spreker opsetlik langdradig en word 'n lukrake konstruksie gevorm om die spreker se gevoel te verwoord.

Op dieselfde trant, maar met spesifieke inagneming van MEK's, neem Haspelmath (1999:1055) Keller (1994) se vyf aksiestelreëls (*maxims of action*) vir sy studie aan. Haspelmath se uiteensetting beklemtoon faktore wat 'n invloed op taalverandering kan hê:

- die hiperstelreël (gebruik taal so ekonomies moontlik om sosiaal suksesvol te wees);
- duidelikheid (gebruik taal op 'n manier waarop jy verstaan word);
- ekonomie (gebruik net soveel taal soos wat nodig is);
- ooreenstemming (gebruik taal soos ander taalgebruikers); en
- oordadigheid (gebruik taal op 'n manier wat jou opmerklik maak vir ander gebruikers)

Haspelmath (1999:1056-1058) gebruik twee van die aksiestelreëls, naamlik oordadigheid en ooreenstemming, om die proses van die moontlike grammatikalisering van konstruksies te illustreer. Die reëls funksioneer interafhanklik en dryf grammatikalisering voortdurend aan. Die proses behels dat A iets unieks sê, B dit aanneem, en dat A dan nuwe maniere moet vind om opgemerk te word. Die behoefte wat taalgebruikers het om opgemerk te word, dien as 'n sterk katalisator vir evaluerende konstruksies. Sodra die vorm van 'n konstruksie waarmee gebruikers hulself opmerklik maak, gekonvensionaliseer raak, dien dit as motivering vir taalgebruikers om innoverende maniere te vind om hulself van vooraf van medetaalgebruikers te onderskei. Gebruikers span dus telkens meer MEK's in om meer en meer oordadig te wees, sodat hulle meer en meer opvallend kan wees.

2.4 Gebruik

Die belang van die gebruik van MEK's is dat dit, onder andere, 'n aanduiding gee van die mate waartoe 'n konstruksie gevestig en gekonvensionaliseer is. Frekwensie, vestiging en produktiwiteit is die drie komponente wat met verwysing na die gebruik van MEK's aandag moet geniet. Die konsep van vestiging, asook die verwantskap tussen frekwensie, gebruik en vestiging, is aanvanklik deur Langacker (1987:59) uitgesonder en word in hierdie afdeling spesifiek met verwysing na MEK's in Afrikaans bespreek. Die frekwensie van MEK's is belangrik omdat die voorkoms van 'n bepaalde konstruksie iets oor die mate van vestiging (of konvensionalisering) daarvan in 'n taalgemeenskap sê (Stefanowitsch & Flach, 2017:120-121). Die mate van vestiging is belangrik, aangesien dit vir ons iets oor die produktiwiteit van MEK's kan sê.

Daar is al breedvoerig oor produktiwiteit in taal geskryf, soos in onder andere Baayen en Lieber (1991), Bauer (2001) en Shen en Baayen (2021). Stefanowitsch en Flach (2017) beklemtoon dat die produktiwiteit en frekwensie van 'n konstruksie, dit wil sê die mate waartoe 'n konstruksie as die basis vir nuwe soortgelyke konstruksies dien, direk met die mate van vestiging daarvan skakel. Dit is meer spesifiek die voorkoms of frekwensie van verskillende instansiërings van dieselfde konstruksionele patroon, eerder as die totale frekwensie van enige konstruksie, wat 'n aanduiding van die mate van vestiging daarvan gee. Die berekeningsformule vir produktiwiteit, wat vir die beskrywing van MEK's in hierdie studie gebruik word, is reeds in § 1.6.2 uiteengesit. Hierdie formule bereken juis die verhouding tussen hapax legomena in 'n gegewe korpus en die totale frekwensie van al die trefslae van 'n spesifieke konstruksieskema in die korpus.

Levshina (2015:82) wys, soos Stefanowitsch en Flach, op die manier waarop inligting oor die spreiding van 'n konstruksie en inligting oor die frekwensie daarvan kán verskil. Frekwensies kan hoogstens iets oor veranderings in die sosiale/eksterne gebruik van konstruksies sê, en nie soseer iets oor die kognitiewe voorstelling of betekenis daarvan nie. 'n Konstruksie kan 'n hoë frekwensie hê, sonder om wydverspreid voor te kom (asook andersom).

Spreiding, frekwensie en vestiging moet in samehang met 'n teorie gebruik word. 'n Ander studie waarin spreiding en frekwensie met 'n konstruksionalistiese teorie gekombineer is, is Zeschel (2012) se studie oor intensiverende adverbiala (*degree adverbs*) in Duits en Engels. Volgens Zeschel (2012:2) skep intensivering 'n belowende studieterrrein as gevolg van die tempo waarteen semantiese variasie en verandering as deel van die verskynsel voorkom. Hy beperk sy studie tot drie konstruksies wat in Engels en Duits voorkom, te wete adverbiala wat op sintuiglike waarnemings dui (Zeschel, 2012:59-76). Hy maak gebruik van kollektieanalise om die frekwensie en spreiding van die intensiverende adverbiala en die onderskeie adjektiewe te ondersoek. In sy ondersoek na intensiveerders merk Zeschel (2012:79) dat 'n versadigde lys

intensiveerders nodig is om 'n volledige kollekseemanalise te kan doen. Hy stel vir homself in hierdie verband 'n hoë eis wat hom dwing om sy eksperimente tot sekere konstruksies te beperk. Skemas van die konstruksies wat hy ondersoek, verskyn in (27) en voorbeelde in (28); INT verteenwoordig die intensiverende woord.

(27) INT + N;

INT + ADJ;

INT + with/vor + N

(28) ... von Zorn und **glühender Leidenschaft**... (“... van woede en gloeiende passie...”);

... with sculpted hair, **glowingly healthy**... (“... met gestileerde hare, gloeiend gesond” > ‘met perfekte hare, blakend gesond’);

You look wonderful, said John, **glowing with health**. (“Jy lyk wonderlik, het John gesê, gloeiend met gesondheid.” > ‘Jy lyk wonderlik, het John gesê, blakend gesond.’)

(Zeschel, 2012)

Die gevolgtrekking waartoe Zeschel (2012:231) kom, weerlê sy voorspelling oor die gedeelde betekenis van vormvariante. Sy gevolgtrekking is dat vormvariante van dieselfde lemma verskillend optree wanneer hulle verbind om intensiewe betekenis aan woorde te gee, eerder as dat hulle dieselfde betekenis het. Sy afleiding oor vormvariante hou gevolge in vir die algemene proses van lemmatisering in kognitiewe, korpusgebaseerde ondersoeke. Ter illustrasie kan die vormvariante *dood·*, *dod+e·* en *dood+s·* in Afrikaans as voorbeeld dien. In Afrikaans verbind *dood·* sistematies met adjektiewe om 'n intensiewe betekenis aan te dui in woorde soos *dood≠gelukkig*, *dood≠normaal* en *dood≠tevrede*. Daarenteen verbind *dod+e·* en *dood+s·* in komplekse met naamwoorde waar *dood* die beskrywende inhoud daarvan behou – *dood+s·kleed* is 'n kleding wat 'n dooie dra en *dod+e·verering* is die verering van dooies. Om slegs te fokus op die lemma (*dood*) en nie op die vormvariante en hoe hulle versprei is nie, sal noodgedwonge tot verkeerde afleidings lei. Produktiwiteit, spreiding en frekwensie word in hoofstuk 3-6, in die onderafdelings oor MEK's se gebruik, toegelig.

2.5 Ontwikkeling

2.5.1 Inleiding

Die vierde en laaste aspek wat MEK's kan help verklaar, behels hulle diachroniese ontwikkeling. Partington (1993:178) benadruk die inrekening van sinchroniese én diachroniese perspektiewe om intensivering in die geheel daarvan te begryp. In hierdie afdeling word 'n bondige oorsig gegee oor drie kognitiewistiese beskrywingsraamwerke wat 'n sterk diachroniese inslag het. Daar word

aandag geskenk aan subjektiwiteit soos Traugott dit ontwikkel het (§ 2.5.2), Schmid se vestigings-en-konvensionaliseringsmodel (§ 2.5.3), asook konstruksionalisering en konstruksionele verandering (§ 2.5.4). Vir doeleindes van hierdie proefskrif word diachroniese benaderings hier slegs kortliks bespreek, aangesien die fokus van die proefskrif sinchronies is.

2.5.2 Traugottiaanse subjektivering

Traugott se perspektief op subjektivering, as diachroniese teoretiese raamwerk, skakel met Langacker se sinchroniese interpretasie (§ 2.3.2). Soos Langacker, het Traugott (1989) aanvanklik die subjektiewe aard van Engelse epistemiese konstruksies nagespeur. Traugott se subjektiveringsteorie het apart van dié van Langacker ontwikkel, ten spyte van gemeenskaplike raakpunte. Haar teorie was aanvanklik gesentreer om pragmatiese betekenis wat diachronies deur middel van gebruik en konvensionalisering semanties word (sy noem die proses *pragmatic strengthening*).

Sy bou oor dekades aan haar teorie van subjektivering: Soortgelyk aan haar teorie oor grammatikalisering, beskou sy subjektivering ook as 'n eenrigtingproses van betekenisverandering van sekere konstruksies (Traugott, 2003).

Traugott (2010) som haar definisie van subjektivering (eerder as subjektiwiteit, wat op 'n toestand of eienskap dui) op as 'n proses waarmee die spreker betekenis manipuleer/inspan om houdings en sienswyses te reguleer. Hiermee tref Traugott (2010:30) dus 'n onderskeid tussen pragmatiese en semantiese inhoud, waar pragmatiese inhoud toenemend semanties word. Brisard (2006:53) merk op dat indien pragmatiese inhoud toenemend semanties word, daar geïmpliseer word dat semantiese betekenis nie pragmatiese betekenis van die staanspoor af insluit nie. Traugottiaanse subjektivering behels dus die ontwikkeling van konstruksies om mettertyd die spreker se houding of perspektief te weerspieël (Traugott, 2010:60).

Traugott (2010:53), in haar herbesinning van subjektiwiteit, maak die stelling dat emfatiese konstruksies (*emphatics*) – vergelykbaar met Langacker se *expressives* wat in § 2.3.2 bespreek is – sprekergeoriënteer is en dat hierdie soort konstruksies sekere eise met betrekking tot ekstreme op 'n skaal stel. Traugott versuim egter om, soos Langacker, verder uiteen te sit hóé subjektiwiteit op hierdie soort konstruksies toegepas behoort te word. Waar Athanasiadou (2006) die opstel van meetbare eienskappe vir Langackeriaanse subjektiwiteit ontwikkel het, poog Vis (2011) om dieselfde vir Traugottiaanse subjektivering te doen.

Vis (2011) gebruik subjektivering om die vraag te beantwoord of Nederlandse nuusberigte moontlik toenemend subjektiewer word. Sy operasionaliseer subjektivering deur 'n handvol sintaktiese merkers te gebruik om verskillende Nederlandse koerante diachronies volgens hulle

subjektiewe inhoud te annoteer. Die drie hoofkategorieë wat sy identifiseer, is voorstelling in interpretasie, selfrepresentasie, en interaksie met die geadresseerde (Vis, 2011:29). Spesifieke elemente sluit die teenwoordigheid van kognisiewerkwoorde, vrae, persoonlike voornaamwoorde en iteratiewe in. Uiteindelik bevind sy dat Nederlandse nuusmedia informeler vertoon weens joernaliste wat toenemend meer van direkte aanhalings gebruik maak (Vis, 2011:101).

Cacchiani (2017), Conradie (1994) en Ghesquière (2017) gebruik ook Traugott se interpretasie van subjektivering om evaluerende konstruksies te bestudeer. Ghesquière (2017:42-45, 48-49) tref byvoorbeeld 'n onderskeid tussen intensivering (en hoe dit deur die jare deur taalkundiges gekarakteriseer is) en fokus. Hierdie onderskeid skakel myns insiens ook met die onderskeid wat Esterhuizen (1974:8) tussen spesifisering en intensivering tref. Die verskil tussen intensivering en fokus berus volgens Ghesquière (2017:48-49) op die aard van intensivering om die skalêre betekensmoontlikhede van woorde, asook sprekershouding te kommunikeer, terwyl fokusmerkers 'n tekstuele funksie verrig deur op pragmatiese wyse aandag op sekere dele van 'n taaluiting te vestig. Volgens Ghesquière se onderskeid sou MEK's dus as intensiveerders kwalifiseer, terwyl diskoersmerkers fokusmerkers sou wees.


Brisard (2006:49) som die opposisie tussen subjektiwiteit en subjektivering op wanneer hy vra hoe 'n mens subjektiwiteit as die betrekking van die subjek (Langacker) met subjektivering as 'n proses van toenemende prominensie van die subjek (Traugott) kan versoen. Hy is van mening dat hoe dieper op subjektiwiteit ingegaan word, hoe meer onversoenbaar blyk subjektiwiteit en subjektivering te wees (Brisard, 2006:56). Langacker skenk aandag aan grammatika en vorm, terwyl Traugott op die spreker fokus, sonder om die wyse(s) waarop betekenis in taal gekonstrueer word, in ag te neem (Brisard, 2006:52).

'n Ander punt van kritiek wat Brisard (2006:64) opper, is die streng onderskeid wat Traugott tussen die weergee van inligting aan die een kant, en die regulering/koördinering van kommunikasie aan die ander kant tref. Gegewe die ensiklopediese aard van betekenis (wat 'n vooronderstelling van KG is), is dit nie nodig om die betekenis wat konstruksies kommunikatief vervul van hulle woordeboekbetekenis te skei nie. Hierdie leemte blyk 'n rol te gespeel het in Traugott se jongste perspektiewe, wat in § 2.5.4 bespreek word.

2.5.3 Vestiging-en-konvensionaliseringsmodel

Schmid (2015) stel 'n taalmodel voor wat vestiging en konvensionalisering prioritiseer. Hy benadruk die gebruiksgebaseerde aard van taal deur die vooropstelling van vier aktiwiteite: motoriese, sensoriese, kognitiewe, asook sosiale en interpersoonlike aktiwiteite. Geeraerts (2016:538) verwys na Schmid se model as 'n "well-ordered and balanced" wegspringplek om die

kognitiewe verbintenis en die sosiosemiotiese verbintenis in die KL te verenig. 'n Grafiese opsomming van die vestiging-en-konvensionaliseringsmodel (hierna V&K-model) uit Schmid (2015:7) is hier ingesluit as Figuur 2-6.



Figuur 2-6: Schmid (2015) se V&K-model

Schmid se skema toon duidelik dat gebruik die gemeenskaplike faktor tussen individugebonde vestiging en gemeenskapsgebonde konvensionalisering is. Taal (en grammatika) ontstaan en ontwikkel as gevolg van herhaalde gebruik in bepaalde kontekste (Schmid, 2015:8). In 'n onlangse publikasie fokus Schmid (2017:20-22) op faktore (buiten konteksgebonde herhaling en frekwensie) wat 'n effek op vestiging kan hê. Hierdie faktore sluit onder andere die grammatikale struktuur in van die taal wat bestudeer word, asook individuele sprekergebonde verskille, en gebruikers se bewustheid van linguistiese vorme en konsepte.

Terwyl vyf vermoëns – simbolisering, komposisie, kategorisering, skematisering en vestiging – relevant is wanneer 'n gebruiksgeseerde beskrywing vir 'n taalverskynsel geformuleer word (Van Huyssteen, 2002:307), prioritiseer Schmid se model vestiging en konvensionalisering. Schmid (2015:10-11) verduidelik die verskil tussen vestiging en konvensionalisering soos volg:

- (i) Vestiging is 'n kognitiewe proses wat tot individue beperk is, terwyl konvensionalisering 'n sosiale proses is wat in gemeenskappe plaasvind.

- (ii) Vestiging is 'n proses waarin persoonlike assosiasiepatrone en gebruiksgesentreerde aktiwiteite 'n rol speel, terwyl tipes (*utterance types*) 'n rol speel in konvensionalisering.
- (iii) Vestiging is onderworpe aan individuele kognitiewe aspekte soos kategorisering, terwyl konvensionalisering onderworpe is aan sosiale aspekte soos die struktuur en samestelling van sosiale netwerke wat die verspreiding van konstruksies⁷ beïnvloed.

Hierdie drie verskille kan saamgevat word deur te sê dat vestiging 'n individuele, kognitiewe verskynsel en konvensionalisering 'n gemeenskaplike, sosiale verskynsel is. Hiervolgens is konvensionalisering dus nie bloot 'n verlenging van vestiging nie. Volgens Schmid (2015:22-23) lê die waarde van sy model in die teoretiese vereniging van die sistematiek en variasie van taalgebruik, asook die wyse waarop aandag aan die taalgebruik van 'n individu en dié van 'n taalgemeenskap gegee word. Vestiging bied dus 'n geleentheid om taal nie as outonoom, abstrak en staties te sien nie (Schmid, 2017:10). Hierdie stelling stem ooreen met Bolinger (1972:18-19) se beskouing van intensiveerders wat in § 2.3.3.1 bespreek is.

Spreiding en frekwensie, wat in § 2.4 as deel van die gebruiksaspek van MEK's bespreek is, speel 'n belangrike rol in die V&K-model. Met verwysing na frekwensie, meen Schmid (2015:21) dat die frekwensie van 'n konstruksie net betekenisvol met betrekking tot vestiging en konvensionalisering is wanneer dit relatief tot die frekwensies van hulle sintagmatiese, paradigmatische en pragmatiese kompeteerders gemeet word. 'n Praktiese voorbeeld hiervolgens sou wees dat die frekwensie van MEK's met *kak*≠ nét betekenisvol met behulp van die V&K-model geïnterpreteer kan word, as die frekwensie met al die ander taboeprefiksoëde, intensiverende prefikse én intensiewe vorme wat nie taboes is nie, vergelyk word. Die V&K-model bied sodoende 'n moontlike verklaring vir die ontstaan van MEK's en die wyse waarop dit in 'n gemeenskap óf geïnkorporeer óf verwerp word.

2.5.4 Konstruksionalisering en konstruksionele verandering

Konstruksionalisering en konstruksionele verandering (hierna K&Kv) is 'n deelteorie van die KL wat in die afgelope jare toenemend aandag geniet het, veral wat die beskrywing van evaluerende konstruksies betref. Traugott en Trousdale (2013:22) sê konstruksionalisering vind plaas wanneer 'n nuwe vorm-betekenispaar ontstaan, en konstruksionele verandering wanneer 'n verandering in

⁷ Schmid (2017:25) verwerp die gebruik van *konstruksie* as 'n term om na vorm-betekenispare te verwys en verkies om te praat van *assosiasies*. Hy verwerp die siening van konstruksies as nodes in 'n uitgebreide netwerk. Volgens Schmid impliseer 'n term soos *konstruksies* simboliese assosiasies wat sterk gevestig is, eerder as aanpasbare/veranderlike pare soos wat *assosiasies* impliseer. In hierdie proefskrif word *konstruksie* deurlopend gebruik, maar slegs in die basiese betekenis van 'n vorm-betekenispaar, sonder die besware wat Schmid daarvoor opper.

vorm of betekenis plaasvind. Daarom is dit belangrik om in gedagte te hou dat K&Kv nie uitsluitlik oor die ontstaan van nuwe vorm-betekenispare gaan nie. Met ander woorde, gegewe wat Schmid (2015) oor vestiging en konvensionalisering sê, soos bespreek in § 2.5.3, is daar sprake van konstruksionalisering wanneer 'n nuwe vorm-betekenispaar in die sprekersgemeenskap gevestig raak.

Zeschel (2012) (kyk § 2.4), Battfeld *et al.* (2018), Hüning en Booij (2014), en Norde *et al.* (2014) is enkele van die K&Kv-studies waarin aspekte van evaluerende taalgebruik ondersoek word.⁸ Hierdie studies dra elkeen op twee spesifieke maniere tot die bestudering van evaluering by: (i) Die genoemde studies gebruik konstruksies in Wes-Germaanse tale as vertrekpunt; en (ii) K&Kv word as 'n gebruiksgebaseerde teoretiese raamwerk gebruik. Battfeld *et al.* (2018) identifiseer twee vormlike posisies waar die ontwikkeling van intensiveerders nagespeur kan word: die bepalerposisie in 'n komplekse woord en die predikatiewe posisie in 'n komplekse frase. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat evaluerende konstruksies die grense tussen die leksikon en sintaksis/grammatika sodanig vervaag dat die konstruksionalistiese benadering ideaal vir die bestudering daarvan is.

Hüning en Booij (2014) sluit hierby aan deur 'n saak daarvoor uit te maak om nie die begrippe grammatikalisering en/of leksikalisering te gebruik om taalverandering te verklaar nie, aangesien dit 'n opposisie tussen die prosesse suggereer. Hulle bespreek konstruksionalisering en illustreer hoe dit, as 'n konsep in die konstruksiemorfologie, gebruik kan word om die verandering van 'n vorm-betekenispaar te verklaar. Voorbeelde wat hulle gebruik om dit te illustreer, is die Duitse prefiksoïed *stock-* 'stok-' en die Duitse suffiks *-fähig* '·vaardig'.

In Norde *et al.* (2014) word K&Kv gebruik as die basis om 'n konstruksienetwerk te formuleer. Die netwerk wat in Norde *et al.* (2014:242) opgestel is, word aangebied as deel van die algehele konstruksienetwerk van Nederlandse kwantifiseerders- en graadbepalingskonstruksies. Die netwerk is verdeel in grade van abstraktheid met die makrokonstruksies (QUANT en DM) op die abstrakste vlak, die konkreter mesokonstruksies (byvoorbeeld [tig[[ADJ][N]_{NP}]_{NP}), die nóg konkreter mikrokonstruksies (byvoorbeeld [tig[[ADJ_{POS}][N]_{NP}]_{NP}) en laastens spesifieke vergestaltings (een voorbeeld is *tig goede films* ('baie goeie films')). Hierdie toepassing van K&Kv hou die voordeel in

⁸ Kennis moet van Meibauer (2013) geneem word wat K&Kv in die lig van die toepassing op affiksoïede kritiseer. Hy verwerp die gebruik van 'n konstruksionele benadering tot intensivering en meer spesifiek tot affiksoïede wat as intensiveerders funksioneer. Hy argumenteer vir metaforiek en metonimie as bestaande en erkende konsepte wat die verskynsel verklaar. Affiksoïede word in detail in hoofstuk 3 verder behandel.

om te kan verduidelik hoe een konstruksie (op die mikrovlak) verband hou met en gebruik word in hoërvlakkonstruksies.

Ten slotte moet Traugott (2021) se herinterpretasie van subjektivering ook as deel van K&Kv genoem word. Traugott (2021) se hersiene interpretasie van (inter)subjektivering as 'n gevolg van K&Kv, eerder as wat dit 'n proses op sy eie is, skakel haar en Langacker se perspektief beter met mekaar. Albei hierdie benaderings sou dus tot die verklaring van MEK's se ontwikkeling kon bydra.

2.6 Samevatting

Die verskeidenheid moontlike teoretiese benaderings tot die verklaring van evaluerende konstruksies oor die algemeen is in hierdie hoofstuk bespreek. Daar is eerstens in § 2.2 oorweging geskenk aan die standpunte oor die vormlike aspekte van MEK's, met die fokus op die konstruksionele aard van MEK's as vorm-betekenispare. Die beskrywing van die vorm van MEK's sal in hoofstuk 3-6 meer aandag geniet, aangesien die spesifieke vorms wat MEK's aanneem slegs gespesifiseer kan word by die beskrywing van dit wat in die data voorkom.

In § 2.3 is oorweging geskenk aan betekenisaspekte van MEK's – meer spesifiek ikonisiteit en metonimie, Langackeriaanse subjektiwiteit, intensiteit, ekspressiwiteit en evaluering, asook oordadigheid en oortolligheid. Die mate waartoe verskillende MEK's ikonies is en hoe hulle in spesifieke konstruksies gebruik word, is bespreek. Die gebruik van MEK's, soos dit in Viva se korpusversamelings voorkom, sal in hoofstuk 3-6 in detail beskryf word. Die interpersoonlike aard van MEK's, wat gereeld gemotiveer word deur die konteks waarin die taalgebruikers hulle bevind, is as 'n kernkomponent van hierdie konstruksies se aard geïdentifiseer. Die rol wat dié aspek in die beskrywingsraamwerk gaan speel, word in die volgende hoofstuk bespreek.

Laastens is die ontwikkeling van MEK's in § 2.5 bespreek. Hierdie aspek is vir volledigheid ingesluit, aangesien MEK's wel deel vorm van taal wat voortdurend verander. Die bespreking kan as 'n vertrekpunt vir die toekomstige bestudering van die diachronie van MEK's dien. Die rol van die ontwikkelingsaspek is verderaan in die proefskrif tot terloopse opmerkings beperk. Vervolgens word 'n beskrywingsraamwerk van MEK's geformuleer.

2.7 Beskrywingsraamwerk


Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n beskrywingsraamwerk vir MEK's, wat op die bespreking van die uiteenlopende teoretiese aspekte van MEK's in hoofstuk 2 gebaseer is, daar te stel. Pogings om die aard van MEK's vas te stel, word deur sommige sekerhede, onsekerhede en plek-plek arbitrêre onderskeidings gekenmerk. Enkele voorbeelde hiervan sluit die onderskeid

tussen ekspressiwiteit, intensiteit, en evaluering, tussen spesifisering en intensivering, en tussen gewone en ekspressiewe morfologie in. Verskillende formele, funksionele en diachroniese taalkundige raamwerke het al as basis vir die beskrywing van evaluerende konstruksies gedien. Die verskillende benaderings en onderskeidings is hier bo geformuleer as vormlike, betekenis-, gebruiks- en ontwikkelingsaspekte van MEK's. Die fokus in hierdie studie is op die eerste drie aspekte, wat sinchronies is, terwyl die ontwikkelingsaspek nie uit die oog verloor word nie. Die kernrol wat gebruiksdata en die beskrywing daarvan in die res van die proefskrif gaan speel, is ook deurlopend van belang.

MEK's is volgens die beskikbare literatuur 'n algemene verskynsel in taal. Op basis van die literatuur wat bespreek is, kan 'n MEK vervolgens gedefinieer word as 'n vorm-betekenispaar wat:

- (i) morfologies kompleks is;
- (ii) evaluerend (d.i. ougmentatief, diminutief, melioratief of pejoratief) is; en
- (iii) waarvan die konstruksionalisering óf van subjektivering afhanklik is óf deur subjektivering gemotiveer kan word.

Daar is nie net een aspek wat 'n invloed op die beskrywing het nie en die beskrywing van MEK's kan nie gegee word sonder dat die gebruik daarvan oorweeg word nie. Die wyse waarop die vier aspekte van MEK geformuleer is, maak voorsiening vir die omvang van die verskynsel. Die definisie dien as basis vir die beskrywingsraamwerk, en word grafies in Figuur 2-7 voorgestel. In die middel van die figuur is betekenis en vorm, die kernaspekte van MEK's. Die komponente wat op die beskrywing van MEK's se betekenis inwerk, links bo in die figuur, word saamgevat onder *Evaluering* waaronder intensivering, ekspressiwiteit, metaforiek, metonimie, ikonisiteit en oordadigheid en oortolligheid tuis hoort. Die blok regs bo verwys na *Vestiging en konvensionalisering* wat 'n invloed op die gebruik van MEK's het. Om die sentrale rol van gebruik voor te stel, wys stippelpyle vanaf *betekenis* en *vorm* in die rigting van *gebruik* in die middel van die figuur. Volgende speel die skematisering van MEK's, i.e. hoe abstrak of algemeen hulle voorgestel kan word, 'n rol by die beskrywing van hulle vorm. Die oorblywende gedeeltes van Figuur 2-7 verwys na konstruksionalisering (met spesifieke verwysing na subjektivering) en die ontstaan en ontwikkeling van MEK's. Hierdie dele hou met die diachroniese ontwikkeling van MEK's verband en word ter volledigheid ingesluit.



Figuur 2-7: Grafiese opsomming van die beskrywingsraamwerk vir MEK's

Die wisselwerking tussen die aspekte in die definisie en in Figuur 2-7 is 'n gegewe: Nie een daarvan funksioneer in isolasie nie. Derhalwe sluit die uitbeelding van die beskrywingsraamwerk in Figuur 2-7 soveel pyle in om hierdie konstante wisselwerking te illustreer.

Die vorm, betekenis en gebruik van MEK's word in die datagedrewe beskrywings in hoofstuk 3-6 prakties toegepas. Dit moet beklemtoon word dat die fokus in die beskrywing van MEK's in die volgende vier hoofstukke deur die data gedryf word wat in Viva se korpusversamelings beskikbaar is. Die beskrywing van MEK's word aan die hand van bestaande beskrywings en die korpusdata gedoen, eerder as wat dit alleenlik op intuïsie en op teoretiese aspekte of verklarings gegrond word. Aspekte rakende die ontwikkeling van MEK's sal aandag geniet soos en waar dit tot opheldering sal lei.

Hoofstuk 3: Affiksoïede

3.1 Inleiding

'n Affiksoïed is 'n woorddeel wat geklassifiseer kan word as nóg 'n woord, nóg 'n affiks. Volgens Booij en Hüning (2014:78) het affiksoïede, wat op komponente van komposita lyk, spesialisbetekenisse wanneer hulle in sommige komplekse konstruksies as komponente gebruik word. 'n Voorbeeld van 'n woord wat as 'n affiksoïed in Afrikaans gebruik word, is *dood÷* in MEK's soos *dood÷normaal* en *dood÷rustig*. In albei hierdie konstruksies dra *dood÷* slegs by tot die konstruksies se algemene, grammatikale betekenis wat intensiverend van aard is. Teenoor hierdie gebruike staan *dood+* in komposita soos *dood+s·kis* en *dod+e·mars* waar *dood* met die letterlike betekenis daarvan gebruik word. Daar is al 'n gevestigde literatuur vir die bestudering van affiksoïede in onder andere Nederlands en Duits, wat ouer bronne soos Schmidt (1987), Motsch (1996) en Van den Toorn (1983) asook onlangse bronne soos Stratton (2020) en Hartmann (2019) insluit. Daar ontbreek egter nog beskrywende en eksperimentele werk oor Afrikaanse affiksoïede.

In hierdie hoofstuk sal 'n omvattende beskrywing van affiksoïede in Afrikaanse MEK's aangebied word. Daar word tussen prefiksoïede en suffiksoïede, asook taboes en nietaboes onderskei. In § 3.2 word Afrikaanse prefiksoïede bespreek: Eerstens in § 3.2.1 is diername wat as prefiksoïede gebruik word – hoofsaaklik *hond÷* – aan die beurt, terwyl taboeprefiksoïede in § 3.2.2 bespreek word. In § 3.3 kom suffiksoïede aan bod: In § 3.3.1 word adjektiverende taboesuffiksoïede beskryf, en in § 3.3.2 nominaliserende of adjektiverende suffiksoïede. Bestaande bronne oor affiksoïede in ander tale sal soos nodig in die bespreking geïnkorporeer word.

3.2 Prefiksoïede

3.2.1 MEK's met 'n prefiksoïed (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe *hond÷siek*

In hierdie afdeling word konstruksies soos *hond÷bang* en *hond÷koud* in (1) en (2) bespreek waarin *hond÷* tot die algehele betekenis van die konstruksie wat 'baie bang' en 'baie koud' beteken, bydra.

- (1) Droom verder Toon weereens die senior ANC kaders is **hondbang** om hul ondergeskiktes aan te tree.
- (2) Ek SMS huistoe: " Triesige weer, **hondkoud**, gatnat, sien uit na Dana se praatjie. "

(VivA-KPO/VivA-KPE)

3.2.1.1 Vorm

Die vorm van *hond÷siek*-MEK's kan skematies as die skema in (3) voorgestel word.

$$(3) \quad [[a\div]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}],$$

waar $[a]_N$ = diernaam onverwant aan SEM_{ADJ}

≈

$$(4) \quad [[a\div]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} soos 'n SEM_N],$$


waar $[a]_N$ = diernaam wat SEM_{ADJ} as kenmerkende eienskap het

Ander voorbeelde van hierdie tipe konstruksie is *hond÷warm*, *hond÷siek*, *hond÷lelik* en *hond÷zef* in (5)-(8) (sien § 3.2.1.2 vir voorbeelde met ander diernaam). Hierdie tipe konstruksie is soortgelyk aan, maar anders as vergelykingskonstruksies met diernaamintensiveerders in Afrikaans. Twee voorbeelde is *hond+* in *hond+mak* en in *hond+s.getrou* in (9) en (10). Die voorbeelde in (9) en (10) is anders as (5)-(8) in soverre 'n vergelykende betekenis tussen die komponente in (9) en (10) bestaan. Die voorbeelde in (5)-(8) is komplekse konstruksies wat uit 'n prefiksoïed en 'n adjektief bestaan soos in (3), terwyl (9) en (10) komposita is wat uit 'n diernaam en adjektief bestaan soos in (4). Die verhoudings tussen hierdie betekenisonderskeidings word grafies in Figuur 3-1 uitgebeeld, naamlik hoe vergelykende konstruksies en konstruksies met prefiksoïede met mekaar verband hou. Heel bo is *hond+s.getrou*, met 'n soliede pyl wat na *hond+mak* wys, aangesien ons van die vooronderstelling af kan uitgaan dat *hond+mak* 'n uitbreiding van *hond+s.getrou* is (die omgekeerde sou ook waar kon wees, maar vir doeleindes van die huidige bespreking is dit nie van kardinale belang nie). Tussen *hond+mak* en *hond÷lelik* word 'n stippelpyl gebruik om aan te dui dat die betekenis van *hond÷* evaluerend geraak het en nie meer letterlik met die adjektief verband hou nie. Die rede vir die gebruik van *hond÷lelik* in Figuur 3-1 is dat dit reeds in die e-WAT (2022) as 'n lemma aangeteken is. Dit is dus nou 'n prefiksoïed, soos deur die ÷-teken aangedui word. Daar is dan aan die regterkant van die figuur soliede pyle na *hond÷siek*, *hond÷warm* en *hond÷zef* om die uitbreiding van die evaluerende betekenis vanaf *hond÷lelik* aan te dui. Die donkerder omlýning van die vier prefiksoïedkonstruksies in Figuur 3-1 dui op die prominensie van die spesifieke konstruksies.

- (5) Sy t-hemp is agter sy pt-broek ingesteeek (vermoedelik omdat dit **hondwarm** is) – dit hang soos 'n stert bo sy plumbers-crack en hy is kaalvoet.
- (6) Hoeveel Transvalers deur Eucrazy van hul swakhede genees is, is onbekend ; dat baie **hondsiek** daarvan geword het, is seker..

- (7) Is totally geskok as jy dalk voor hom 'n wind los, maar sal dit aanvaar. Die probleem is, hy's vervelig of **hondlelik**.
- (8) Dis **hondzef** om moeg by die werk te wees, maar naweke is daar nie brieke nie..
- (9) Dis 'n bergskilpad en hul word **hondmak** en 'n blote plesier om te he.
- (10) in my lang bloedgange omhels ek jou versuipste donker engel in die swart wyn of asyn wat uit jou vyf vriende **hondsgetrou** drup en soms stol tot drolle rol ek in ontsettende vreugde in jou woordtorinkie

(VivA-KPO/VivA-KPE)



Figuur 3-1: Verwantskap tussen konstruksies met *hond+* en *hond-*

As 'n mens die struktuur van *hond-*-tipe MEK's oorweeg, is die eerste eienskap dat hulle uit twee komponente bestaan: 'n diernaam wat as 'n intensiveerder sonder 'n vergelykingsbasis optree, en 'n adjektief. 'n Tweede eienskap van hierdie tipe konstruksies blyk die afwesigheid van valensiomorfeme (oftewel interfikse) te wees. Studies waarin valensiomorfeemgebruik in hierdie soort MEK's in Nederlands en Duits aandag geniet, sluit Booij (2010), Booij en Hüning (2014) en Smedts (2007) in. Terwyl valensiomorfeme terloops in die eerste twee bronne bespreek word, is Smedts (2007) se fokus uitsluitlik op valensiomorfeme in Nederlandse "dikke woorde", oftewel intensiewe vorme. 'n Nederlandse spelreël, naamlik uitsonderingsreël-8F (Nederlandse Taalunie, 2005:63-64) of die sogenaamde *beresterkregel* (Smedts, 2007:253), maak uitdruklik voorsiening vir die gebruik van die *-e-*-valensiomorfeem in hierdie tipe MEK's. Die valensiomorfeem onderskei hierdie tipe MEK's struktureel van ander N+ADJ-adjektiefkomposita deur die *-e-*-valensiomorfeem 'n vereiste te maak. Hierdie reël is spesifiek van toepassing op die gevalle waar naamwoorde die eerste komponent is en die konstruksie 'n intensiewe betekenis het, soos in Ndl.

ap÷e·trots (“aap÷LK·trots” ‘baie trots’) en Ndl. *ber÷e·sterk* (“beer÷LK·sterk” ‘baie sterk’), waar die *·e*-valensiemorfeem volgens Booij (2010:56) ’n onweglaatbare onderdeel van hierdie tipe MEK’s in Nederlands is. Verder dien die gebruik van die *·e*-valensiemorfeem in byvoorbeeld Ndl. *reuz÷e·bekakt* (“reus÷LK·snobisties” ‘baie snobisties’) as ’n verwysing na *reus* wat oorspronklik as ’n onafhanklike naamwoord gebruik is (Booij & Hüning, 2014:88). Waar die komponente in ’n ‘soos’-verhouding teenoor mekaar staan, soos in Ndl. *rav+en·zwart* (“raaf+LK·swart” ‘so swart soos ’n raaf’), moet die Nederlandse *·en*-valensiemorfeem gebruik word. Ingevolge hoofreël 8.1 (Nederlandse Taalunie, 2005:59) is dit verpligtend om die *·en*-valensiemorfeem te gebruik wanneer die eerste komponent ’n selfstandige naamwoord is waarvan die meervoudsvorm met *·en* eindig. Die verpligtheid van die *·s*-valensiemorfeem in Nederlandse konstruksies soos Ndl. *hond÷s·min* (“hond÷LK·min” ‘baie min’) en Ndl. *hond÷s·honger* (“hond÷LK·honger” ‘baie honger’) is nog nie ondersoek nie.

’n Soortgelyke spelreël kon nie vir Duits gevind word nie. Die Dudenwoordeboek meld *hund÷e* as ’n Duitse prefiks, maar nie *hund÷s* nie. Dit blyk egter duidelik uit voorbeelde wat deur onder andere Balci (2007), Leuschner en Decroos (2007) en Meibauer (2013) genoem word, dat sowel *hund÷e* as *hund÷s* in Duitse prefiksoidkonstruksies gebruik word. Die voorbeeldkonstruksies uit hierdie bronne word in (11) gelys.

(11) *hund÷e·mager* (“hond÷LK·maer” ‘baie maer’)

hund÷s·miserabel (“hond÷LK·ellendig” ‘baie ellendig’)

hund÷e·slecht (“hond÷LK·sleg” ‘baie sleg’)

(Balci, 2007)

hund÷e·elend (“hond÷LK·ellendig” ‘baie ellendig’)

hund÷e·müde (“hond÷LK·moeg” ‘baie moeg’)

hund÷e·übel (“hond÷LK·siek” ‘baie siek’)

(Leuschner & Decroos, 2007)

hund÷s·gemein (“hond÷LK·gemeen” ‘baie gemeen’)

(Meibauer, 2013)

’n Voorbeeld van hoe die gebrek aan ’n valensiemorfeem hierdie MEK in Afrikaans kan kenmerk, is die verskil tussen *hund÷kak* en *hund+e·kak*. Die verskil tussen hierdie konstruksies is dat eersgenoemde ’n N+ADJ-kompositum en laasgenoemde ’n N+N-kompositum is. Die vorm sonder die valensiemorfeem dui op *hund÷* wat as ’n intensieverder gebruik word, terwyl die vorm met die valensiemorfeem ’n N+N-kompositum is waarin ’n genitiewe verhouding tussen die komponente geld. ’n Mens sou *honde+e·kak* kon parafraseer as “’n hond se kak’.

’n Algemene voorbeeld waarin ’n naamwoord en ’n adjektief met die *-s-*-valensiemorfeem verbind, is *hond+s.getrou* in Afrikaans.⁹ Die gebruik in Afrikaans blyk egter te wees om valensiemorfeme weg te laat om (a) intensiewe betekenis of (b) adjektiewe as tweede komponent aan te dui. Dit blyk meer spesifiek uit Tabel 3-1 dat MEK’s soos *hond÷s.taai* en *hond÷s.bang* uitsonderlik is en selde voorkom.

3.2.1.2 Betekenis

Die prefiksoïed *hond÷* in ’n konstruksie soos *hond÷siek* dra tot ’n intensiverende betekenis by. Aangesien die betekenis nie aan die leksikale betekenis van die lekseem *hond* verwant is nie, is dit slegs moontlik om hierdie tipe konstruksies as ‘baie X’ te parafraseer, byvoorbeeld ‘baie siek’. In ’n konstruksie soos *hond+mak* is die letterlike betekenis van *hond* nog teenwoordig (‘so mak soos ’n hond’), maar in *hond÷siek* is dit duidelik dat *hond÷* gegrammatikaliseer is en slegs die betekenis van ‘baie’ het. In hierdie verband beklee *hond÷* in Afrikaans ’n spesiale posisie, aangesien:

- ander MEK’s waar die eerste stam ’n diernaam is óf as ’n vergelyking geparafraseer moet word, óf slegs op een of twee adjektiewe van toepassing is (byvoorbeeld *perd÷*); en
- *hond÷* nie ’n taboewoord (byvoorbeeld *pis÷*) of adverbium (byvoorbeeld *bitter*) is nie, maar gereeld saam met verskillende adjektiewe optree.

Met die uitsondering van *perd÷* in *perd÷fris* en *perd÷gerus*, kom ander diernaam in Afrikaans meestal as eerste komponent in kombinasies met een (kenmerkende) adjektief voor, soos in *slak+stadig* en *muis+stil* in (12) en (13) geïllustreer word. In Afrikaans is *perd÷* byna vergelykbaar met *hond÷* aangesien die twee MEK’s met *perd÷* ’n intensiverende betekenis het: In *perd÷fris* en *perd÷gerus* se geval kan die onderskeie konstruksies slegs as ‘baie fris’ en ‘baie gerus’ geparafraseer word. Die rede waarom *hond÷* en *perd÷* van taboes en adverbia onderskei word soos in die tweede kolpunt hier bo aangedui, is omdat albei prefiksoïede (a) nie inherent emotief soos taboewoorde is nie; en (b) nie soos *bitter* of *baie* as ’n adverbium gebruik word nie. Tans lyk dit of die gebruik van *hond÷* en *perd÷* in Afrikaans as intensiverende prefiksoïede arbitrêr is, net soos die gebruik van *sau÷* in Duits en *ap÷e* en *ber÷e* in Nederlands arbitrêr is. Dit is nie duidelik waarom ’n mens nie byvoorbeeld *katgroot* of *kattlelik*, of *beesfris* of *beesgerus* in korpusdata aantref nie.

⁹ Dit is opmerklik dat ’n algemeen aanvaarde MEK met *hond+*, naamlik *hond+s.getrou*, slegs een trefslag in Viva-KPO het.

(12) Dit het die kar swaar en stadig gemaak; inderdaad só **slakstadig**, dat die Ferrari nie sy bande genoeg kon opwarm om greep deur die draaie te kry, om vinniger te ry, om meer bandhitte en daarom meer greep te genereer nie.

(13) Robbie maak hom so klein as moontlik en sit **muisstil**.

(VivA-KPO)

’n Periferale dog interessante geval waarin ’n diernaamintensiveerder anders as *hond* en *perd* ontwikkel het, is *stapel* soos in *stapel*-gek (‘heeltemal of baie gek’). Volgens Van der Sijs (2001:540) is *stapel* ’n Middelnederlandse woord vir *kriek*, en die eerste opgetekende gebruik daarvan met die intensiverende betekenis is in 1640 in Nederlands. Hierdie konstruksie is in Afrikaans oorgeërf sonder dat die betekenis eers ‘so gek soos ’n kriek’ was. Esterhuizen (1974:16) wys ook op *stapel* as ’n ou woord vir *kriek* en dat *stawelgek* as ’n geassimileerde vorm in Afrikaans bekend is. Die enigste voorkoms van *stawelgek* in VivA-KPO is in (14) waar *stawelgek* naas *stapel*-gek in ’n vraag aangebied word vir die leser om die regte antwoord te kies.

(14) hulle sê hy's nou { **stawelgek** / stapelgek }. toe sê ek vir hom in sy gesig { lat / dat } hy gek is.

(VivA-KPO)

Ander Nederlandse konstruksies waarin *stapel* intensiverend optree, sluit *stapel*-dol, *stapel*-mooi en *stapel*-zat in. In VivA-KPO tree *stapel* intensiverend op in enkele ander konstruksies soos *stapel*-dik, *stapel*-hoog en *stapel*-mal, waarvan laasgenoemde die enigste konstruksie is wat nog konseptueel met *stapel*-gek verbind kan word. In die enkele konstruksies wat nog gebruik word, is *stapel* se betekenis egter totaal verbleik, soos *dood* wat in § 4.2.2 bespreek word. ’n Soektog vir MEK’s met *kriek*, as die moderne woord vir *stapel*, as eerste komponent in VivA se korpusversamelings, het die hapax legomena *kriek*-alleen in (15) opgelewer. Dit wil egter blyk asof hierdie konstruksie ’n geleentheidskepping is en dat dit onwaarskynlik is dat *kriek* as ’n prefiksoïed sal ontwikkel.

(15) Julle moet net gaan kyk hoe ek, **kriekalleen**, al die skuilbosse daar voor die grot platgetrap het.

(VivA-KPO)

’n Ander geval waar ’n diernaam as intensiveerder ontwikkel het, vóór dit ’n vergelykende interpretasie gekry het, is Nederlandse *ber*-e, byvoorbeeld in *ber*-e-goed (“beer·LK-goed” ‘baie goed’). Volgens Van der Sijs (2001:538) is die intensiverende betekenis van *ber*-e vóór die vergelykende betekenis opgeteken; *ber*-e-goed reeds in 1961 en *ber*-e-sterk eers in 1971.

Hierdie observasie is baie belangrik, aangesien dit oor die algemeen aanvaar word dat letterlike vergelykings mettertyd grammatikaliseer om figuurlike of intensiverende betekenis in intensiewe vorme te kry. Sy meen dat leksikograwe moontlik na 'n verklaring van *ber÷e* gesoek het en daarom *ber÷e-sterk* 'so sterk soos 'n beer' in 'n later weergawe van die Van Dale ingesluit het om *ber÷e-goed* te help verklaar. Daar is beslis 'n moontlikheid om hierdie verskynsel in Afrikaans, met genoegsame diachroniese korpusdata, in toekomstige studies na te speur.

3.2.1.3 Gebruik

Die voorkoms van *hond÷* en *perd÷* in VivA-KPO en VivA-KPE word in Tabel 3-1 opgesom en word volgens korpusversameling verdeel. Die *hond÷*-konstruksie met die laagste N, met ander woorde met die hoogste rou frekwensie in vergelyking met *die*, is *hond÷kak* (N=15) in VivA-KPE. Die konstruksies met die laagste N in VivA-KPO is *hond÷siek*, *hond÷sleg* en *hond÷moeg* (N=20) saam met 10 van die elf *hond÷*-MEK's in VivA-KPE. Die hapax legomena (hierna hapaxe) in VivA-KPO, waarvan daar 18 is, se N-waarde is 24, wat op 'n baie lae voorkoms van hierdie konstruksies in die betrokke korpusversameling dui. Geen afleidings kan oor hierdie MEK's in Afrikaans gemaak word sonder bykomende en gestratifiseerde data nie, maar daar is 'n identifiseerbare neiging wat daarop dui dat *hond÷* besig is om te grammatikaliseer, aangesien die hoë voorkoms van hapaxe tekenend is van 'n morfeem se produktiwiteit. In VivA-KPO is *hond÷* se $P=0.06$, en in VivA-KPE is *hond÷* se $P=0.1$, terwyl daar geen hapaxe met *perd÷* is nie en *perd÷* daarom hoegenaamd nie produktief is nie.

In VivA-KPO is *perd÷fris* se $N=17$ en *perd÷gerus* se $N=22$; in VivA-KPE is *perd÷fris* se $N=17$, terwyl *perd÷gerus* nie in die versameling voorkom nie. Dit wil blyk asof *perd÷gerus* se gebruik beperk is en *perd÷fris* die prototipiese konstruksie vir *perd÷* is. Daar is nie hapaxe met *perd÷* soos in die geval van *hond÷* nie, wat daarop dui dat *perd÷* glad nie gegrammatikaliseer is nie.

Tabel 3-1: Woordfrekwensieklass (N) van *hond÷*- en *perd÷*-MEK's

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>hond÷</i>						
<i>die</i> = 14058066				<i>die</i> = 1080247		
hondmoeg	20	13		hondkak	15	27
hondsiek	19	19		hondsiek	18	5
hondsleg	19	19		hondmak	18	4
hondkak	21	9		hondsleg	18	4
hondlelik	22	4		hondlelik	18	3

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
hondzef	22	4		hondpoes	19	2
hondstaai	23	2		hondtos	19	2
hondbly	24	1		hondbang	20	1
hondejaloers	24	1		hond-ou	20	1
hondgoor	24	1		hondskelm	20	1
hond-hard	24	1		hondswak	20	1
hondjammer	24	1		hondwarm	20	1
hondkoud	24	1				
hondlaag	24	1				
hondmaklik	24	1				
hondmoeilik	24	1				
hondnat	24	1				
hondsarm	24	1				
hondsbang	24	1				
hondsellendig	24	1				
hondshonger	24	1				
hondslui	24	1				
hondvervelig	24	1				
hondwarm	24	1				
<i>perd÷</i>						
perdfris	17	141		perdfris	17	10
perdgerus	22	4				

Desnieteenstaande die verskil in die korpusgroottes is dit opmerklik dat 27 unieke *hond÷*-konstruksies in VivA-KPO en 12 in VivA-KPE voorkom. In VivA-KPE verbind *hond÷* met taboewoorde met negatiewe betekenismomente, soos *kak*, *poes* en *tos*. Die meerderheid van die hapaxe in VivA-KPO (15 van die 17) is ook adjektiewe met negatiewe betekenisladings, byvoorbeeld *goor*, *honger*, *lui* en *vervelig*. 'n Tweede waarneming is dat die betekenis van *hond÷* in hierdie adjektiefverbindings slegs tot die betekenisonderskeid van 'baie' bydra, en nie enigszins 'n vergelykende verhouding aandui nie.

'n Semantiese kategorisering van die adjektiewe waarmee *hond÷* in Afrikaans kombineer, kan meer insig rondom hierdie konstruksies se gebruik en ontwikkeling in Afrikaans bied. 'n Stel semantiese kategorieë waarin adjektiewe verdeel kan word, is dié van Hundsnurscher en Splett

(1982). Hulle onderskei 16 hoofkategorieë wat verder onderverdeel kan word, soos uiteengesit vir doeleindes van GermaNet (Eberhard Karls Universität Tübingen, 2020). Kyk Tabel 3-2 vir 'n opsomming van die tale en adjektiewe waarmee ten minste een diernaam-intensiveerder met 'n spesifieke adjektief verbind. In die eerste kolom verskyn die Afrikaanse vertaling van die adjektief waarmee die prefiksoïed verbind, terwyl die tipe adjektief as een van Hundsnurscher en Splett (1982) se 16 moontlikhede in die tweede kolom aangedui word. In kolom 1 tot 7 word aangedui of die betrokke konstruksie in onderskeidelik Duits, Nederlands, Afrikaans, Grieks of Engels voorkom. Die simbole wat in die tabel gebruik is, is die volgende:

- “+” dui aan dat *hond-* as prefiksoïed gebruik word;
- “Δ” dui aan dat *sog-* as prefiksoïed gebruik word;
- “◇” dui aan dat *perd-* as prefiksoïed gebruik word;
- “□” dui aan dat *aap-* as prefiksoïed gebruik word; en
- “o” dui aan dat *beer-* as prefiksoïed gebruik word.

Tabel 3-2: Opsomming van die adjektiewe waarmee diernaamprefiksoïede verbind

<i>Vertaalde Afrikaanse adjektief</i>	<i>Adjektief se semantiese kategorie</i>	<i>D.</i>	<i>Ndl.</i>	<i>Afr.</i>	<i>Gr.</i>	<i>Eng.</i>
goed	ALGEMEEN: EVALUERING		o			
sleg	ALGEMEEN: EVALUERING	Δ +	o	+		
zef	ALGEMEEN: EVALUERING			+		
pragtig	ALGEMEEN: VERGELYKING	Δ				
mak	GEDRAG: DIERSPESIFIEK			+		
lui	GEDRAG: GEDRAG/KARAKTER		+			
stout	GEDRAG: GEDRAG/KARAKTER	Δ				
brutaal	GEDRAG: NEIGING		+			
gemeen	GEDRAG: NEIGING	+				
snaaks	GEDRAG: NEIGING	Δ				
dom	GEESTELIKE ASPEK: INTELLIGENSIE/AANDAG	Δ				
onnosel	GEESTELIKE ASPEK: INTELLIGENSIE/AANDAG	Δ				
beroerd	GEMOED: GEVOEL		+			
bly	GEMOED: GEVOEL		+			
ellendig	GEMOED: GEVOEL	+	+			

<i>Vertaalde Afrikaanse adjektief</i>	<i>Adjektief se semantiese kategorie</i>	<i>D.</i>	<i>Ndl.</i>	<i>Afr.</i>	<i>Gr.</i>	<i>Eng.</i>
kak	GEMOED: GEVOEL			+		
bang	GEMOED: STIMULANT		+			
dronk	GEMOED: STIMULANT		□			
gerook	GEMOED: STIMULANT		□ ○			
gerus	GEMOED: STIMULANT			◇		
jags	GEMOED: STIMULANT	△	□			
kwaad	GEMOED: STIMULANT				+	
trots	GEMOED: STIMULANT		□			
verveeld	GEMOED: STIMULANT				+	
vervelig	GEMOED: STIMULANT			+		
duur	KWANTITEIT: KOSTE	△		+		
moeg	LIGGAAMLIK: BEGEERTE/GEVOEL	△ +	+	+		+
mislik/siek	LIGGAAMLIK: AANDOENING	+				
siek	LIGGAAMLIK: AANDOENING		+	+		+
sterk	LIGGAAMLIK: GESTEL	△	○			
fris	LIGGAAMLIK: VOORKOMS			◇		
lelik	LIGGAAMLIK: VOORKOMS			+		
maer	LIGGAAMLIK: VOORKOMS	+				
taai	MATERIEEL: SAMESTELLING			+		
koel	MATERIEEL: TEMPERATUUR			+		
koud	MATERIEEL: TEMPERATUUR	△ +		+		
warm	MATERIEEL: TEMPERATUUR			+		
snoesig	MATERIEEL: TOESTAND	△	○			
vars	PERSEPTUEEL: SMAAK	△				
arm	SOSIAAL: SOSIALE VLAK		+			
ryk	SOSIAAL: SOSIALE VLAK	△				
ou	TYDVERWANT: OUDERDOM			+		
moeilik	VERHOUDING: MOEILIKHEIDSGRAAD		+			

Uit Tabel 3-2 blyk GEMOEDSTEMMING, GEDRAG en GEESTELIKE ASPEK die algemeenste semantiese kategorieë te wees van die adjektiewe wat met diernaamprefiksoëde verbind. Dit is opvallend dat *moeg* in al die Germaanse tale in die tabel met *hond-* verbind om 'n intensiewe betekenis aan

te dui. In Nederlands en Duits word ander diername as *hond-* ook gebruik. In Duits is dit hoofsaaklik *sau-* en in Nederlands is dit *ap-e-* en *ber-e-*. Die aanvanklike skema vir hierdie tipe MEK's in Afrikaans kan dus verfyn word na die skema in (16).

(16) $[[a-]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a]_N = hond-/perd-$,

waar $[b]_{ADJ} =$ hoofsaaklik adjektiewe wat na GEDRAG, GEMOEDSTEMMING of GEESTELIKE ASPEKTE verwys


Hundsnurscher en Splett (1982) se kategorieë sou in toekomstige diachroniese studies oor diernaamintensiveerders gebruik kon word.

3.2.1.4 Opmerking

In Engels word die eerste gebruik van *dog-tired* ("hond+moeg" 'baie moeg') waarin *dog* dieselfde intensiverende betekenis as *hond-* in Afrikaans het, deur die aanlyn Merriam-Webster (n.d.) as 1770 aangedui. Ander intensiewe vorme in Engels met *dog-* is nie in dié woordeboek gelys nie. Om te sien of *dog* in Engels soos *hond-* in Afrikaans gebruik word, is 'n korpussoektog deur middel van *Google Ngram Viewer*¹⁰ uitgevoer. Die adjektiewe wat gekies is en in Figuur 3-2 grafies voorgestel word, is *tired*, *ugly* en *sick*. Hierdie drie vertaalekwivalente is gekies aangesien hulle van die frekwentste Afrikaanse kombinasies met *hond-* is, soos gesien kan word in Tabel 3-1. Van die drie konstruksies is *dog-tired* die sterkste gevestig, terwyl *dog-sick* en *dog-ugly* sporadies voorkom maar, anders as *dog-tired*, nie in Merriam-Webster (n.d.) opgeteken is nie.¹¹ Engels is volgens Hendrikx *et al.* (2017:402) meer tot sintaktiese intensiveerders (oftewel *analytical modification*) geneig en beskik oor 'n vergelyking wat dieselfde betekenis as *hond-siek*-tipe MEK's het: *as sick as a dog*.

¹⁰ https://bit.ly/dog_intensification.

¹¹ Die proses om intensiewe vorme in Engels te ondersoek, verskil van die proses in Afrikaans, aangesien komposita in Engels gereeld as twee woorde geskryf word. 'n Soektog na "dog tired" kan tot 'n trefslag lei, maar dan wel miskien in 'n sin soos "Is your dog tired or lazy?".



Figuur 3-2: Die gebruik van *dog*÷ ‘hond÷’ in Engels (Michel et al., 2011)

Volgens Efthymiou (2017) word *scilo*÷ (‘hond÷’) ook in Grieks gebruik om te intensiveer. Enkele voorbeelde waarna sy verwys, is Gr. *scilo*÷*varjéme* (“hond÷vervelig” ‘baie vervelig’), Gr. *scilo*÷*pináo* (“hond÷kwaad” ‘baie kwaad’) en Gr. *scilo*÷*vrízo* (“hond÷aanstoot.gee” ‘ernstig aanstoot gee’). Benewens Efthymiou kon geen verdere bronne waarin hierdie tipe konstruksies in Grieks in meer detail bespreek word, opgespoor word nie. Ander gevalle waar *hond*÷ met ’n werkwoord verbind, soos in die Griekse *scilo*÷*vrízo*, kon nie in enige ander taal gevind word nie.

Die moontlikheid bestaan dat Afrikaans *hond*÷-MEK’s uit 16e- en 17e-eeuse Duits geërf het. Oebel (2011) meen dat Duitse komplekse waarin *hund*÷ dieselfde betekenis het as wat *hond*÷ tans in Afrikaans het, tussen die 16e en 17e eeu in Duits gevorm en gebruik is. Voorbeelde van (versteende) *hund*÷-MEK’s in Duits wat hy noem, is D. *hund*÷*e*·*schlecht* (“hond÷sleg” ‘baie sleg’) en D. *hund*÷*s*·*miserabel* (“hond÷ellendig” ‘uiters ellendig’). In moderne Duits blyk dit asof *sau*÷ ‘sog÷’ hierdie intensiverende funksie oorgeneem het. Voorts is dit opmerklik dat die Dudenwoordeboek *hund*÷*e*·, met die valensiemorfeem, as ’n Duitse prefiks identifiseer. In *sau*÷ se geval word dit as ’n prefiks aangedui,¹² maar ook as ’n voorbeeld van ’n prefiksoïed.¹³

3.2.2 MEK’s met ’n taboeprefiksoïed (K1) en ’n adjektief (K2): Die tipe *kak*÷*snaaks*

MEK’s waarin taboes as eerste komponent en ’n adjektief as tweede komponent voorkom, byvoorbeeld *fok*÷*dom* in (17) en *kont*÷*lank* in (18), word in hierdie afdeling bespreek. Hierdie konstruksies, wat onderskeidelik as ‘baie dom’ en ‘baie lank’ geparafraseer kan word, stem in vorm en betekenis met gewone intensiewe vorme soos *ys*+*koud* (‘baie koud’) in (19) ooreen.

¹² https://bit.ly/sau_duden.

¹³ https://bit.ly/präfixoid_duden.

- (17) Thx Wat van ' Vendetta '? met kaptein Mike Torello, badass Ray Luka en **fokdom** Paulie. Ek, my pa en my broer het dit elke Vrydagaand slaafs gekyk en dit was ons bonding time.
- (18) Golden circle se ry was **kontlank** gewees om in te kom maar was die moeite werd.
- (19) Ek word **yskoud** en my hart klop wild in my binneste soos ek hierdie artikel lees.

(VivA-KPE)

Taboes is 'n onderwerp wat gereeld in taalkundestudies oor intensivering aandag geniet. Napoli en Hoeksema (2008:351) verwys na taboes as “syntactic silly putty” om hulle veelsydigheid te beskryf. Studies waarin taboes as sintaktiese intensiveerders of morfologiese komponente beskryf of ondersoek word, sluit Nübling en Vogel (2004), Kehayov (2009) en Ruetten (2018) in. Daar bestaan egter steeds 'n leemte met betrekking tot die beskrywing van taboes as intensiverende prefiksoïede. Die bespreking wat volg het ten doel om die leemte met betrekking tot die morfologiese bestudering van taboes as intensiverende prefiksoïede in Afrikaans te vul.

3.2.2.1 Vorm

Die vorm van *kak÷snaaks*-MEK's kan skematies soos die skema in (20) voorgestel word. MEK's met taboes as intensiverende komponent is nou verwant aan intensiverende konstruksies waar die eerste komponent nie 'n taboe is nie, soos die skemas in (21) en (22).

$$(20) \quad [[a\div]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}],$$

waar $[a]_N$ = taboewoord onverwant aan SEM_{ADJ}

≈

$$(21) \quad [[a\div]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}],$$

waar $[a]_N$ = *hond÷*

waar $[b]_{ADJ}$ = hoofsaaklik adjektiewe wat na gedrag, gemoedstemming of geestelike aspekte verwys

≈

$$(22) \quad [[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} soos SEM_N],$$


waar $[a]_N$ = diernaam wat SEM_{ADJ} as kenmerkende eienskap het

Bykomende voorbeelde van waar die taboes as prefiksoïede optree, is *doos÷dronk*, *kak÷besig*, en *poes÷duur* in (23)-(25). As 'n mens die struktuur van MEK's soos *doos÷dronk* verder oorweeg, bestaan hulle uit twee komponente: 'n taboewoord wat as 'n intensiveerder sonder 'n vergelykingsbasis optree, en 'n adjektief. Taboes kan as adjektiewe of adverbiala, soos *kak* in (26)

en (27), los van die adjektief geskryf word, of as prefiksoïede, soos die voorbeeld in (24), vas aan die adjektief geskryf word. In (26) word *kak* drie keer as 'n adjektief saam met 'n naamwoord gebruik, een keer in *kak sponsors* en twee keer in *kak sepie*, om na befonders en 'n sepie te verwys wat volgens die skrywer nie goed is nie. Taboes word ook as naamwoorde in Afrikaans gebruik, soos *kak* in (28), en verwys gewoonlik na iets onbenulligs of iets wat die spreker afkeur. Daarteenoor word *poes* in *poes-klap* in (29) vas aan die naamwoord geskryf om na 'n harde klap te verwys, nie na 'n klap wat sleg of afkeurenswaardig is nie. 'n Voorbeeld van 'n N+N-kompositum waarin taboes die eerste stam is, is *kak+papier* in (30). Vervolgens word daar slegs op konstruksies soos *kak-besig* gefokus, waar taboes as prefiksoïede gebruik word, nie op konstruksies soos *kak sepie*, *kak baie* en *kak+water* waar taboes as adjektiewe, adverbialia of as komponente van samestellings gebruik word nie.

- (23) As ek moet kies tussen **doosdrunk** word en soos 'n doos oor spelling aangaan, dan wen **doosdrunk** word elke keer hands down.
- (24) Tit-bits: Haar ouers was **kakbesig** onder die lakens – sy is die jongste van agt kinders.
- (25) Jou troue was heel moontlik **poesduur** en (in jou oë) fokken glamorous en "die partytjie van die jaar" gewees.
- (26) Egoli is nie South African Heritage waaroor ons almal moet huilerig raak nie, dis 'n **kak sepie** wat opgeindig het as 'n **kak sepie** wat net gefloat het omdat hulle sell-outs geraak het vir al die local **kak sponsors**.
- (27) Ons is bly jy het **kak baie** geld uit ons uit gemaak.
- (28) Nadat my hele lunch totally opgefok was en ek 'n ekstra 40 minute op **kak** spandeer het, het ek eventually by die werk uitgekom net sodat die krag uitfok en nog so paar PC's en servers ombliksem.
- (29) Enige iemand wat Rottweilwers en Husky's toelaat om te teel moet in my mening nader staan vir een standaard **poesklap**.
- (30) "Ek is allergies vir neute of andersins dalk vir single-ply **kakpapier**."

(VivA-KPE)



Figuur 3-3: Verwantskap tussen konstruksies met *kak+* en *kak-*

In Figuur 3-3 word die drie basiese betekenisse van *kak*, naamlik UITSKEIDING, ONAANGENAAM en BAIE bo aangedui. 'n Uitbreiding van *kak* as UITSKEIDING is *kak+papier*, wat deur middel van stippelpyle met *kak+sleg* as 'n uitbreiding verbind word. Die stippelpyl tussen *kak-snaaks* en *kak-baie* dui op laasgenoemde wat 'n verlenging van eersgenoemde is: Die betekenis van *kak-* het begin grammatikaliseer en uitbrei na adjektiewe wat nie met die lekseem verband hou nie. Die soliede pyl tussen *kak-baie* en *kak baie* dui op die verlengingsverhouding waar *kak* as 'n intensiverende adverbium begin gebruik is, wat gelei het tot BAIE wat 'n betekenisonderskeid vir *kak-* begin word het. Laastens dui die donkerder omlyning die prefiksoïedkonstruksies aan wat algemeen voorkom.

3.2.2.2 Betekenis

Die betekenis van taboewoorde wanneer hulle deel van intensiewe vorme is, word beïnvloed deur die grammatikale intensiveringsfunksie waartoe hulle bydra. Die betekenis van die taboes in konstruksies soos *kak-snaaks* is nie verwant aan die leksikale betekenis van die onafhanklike lekseme nie, maar daar is wel 'n skakeling met hulle negatiewe betekeniswaarde. Hierdie tipe konstruksies kan geparfraseer word as 'baie X' waar X die adjektief is, maar dit gaan met die nadruk van die eerste komponent se negatiewe betekeniswaarde gepaard. As gevolg van die taboewoord wat as intensiverende komponent gebruik word, is die konstruksie *kak-warm*

ongetwyfeld meer gelaai as ander konstruksies wat 'baie warm' beteken, soos *vuur+warm* of *hond÷warm*. Taboeprefiksoïede soos *kak÷* beklee dus 'n spesiale posisie in Afrikaans, aangesien:

- taboes se konnotatiewe waarde of emotiewe betekenismomente hulle uiters geskik maak om evaluering aan te dui;
- taboes as adjektiewe, werkwoorde, tussenwerpsels, adverbial, naamwoorde én prefiksoïede optree en in alle gevalle tot evaluerende betekenis bydra.

Die eienskap van taboeprefiksoïede, soos *pis÷* en *kak÷*, om 'n intensiverende betekenis bykomend tot hulle taboewaarde te hê, is belangrik. In hierdie verband is Combrink (1990:90) se onderskeid tussen 'n "emosionele betekenismoment" en 'n "gevoelswaarde" belangrik. Die vernaamste verskil tussen 'n woord/woorddeel met 'n emosionele betekenismoment en een met 'n bepaalde gevoelswaarde, is dat daar by 'n emosionele betekenismoment sprake van 'n gevestigde emotiewe aspek van die woord se betekenis is. 'n Woord met 'n spesifieke gevoelswaarde verteenwoordig volgens Combrink 'n "uniek-persoonlike emosiebelaaide assosiasie" tussen 'n individu en die spesifieke woord. Combrink noem vloekwoorde as 'n voorbeeld van woorde met emotiewe betekenismomente en beledigings as konstruksies met gevoelswaarde. Hy bespreek nie hierdie konsepte in meer detail nie en daar is sedertdien ook nie iets daarvoor in of vir Afrikaans gepubliseer nie.

Die onderskeid wat Combrink tref, is egter nie so eenvoudig nie. Emosionele betekenismomente en gevoelswaarde is nie noodwendig onverwant nie, soos taboeprefiksoïede in Afrikaans bewys. Neem byvoorbeeld die konstruksies in (31)-(36) waarin *snaaks* met verskillende taboes geïntensiveer word. As gevolg van die gebruik van taboes is daar 'n emosionele betekenismoment in elkeen van die konstruksies. In hierdie verband kan daar ook van denotatiewe teenoor konnotatiewe betekenisonderskeidings (Bosman & Pienaar, 2017:307-308) melding gemaak word: Daar is nie 'n manier om denotatief (met betrekking tot die vasstelbare werklikheid) tussen die konstruksies in (31)-(36) te onderskei nie, aangesien elkeen se denotatiewe betekenis 'baie snaaks' is. Die konnotatiewe of assosiatiewe waardes van die konstruksies verskil moontlik. Of die vorm met *poes÷* 'n bykomende (negatiewe) gevoelswaarde het as die vorme met *hel÷* of *moer÷*, is 'n ope vraag en sal van gebruiker tot gebruiker verskil. Dit is dus moontlik dat emosionele betekenismomente deur 'n taboeprefiksoïed se gevoelswaarde beïnvloed kan word. Dit val buite die fokus van hierdie afdeling om die gevoelswaarde van spesifieke taboes in meer detail te bepaal, aangesien dit 'n omvattende sosiolinguistiese en/of psigolinguistiese studie behoort te wees.

(31) Nie lekker as jy jar is nie maar **foksnaaks** as jy senior is later.

- (32) Julee dink miskien dit is **helsnaaks** as 'n Aprilgek-grap maar as daai grap se hoenders huistoe kom lag almal van ons lankal nie meer daaroor nie.
- (33) Vir my is dit **kaksnaaks** hoe ons land se serial racists elke keer kop uitsteek as die woord transformasie uit die mond van ons Minister van Sport kom.
- (34) Hierdie girl is goed, en **moersnaaks** op Twitter.
- (35) Ek's mal oor die trolls en dan te kyk hoe allie mielieboere hulle self benat. Dis **pissnaaks**.
- (36) Die 21 sekondes wat ek kon sien van die tweede clip was **poessnaaks**.

(VivA-KPE)

In studies waar die intensiverende funksie van taboes ondersoek word, is dit algemeen om die taboes in kategorieë te verdeel. Een van die tabelle wat Leuschner (2010) vir Duitse, Nederlandse en Sweedse prefiksoïede maak, sluit spesifiek taboeprefiksoïede as 'n aparte kategorie in. Nübling en Vogel (2004) het in hulle studie vier kategorieë taboes in Nederlands, Duits en Sweeds onderskei en ondersoek, naamlik SKATOLOGIE, RELIGIE, SEKS en SIEKTES. Die gebruik van hierdie kategorieë in die onderskeie tale word in Nübling en Vogel (2004:20) deur middel van plustekens aangedui: 'n Maksimum van drie plustekens dui op die hoë voorkoms van 'n kategorie in 'n spesifieke taal. Uit hulle opsommende tabel blyk SEKS die algemeenste kategorie vir Nederlandse taboes, SKATOLOGIE vir Duitse taboes en RELIGIE vir Sweedse taboes te wees. Dit is slegs in Nederlands waar SIEKTES as 'n taboekategorie voorkom. 'n Omvattender studie waarin aandag aan taboes in verskillende tale geskenk word, is Ljung (2011). Ljung (2011:35) identifiseer dieselfde taboekategorieë (hy verwys na temas) as Nübling en Vogel (2004), maar voeg 'n vyfde kategorie by, naamlik MA (FAMILIE). Volgens Ljung (2011:39) word seksuele taboes nie in die meeste Germaanse tale (hy noem spesifiek Duits en Sweeds) gebruik om te intensiveer nie, maar eerder religieuse of skatologiese taboes. Afrikaans word nie in Leuschner (2010), Nübling en Vogel (2004) of Ljung (2011) of enige ander taaltaboestudies ingesluit nie. Studies oor taboegebruik in Afrikaans is taalspesifiek en hoofsaaklik beperk tot ouer bronne soos Calitz (1979), Dekker (1991), Feinauer (1981) en tot 'n mindere mate Van der Merwe (1996) en Van Huyssteen (2021).

Nübling en Vogel (2004) se vier kategorieë, asook Ljung (2011) se familiekategorie, word in Tabel 3-3 gebruik om taboeprefiksoïede te kategoriseer. In die eerste kolom van Tabel 3-3 word die vertaalde Afrikaanse taboeprefiksoïed gelys, aangevul met die taboeprefiksoïede wat met behulp van die korpusdata in VivA se korpusversamelings geïdentifiseer is. In die tweede kolom is die taboekategorie en in die derde kolom die taal (hetsy Afrikaans, Engels, Fries, Nederlands of Duits) waarin die taboe as 'n intensiverende prefiksoïed optree. Die taboekategorieë wat algemeen in Afrikaans, Nederlands, Duits en Engels voorkom, is SEKS en SKATOLOGIE.

Soos deur die literatuur bevestig word, word siektes slegs in Nederlands gebruik om te intensiveer. Die intensivering deur middel van siektes gaan in Nederlands ook eerder met 'n naamwoord as 'n adjektief gepaard, maar dié taboe word vir doeleindes van volledigheid in Tabel 3-3 ingesluit. Ruetten (2018:226) se aanvanklike voorspelling is dat Nederland se Calvinistiese geskiedenis 'n invloed op die gebruik en verspreiding van siektes as intensiveerders gehad het. Sy gevolgtrekking is uiteindelik dat 'n aantal sosio-ekonomiese faktore (waaronder verstedeliking) 'n waarskynliker verklaring vir die verskynsel bied. In Allan en Burridge (2006:219-221) se hoofstuk oor die taboewaarde van siektes en dood is daar 'n onderafdeling oor die gebruik van *kanker* as 'n taboe.

Tabel 3-3: Kategorisering van taboeprefiksoïede in Wes-Germaanse tale

<i>Afrikaanse of vertaalde taboeprefiksoïed</i>	<i>Taboekategorie</i>	<i>Taal</i>
<i>dood÷</i>	SIEKTE	Afr. D. Eng. Ndl. F.
<i>doos÷</i>	SEKS	Afr.
<i>fok÷</i>	SEKS	Afr. Ndl. Eng.
<i>god÷</i>	RELIGIE	Afr. D. Ndl.
<i>hel÷</i>	RELIGIE	Afr.
<i>kak÷</i>	SKATOLOGIE	Afr. D. Ndl. Eng.
<i>kanker÷</i>	SIEKTE	Ndl.
<i>kolera÷</i>	SIEKTE	Ndl.
<i>kont÷</i>	SEKS	Afr.
<i>kots÷</i>	SKATOLOGIE	Afr. Ndl.
<i>moer÷</i>	FAMILIE (MA)	Afr.
<i>moord÷</i>	SIEKTE	D.
<i>pis÷</i>	SKATOLOGIE	Afr.
<i>poes÷</i>	SEKS	Afr.
<i>skyt÷</i>	SKATOLOGIE	Afr.
<i>slet÷</i>	SEKS	Afr.
<i>tering÷</i> ¹⁴	SIEKTE	Afr. Ndl.
<i>testikel÷</i>	SEKS	Ndl.
<i>tifus÷</i>	SIEKTE	Ndl.
<i>tos÷</i>	SEKS	Afr.

14 Kyk § 3.2.2.4 vir 'n bespreking van *skyt÷*, *slet÷* en *tering÷*.

<i>vrek</i> ÷	SIEKTE ¹⁵	Afr.
---------------	----------------------	------

Soos wat *kak*÷ in Afrikaans 'n algemene taboeprefiksoïed is, word *scheiß*÷ in Duits en *poep*÷ of *schijt*÷ in Nederlands gebruik om 'n verskeidenheid adjektiewe mee te intensiveer. Voorbeelde van Duitse MEK's met *scheiß*÷ sluit *scheiß*÷-*gut* ("kak÷goed" 'baie goed'), *scheiß*÷-*kalt* ("kak÷koud" 'baie koud') en *scheiß*÷-*faul* ("kak÷lui" 'baie lui') in. Volgens die Dudenwoordeboek word *scheiß*÷ in sulke gevalle as 'n prefiks geklassifiseer.¹⁶ Nederlandse voorbeelde sluit *poep*÷-*duur* ("poep÷duur" 'baie duur') en *schijt*÷-*moe* ("skyt÷moeg" 'baie moeg') in. Volgens Ljung (2011:157) is Engels nie geneig om deur middel van skatologiese taboes te intensiveer nie; die enigste voorbeelde wat hy noem, is *pisspoor* ("pis÷slegte" 'baie sleg') en *shitsure* ("kak÷seker" 'baie seker'). Skatologiese intensiveerders blyk dus 'n algemene verskynsel in verskeie Germaanse tale te wees.

'n Taboeprefiksoïed wat totaal verbleik is en gegrammatikaliseer het tot 'n punt waar die taboestatus nie meer bestaan nie, is *dood*÷. Volgens Hoeksema (2012) is *dood*+*siek* aanvanklik reeds in 1330 as 'n voorbeeld van 'n oorsaakkompositum ('so siek dat die persoon doodgaan') aangeteken. Hy meen dat die produktiewe gebruik van *dood*÷ in die betekenis van 'baie' veral vanaf 1750 tot 1930 in Nederlands teenwoordig was; die vorme wat vandag nog gebruik word, het waarskynlik in daardie periode ontstaan. In Afrikaans is *dood*÷ 'n uiters algemene intensiveerder en verbind dit met uiteenlopende adjektiewe soos gesien kan word in voorbeelde soos *dood*÷-*gelukkig*, *dood*÷-*slim* en *dood*÷-*tevrede* in (37)-(39). Blanco-Suárez (2020) het in 'n onlangse studie ondersoek oor die intensiverende bywoord *mortal* in Engels gedoen wat daarop dui dat *dood* ook algemeen in Engels as 'n (sintaktiese) intensiveerder gebruik word.

- (37) Die eenaar, 'n jong Noorweër, verseker ons egter dat hy **doodgelukkig** daar woon en volkome tevrede met sy lot is.
- (38) Ná hy kroeg toe verdwyn het, leun Heleen nader. " Dis mos daardie **doodslim** ou van die ingenieursfakulteit? Die een waarvan jy altyd praat? "
- (39) " En seker Hanno se grootste verlies. Hy is 'n regte smulpaap en Denise verpes 'n kokery. Pla dit hom ooit? Of is hy **doodtevrede** met die wegneemhoender wat altyd sy groot versoeking was? "

(VivA-KPO)

15 In Afrikaans kan *vrek* eerstens 'n naamwoord wees wat na 'n gierige persoon verwys, terwyl die taboewoord 'n werkwoord is wat na die dood van veral diere, of neerhalend na dié van mense verwys.

16 https://www.duden.de/rechtschreibung/scheisz_

3.2.2.3 Gebruik

Wanneer 'n mens die gebruik van taboeprefiksoïede in VivA se korpusversamelings oorweeg, staan die informele gebruik daarvan sentraal. Taboeprefiksoïede behoort vas aan die adjektief geskryf te word maar verwarring bestaan, waarskynlik omdat die taboes ook adverbiaal kan optree om 'n adjektief te intensiveer (soos *baie* en *bitter* in Afrikaans). Ter illustrasie kan die gevalle *kak snaaks*, *pis snaaks* en *poes snaaks* – as twee woorde geskryf, teenoor *kak:snaaks*, *pis:snaaks* en *poes:snaaks* wat vas geskryf is – geneem word. In die korpusversamelings kom *pis snaaks* en *poes snaaks* meer as die vasgeskryfde vorm voor: een trefslag van *pis:snaaks* teenoor *pis snaaks* se vyf, terwyl *poes:snaaks* met 33 trefslae basies 'n derde van *poes snaaks* se 96 trefslae is. Daarenteen is daar nie 'n voorkeurvorm tussen *kak snaaks* en *kak:snaaks* nie; albei het 88 trefslae. Daar is dus nie 'n vaste patroon met betrekking tot los en vas skryf van hierdie MEK's nie, en die situasie verskil wanneer verskillende taboes met mekaar vergelyk word. Vir doeleindes van hierdie afdeling word slegs gevalle waar die taboes vas aan die adjektiewe geskryf word, soos in hoofstuk 1 verduidelik is, in die N-tabelle ingesluit.

Tabel 3-4 is 'n opsomming van die data wat in hierdie afdelings bespreek word, en is in vyf kolomme verdeel; die eerste kolom bevat die taboeprefiksoïed, die tweede kolom die getal unieke intensiverende MEK's met die spesifieke taboe, die derde kolom lys enkele voorbeelde, die vierde kolom dui die aantal hapaxe aan, en die vyfde kolom wys na die taboeprefiksoïed se woordfrekwensietabel in hierdie afdeling. Die tabel is georden volgens die totale hoeveelheid MEK's met die relevante prefiksoïede; *dood:* is dus eerste, en *fok:* en *tos:* laaste.

Tabel 3-4: Opsomming van taboeprefiksoïedkonstruksies in VivA se korpusversamelings

<i>Taboe-prefiksoïed</i>	<i>Getal MEK's</i>	<i>Voorbeelde</i>	<i>Getal hapaxe</i>	<i>Tabel</i>
<i>dood:</i>	VivA-KPO: 134 VivA-KPE: 33	<i>dood:moeg;</i> <i>dood:stil</i>	VivA-KPO: 50 VivA-KPE: 8	Tabel 3-5
<i>poes:</i>	VivA-KPO: 38 VivA-KPE: 75	<i>poes:goed;</i> <i>poes:klein</i>	VivA-KPO: 15 VivA-KPE: 9	Tabel 3-6
<i>kak:</i>	VivA-KPO: 24 VivA-KPE: 64	<i>kak:lank;</i> <i>kak:maklik</i>	VivA-KPO: 13 VivA-KPE: 27	Tabel 3-7
<i>vrek:</i>	VivA-KPO: 40 VivA-KPE: 22	<i>vrek:baie</i> <i>vrek:koud</i>	VivA-KPO: 21 VivA-KPE: 17	Tabel 3-8
<i>moer:</i>	VivA-KPO: 16 VivA-KPE: 11	<i>moer:dronk;</i> <i>moer:mal</i>	VivA-KPO: 13 VivA-KPE: 9	Tabel 3-9

<i>Taboe-prefiksoïed</i>	<i>Getal MEK's</i>	<i>Voorbeelde</i>	<i>Getal hapaxe</i>	<i>Tabel</i>
<i>doos÷</i>	VivA-KPO: 6 VivA-KPE: 16	<i>doos÷kwaad;</i> <i>doos÷snaaks</i>	VivA-KPO: 4 VivA-KPE: 11	Tabel 3-10
<i>pis÷</i>	VivA-KPO: 10 VivA-KPE: 5	<i>pis÷bang;</i> <i>pis÷cool</i>	VivA-KPO: 5 VivA-KPE: 2	Tabel 3-11
<i>hel÷</i>	VivA-KPO: 10 VivA-KPE: 2	<i>hel÷dom;</i> <i>hel÷dors</i>	VivA-KPO: 8 VivA-KPE: 2	Tabel 3-12
<i>god÷</i>	VivA-KPO: 4 VivA-KPE: 3	<i>god÷s·moontlik;</i> <i>god÷s·onmoontlik;</i> <i>god÷verlate</i>	VivA-KPO: 1 VivA-KPE: 0	NVT
<i>kots÷</i>	VivA-KPO: 4 VivA-KPE: 3	<i>kots÷geel;</i> <i>kots÷mislik</i>	VivA-KPO: 2 VivA-KPE: 0	NVT
<i>kont÷</i>	VivA-KPO: 0 VivA-KPE: 3	<i>kont÷befok;</i> <i>kont÷lank;</i> <i>kont÷lelik;</i>	VivA-KPO: 0 VivA-KPE: 3	NVT
<i>fok÷</i>	VivA-KPO: 0 VivA-KPE: 0	<i>fok÷dronk;</i> <i>fok÷lelik</i>	VivA-KPO: 0 VivA-KPE: 3	NVT
<i>tos÷</i>	VivA-KPO: 0 VivA-KPE: 1	<i>tos÷cool;</i> <i>tos÷lelik</i>	VivA-KPO: 0 VivA-KPE: 1	NVT

Die woordfrekwensietabelle vanaf Tabel 3-5 tot Tabel 3-12 is die individuele tabelle vir die MEK's volgens die spesifiek taboeprefiksoïed. Die tabelle, asook die meegaande besprekings, is in dieselfde volgorde as in die opsomming in Tabel 3-4. Daar is nie tabelle vir *god÷*, *kots÷*, *kont÷*, *fok÷* en *tos÷* nie, aangesien hulle gebruik volgens die data nog gering in Afrikaans is. Hierdie vyf taboes sal aan die einde van hierdie afdeling gesamentlik bespreek word.

3.2.2.3.1 *dood÷*

Die grammatikaliseerde status van *dood÷* blyk uit die getal konstruksies met 'n N-waarde gelyk aan of kleiner as 14. Van die 134 MEK's in VivA-KPO is 50 hapaxe en is die 4 MEK's waarvan die N-waarde 14 of kleiner is, verantwoordelik vir net meer as 68% van die totale trefslae in VivA-KPO. Die spreiding in VivA-KPE lyk anders: Van die totale 33 konstruksies is 8 hapaxe en die konstruksies met 'n N-waarde gelyk aan of minder as 14 verteenwoordig byna 91% van die totale trefslae. Dit blyk daarom dat Afrikaanssprekendes veral van die gevestigde *dood÷*-MEK's gebruik maak, maar ook gemaklik *dood÷* na nuwe adjektiewe uitbrei. Voorbeelde van algemeen gevestigde *dood÷*-MEK's is *dood÷stil* en *dood÷eenvoudig* in (40) en (41), terwyl *dood÷gretig* en *dood÷ordentlike* in (42) en (43) hapaxe is.

- (40) Nou was dit **doodstil** in die kamp, maar tot almal se verwondering was die gevangene die vol-gende dag weer terug.
- (41) Dit is dus moeilik om te onderskei tussen moedswillig of net **doodeenvoudig** nie weet van beter.
- (42) Maar gisteraand is hy skielik soos 'n verliefde jongetjie, **doodgretig** om jou te ontmoet.
- (43) Jy het jousef teen 'n muur vasgeloop met 'n **doodordentlike** versoek.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

Die P-waarde in VivA-KPO word tot so 'n mate deur die mees frekwente konstruksies skeefgetrek dat *dood* se $P=0.004$, ondanks die 50 hapaxe. Met byna 40% van konstruksies wat hapaxe is, is *dood* egter ooglopend produktief in Afrikaans, al sou 'n mens slegs met inagneming van die P-waarde die teenoorgestelde kon aflei. In VivA-KPE is $P=0.005$, wat byna identies aan VivA-KPO is, aangesien die helfte van die konstruksies hapaxe is en die frekwensies ook sterk deur enkele MEK's se frekwensies beïnvloed word.

Tabel 3-5: Woordfrekwensieklass (N) van *dood*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
doodstil	12	2953		doodeenvoudig	11	494
doodgewoon	13	2652		doodstil	11	486
doodeenvoudig	14	1130		doodgewoon	13	202
doodseker	14	958		doodreg	13	196
doodluiters	15	615		doodseker	13	121
doodmoeg	15	449		doodluiters	14	64
doodnormaal	15	342		doodbang	15	40
doodbang	16	270		doodnormaal	16	26
doodernstig	16	218		doodgelukkig	16	17
doodreg	16	211		doodmoeg	17	13
doodsbleek	16	186		doodernstig	17	11
doodgelukkig	17	155		doodonskuldig	17	10
doodtevrede	17	130		doodgoed	18	5
doodeerlik	17	97		doodeerlike	18	4
doodnatuurlik	17	97		doodnatuurlik	18	4
doodkalm	18	72		doodsgevaarlik	18	4

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
doodonskuldig	18	68		doodtevrede	18	4
doodsbenoud	18	57		doodbedaard	19	2
doodsiek	18	56		doodbekommerd	19	2
doodmaklik	18	45		doodhonger	19	2
doodbenoud	19	41		doodkalm	19	2
doodgoed	19	35		doodnugter	19	2
doodrustig	19	33		doodsbelangrik	19	2
doodveilig	19	29		doodsiek	19	2
doodbekommerd	19	26		doodveilig	19	2
doodhonger	19	26		doodhêppie	20	1
doodnugter	19	22		doodlogiese	20	1
doodlogies	20	14		doodmaklik	20	1
doodverveeld	20	13		doodrustig	20	1
doodarm	21	10		doodsbenoud	20	1
doodbedaard	21	10		doodsbleek	20	1
doodvervelig	21	10		doodsnaaks	20	1
doodgewillig	21	9		doodverlief	20	1
doodnuuskierig	21	9				
doodlekker	21	8				
doodmenslik	21	8				
doodreguit	21	8				
doodverbaas	21	8				
doodgemaklik	21	7				
doodongelukkig	21	7				
doodsedig	21	7				
doodgemiddeld	21	6				
doodsekuur	21	6				
doodvaak	21	6				
doodvas	22	5				
doodlus	22	4				
doodskuldig	22	4				
doodverleë	22	4				
doodverlief	22	4				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
doodwit	22	4				
doodduidelik	22	3				
doodgeduldig	22	3				
doodhappy	22	3				
doodjammer	22	3				
doodkoud	22	3				
doodlui	22	3				
doodmak	22	3				
doodmoeilik	22	3				
dooddoortuig	22	3				
doodstadig	22	3				
doodverlig	22	3				
doodverskrik	22	3				
doodvriendelik	22	3				
doodalleen	23	2				
dooddors	23	2				
doodellendig	23	2				
doodgaar	23	2				
doodgelyk	23	2				
doodkoel	23	2				
doodnoodsaaklik	23	2				
doodonverskillig	23	2				
doodsaai	23	2				
doodsangsbevange	23	2				
doodsdonker	23	2				
doodsdors	23	2				
doodsimpel	23	2				
doodskaars	23	2				
doodsleg	23	2				
doodswart	23	2				
doodver	23	2				
doodvererg	23	2				
doodverstom	23	2				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
doodverwonderd	23	2				
doodvies	23	2				
doodakuraat	24	1				
doodanders	24	1				
doodangstig	24	1				
doodbekend	24	1				
doodbetyds	24	1				
dooddrunk	24	1				
doodeng	24	1				
doodflou	24	1				
doodgedwonge	24	1				
doodgesond	24	1				
doodgoedkoop	24	1				
doodgraag	24	1				
doodgretig	24	1				
doodgrootste	24	1				
doodgrou	24	1				
doodhard	24	1				
doodintiem	24	1				
doodjaloers	24	1				
dood-konvensionele	24	1				
doodkort	24	1				
doodkwaad	24	1				
doodlam	24	1				
doodlank	24	1				
dood-leeg	24	1				
doodleuters	24	1				
doodlief	24	1				
doodmaer	24	1				
doodmiddelmatige	24	1				
doodnaby	24	1				
doodneutrale	24	1				
doodnuttig	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
doodonnatuurlik	24	1				
doodonrustig	24	1				
doodordentlike	24	1				
doodoud	24	1				
doodpresies	24	1				
doodprettig	24	1				
doodsat	24	1				
doodsbeangs	24	1				
doodsblou	24	1				
doodsekerlik	24	1				
doodsellendig	24	1				
doodslim	24	1				
doodsnaaks	24	1				
doodsuiwer	24	1				
doodverlate	24	1				
doodvermoeid	24	1				
doodverslete	24	1				
doodverswyg	24	1				
doodvroeg	24	1				

Ten slotte, wanneer *dood-* as die eerste komponent in konstruksies voorkom, kan dit geskryf word as *dood-* sonder 'n valensiemorfeem, soos in *dood-seker*, *dod-e* soos in die geval van *dod+e-verering* en *dood-s* soos in die geval van *dood+s-engel*. Die opsie sonder die valensiemorfeem kom oor die algemeen in die geval van intensiewe vorme voor, soos blyk uit *dood-eenvoudig*, *dood-gelukkig* en *dood-normaal* (vergelyk § 3.2.1.1 se bespreking oor die gebruik van die valensiemorfeem in Afrikaans en Nederlands). Dit is spesifiek *dood-* en *dood-s* wat relevant is, aangesien daar variasie in die data blyk voor te kom wanneer *dood-* as intensiverende prefiksoïed saam met adjektiewe gebruik word. Een konstruksie waarin hierdie variasie voorkom, is *dood-luiters* en *dood-s-luiters* soos in (44) en (45). Die vorm met die valensiemorfeem kom egter in die minderheid van die gevalle voor en blyk dus 'n versteende intensiewe vorm of hiperkorreksie te wees.

(44) Op 'n stadium moes ek keer of sy het 'n taxi met 'n hardgekookte eier gegooi toe dié **doodluiters** in die geel baan by ons verbyskuif en voor ons indruk.

(45) Sy het maar **doodsluiters** voortgegaan met die voorspelling.

(VivA-KPO)

3.2.2.3.2 *poes-* en *kak-*

Die gemeenskaplikhede rakende die gebruik van *poes-* en *kak-* blyk duidelik uit hulle hoë voorkoms, asook uit die verskeidenheid adjektiewe waarmee hulle verbind. Die MEK's met *poes-* word in Tabel 3-6 opgesom, terwyl die *kak-*-MEK's in Tabel 3-7 verskyn. Daar is 'n totaal van 38 konstruksies in VivA-KPO met *poes-*, waarvan 15 hapaxe is. Vir *poes-*-MEK's in VivA-KPO is $P=0.09$, vergelykbaar met *oer--N*-MEK's in § 6.2.1.3, terwyl die produktiwiteit in VivA-KPE laer is ($P=0.01$). Van die 75 konstruksies in VivA-KPE is slegs 10 hapaxe. Die twee konstruksies met 'n N-waarde laer as 14, wat dui op baie hoë voorkoms van enige MEK, is *poes-baie* en *poes-groot*. In VivA-KPE is daar meer as 6 keer meer konstruksies wat nie hapaxe is nie, as andersom. Dit blyk dus dat *poes-* as 'n intensiverende prefiksoëid 'n hoë mate van vestiging in Afrikaans geniet.

Tabel 3-6: Woordfrekwensieklas (N) van *poes-*-MEK's

VivA-KPO			VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae	MEK	N	Trefslae
<i>die = 16556480</i>			<i>die = 1298362</i>		
poesbaie	20	19	poesbaie	13	175
poesklein	20	18	poesgroot	13	156
poesgroot	20	15	poesdronk	14	99
poesdronk	20	13	poeshard	14	95
poescool	21	10	poesduur	14	94
poesduur	21	9	poescool	14	82
poeslekker	21	8	poesdom	14	59
poeshard	21	7	poeslekker	15	53
poesdom	21	6	poeswarm	15	40
poeslank	21	6	poesvinnig	15	36
poes-aaklig	22	5	poeshot	15	33
poesbedroef	22	5	poeslank	15	33
poessnaaks	22	5	poessnaaks	15	33
poesasem	22	4	poesbedroef	15	32
poeskoud	22	4	poesryk	15	29

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>			<i>die = 1298362</i>		
poeskak	22	3	poesbly	16	25
poeslelik	22	3	poesmooi	16	25
poesryk	22	3	poeskoud	16	23
poesvinnig	22	3	poeslelik	16	17
poesbedroewend	23	2	poesmaklik	16	16
poesmooi	23	2	poesmal	16	16
poesou	23	2	poesgoed	16	15
poeswarm	23	2	poesarm	17	13
poesarm	24	1	poesboring	17	12
poesbang	24	1	poesgevaarlik	17	11
poesbasic	24	1	poesklein	17	11
poesboring	24	1	poesbang	17	10
poesdeurmekaar	24	1	poescheap	17	8
poesgevaarlik	24	1	poeshonger	17	8
poesgoed	24	1	poesvroeg	17	8
poesgraag	24	1	poesbesig	18	7
poesgrim	24	1	poesver	18	6
poeshectic	24	1	poesgraag	18	5
poeshot	24	1	poesmoeg	18	5
poesmal	24	1	poesmoeilik	18	5
poesmoeilik	24	1	poeshectic	18	4
poesnice	24	1	poeslui	18	4
poesvuil	24	1	poesnice	18	4
			poeszef	18	4
			poesaaklige	19	3
			poesbasic	19	3
			poesbelangrik	19	3
			poesdeurmekaar	19	3
			poesdronkslaan	19	3
			poesgaaf	19	3
			poesgrim	19	3
			poeshoog	19	3
			poeskief	19	3

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>			<i>die = 1298362</i>		
			poeskwaad	19	3
			poes-obvious	19	3
			poesoud	19	3
			poesrowwe	19	3
			poesseer	19	3
			poesskerp	19	3
			poessterk	19	3
			poesvet	19	3
			poesvuil	19	3
			poesweird	19	3
			poesbedompig	19	2
			poesdiep	19	2
			poeskoel	19	2
			poeskwaai	19	2
			poespienk	19	2
			poestrots	19	2
			poesvol	19	2
			poeswyd	19	2
			poesblind	20	1
			poesdadelik	20	1
			poesdors	20	1
			poesfunny	20	1
			poeshappy	20	1
			poesjags	20	1
			poeslame	20	1
			poespuik	20	1
			poesrelevant	20	1

Daar kom enkele konstruksies met *poes-* in die korpusversamelings voor wat nie as geïntensiveerde adjektiewe geklassifiseer kan word nie. Hierdie konstruksies word nie in Tabel 3-6 ingesluit nie, maar hulle behoort vermeld te word. Een geval is *poestoe* in (46) en (47): In (46) kan *poestoe* as 'baie' geparafraseer word, terwyl die konstruksie in (47) as 'gebreek'

geparafraseer kan word. Nie een van die konstruksies se betekenis is 'baie toe' nie. Al is dit evaluerende konstruksies as gevolg van die gebruik van *poes-*, is hulle nie in kleiner betekenisvolle dele analiseerbaar nie. Die ander konstruksie is die hapax *poes-klomp* in (48), waar *poes-* met 'n naamwoord verbind en wat slegs as 'n groot klomp' geparafraseer kan word. Die ander naamwoordkonstruksie waarmee *poes-* verbind, en al in Afrikaans gevestig is, is *poes-klap* in (49). Hierdie konstruksie sou as 'n groot klap' geparafraseer kon word, met die bykomende evaluerende betekenis wat alle MEK's met *poes-* insluit.

- (46) Fokken awesome website mensies ons almal waardeer dit stormers is n **poestoe** kak span jul moet net jul website bietjie update met nuwe goed omtrent elke dag
- (47) Die wasmasjien is ook **poestoe** na een aand se fight toe Joe die spindrom in sy moer geskop het met haar hardfront Bronx.
- (48) Kyk, soos ek dit sien: a: Dit gaan 'n **poesklomp** geld kos om die halfgeboude kragentrale af te breek.
- (49) Normaalweg as iemand jou dit tune, draai jou kop 15 grade links en duck, want 'n **poesklap** is oppad (en ons praat nie van katte nie).

(VivA-KPE)

Die MEK's met *-kak* word in Tabel 3-7 opgesom. Soortgelyk aan *poes-*, is daar heelwat minder konstruksies in VivA-KPO as in VivA-KPE – 13 van die 24 MEK's in VivA-KPO is hapaxe, en van die 64 MEK's in VivA-KPE is 27 hapaxe. Die 3 MEK's in VivA-KPO met N=21, wat die laagste N-waarde is, is *kak-sleg*, *kak-gevaarlik* en *kak-snaaks*. Daarteenoor staan *kak-baie* in VivA-KPE met N=13, wat op 'n besondere hoë voorkoms dui. Met meer as die helfte van die MEK's in VivA-KPO wat hapaxe is, is P=0.21 en in VivA-KPE is P=0.05. Die konstruksie is beslis produktief in Afrikaans, soos blyk uit die voorkoms van hapaxe soos *kak-mooi*, *kak-skuldig* en *kak-spyt*.

Tabel 3-7: Woordfrekwensieklas (N) van *kak-*MEK's

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
kaksleg	21	8		kakbaie	13	166
kakgevaarlik	21	6		kaksnaaks	14	63
kaksnaaks	21	6		kaklekker	14	58
kakhard	22	5		kakhard	15	43
kaklekker	22	5		kakwarm	15	31

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
die = 16556480				die = 1298362		
kakwarm	22	5		kaksleg	16	27
kakbang	22	3		kakduur	16	16
kakboring	22	3		kakgevaarlik	17	14
kakduur	22	3		kakbang	17	13
kakmal	23	2		kakdom	17	13
kakzef	23	2		kakboring	17	10
kakbelangrik	24	1		kakmoeilik	17	9
kakbesige	24	1		kakzef	17	9
kakdrunk	24	1		kakmal	17	8
kakflou	24	1		kakbesig	18	7
kakgeel	24	1		kaklelik	18	6
kakhou	24	1		kakvinnig	18	6
kaklaag	24	1		kakdrunk	18	5
kak-low-budget	24	1		kaklang	18	5
kakskaam	24	1		kakryk	18	4
kakspyt	24	1		kakarm	19	3
kakvêr	24	1		kakbelangrik	19	3
kakvet	24	1		kakfunny	19	3
kakvuil	24	1		kakgroot	19	3
				kakmaklik	19	3
				kakmin	19	3
				kakseer	19	3
				kakstadig	19	3
				kakbly	19	2
				kakboos	19	2
				kakgoed	19	2
				kakhappy	19	2
				kakhot	19	2
				kakloads	19	2
				kaklui	19	2
				kakvroeg	19	2
				kakweird	19	2
				kak-amped	20	1

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>			<i>die = 1298362</i>		
			kakcheap	20	1
			kakcool	20	1
			kakdodgy	20	1
			kakdroog	20	1
			kakeenvoudig	20	1
			kakflou	20	1
			kakhartseer	20	1
			kakjaloers	20	1
			kakjammer	20	1
			Kakkersnaaks	20	1
			kaklaag	20	1
			kaklame	20	1
			kak-low-budget	20	1
			kakmooi	20	1
			kaknat	20	1
			kak-sad	20	1
			kakskaam	20	1
			kakskelm	20	1
			kakskuldig	20	1
			kakskurf	20	1
			kakslim	20	1
			kakspyt	20	1
			kakstout	20	1
			kakvêr	20	1
			kakvet	20	1
			kakvuil	20	1

Die gebruik van *-er* in die hapax *kakk-er-snaaks* is ingesluit in Tabel 3-7 en is opvallend aangesien dit op fleksie binne-in die MEK wys. Die gebruik in (50) dui daarop dat die spreker die konstruksie meer evaluerend wou laai, en wou onderskei van die algemener *kak-snaaks*, deur die byvoeging van die vergrotende trap. Die moontlike trappe van vergelyking sal egter

??*kak÷snaaks-er* en ??*kak÷snaaks-ste* moes wees, as aanvaar word dat fleksie slegs ná afleiding kan plaasvind. Ander soortgelyke gevalle is nie in die data gevind nie.

(50) **Kakkersnaaks** as kaksnaaks! Lekker lewendige songs, net jammer hul kom van die WP af!

(VivA-KPE)

Daar is enkele konstruksies in die data waar *kak÷* met naamwoorde voorkom; 'n algemene een is *kak÷spul* in (51), wat N=15 in VivA-KPO het. Hierdie konstruksie sou minder evaluerend geformuleer kon word as 'n onaangename situasie' of 'n ongemaklike situasie'. Die ander konstruksies is *kak÷hou* in (52) wat 'n hapax in VivA-KPO is en as 'n groot hou' geparafraseer kan word, en *kak÷spoed* in (53) wat 6 keer in VivA-KPE voorkom en as 'n vinnige spoed' geparafraseer kan word. Drie ander gevalle waar *kak÷* met naamwoorde verbind, is met Engelse naamwoorde soos *shot* en *loads*. Dit lyk dus asof daar 'n ontluikende konstruksie in Afrikaans is waar *kak÷* (en tot 'n mindere mate *poes÷* soos hierbo genoem) naamwoorde intensiveer. Die skema in (54) dien dus as 'n uitbreiding op die skema in (20).

(51) Die pleegma dreig toe om vir Sebastian te sê. En Lalie weet dit kan net 'n **kakspul** afgee.

(52) Sy vingers verdwyn in die openinge van 'n bal... en dan ruk hy dit terug en moker vir Dries 'n **kakhou** teen die kaak.

(53) En BP petroljoggies met gieters wat aangehardloop kom met 'n **kakspoed** om die vlamme te try blus.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

(54) $[[a÷]_N [b]_N]_N \Leftrightarrow [n \text{ groot SEM}_N]$,

waar $[a]_N = kak÷ / poes÷$

3.2.2.3.3 *vrek÷*

As 'n mens Tabel 3-8 oorweeg, waarin die resultate vir *vrek÷* opgesom is, is dit eerstens opvallend dat *vrek÷bang* die enigste konstruksie is wat een van die algemeenste konstruksies (d.i. konstruksies met $N > 1$) in albei korpusversamelings is. As 'n voorbeeld is *vrek÷warm* (N=20) een van die algemeenste konstruksies in VivA-KPO, terwyl dit 'n hapax in VivA-KPE is. Dit was ook tot dusver slegs *dood÷* wat meer MEK's in VivA-KPO as in VivA-KPE het; konstruksies met *vrek÷* kom ook algemener in VivA-KPO as in VivA-KPE voor. Daar is 40 konstruksies in VivA-KPO en 22 in VivA-KPE.

Tabel 3-8: Woordfrekwensieklas (N) van *vrek*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
vrekbang	18	67	vrekbang	16	20
vrekwarm	20	13	vreksnaaks	17	8
vrekduur	21	8	vrekduur	18	5
vrek mooi	22	5	vreklelike	19	2
vreksnaaks	22	5	vreklig	19	2
vrekdors	22	4	vrekbaie	20	1
vrek koud	22	4	vrekbesig	20	1
vrek lekker	22	4	vrek dapper	20	1
vrek arm	22	3	vrek dom	20	1
vrek maer	22	3	vrek goed	20	1
vrek moeg	22	3	vrek goedkoop	20	1
vrek moeilik	22	3	vrek hoog	20	1
vrek nuuskierig	22	3	vrek koue	20	1
vrek suinig	22	3	vrek lekker	20	1
vrek graag	23	2	vrek lus	20	1
vrek hoog	23	2	vrek onnosel	20	1
vrek jaloers	23	2	vrek oulik	20	1
vrek min	23	2	vrek seer	20	1
vrek vervelig	23	2	vrek siek	20	1
vrek baie	24	1	vrek trots	20	1
vrek famous	24	1	vrek vinnig	20	1
vrek gelukkig	24	1	vrek warm	20	1
vrek geskok	24	1			
vrek honger	24	1			
vrek lelik	24	1			
vrek lui	24	1			
vrek seer	24	1			
vrek kraal	24	1			
vrek sleg	24	1			
vrek slim	24	1			
vrek steil	24	1			

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
vreksterk	24	1				
vrekstoutste	24	1				
vrekswaar	24	1				
vrekverlief	24	1				
vrekverlig	24	1				
vrekverveeld	24	1				
vrekvreemd	24	1				
vrekvroeg	24	1				
vrekvuil	24	1				

Met betrekking tot *vrek*-se produktiwiteit, is byna die helfte van die totale konstruksies in VivA-KPO hapaxe, terwyl 17 van die 22 konstruksies in VivA-KPE hapaxe is. As gevolg van die hoë getal hapaxe is $P=0.17$ in VivA-KPO en $P=0.31$ in VivA-KPE, wat 'n hoë produktiwiteitswaarde vir MEK's is en vergelykbaar is met *hond*- ($P=0.13$ in VivA-KPO; $P=0.1$ in VivA-KPE [kyk § 3.2.1.3 waar die produktiwiteit van *hond*- bespreek is]). Die gebruik van *vrek*- blyk nie so algemeen soos *dood*- te wees nie. Die rede daarvoor sou moontlik deur die diachroniese bestudering van hierdie twee taboeprefiksoïede nagespeur kon word.

3.2.2.3.4 *moer*-

Die gebruik van *moer*- as taboeprefiksoïed word in Tabel 3-9 opgesom. Met die uitsondering van *moer*-*snaaks*, *moer*-*sterk* en *moer*-*vinnig* in VivA-KPO (elkeen met $N=23$) en *moer*-*baie* en *moer*-*snaaks* in VivA-KPE (met $N=17$ en $N=19$ onderskeidelik), is al die MEK's hapaxe. Dit lei dus tot hoë P-waardes, naamlik $P=0.68$ in VivA-KPO en $P=0.45$ in VivA-KPE.¹⁷

Tabel 3-9: Woordfrekwensieklas (N) van *moer*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
moersnaaks	23	2		moerbaie	17	9
moersterk	23	2		moersnaaks	19	2

¹⁷ Dit moet egter vermeld word dat *moer* en *moerse* meer algemeen in Afrikaans as adverbialia, soos *baie* en *bitter*, los van die adjektief geskryf word.

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
moervinnig	23	2		moerdronk	20	1
moerbang	24	1		moerduur	20	1
moerdronk	24	1		moergewild	20	1
moergoed	24	1		moerlank	20	1
moergrootte	24	1		moerlekker	20	1
moer-interessante	24	1		moers-af	20	1
moerlang	24	1		moersnaaks	20	1
moerlekker	24	1		moersterk	20	1
moermal	24	1		moerstrots	20	1
moerou	24	1				
moers-gelowige	24	1				
moerstrots	24	1				
moersvreeslike	24	1				
moer-weird	24	1				

In *moer* se geval blyk daar 'n ontluikende tendens met betrekking tot die gebruik van *moer* as 'n taboeprefiksoïed te wees, naamlik konstruksies waarin *moer* s gebruik word. Voorbeelde hiervan is *moer* s-trots en *moer* s--gelowige in (55) en (56). Hierdie vorme kan moontlik 'n ingekorte vorm van *moerse*, 'n adverbiale vorm van *moer*, wees.

(55) Is hierdie monumentale poes Eddie Murphy se kompetisie en, mits hy Suid-Afrikaans is, is ek **moerstrots**. Ons het 'n nuwe wereldkampioen.

(56) Koos was gelukkig in Huis Kombuis en aan die hoërskool Paul Roos, ondanks 'n katastrofiese, kortstondige verbintenis met 'n "groepie **moers-gelowige** jongmense" wat elke Saterdag langs die kleidam bokant die sportgronde vir bidure saamgetrek het.

(VivA-KPE/VivA-KPO)

3.2.2.3.5 *doos*

Soos in die geval van *moer* in Tabel 3-9, is die gevalle waar *doos* vas aan adjektiewe geskryf word om hulle te intensiveer, beperk en word die data deur hapaxe oorheers. In VivA-KPO is daar 6 konstruksies en 4 daarvan is hapaxe, terwyl 11 van die 16 MEK's in VivA-KPE hapaxe is. Dit is as gevolg van die meerderheid konstruksies wat hapaxe is dat $P=0.14$ in VivA-KPO, en $P=0.48$

in Viva-KPE; gemeet aan ander MEK's is dit beslis een van die produktiefste konstruksies. In albei korpusversamelings is *doos-dronk* die konstruksie wat die meeste voorkom. Die gebruik van *doos-* in Afrikaans groei dus as 'n mens die hapaxe oorweeg, alhoewel die produktiwiteit nog nie op die vlak van *kak-* en *poes-* is nie.

Tabel 3-10: Woordfrekwensieklas (N) van *doos-*MEK's

VivA-KPO			VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae	MEK	N	Trefslae
die = 16556480			die = 1298362		
doosdronk	20	23	doosdronk	16	23
dooslekker	23	2	doosdom	18	4
doosbaie	24	1	doosboos	19	3
dooshard	24	1	doosduur	19	3
dooshonger	24	1	doosvinnig	19	2
doosvinnig	24	1	doosastrante	20	1
			doosbelangrik	20	1
			doosbly	20	1
			doosgroot	20	1
			dooshard	20	1
			dooskwaad	20	1
			dooslank	20	1
			dooslekker	20	1
			dooslelik	20	1
			doosmoeg	20	1
			doosryk	20	1

3.2.2.3.6 *pis-*

Die data vir *pis-*, soos opgesom in Tabel 3-11, is nog relatief beperk in vergelyking met ander prefiksoïede wat tot dusver bespreek is. Wanneer MEK's met *pis-* oorweeg word, is die neiging om *pis* los van of vas aan die adjektief te skryf, hoewel Tabel 3-11 slegs dié MEK's insluit wat vas geskryf word. Die gebruik van *pis-* as 'n taboeprefiksoïed is moontlik nog ongevestig of onbekend aan die meeste gebruikers, vandaar die onsekerheid. Die data is egter te min om op die oomblik meer stelligheid te verskaf, maar dit is wel opvallend dat daar 5 hapaxe in VivA-KPO en net 2 in VivA-KPE is. Met die produktiefste MEK's blyk die hapaxe die data te oorheers, soos gesien kan word met *kak-* en *poes-*. Die meeste konstruksies met *pis-* kom in VivA-KPO voor, met 5 van

die 10 konstruksies wat hapaxe is. Op grond van die beperkte data blyk dit of *pis-* se produktiwiteit gemiddeld is wanneer dit met ander taboewoordprefiksoïede vergelyk word, met $P=0.28$ in VivA-KPO, en $P=0.09$ in VivA-KPE. Die adjektiewe wat met *pis-* verbind, is meestal negatief, maar het al uitgebrei na positiewe adjektiewe soos *lekker*, *maklik* en *goed*. In VivA-KPO kom *pis-duur* en *pis-cool* die meeste voor, met $N=22$, terwyl *pis-maklik* en *pis-cool* met $N=16$ die algemeenste konstruksies in VivA-KPE is.

Tabel 3-11: Woordfrekwensieklas (N) van *pis-*MEK's

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
pisduur	22	4		pismaklik	17	11
piscool	22	3		piscool	18	7
pisgoed	23	2		piskoud	19	2
piskoud	23	2		pisbang	20	1
pismaklik	23	2		pislekker	20	1
pisbang	24	1				
pis-eenvoudige	24	1				
pisglad	24	1				
pisnydig	24	1				
pissnaaks	24	1				

3.2.2.3.7 *hel-*

Die gebruik van *hel-* word in Tabel 3-12 opgesom. Daar is slegs enkele MEK's in die data; 8 van die 10 konstruksies in VivA-KPO is hapaxe, en die enigste 2 MEK's wat in VivA-KPE gevind is, is ook hapaxe. Weens die hoë getal hapaxe, asook die relatiewe lae frekwensies, is die P-waardes skeefgetrek tot so 'n mate dat $P=1$ in VivA-KPE. Al is dit duidelik dat *hel-* op 'n verskeidenheid adjektiewe toegepas kan word, is die gebruik daarvan in vergelyking met ander prefiksoïede, soos *kak-* en *dood-*, beperk. Die enigste MEK met *hel-* wat in beide korpusversamelings voorkom, is *hel-warm*, wat deur middel van die metaforiese vergelyking tussen die hel en warmte verklaar kan word. Oorweeg 'n mens hapaxe soos *hel-goed* en *hel-vinnig*, is dit egter duidelik dat *hel-* suksesvol tot 'n prefiksoïed ontwikkel het in Afrikaans.

Tabel 3-12: Woordfrekwensieklas (N) van *hel*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
helwarm	20	18		helsnaaks	20	1
helhoog	22	4		helwarm	20	1
helbesig	24	1				
heldom	24	1				
helledors	24	1				
helgoed	24	1				
helheet	24	1				
helhonger	24	1				
helvinnig	24	1				
helwit	24	1				

3.2.2.3.8 Ander

Die gebruik van *god*-, *fok*-, *kots*-, *kont*- en *tos*- as taboeprefiksoëde in Afrikaans is nog nie so algemeen nie. Die gebruik *god*- is beperk tot enkele gevestigde konstruksies: *god*-*verlate* (met en sonder die *-s-*-valensiemorfeem), *god*-*s-onmoontlik* en *god*-*s-moontlik*. 'n Soortgelyke situasie geld vir *fok*- waar slegs *fok*-*baie*, *fok*-*dom* en *fok*-*snaaks* as een woord in VivA-KPE voorkom. Al drie konstruksies is hapaxe wat op 'n uiters seldsame konstruksie dui. Dit wil ook op hierdie stadium blyk dat *kots*- die meeste in *kots*-*mislik* (N=22 in VivA-KPO) en *kots*-*geel* (N=17 in VivA-KPE) gebruik word, waar die vergelykende verhouding van die komponente nog geld. Die ander MEK's met *kots*- is *kots*-*oranje*, *kots*-*vaal* en *kots*-*groen*. Dieselfde beperkte toepassing geld vir *kont*- wat slegs in VivA-KPE in die hapaxe *kont*-*befok*, *kont*-*lank* en *kont*-*lelik* gebruik word. Die gebruik van *kont*- is waarskynlik na analogie van die patroon of skema van *poes*- en *doos*-. Die gebruik van *tos*- is tans tot *tos*-*cool* beperk. Op hierdie stadium kan hierdie MEK's wel as taboeprefiksoëde beskou word, maar die gebruik daarvan is (nog) nie so wydverspreid soos *kak*- en *poes*-, of selfs minder algemene taboeprefiksoëde soos *pis*- en *doos*- nie.

3.2.2.4 Opmerking

Daar is enkele MEK's waarin ander taboes wat in Tabel 3-3 gelys is en nog nie bespreek is nie, sporadies in die data waargeneem is. Eerstens verbind *skyt*-, wat onder SKATOLOGIE in Tabel 3-3 ingedeel is, in Afrikaans slegs met *bang* soos in (57). Dit lyk of die konstruksie volkome geleksikaliseer is, aangesien *skyt*- nie in die korpora met enige ander adjektiewe verbind om 'n

intensiewe betekenis aan te dui nie. Dieselfde geld vir *tering* in (58), wat deel van die SIEKTE-kategorie sal wees, wat slegs met *maer* verbind. Albei hierdie taboes sou boonop nie as prefiksoïede kwalifiseer nie, aangesien daar nie meer adjektiewe daarmee voorkom nie. Laastens is *slet* in (59) 'n hapax in VivA-KPE. Die korpussoektogte is tot bogenoemde taboewoorde beperk; die gebruik van ander taboewoorde as intensiveerders kan in toekomstige navorsing ondersoek word.

(57) Ek dink hy was **skytbang** vir sy ouers na wat hy met sy suster aangevang het.

(58) Walkures bestaan nie, ek het nie 'n **teringmaer** tante nie, maar die filosofie is nagepraat.

(59) die artikel is hoerpoep makmoer **sletsnaaks!**

(VivA-KPE)

3.3 Suffiksoïede

3.3.1 MEK's met 'n naamwoord (K1) en 'n adjektiverende taboesuffiksoïed (K2): Die tipe *kerk*÷*bedonnerd*

Konstruksies wat in hierdie afdeling beskryf word, bestaan uit 'n naamwoord en 'n taboesuffiksoïed wat saam 'n adjektief of adverbium vorm. Voorbeelde van hierdie konstruksie in Afrikaans sluit *bybel*÷*befok* en *kerk*÷*bedonnerd*¹⁸ in (60) en (61) in. Hierdie konstruksies word meestal in kontekste gebruik waar die gebruiker 'n waargenome behepthed of obsessie met die naamwoord wil aandui.

(60) Amper soos mense wat totally **bybelbefok** raak.

(61) En die Taliban is die " bad guys " want hulle kap NOU 'n koppie af as iemand nie so **kerkbedonnerd** en argaies soos hulle is nie!

(VivA-KPO/VivA-KPE)

Die bestudering van taboeaffiksoïede is meestal beperk tot hoe hulle as prefiksoïede gebruik word, soos in die vorige afdeling en in Hüning en Booij (2014), Kehayov (2009) en Van der Wouden en Foolen (2017) beskryf word. Literatuur waarin adjektiverende taboesuffiksoïede beskryf word, kon nie opgespoor word nie. Die onlangse studie van Ruppenhofer *et al.* (2018) waarin sewe Duitse persoonsvormende suffiksoïede bestudeer word, sluit slegs konstruksies soos *dom*÷*kop* in; adjektiverende taboesuffiksoïede word nie genoem of in hulle studie betrek nie.

18 Vir doeleindes van hierdie afdeling word die informele spelling (*bedonnerd*) eerder as die formele spelling (*bedonderd*) gebruik, aangesien die konstruksie in die meerderheid van die gevalle met die informele spelling in die korpusvoorbeelde voorkom.

Hierdie afdeling het ten doel om die leemte met betrekking tot die bestudering van adjektiverende taboesuffiksoëde in die algemeen, maar meer spesifiek in Afrikaans, te vul.

3.3.1.1 Vorm

Die vorm van *kerk÷bedonnerd*-MEK's kan skematies soos in (62) voorgestel word. Die skema in (63) stel soortgelyke konstruksies voor, maar met die verskil dat hulle betekenis nie evaluerend is nie en die suffiksoëde nie taboewoorde is nie.

(62) $[[a]_N [\div b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [\text{behep wees met SEM}_N \text{ of 'n oordrewe belangstelling in SEM}_N \text{ hê}],$

waar $[\div b]_{ADJ} = \div\textit{bedonnerd} / \div\textit{befok} / \div\textit{gek} / \div\textit{mal}$

≈

(63) $[[a]_N [\div b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [\text{jets of iemand het geen of 'n beperkte hoeveelheid SEM}_N],$

waar $[\div b]_{ADJ} = \div\textit{arm} / \div\textit{vry}$

Voorbeelde van hierdie suffiksoëdekonstruksies in Afrikaans sluit *beginsel÷bedonnerd*, *geld÷mal* en *water÷arm* soos (64)-(66) in. Uit die drie konstruksies behoort dit duidelik te blyk dat *water÷arm* denotatief van aard is en gerig is op 'n beskrywing van 'n werklike toestand, sonder dat 'n evaluerende komponent of interpretasie geld. Konstruksies soos *water÷arm* word dus nie as MEK's geklassifiseer nie en geniet nie verder aandag in die bespreking nie.

(64) Hoekom affekteer die ding met Karen hom so geweldig? Is hy werklik so **beginselbedonnerd**?

(65) Tyd dat die hele wereld met vuur vergaan, selfs die billike opgevoede mense het nou **geldmal** geword.

(66) Ons sal net moet beseft dat SA 'n **waterarm** land is.

(VivA-KPE)

3.3.1.2 Betekenis

In hierdie konstruksies vorm die naamwoord en die suffiksoëde 'n adjektief wat geparafraseer kan word as 'behep wees met X of 'n oordrewe belangstelling in X hê', waar X die naamwoord is. Slegs eersgenoemde betekenis is vir doeleindes van MEK's en vir hierdie bespreking van belang. Die vier suffiksoëde (*÷gek*, *÷mal*, *÷bedonnerd* en *÷befok*) beklee 'n unieke posisie in Afrikaans aangesien:

- slegs enkele konstruksies gevind is;

- die konstruksies as adjektiewe optree; en
- die konstruksies as onafhanklike woorde oor die algemeen negatiewe betekenisladings het.

As 'n mens die betekenismoontlikhede van die onafhanklike woorde oorweeg, is *befok* ryker as *bedonnerd*, *gek* en *mal*. Die betekenismoontlikhede van *befok* wissel van 'baie kwaad' tot 'irrasioneel', en soms 'baie goed'. In *bedonnerd* se geval is die betekenis beperk tot interpretasies wat met deurmekaarheid of ongeduldigheid te doen het. In sowel *gek* as *mal* se geval kan die woorde gebruik word om neerhalend te verwys na geestesongestelde persone of gedrag wat as verspot, ondeurdag of lagwekkend geag word. Al vier taboes het egter tot so 'n mate as suffiksoïede ontwikkel dat hulle 'n gedeelde betekenis van 'behep wees met X of 'n oordrewe belangstelling in X hê' het wanneer hulle as tweede komponent in MEK's in Afrikaans gebruik word.

Die evaluerende aard van hierdie MEK's word duideliker wanneer hulle met mekaar vergelyk word. Konstruksies waar die suffiksoïed *≠mal* is, of die minder algemene *≠gek*, het ook 'n evaluerende betekenis en dieselfde denotatiewe waarde as vorme met *≠bedonnerd* en *≠befok*. Voorbeelde uit VivA-KPO met *≠mal*, soos *mag·s+mal*, *ras+mal* en *sport≠mal* word in (67)-(69) gegee. Die enigste voorbeelde in die korpora met *≠gek* wat 'n adjektief is, en nie *dorp·s≠gek* of *mode≠gek* soos in (70) en (71) is nie, is die enkele gevalle van *mode≠gek*, *sokker≠gek* en *rugby≠gek* in (72)-(74). Die twee MEK's in (75), *bal≠befok* en *sport≠befok*, stem met die ander ooreen behalwe vir die taboesuffiksoïed wat gebruik word. Die verskil tussen die konstruksies is met betrekking tot hulle negatiewe betekenismente, aangesien *≠gek* en *≠mal* ook evaluerend en neerhalend is, maar moontlik met 'n laer taboewaarde as *≠bedonnerd* en *≠befok*.

- (67) Wat hierdie ou gestreepte donkie kwel, is dat skraapsugtige, **magsmal** sogenaande leiers steeds na al die eeue digters jag en teenstemme tot stilte probeer dwing.
- (68) Die wêreld, en veral natuurlik lande soos die VSA en Suid-Afrika, is besig om **rasmal** te raak.
- (69) Clement is **sportmal** en speel vir die skool se eerste rugbyspan.
- (70) Uilspieël is in die letterkunde die **dorpsgek** (" fool ") wat soms in sy " dwaasheid " groot waarhede openbaar.
- (71) Genoem na die Britse koninklike pierewaaier en **modegek**, Edward Albert Christian George Andrew Patrick David, die hertog van Windsor (1894–1972), wat later as die eggenoot van mev. Wallis Warfield Simpson (1896–1986), 'n Amerikaanse geskeide dame, geskiedenis sou maak.

- (72) Want my gedagtes is nog steeds net soos dié van 'n **modegek** vrou wat 'n keuse van honderde rok materiale het en nie in staat is om te besluit wat om te neem nie.
- (73) Die Nederlanders is heeltemal **sokkergek** verby.
- (74) Waar Nieu-Seeland in die sestiger en sewentiger jare van die vorige eeu 'n ontploffing van immigrasie van die **rugbygek** Suidsee-eilande beleef het (Auckland word as die grootste Polinesiese stad in die wêreld beskryf), kom baie van die nuwe immigrante uit lande soos Italië, en ook lande soos China, waar rugby nie werklik in dieselfde asem met sokker genoem kan word nie.
- (75) Maybe is Suid-Afrika eintlik meer **balbefok** as wat ons **sportbefok** is? Krieket, rugby, sokker, tennis. gholf. Al die fokken bal. Die bal maak ons mal!

(VivA-KPO/VivA-KPE)

3.3.1.3 Gebruik

'n Opsomming van die data word in N-tabel in Tabel 3-13 gegee. Die tabel is verdeel in konstruksies wat in die eerste helfte met *≠bedonnerd/≠bedonderd* verbind, en konstruksies wat in die tweede helfte met *≠befok* verbind. Daar is 25 Afrikaanse konstruksies gevind waarin *≠bedonnerd* en/of *≠befok* as 'n taboesuffiksoïed gebruik word. Die meerderheid van die konstruksies met *≠bedonnerd* (7 uit 10) kom in VivA-KPO voor, terwyl die meerderheid van die konstruksies met *≠befok* (10 uit 15) in VivA-KPE voorkom. Hierdie verskil wys bes moontlik op die verskil in register tussen hierdie suffiksoïede.

Op grond van die beskikbare data is hierdie konstruksies 10 keer produktiewer as *hond≠*, met $P=0.1$, aangesien *≠bedonnerd* en *≠befok* se $P=1.0$ (met die uitsondering van *≠befok* in VivA-KPE met $N=0.83$). Hierdie hoë P-waarde kom by sommige MEK's voor, soos by dubbele diminutiewe in § 6.3.2, aangesien daar soms slégs hapaxe in die korpusversamelings voorkom. Die konstruksies in hierdie gevalle is nie werklik só produktief nie, maar dit blyk so weens die aantal hapaxe. Alle MEK's waar *≠bedonnerd* of *≠befok* die tweede komponent is, se N-waarde dui op 'n lae of baie lae voorkoms van hierdie MEK's. Al die konstruksies is hapaxe met $N=24$ (VivA-KPO) en $N=20$ (VivA-KPE), met die uitsondering van *bybel≠befok* met 'n frekwensie van 2 en $N=19$. Uiteindelik kan gesê word dat hierdie MEK's produktief in Afrikaans gebruik word, maar nie besonders baie in die korpusversamelings voorkom nie.

Tabel 3-13: Woordfrekwensieklas (N) van ÷bedonnerd- en ÷befok-MEK's

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15290295</i>			<i>die = 1160695</i>		
÷bedonnerd					
beginselbedonnerd	24	1	sportbedonnerd	20	1
bidbedonnerd	24	1	tropbedonnerd	20	1
bos-bedonnerd	24	1			
doos-bedonderd	24	1			
goudbedonnerd	24	1			
GPS-bedonnerd	24	1			
kerkbedonnerd	24	1			
magsbedonnerd	24	1			
natuurbewaringbedonderd	24	1			
township-bedonderd	24	1			
virusbedonnerd	24	1			
÷befok					
<i>die = 15290295</i>			<i>die = 1160695</i>		
balbefok	24	1	bybelbefok	19	2
beeldbefok	24	1	Engels-befok	20	1
gunsbefok	24	1	Ford-befok	20	1
rasbefok	24	1	fotografiebefok	20	1
UFO-befok	24	1	godbefok	20	1
			kersfeesliggiebefok	20	1
			kopdoekbefok	20	1
			magsbefok	20	1
			selfiefefok	20	1
			taalbefok	20	1

Die enigste naamwoord wat met albei taboesuffiksoëde verbind, én in albei gevalle met die *·s-* valensiemorfeem, is *mag*. 'n Moontlike rede vir die wisseling tussen *mag·s÷bedonnerd* en *mag·s÷befok* kan 'n keuse van register wees. Die enkele voorbeeld van *mag·s÷bedonnerd* kom in VivA-KPO voor, terwyl die een voorbeeld van *mag·s÷befok* in VivA-KPE voorkom. Die enigste ander valensiemorfeem buiten die *·s-* in *mag·s÷befok* wat voorkom, is die koppelteken in *Engels-*

÷befok, *Ford-÷befok*, *GPS-÷bedonnerd* en *UFO-÷befok*. Die gebruik van die koppelteken is weens die verbinding van 'n eienaam of letternaamwoord en 'n ander komponent.

Die gebruik van *÷gek* om adjektiewe te vorm, word in Tabel 3-14 opgesom. Wat eerstens opval, is dat daar geen MEK's met *÷gek* in VivA-KPE gevind is nie. Daar is slegs 11 MEK's in VivA-KPO gevind, waarvan 8 hapaxe is. Weens al die hapaxe is $P=0.47$ vir *÷gek* in VivA-KPO, ten spyte van die beperkte aantal konstruksies. As gevolg van die gebrek aan enige MEK's in VivA-KPE kan 'n P-waarde nie bereken word nie. Dit kan met relatiewe sekerheid gestel word dat *÷gek* die voorkeurkeuse in geredigeerde Afrikaanse tekste is om adjektiewe mee te vorm.

Tabel 3-14: Woordfrekwensieklas (N) van *÷gek*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
modegek	22	5	NVT		
dorpsgek	23	2			
voëlgek	23	2			
damesgek	24	1			
elke-dag-aseemhaal-gek	24	1			
Kulula-gek	24	1			
mansgek	24	1			
partytjie-gek	24	1			
rugbygek	24	1			
sokkergek	24	1			
Venusgek	24	1			

Die MEK's met *÷mal* word in Tabel 3-15 opgesom. Die resultate lyk reeds heelwat produktiewer as *÷gek*, met 48 konstruksies in VivA-KPO en 14 konstruksies in VivA-KPE. Drie van die algemeenste konstruksies in VivA-KPO, met 'n N-waarde van 20 of laer, verwys na sport oor die algemeen of spesifieke sportsoorte: *sport÷mal*, *rugby÷mal* en *sokker÷mal*. Die twee algemeenste MEK's in VivA-KPE is ook *sport÷mal* (N=16) en *rugby÷mal* (N=17). Dit wil dus blyk asof *÷mal*-MEK's se oorsprong in 'n sportkonteks is; om na 'n obsessie met sport te verwys. Ander aktiwiteite, wat *seks*, *oorlog* en *vlieg* insluit, vorm ook deel van die data. Nog 'n observasie wat gemaak kan word, is dat daar 'n besondere hoë getal hapaxe voorkom: Van die 48 MEK's in VivA-KPO is 33 hapaxe, terwyl 7 van die 14 MEK's in VivA-KPE hapaxe is. Weens die hapaxe is $P=0.16$ in albei korpusversamelings, wat beslis op 'n produktiewe MEK in Afrikaans dui.

Tabel 3-15: Woordfrekwensieklas (N) van *±mal*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
sportmal	18	65		sportmal	16	16
rugbymal	18	50		rugbymal	17	7
sokkermal	20	19		magsmal	18	6
seksmal	20	12		binge-mal	19	3
krieketmal	21	8		geldmal	19	2
geldmal	22	3		seksmal	19	2
kunsfees-mal	22	3		skietmal	19	2
Madiba-mal	22	3		belastingmal	20	1
magsmal	22	3		bloedmal	20	1
publisiteitsmal	22	3		drankmal	20	1
dieremal	23	2		koopmal	20	1
hormoonmal	23	2		rasmal	20	1
media-mal	23	2		rassismal	20	1
oorlogsmal	23	2		spoedmal	20	1
prestasietoetsmal	23	2				
apartheidmal	24	1				
blaartjie-mal	24	1				
bloedmal	24	1				
boekmal	24	1				
braai-mal	24	1				
eilandmal	24	1				
goudmal	24	1				
kêrelmal	24	1				
kindmal	24	1				
kleurmal	24	1				
kompetisiemal	24	1				
motormal	24	1				
motorsport-mal	24	1				
Mouse-mal	24	1				
musiekmal	24	1				
rasmal	24	1				

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
Rover-mal	24	1				
selfie-mal	24	1				
skoemal	24	1				
slaai-mal	24	1				
snellermal	24	1				
spandeer-mal	24	1				
spoedlokval-mal	24	1				
spoedmal	24	1				
ster-mal	24	1				
tegnologie-mal	24	1				
tekenmal	24	1				
toere-mal	24	1				
turbo-mal	24	1				
verbruikersmal	24	1				
vliegmal	24	1				
wapenmal	24	1				
wolmal	24	1				

Daar blyk sommige konstruksies te wees wat vormlik met hierdie MEK's ooreenstem, maar nie wat die betekenisonderskeid betref nie: *Boekbedonnerd*, *rigting-∓bedonnerd*, *rigting-s-∓befok* en *bos-∓befok*. Hierdie konstruksies is uiteraard nie in die data wat bespreek is, ingesluit nie. Die rede waarom *Boekbedonnerd*, met 'n frekwensie van 11 in VivA-KPO uitgesluit is, is omdat dit die naam van 'n fees in Richmond is. Al die trefslae in die korpus verwys na dié fees en is uitgesluit, aangesien dit as geheel 'n eienaam is. Die rede vir die uitsluiting van *rigting-∓bedonnerd* en *rigting-s-∓befok* is weens die betekenisverskil met die res van die konstruksies in hierdie afdeling. Hierdie twee konstruksies kan slegs as 'kan nie rigting hou nie' of 'rigtingloos' geparafraseer word, en geensins as 'behep wees met of 'n oordrewe belangstelling hê in rigting' nie. Hierdie konstruksie se skema word in (76) ter opheldering gegee. Die vorm-betekenispaar wat hierdie konstruksies vorm, blyk sterk geleksikaliseer te wees. Daar is nie ander voorbeelde van soortgelyke konstruksies in Afrikaans waar *∓bedonnerd* en *∓befok* dieselfde betekenis het as wanneer *rigting* die eerste komponent is nie, maar dit is 'n moontlik ontluikende konstruksie.

(76) $[[a]_N [\div b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [kan\ nie\ SEM_N\ hou\ nie],$

waar [a]_N = *rigting*

waar [b]_{ADJ} = *≠bedonnerd / ≠befok*

Laastens moet *bos≠befok* ook bespreek word. Die enigste definisie wat die e-WAT (2022) vir *bos≠befok* gee, verwys na 'n tipe psigose wat die gevolg is van langdurige blootstelling aan geweld, soos veral in die tyd van die Grensoorlog algemeen was. Die voorkoms van *bos≠befok* in die korpusversamelings is beperk tot 3 trefslae in VivA-KPO en 12 trefslae in VivA-KPE. Nie een van die trefslae in VivA-KPO weerspieël die betekenis wat in die e-WAT voorgehou word nie, terwyl 1 geval in VivA-KPE in (77) in die e-WAT-betekenis gebruik word. Die betekenis wat in die res van die *bos≠befok*-MEK's voorkom, wissel tussen 'begeesterd' en 'toegerus vir die bos' soos in (78) en (79). Soortgelyk aan *rigting≠bedonnerd* en *rigting≠befok*, geld daar dus 'n moontlik ontluikende konstruksie vir *≠befok* wat in geen ander konstruksie die betekenis van 'posttraumatische depressie' het nie, behalwe waar *bos* die eerste komponent is. Die skema word in (80) gegee.

(77) Ek vermoed daar was een of ander apartheid regerings program waar hulle al die fokkers van die grensoorlog wat te erg bomskok of **bosbefok** was om in the regte wêreld aan te pas na die onderwys kollege toe gestuur het.

(78) Die Millenial fans het **bosbefok** geraak en ken al die kwaad woorde maar elke keer as van die old school songs gecover word dan staan hulle so verdwaald en rondwieg.

(79) So uur later stap hulle so uit met 'n fokken mes wat ALLES kan doen, 'n yskassie wat met 'n dinamo werk en 'n torch wat die son 'n go gee. Mos lekker **bosbefok**.

(VivA-KPE)

(80) [[a]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} ⇔ [psigose wat die gevolg van langdurige blootstelling aan geweld is],

waar [a]_N = *bos*

waar [b]_{ADJ} = *≠befok*

3.3.1.4 Opmerking

Dit is opvallend dat studies oor taboesuffiksoïede in die literatuur ontbreek, maar dat taboeprefiksoïede wel aandag geniet. Konstruksies met adjektiverende of adverbalerende taboesuffiksoïede blyk uniek aan Afrikaans te wees; die beskrywing daarvan sal beslis by nog studies baat.

3.3.2 MEK's met 'n naamwoord/adjektief/werkwoord (K1) en 'n suffiksoïed (K2): Die tipe *dom÷kop*

Konstruksies wat 'n naamwoord, adjektief of werkwoord as die eerste komponent en 'n persoonsvormende of adjektiverende suffiksoïed as tweede komponent het, word in hierdie afdeling bespreek. Voorbeelde van hierdie tipe konstruksies sluit *suur÷gat* en *slaap÷kous* soos in (81) en (82) in. Hierdie suffiksoïede is nog nie wyd bestudeer nie, veral nie in Afrikaans nie. Die studies waarin sommige van hierdie konstruksies wel aandag geniet, is studies vir Duits: Wante (2009), Meibauer (2013) en Ruppenhofer *et al.* (2018). Van Meibauer (2013) se kategorieë van Duitse affiksoïede kan ook as persoonsvormende suffiksoïede geag word. Hy onderskei affiksoïedkategorieë op basis van die betekenis lading van die komponente, en daarom is hulle nie uitsluitlik persoonsvormend van aard nie:

- (i) 'n pejoratiewe bepaler, soos in *Arschgesig* ("gat+gesig" 'poephol');
- (ii) 'n pejoratiewe kern, soos in *Nazipups* ("Nazi+poep" 'Nazipoephol');
- (iii) 'n eienaam as kern wat tot 'n pejoratiewe betekenis kan lei (slegs met voorbeelde van eiename wat in Duits gebruik kan word, nie spesifieke voorbeelde nie); en
- (iv) 'n melioratiewe kern, soos *Fußballgott* ("Sokker+god" 'sokkermeester').

(81) My sê wil ek egter sê, en veral dat hierdie ou tannie nie 'n knorrige, **suurgat** is met 'n sepiesterkompleks nie.

(82) " Kom, ou **slaapkous**, jy't nou lank genoeg geslaap. Is jy siek? "

(VivA-KPO)

3.3.2.1 Vorm

Die vorm van *dom÷kop*-MEK's kan skematies soos die skemas in (83a)-(83c) voorgestel word. Die basiskonstruksie (die eerste skema) is die een met 'n adjektief as eerste komponent, aangesien dit uit die data die algemeenste vorm van die MEK blyk te wees. Persoonsvormende suffiksoïede se metonimiese aard blyk duidelik uit die skemas.

(83) (a) $[[a]_{ADJ} [\div b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{iemand wat SEM}_{ADJ} \text{ is}],$

waar $[\div b]_N$ = suffiksoïed wat na 'n persoon of eienskap verwys

>

(b) $[[a]_V [\div b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{iemand wat gereeld SEM}_V],$

waar $[\div b]_N$ = suffiksoïed wat na 'n persoon verwys

>

(c) $[[a]_N [\div b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{iemand wat soos (n) SEM}_N \text{ is}],$

waar [÷b]_N = suffiksoïed wat na 'n persoon verwys

Ander voorbeelde van hierdie tipe konstruksie in Afrikaans is *slim÷gat* en *etter÷kop* in (84) en (85). Die vorm van hierdie MEK's stem ooreen met konstruksies soos *beginsel÷bedonnerd* en *bybel÷befok* wat in § 3.3.1 bespreek is, met die belangrike verskil dat konstruksies soos *slim÷gat* en *etter÷kop* na mense of menslike eienskappe verwys en nie adjektiverend is nie.

(84) Die **slimgat** wat oningelig hier aankom kan maklik van sienswyse verander wanneer hy sien wat aangaan.

(85) As jy weer skrik, skrik fokken wakker, jou oningeligte **etterkop**.

(VivA-KPO)

3.3.2.2 Betekenis

Suffiksoïede in *dom÷kop*-MEK's dra tot 'n pejoratiewe evaluasie in hierdie tipe MEK's by. Hierdie tipe konstruksies kan geparafraseer word as 'iemand, pejoratief beskou, wat X is' waar X die adjektief is; 'iemand wat, pejoratief beskou, gereeld Y' waar Y 'n werkwoord is; of as 'iemand wat, pejoratief beskou, soos (n) Z is' waar Z die naamwoord is. 'n MEK waarin 'n adjektief met die suffiksoïed gebruik word, is *vet÷sak* in (86), en 'n voorbeeld met 'n werkwoord is *kla÷gat* in (87). Hierdie MEK's kan as 'n spesifieke vorm van metonimie, naamlik sinekdogee, gekategoriseer word (Lakoff & Johnson, 1980:36-37). Die GKM vir sinekdogee is DEEL VIR DIE GEHEEL: Die suffiksoïed verwys na 'n deel van 'n persoon (soos ÷*gat*) of na kleding (soos ÷*sak*) om na die mens of 'n menslike eienskap te verwys. Dit is juis met behulp van metonimie, waar die deel van 'n liggaam of kledingstuk staan vir die geheel of persoon wat beskryf word, dat die pejoratiewe waarde beklemtoon word.

(86) Jy is so mooi en ek's 'n **vetsak**, maar... " Die woorde warrel nou in alle rigtings weg en Joe voel hoe raak sy gesig bloedrooi van skaamte.

(87) " Ek weier om 'n **klagat** te word soos al daardie mense met wie jy gepraat het: jou bang bure, jou vriende van die hotelkroeg, ja, selfs Charmein.

(VivA-KPO)

'n Eienskap van hierdie MEK's is, soos in die geval van die intensiverende taboeprefiksoïede wat in § 3.2.2 bespreek is, die moontlikheid vir verskillende suffiksoïede om met dieselfde eerste komponent te verbind. Een voorbeeld is *dom÷kop*, *dom÷gat* en *dom÷kont* in (88)-(90). In al drie gevalle word die konstruksies in 'n negatiewe en kwetsende konteks as taboewoorde gebruik,

maar die konstruksies is toenemend meer evaluerend as 'n mens sou aanvaar dat *÷gat* meer taboe as *÷kop*, en *÷kont* meer taboe as *÷gat* is.

(88) Die koerante wat die kommissaris 'n **domkop** genoem het vir dié besluit, behoort ten minste te erken hulle was verkeerd.

(89) Anyway, ek is seker die media gaan 'n " field trip " met die bra geniet – hy laat ongelukkig elke wit man soos 'n **domgat** lyk.

(90) Wie is die **domkont** met so n lang opinie. Vir iemand wat die Bulls en hul fans verag het hy darm vreeslik moeite gedoen met navorsing op sy onderwerp.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

Daar is onlangs, dit wil sê ná Wante (2009) en Meibauer (2013), aandag aan Duitse persoonsvormende suffiksoïede geskenk. Ruppenhofer *et al.* (2018) het sewe persoonsvormende suffiksoïede in Duits bestudeer. Die sewe suffiksoïede wat deel vorm van hulle studie is D. *÷bolzen* “÷bliksemstraal”, *÷bruder* “÷broer”, *÷gott* “÷god”, *÷hai* “÷haai”, *÷hengst* “÷hings”, *÷kaiser* “÷keiser”, en *÷könig* “÷koning”. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat suffiksoïede evaluerend gebruik word, maar dat die beperkte hoeveelheid data dit nie moontlik maak om dit met sekerheid te sê nie (Ruppenhofer *et al.*, 2018:3862). Taboesuffiksoïede in Duits, soos die Afrikaanse *÷gat* of *÷kont*, geniet nie in die genoemde studies aandag nie. Met betrekking tot Afrikaans, noem Feinauer (1981:136) dat *÷gat* die algemeenste taboewoord is, wat as slotkomponent in komposita voorkom. Feinauer se stelling sal in die volgende afdeling getoets word waarin *÷gat* se gebruik in VivA se korpusversamelings nagegaan word.

Die gebruik van hierdie tipe suffiksoïede lei nie slegs tot die naamwoordelike interpretasie nie: In (91) word *slap÷gat* as 'n naamwoord gebruik, terwyl dit as 'n adjektief in (92) gebruik word. Persone is deurlopend ter sprake, maar die woordsoortelike aard van die konstruksie is nie soseer slegs uit die vorm van die konstruksie afleibaar nie. Hierdie gebruik, waar die vorm van die woord behou word maar die betekenis of gebruik daarvan verander, staan as omskakeling bekend en is algemeen in Afrikaans (Van Huyssteen, 2020b). Vir doeleindes van hierdie bespreking word hierdie konstruksies as naamwoorde geag, terwyl dit in gedagte gehou moet word dat die adjektiewiese toepassing daarvan in baie gevalle ook moontlik is. In (93) word die skema van die adjektiverende toepassing van hierdie suffiksoïede, wat uitbreidings op (83) is, gegee.

(91) Hoe is dit moontlik dat 'n **slaggat** wat in der waarheid bitter min waarde tot haar lewe toegevoeg het haar so van koers af kon ruk?

(92) Ek het dit onder bestuur se aandag gebrink maar hul is te **slaggat** om ondersoek in te stel.

(VivA-KPO)

(93) $[[a]_{ADJ}[\div b]_N]_{ADJ} \Leftrightarrow [n \text{ pejoratiewe verwysing na SEM}_{ADJ} \text{ as 'n eienskap}]$,

waar $[a]_{ADJ}$ = adjektief

waar $[\div b]_N$ = *÷gat*

Die voorkoms van *dom÷kop*-tipe suffiksoïede is, soortgelyk aan wat Ruppenhofer *et al.* (2018:3862) vir hulle eksperimente vir Duits besef het, ook in geskrewe Afrikaans beperk. In Tabel 3-16 word die suffiksoïede aangedui wat in Afrikaans voorkom. Die meeste van die suffiksoïede wat in Tabel 3-16 gelys word, is 'n kombinasie van enkele van Wante (2009) en Meibauer (2013) se voorbeelde, asook dié van Ruppenhofer *et al.* (2018). In die eerste kolom word die Afrikaanse of vertaalde suffiksoïed aangedui, in die tweede kolom 'n voorgestelde kategorie, en die tale waarin die suffiksoïed voorkom in die derde kolom. Aangesien daar, anders as vir taboeprefiksoïede wat in Tabel 3-3 gekategoriseer is, nog nie besliste kategorieë vir die indeling van hierdie suffiksoïede bestaan nie, is die tweede kolom bloot voorstelle.

Tabel 3-16: Suffiksoïede wat na persone of eienskappe verwys in Afrikaans

<i>Afrikaanse of vertaalde suffiksoïed</i>	<i>Moontlike kategorie</i>	<i>Taal</i>
<i>÷balie</i>	HOUER	Afr.
<i>÷baron</i>	BEROEP	D. Ndl.
<i>÷bliksemstraal</i>	NATUURVERSKYNSEL	D.
<i>÷boer</i>	BEROEP	D. Ndl.
<i>÷broek</i>	KLEDINGSTUK	Afr.
<i>÷broer</i>	FAMILIELID	D. Ndl.
<i>÷esel</i>	DIER	Afr.
<i>÷gat</i>	LIGGAAMSDEEL	Afr. Ndl. D.
<i>÷gesig</i>	LIGGAAMSDEEL	Afr. Ndl. D.
<i>÷god</i>	RELIGIEUSE FIGUUR	Afr. Ndl. D.
<i>÷ghoeroe</i>	BEROEP	D.
<i>÷haai</i>	DIER	D.
<i>÷haas</i>	DIER	D. Ndl.
<i>÷hans</i>	PERSOONSNAAM	D. Ndl.

<i>Afrikaanse of vertaalde suffiksoïed</i>	<i>Moontlike kategorie</i>	<i>Taal</i>
<i>÷janus</i>	PERSOONSNAAM	Ndl.
<i>÷keiser</i>	BEROEP	D.
<i>÷kont</i>	LIGGAAMSDEEL	Afr.
<i>÷kop</i>	LIGGAAMSDEEL	Afr. D. Ndl.
<i>÷kous</i>	KLEDINGSTUK	Afr. D. Ndl.
<i>÷lap</i>	KLEDINGSTUK	Afr. D. Ndl.
<i>÷magnaat</i>	BEROEP	D. Ndl.
<i>÷neus</i>	LIGGAAMSDEEL	Afr. D. Ndl.
<i>÷piet</i>	PERSOONSNAAM	D. Ndl.
<i>÷pous</i>	BEROEP	D. Ndl.
<i>÷sak</i>	KLEDINGSTUK	Afr. D. Ndl.
<i>÷stert</i>	LIGGAAMSDEEL	Afr.

3.3.2.3 Gebruik

Die data wat uit VivA se korpusversamelings onttrek is, word in Tabel 3-17 tot Tabel 3-21 opgesom. Nie al die suffiksoïede wat in Tabel 3-16 voorkom se gebruik kon vir Afrikaans gevind word nie, en daarom is daar nie vir elkeen 'n tabel nie.

3.3.2.3.1 *÷gat*

MEK's met *÷gat* word in Tabel 3-17 opgesom. Die voorbeeldsinne in (94) en (95) dien as tekenende voorbeelde van die algemene gebruik van *÷gat*. Die sinne dien ook gedeeltelik ter staving van Feinauer (1981) se stelling oor hoe gereeld *÷gat* in Afrikaans voorkom. Ander komplekse met *gat*, soos die komposita *keel+gat* en *depressie+gat* en geleksikaliseerde konstruksies soos *blougat* ('iemand wat onervare in 'n pos is') en *bakgat* ('piekfyn, agtermekaar, netjies'), is anders as MEK's met *÷gat*. Die MEK's verwys eerstens nie na letterlike of metaforiese gate (soos *keel+gat* en *depressie+gat*) nie, en tweedens is MEK's morfologies analiseerbaar (anders as *blougat* en *bakgat*). As die voorbeelde in (94) oorweeg word, is *dronk÷gat*, *zef÷gat* en *stink÷gat* naamwoordgevalle, terwyl die toepassing van *÷gat* in *oppikoppi÷gat* gebruik word om te verwys na iemand wat baie van Oppikoppi hou of dit gereeld bywoon. Al die gevalle in (95) is nominaliserend; sommiges soos *windgat* en *blougat* is geleksikaliseer.

- (94) Los die effies maar ouens, as julle dink jou **dronkgat, zefgat, oppikoppigat, stinkgat, dink-jy-is-poes-snaaks-maar-eintlik-nie-gat**., met die mooiste tjerries gaan score, Meneer Doenbaar se vir jou " Vergeet dit bra, jy is glad nie so aantreklik nie!
- (95) Hoe sou ons ooit 'n ou ordentlik kon beskryf as ons nie 'n **windgat, 'n suurgat, 'n slapgat, 'n har-degat** (soos James Small of James Dalton), 'n **losgat, 'n vuil-gat** (op 'n rugbyveld), 'n **blougat** (nuwe outjie in die koshuis of die weermag), 'n gatkruiper, 'n **langgat** of 'n **kortgat** gehad het nie?!

(VivA-KPE/VivA-KPO)

Uit die *÷gat*-MEK's in Tabel 3-17 lyk dit of woorde met 'n negatiewe gevoelswaarde met *÷gat* verbind. Daar is 'n opvallende gemeenskaplike patroon in VivA-KPO en VivA-KPE: 'n Totaal van 59 MEK's is in VivA-KPO gevind, waarvan 17 hapaxe is, teenoor die 58 MEK's in VivA-KPE, wat ook 17 hapaxe insluit. As gevolg van die hapaxe wat byna 'n derde van die konstruksies in beide versamelings verteenwoordig, is *÷gat* relatief produktief met $P=0.01$ in albei korpus-versamelings. Die hapaxe is egter nie hapaxe in albei versamelings nie, byvoorbeeld *zef÷gat* wat 'n hapax in VivA-KPO is terwyl *zef÷gat* 42 trefslae (N=17) in VivA-KPE het. Daar is uiteindelik 7 hapaxe in VivA-KPO wat 'n hoër frekwensie in VivA-KPE het, en 3 hapaxe in VivA-KPE wat 'n hoër frekwensie in VivA-KPO het. Hierdie verskil is bes moontlik 'n gevolg van die verskil tussen die tipes dokumente in VivA-KPO teenoor dié in VivA-KPE.

Tabel 3-17: Woordfrekwensieklas (N) van *÷gat*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 14058066</i>				<i>die = 1080247</i>		
windgat	15	328		slapgat	10	872
kaalgat	16	248		windgat	12	214
hardegat	16	244		kaalgat	13	185
slapgat	16	209		grapgat	13	132
banggat	17	83		dronkgat	14	77
stoutgat	18	67		hardegat	14	69
suurgat	18	55		dikgat	14	57
armgat	18	47		armgat	14	53
dronkgat	18	40		rykgat	14	53
dikgat	19	34		suurgat	14	49
maergat	19	26		jammergat	14	48
vuilgat	19	26		banggat	15	46

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 14058066</i>				<i>die = 1080247</i>		
vetgat	19	24		gomgat	15	45
kortgat	19	22		zefgat	15	42
luigat	19	22		vuilgat	15	41
flentergat	19	25		luigat	15	38
gomgat	19	20		stoutgat	15	31
grapgat	19	19		vetgat	15	27
drinkgat	20	18		maergat	16	19
kuiergat	20	18		mofgat	17	11
rykgat	20	18		kortgat	17	10
losgat	20	17		drinkgat	17	7
pisgat	20	12		suipgat	17	7
dronkgat	21	7		losgat	17	6
goorgat	21	7		lamgat	18	5
lamgat	21	7		martelgat	18	5
wipgat	21	5		wipgat	18	5
slimgat	22	4		geelgat	18	4
geldgat	22	4		hanggat	18	4
mofgat	22	4		kermgat	18	4
domgat	22	3		papgat	18	4
hansgat	22	3		rofgat	18	4
kermgat	22	3		domgat	18	3
langgat	22	3		kouegat	18	3
martelgat	22	3		malgat	18	3
stinkgat	23	2		slaapgat	18	3
blinkgat	23	2		flentergat	19	2
geelgat	23	2		gromgat	19	2
hongergat	23	2		pisgat	19	2
jammergat	23	2		skuimgat	19	2
klagat	23	2		slimgat	19	2
morsgat	23	2		bankrotgat	20	1
astrantgat	24	1		bederfgat	20	1
bittergat	24	1		drankgat	20	1
gromgat	24	1		gekgat	20	1

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 14058066</i>				<i>die = 1080247</i>		
hakkelgat	24	1		geldgat	20	1
kruppelgat	24	1		glamourgat	20	1
malgat	24	1		goudgat	20	1
papgat	24	1		hansgat	20	1
raasgat	24	1		naargat	20	1
rofgat	24	1		oppikoppigat	20	1
skraalgat	24	1		sagtegat	20	1
slaapgat	24	1		skelmgat	20	1
sloergat	24	1		slonsgat	20	1
stilgat	24	1		slymgat	20	1
stinkrykgat	24	1		snotgat	20	1
suipgat	24	1		stinkgat	20	1
woelgat	24	1		walggat	20	1
zefgat	24	1				

Die 4 MEK's met die laagste N-waardes in VivA-KPO (een met N=15 en die ander met N=16) stem byna ooreen met die MEK's wat die meeste in VivA-KPE voorkom (met N=10, N=12 en N=13). Die enigste verskil is dat *hardegat* in VivA-KPO een van die konstruksies is wat die meeste voorkom, waar dit *grap-gat* in VivA-KPE is. 'n Aantal geleksikaliseerde konstruksies soos *windgat*, *gomgat* en *geelgat* is in die tabel ingesluit aangesien hulle steeds na mense of menslike eienskappe verwys en op grond daarvan *-gat*-MEK's is. Die geval van *geel-gat* is belangwekkend aangesien dit in die konteks in (96) blyk dat dit 'n Afrikaanse MEK is wat gebruik kan word om na 'n lafaard of die gedrag van 'n lafaard te verwys. Die erkende woordeboekbetekenis van *geelgat* is slegs as 'n verkorting van *geelgatvoël*.

(96) Sy is so **geelgat** dat sy haarself van facebook verwyder.

(VivA-KPE)

3.3.2.3.2 *-kop*

'n Suffiksoïed wat soortgelyk aan *-gat* is en algemeen in Afrikaans voorkom, met P=0.02 in VivA-KPO en P=0.04 in VivA-KPE, is *-kop*. Die voorkoms van MEK's met *-kop* word in Tabel 3-18 opgesom; die pejoratiewe aard van die konstruksies is deurlopend van belang. Soortgelyk aan

hoe *-gat* in Afrikaans gebruik word, blyk daar 'n aantal geleksikaliseerde konstruksies met *-kop* te wees wat uitsluitlik as skeldname gebruik word. Drie voorbeelde uit VivA-KPO is *luis-kop*, *skuim-kop* en *tiet-kop* in (97)-(99). Uit die kontekste blyk dit hoe die konstruksies as algemene skeldname gebruik word; die eerste komponente word slegs vir hulle negatiewe konnotasies gebruik om die konstruksie meer evaluerend te laai. Uit Tabel 3-18, meer spesifiek die konstruksies in VivA-KPE, is die meeste MEK's algemene beledigings: Die eerste komponent se betekenis is slegs funksioneel in soverre dit 'n negatiewe konnotasie vir die gebruiker of die taalgemeenskap oor die algemeen het.

(97) Kap daai kop af, hy is in elk geval net goed om gemors uit te dink. Die polisie moet ophou slapgat wees, daai **luiskop** vang en hande afkap dan kan hy / sy mos nie meer steel nie

(98) God hou sy hand oor ons. Mooi geskiet daar. Nog een **skuimkop** minder op die planeet!

(99) Niemand kan nog vyf jaar van daai **tietkop** se getjommel handle nie, so we need all the help we can get!

(VivA-KPE)

Tabel 3-18: Woordfrekwensieklas (N) van *-kop*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
rooikop	14	864	rooikop	14	77
slimkop	15	342	Stortkop	14	75
donkerkop	15	341	poeskop	14	74
koelkop	16	311	kaalkop	14	70
blondekop	16	296	snotkop	14	67
loskop	16	266	kakkop	14	57
grootkop	17	150	tietkop	15	48
klipkop	17	118	koelkop	15	43
skuimkop	17	118	pielkop	15	38
borselkop	17	112	bleskop	15	36
krulkop	17	106	kaaskop	15	31
koolkop	17	90	koolkop	15	27
swartkop	17	87	domkop	16	25
domkop	18	76	slimkop	16	25
korrelkop	18	74	kontkop	16	24

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
witkop	18	60		loskop	16	23
tikkop	18	59		platkop	16	22
pielkop	18	57		etterkop	16	21
hardekop	18	55		houtkop	16	20
botterkop	18	52		kortkop	16	20
snotkop	18	47		krulkop	16	18
hoenderkop	18	46		blondekop	16	17
bossiekop	18	44		hoenderkop	16	17
emmerkop	19	36		petrolkop	16	16
pankop	19	35		donkerkop	16	15
petrolkop	19	34		klipkop	17	12
ringkop	19	33		pankop	17	12
houtkop	19	32		knopkop	17	11
malkop	19	32		malkop	17	11
platkop	19	32		mopkop	17	11
ligtekop	19	25		dooskop	17	10
bottelkop	19	24		lapkop	17	10
Skurwekop	19	24		eierkop	17	9
bakkop	19	21		klierkop	17	9
bruinkop	20	18		zolkop	17	9
Pankop	20	14		kroeskop	17	8
kloukop	20	12		gryskop	17	7
stompkop	20	12		Kaalkop	17	7
etterkop	21	10		korrelkop	17	7
grendelkop	21	10		pypekop	17	7
pampoenkop	21	10		skurwekop	17	7
hiphop-kop	21	9		tikkop	17	7
mopkop	21	9		bewekop	18	6
dofkop	21	8		gieterkop	18	6
eierkop	21	6		hardekop	18	6
Stormkop	21	6		knoffelkop	18	6
aapkop	22	5		bakkop	18	5
klierkop	22	5		klontkop	18	5

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
knalkop	22	5		skuimkop	18	5
Knolkop	22	5		wolkop	18	5
knopkop	22	5		Lapkop	18	4
wortelkop	22	5		naaikop	18	4
daggakop	22	4		ringkop	18	4
Hoeterkop	22	4		showerkop	18	4
koperkop	22	4		swartkop	18	4
ligkop	22	4		borrelkop	19	3
Papkop	22	4		Bruinkop	19	3
sakekop	22	4		daggakop	19	3
tietkop	22	4		doekkop	19	3
vlamkop	22	4		hoeterkop	19	3
Bakkop	22	3		klapperkop	19	3
Besemkop	22	3		LOS-kop	19	3
boomkop	22	3		Ringkop	19	3
doekkop	22	3		troffelkop	19	3
kantelkop	22	3		tweekop	19	3
kleinkop	22	3		vetkop	19	3
knoffelkop	22	3		vrotkop	19	3
kwaaikop	22	3		Waatlemoenkop	19	3
leegkop	22	3		witkop	19	3
Perekop	22	3		Zaberkop	19	3
Pieringkop	22	3		Bleskop	19	2
pitkop	22	3		blinkkop	19	2
storiekop	22	3		Bloukop	19	2
strooikop	22	3		borselkop	19	2
syferkop	22	3		bossiekop	19	2
vetkop	22	3		botterkop	19	2
wynkop	22	3		Clutchkop	19	2
bandietkop	23	2		dofkop	19	2
bewekop	23	2		kluitkop	19	2
Blokkop	23	2		Kokainekop	19	2
boekhouerkop	23	2		leëkop	19	2

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
bolkop	23	2		Maankop	19	2
bollakop	23	2		mofkop	19	2
deurmekaarkop	23	2		papkop	19	2
gouekop	23	2		Patatkop	19	2
hoofkop	23	2		Pitkop	19	2
KAALKOP	23	2		Sementkop	19	2
Kettiekop	23	2		stomkop	19	2
knopkieriekop	23	2		tottiekop	19	2
Koerkop	23	2		vlamkop	19	2
Kontkop	23	2		whisky-kop	19	2
langkop	23	2		Beetkop	20	1
meneer-kop	23	2		bleekkop	20	1
metaalkop	23	2		bloukop	20	1
monsterkop	23	2		dopperkop	20	1
Motkop	23	2		dwelmkop	20	1
narkop	23	2		flop-kop	20	1
natkop	23	2		Gifkop	20	1
otterkop	23	2		Grootkop	20	1
Piesangkop	23	2		holkop	20	1
plastiëkop	23	2		Jokekop	20	1
plukkerkop	23	2		kiepiekop	20	1
silwerkop	23	2		Kilpkop	20	1
skilferkop	23	2		klitkop	20	1
Skurfkop	23	2		Knolkop	20	1
skuurkop	23	2		kom-kop	20	1
Tepelkop	23	2		Kondoomkop	20	1
troffelkop	23	2		Koperkop	20	1
vadoëkop	23	2		kreukelkop	20	1
vuurkop	23	2		kringkop	20	1
beendonkerkop	24	1		kroesiekop	20	1
besemkop	24	1		Kuifkop	20	1
Bleekkop	24	1		Leegkop	20	1
Blikoor-bossiekop	24	1		luiskop	20	1

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
blonde-gemmerkop	24	1		Moegoekop	20	1
Boere-penkop	24	1		mufkop	20	1
Boggelkop	24	1		pampoenkop	20	1
boggelrugkop	24	1		patatkop	20	1
Bontkop	24	1		peperkorrelkop	20	1
Brylcream-kop	24	1		poefkop	20	1
duiselkop	24	1		proeskop	20	1
flenniekop	24	1		raskop	20	1
gieterkop	24	1		rondekop	20	1
helderkop	24	1		siekkop	20	1
heuningkop	24	1		Skroefkop	20	1
hip-hop-grootkop	24	1		smoorkop	20	1
hoedjiekop	24	1		spieelkop	20	1
Jollykop	24	1		Stompkop	20	1
kafkop	24	1		Toffiekop	20	1
kantienkop	24	1		toskop	20	1
kapaterkop	24	1		Totterkop	20	1
kapstylkop	24	1		vadoekkop	20	1
kerriekop	24	1		Wortelkop	20	1
k-kop	24	1		wynkop	20	1
klapperdopkop	24	1				
klapper-kop	24	1				
kleikop	24	1				
Kletsrym-Kop	24	1				
klopper-kop	24	1				
knasterkop	24	1				
koeikop	24	1				
kokaïenkop	24	1				
kopseerkop	24	1				
krulhaarkop	24	1				
leë-kop	24	1				
lepelkop	24	1				
Limietkop	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
loomkop	24	1				
mofkop	24	1				
mufkop	24	1				
opperklontkop	24	1				
Palmkop	24	1				
papawerkop	24	1				
papegaaikop	24	1				
papsak-kop	24	1				
pianokop	24	1				
pienkkop	24	1				
pilkop	24	1				
poefiekop	24	1				
popkop	24	1				
pramkop	24	1				
robotkop	24	1				
rock-kop	24	1				
rubberkop	24	1				
Saalkop	24	1				
semelkop	24	1				
seuntjiekop	24	1				
sjefkop	24	1				
sproetgesig-wortelkop	24	1				
stil-kop	24	1				
stofperm-mopkop	24	1				
storieboekrooikop	24	1				
streepkop	24	1				
strontkop	24	1				
styfkop	24	1				
sufkop	24	1				
surfer-kop	24	1				
suurpolletjiekop	24	1				
swaarkop	24	1				
swynkop	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
tegno-kop	24	1				
torkop	24	1				
tromkop	24	1				
uitsaai-ringkop	24	1				
uitstralings-kop	24	1				
Vrotkop	24	1				
wiskundekop	24	1				
wolkekop	24	1				
Zolkop	24	1				
zoom-kop	24	1				

Dit blyk ook uit die data dat daar *÷kop*-MEK's is wat, benewens die gebruik as skeldnaam, na 'n verslaafde of 'n persoon se hare of haarstyl verwys. In hierdie opsig is dit moeilik om te onderskei tussen MEK's, geleksikaliseerde konstruksies, en sinekdogee wat grens aan metaforiek. Voorbeelde van hierdie tipe konstruksies is *krul÷kop*, *tik÷kop* en *petrol÷kop* in (100)-(102). Die drie konstruksies is ook in die volgorde van die meeste tot die minste deursigtigheid: In *krul÷kop* word na iemand met krulhare verwys, in *tik÷kop* word verwys na iemand wat aan tik verslaaf is, terwyl *petrol÷kop* byna 'n geleksikaliseerde MEK is wat verwys na iemand wat 'n motorfanatikus is. Dit is daarom nie moontlik om elkeen van die *÷kop*-MEK's as 'iemand wat X is' waar X die adjektief is, of 'iemand wat soos (n) Z is' waar Z die naamwoord is, te parafraseer nie.

(100) Gross, hoe ons dit regkry om nie daai **krulkop** dandruff rep te kies nie maak my lam.

(101) Hierdie **tikkop** het sy ma met 'n graaf en koevoet doodgemartel en haar lyk agter 'n kar aan vasgemaak en weggesleep.

(102) 'n Australian **petrolkop** het 'n hover bike gebou wat teoreties teen 173 myl per tot op 'n hoogte van 3 kilometer kan fokof.

(VivA-KPE)

As 'n mens *÷kop* se verskillende gebruiksmoontlikhede in ag neem, kan die skemas in (83) met die skemas in (103) uitgebrei word. Die betekenisonderskeid in (103b) skakel tot 'n mate met adjektiverende taboesuffiksoëde soos *÷bedonnerd* en *÷befok* wat in § 3.3.1 bespreek is. Die betekenis van beide suffiksoëde hou met obsessies of verslawings verband.

(103) (a) $[[a]_x [b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{skeldnaam}]$,

waar $[a]_x$ = adjektief, naamwoord of werkwoord met 'n negatiewe konnotasie

waar $[b]_N = \neq kop$

≈

(b) $[[a]_N [b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{iemand wat aan SEM}_x \text{ verslaaf is}]$,

waar $[a]_N$ = 'n dwelm of iets wat verslawend kan wees

waar $[b]_N = \neq kop$

3.3.2.3.3 $\neq neus$

Die MEK's met $\neq neus$ in Tabel 3-19 toon 'n duidelike tendens waar taboes as eerste komponent gebruik word om skeldname te vorm. Hierdie konstruksie verbind by uitstek met komponente met 'n negatiewe gevoelswaarde, wat die nietaboes *plat* en *wys* insluit. Die mees frekwente konstruksie in albei versamelings is *snot≠neus* (N=18 in VivA-KPO; N=15 in VivA-KPE). In *snot≠neus* word meestal na kinders of kinderagtige optrede verwys, en daarom word dit as 'n MEK ingesluit. Die gebruik van *poes≠neus* in albei korpusversamelings, asook 'n hapax soos *etter≠neus* in VivA-KPE, bevestig die funksie van $\neq neus$ om as skeldwoordkomponent gebruik te word. 'n Ander voorbeeld in Tabel 3-19 wat uitgesonder kan word, is *klot-neus* in (104). Uit die konteks blyk dit 'n unieke skeldwoord te wees aangesien *klot-* nie 'n Afrikaanse woord is nie. Daar is helaas te min data om 'n algemene stelling te maak, maar dit lyk dus asof $\neq neus$ onproduktief in Afrikaans is. Die skema in (105) dien as 'n verdere uitbreiding op die skemas in (87).

(104) ek gaan al na 2. 05 m lank, meeste deur kosyne is maar 2m lank en ek buk maar deur

Klotneus Julius Malema: " The purpose of Telkom is not to make a profit, it's to provide electricity... " - Julius Malema on Radio 702 (on August 2, 2011)

(VivA-KPE)

(105) $[[a]_x [b]_{NMLZ}]_N \Leftrightarrow [\text{skeldnaam}]$,

waar $[a]_x$ = adjektief, naamwoord of werkwoord met 'n negatiewe konnotasie,

waar $[b]_{NMLZ} = \neq neus$

Tabel 3-19: Woordfrekwensieklas (N) van ÷neus-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
snotneus	18	58		snotneus	15	31
platneus	21	11		poesneus	16	15
poesneus	22	4		platneus	17	13
				wysneus	17	11
				pielneus	18	4
				etterneus	20	1
				Klotneus	20	1

3.3.2.3.4 ÷kous

Die volgende suffiksoïed, wat meestal saam met werkwoorde voorkom wat na negatiewe aksies verwys, is ÷kous. Die data vir die MEK's vir ÷kous word in Tabel 3-20 opgesom. In albei korpusversamelings is *kla÷kous* die algemeenste konstruksie, met N=18 in VivA-KPO en N=17 in VivA-KPE. Die ander werkwoorde wat met ÷kous voorkom, sluit *slaap*, *kekkel* en *sloer* in – werkwoorde wat na aksies verwys wat oor die algemeen afkeurenswaardig is.

Tabel 3-20: Woordfrekwensieklas (N) van ÷kous-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
klakous	18	59		klakous	17	14
kekkelkous	18	46		kermkous	19	2
kletskous	19	28		babbelkous	20	1
slaapkous	19	27		natkous	20	1
babbelkous	19	26		slaapkous	20	1
kommerkous	21	11				
slonskous	21	8				
kermkous	21	7				
neulkous	22	5				
praatkous	23	2				
slimkous	23	2				
aanlynkletskous	24	1				
aanlynvideokletskous	24	1				

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
flodderkous	24	1				
koue-kous	24	1				
seurkous	24	1				
sloerkous	24	1				
suurkous	24	1				

Dit blyk uit die data dat *÷kous*, anders as wat die geval met *÷gat* en *÷kop* is, geneig is om met werkwoorde te verbind. Die uitsonderings in Tabel 3-20 is *slim÷kous*, *koue÷kous* en *suur÷kous* in VivA-KPO en *nat÷kous* in VivA-KPE. Die voorkeurkeuse vir Afrikaanssprekendes wanneer hulle werkwoorde met behulp van 'n suffiksoïed wil nominaliseer, blyk dus volgens die data om *÷kous* te wees. Die skema in (106) dien as 'n spesifieker skema vir *÷kous*-MEK's.

(106) $[[a]_v [b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{skeldnaam}]$,

waar $[a]_x$ = werkwoord wat op na 'n afkeurenswaardige aksie verwys

waar $[b]_N$ = *÷kous*

3.3.2.3.5 Ander

Daar is ander suffiksoïede wat (nog) nie algemeen in Afrikaans gebruik word nie, een van hulle is *÷balie* se enkele MEK's in Tabel 3-21. Met die uitsondering van *Boos÷balie* wat in die korpus na 'n eienaam lyk, is dit slegs *tjank÷balie* wat in albei korpusversamelings voorkom. Die ander konstruksies, *piepie÷balie* en *skreeu÷balie*, is hapaxe in VivA-KPO. Dieselfde beperkte gebruik geld in die geval van *÷broek*, wat slegs in *bang÷broek* as 'n MEK eerder as kompositum gebruik word.

Tabel 3-21: Woordfrekwensieklas (N) van *÷balie*-MEK's

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
tjankbalie	19	40		tjankbalie	16	16
Boosbalie	22	3				
piepiebalie	24	1				
skreeubalie	24	1				

3.3.2.4 Opmerkings

In Afrikaans kom \div god as 'n suffiksoïed voor, soos in die voorbeelde in (107)-(109), maar daar is 'n betekenisverskil met die Duitse \div gott soos dit in Ruppenhofer *et al.* (2018) beskryf word. Die Afrikaanse MEK's in (107)-(109) kan onderskeidelik as 'verslawing aan drank', 'verslawing aan geld' en 'verslawing aan sport' geparafraseer word. In al die Afrikaanse voorbeelde verbind \div god met Afrikaanse naamwoorde en verwys hulle nie na persone nie, maar 'n verpersoonliking van iets wat verslawend is.

(107) Ek praat nie net van die **drankgod** en sedeloosheid nie, maar sonpilare en beelde en simbole wat onder ons hoogtui vier wat hulle oorsprong in songodaanbidding het.

(108) Vergeet van munisipaliteit en vergeet van die regering - die **geldgod** het daar oorgeneem, en ry almal die verdoemenis in

(109) Terwille van die **sportgod** het 69% van die 87% wat gestem het vir FW die ja-woord gegee.

(VivA-KPE, VivA-KPO)

Wanneer studies soos Wante (2009) en Ruppenhofer *et al.* (2018) vir Duitse suffiksoïede oorweeg word, is dit duidelik dat daar nog geleentheid vir die bestudering van persoonsvormende suffiksoïede in Afrikaans bestaan. Vrae soos waarom \div kous en \div broek as suffiksoïede in Afrikaans funksioneer, maar nie ?? \div rok of ?? \div baadjie nie, of tot watter mate sulke suffiksoïede in Wes-Germaanse tale ooreenstem, moet met behulp van verdere studies beantwoord word.

Die verklarende krag van metonimie vir (alle) MEK's behoort ook in die toekoms verder ondersoek te word. Meibauer (2013) meen dat metonimie gebruik kan word om die algehele verskynsel van affiksoïede te verklaar en beroepe op enige funksionele konstruksiebenaderings is nie volgens hom nodig nie.

3.4 Samevatting

Die beskrywing van affiksoïede in hierdie hoofstuk is verdeel in 'n onderafdeling oor prefiksoïede in § 3.2 en een oor suffiksoïede in § 3.3. In § 3.2 is onderskei tussen prefiksoïede wat nie taboes is nie, meer spesifiek *hond* \div in Afrikaans, en taboeprefiksoïede soos *kak* \div en *moer* \div . Die prefiksoïede het in hulle aard as taboes of nietaboes, en by implikasie hulle omvang, verskil: 'n Eienskap wat albei die tipes prefiksoïede deel, is die feit dat hulle 'n intensiverende betekenis het. Die data vir *hond* \div het gedui op 'n prefiksoïed wat produktief in Afrikaans is, aangesien *hond* \div al na verskillende nieverbandhoudende adjektiewe uitgebrei het. Daar is ook gewys op ander versteende diernaamintensiveerders, soos *stapel* \div en *perd* \div , wat nie soos *hond* \div in Afrikaans uitgebrei het nie. Siende dat Afrikaans bes moontlik die intensiverende gebruik van *hond* \div uit 17e-

eeuse Duits geërf het, dat *sau-* deesdae in Duits gebruik word om te intensiveer, en dat *ap-* en *ber-* in Nederlands gebruik word om mee te intensiveer, dui op 'n interessante taalvergelykende verskynsel waar diername (lukraak) as intensiveerders ontwikkel.

Die geval van taboeprefiksoïede in Afrikaans verskil van *hond-* of ander naamwoorde wat prefiksoïede is aangesien taboes inherent evaluerend is en daar soveel opsies vir taalgebruikers beskikbaar is. Uit die bespreking van die korpusdata vir taboeprefiksoïede in § 3.2.2.3 is dit duidelik dat taboes geredelik in Afrikaans vir intensivering gebruik word. Daar is eerstens op die produktiewe gebruik van *kak-* en *poes-*, veral in die tipes tekste soos dié in VivA-KPE, gewys. Terwyl *fok-*, *tos-* en *pis-* se gebruik as taboeprefiksoïede tans nog tot enkele MEK's beperk is, is dit ook bespreek. 'n Belangrike ontdekking vanuit die data is die gebruik van taboeprefiksoïede, hoofsaaklik *kak-*, om naamwoorde ook te intensiveer. Hierdie stap in die gebruik van taboeprefiksoïede plaas hulle in 'n klas saam met Germaanse en Klassieke prefikse – wat in hoofstuk 6 bespreek word – wat met adjektiewe én naamwoorde kan verbind om intensiverende betekenis te gee.

In § 3.3 is aandag aan Afrikaanse suffiksoïede geskenk. Daar is 'n onderskeid op grond van die suffiksoïede se funksie, eerder as hulle taboestatus, getref. Eerstens is daar in § 3.3.1 na adjektiverende suffiksoïede soos *-mal* en *-bedonnerd* gekyk. Hierdie MEK's het die unieke betekenisonderskeid waar die gebruiker 'n waargenome obsessie evaluerend kan beskryf: om eerder te sê iemand is *Ford--befok* as om te verwys na iemand se Ford-obsessie. Die algemene gebrek aan studies oor adjektiverende taboosuffiksoïede het dit beslis duidelik gemaak dat hierdie konstruksies uitsonderlik in Afrikaans is.

In § 3.3.2 is suffiksoïede wat persoonsvormend of eienskapvormend is, byvoorbeeld *-gat* en *-neus*, beskryf. Die persoonsvormende suffiksoïede wat die meeste in Afrikaans aangetref word, blyk *-gat*, *-kop* en *-kous* te wees. Die ander suffiksoïede, soos *-balie* en *-broek*, kom slegs sporadies voor, maar is vir volledigheid ook by die bespreking ingesluit. Die geleentheid wat hierdie tipe suffiksoïede, met spesifieke verwysing na *-kop* en *-neus*, vir gebruikers bied om skeldname te vorm, is volgens die data 'n produktiewe gebruiksmoontlikheid.

Hoofstuk 4: Komposita

4.1 Inleiding

Afrikaanse intensiewe vorme, as MEK's wat as komposita geklassifiseer kan word, was tot relatief onlangs 'n terrein wat dekades gelede laas in Afrikaans aandag geniet het. Hoofsaaklik bestaan daar slegs ouer bronne waarin verskillende aspekte van intensiewe vorme bespreek word, soos Combrink (1967), Esterhuizen (1974), Kempen (1969), Kruger (1977) en Liebenberg (1983). In hierdie studies word intensiewe vorme meestal volgens die verhoudings tussen die komponente geklassifiseer, en slegs oppervlakkig bespreek. Onlangse studies soos dié van Dekeukelaere (2016), Berghoff (2016, 2020) en Van Beveren (2016) bespreek wel intensiveringskonstruksies in Afrikaans, maar hulle fokus op sintaktiese konstruksies en word daarom nie verder bespreek nie.

Hoeksema (2012) bestudeer Nederlandse intensiewe vorme oor die algemeen en identifiseer agt kategorieë vir die klassifikasie daarvan. Hy maak gebruik van die term "relative compounds" om na al die konstruksies te verwys, en hy gebruik dié term as 'n versamelnaam vir intensiewe vorme met, onder andere, taboes, affiksoïede en naamwoorde as intensiverende komponente. Die agt kategorieë wat Hoeksema onderskei, baseer hy op die verhoudings tussen die komponente wat intensiveer en die komponent wat geïntensiveer word. Die kategorieë, met Afrikaanse voorbeelde, word in (i)-(viii) gelys.

- (i) Stereotipiese vergelyking, soos in *engel+rein*
- (ii) Analogiese uitbreiding van vergelykings, soos in *stok≠oud*
- (iii) Kousatiewe verhouding, soos in *bibber+koud*
- (iv) Eerste komponent is 'n taboe, soos in *kak≠warm*
- (v) Evaluerende prefiks of affiksoïed, soos in *aarts·lui*
- (vi) Maatnaamwoord as intensiveerder, soos in *ell+e·lange*
- (vii) Naamwoord as kernkomponent, soos in *kak≠spoed*
- (viii) Intensiewe vorm van kleur, soos in *goud+geel*

Benewens Hoeksema (2012) is daar legio studies waarin intensiewe vorme in Nederlands aandag geniet: Appel (2015), Cromptvoets en Reker (1999), Fletcher (1980), Van den Toorn

(1983), en Van Mulken en Schellens (2012) is slegs enkele voorbeelde. Van der Sijs (2001:537-545) se diachroniese werk oor Nederlands sluit besprekings van intensiewe vorme (genoem *versterkende bijvoeglijke naamwoorde*) in, met oorweging van wanneer hulle as intensiewe vorme begin gebruik is. Van der Sijs maak die opmerking dat veral nuwe intensiewe vorme wat sedert 1960 gevorm is, nie werklik 'n ontwikkeling vanaf 'n letterlik vergelykende betekenis na 'n figuurlik intensiverende betekenis toon nie.

Die identifisering van kategorieë, hetsy met betrekking tot vorm, funksie of betekenis, blyk die norm in die deursneestudie oor intensiewe vorme te wees. Dit skakel met Combrink (1967) wat vier kategorieë vir Afrikaanse intensiewe vorme identifiseer, soos herskryf in (i) tot (iv) hier onder, met voorbeelde uit VivA se korpusversamelings. Combrink (1967:72-73) meen dat die eerste twee kategorieë produktief in Afrikaans is en dat die laaste twee uitsonderlik is (gegewe dat sy data Afrikaanse reklamestukke was). Combrink se kategorieë toon 'n mate van ooreenstemming met dié van Hoeksema (2012): Buiten die feit dat Combrink slegs vier kategorieë teenoor Hoeksema se agt onderskei, kan Combrink se vier kategorieë in twee van dié van Hoeksema gepas word. Combrink se (i) skakel met Hoeksema se (i), terwyl sy konstruksies in (ii)-(iv) dieselfde as Hoeksema se (iii) is.

- (i) [[seep]_N [glad]_{ADJ}]_{ADJ} ⇔ [so SEM_{ADJ} soos SEM_N]
- (ii) [[kots]_V [lelik]_{ADJ}]_{ADJ} ⇔ [so SEM_{ADJ} dat dit / 'n mens SEM_V]
- (iii) [[stom]_V [dronk]_{ADJ}]_{ADJ} ⇔ [so SEM_{ADJ} dat dit / 'n mens SEM_V word of gaan]
- (iv) [[wit]_{ADJ1} [warm]_{ADJ2}]_{ADJ} ⇔ [so SEM_{ADJ2} dat dit SEM_{ADJ1} is]

Om slegs Combrink se kategorieë te gebruik om intensiewe vorme te kategoriseer, sal onvoldoende wees. Daar is heelwat MEK's wat wel intensiverend is, maar nie in een van sy kategorieë val nie. In Afrikaans kom daar intensiverende MEK's soos *hond≠warm*, *tjoepstil* en *stok≠siel≠alleen* voor, soos in die korpusvoorbeelde in (1)-(3), wat nie deur een van Combrink se kategorieë ondervang word nie: In *hond≠warm* se geval word 'n prefiksoëd en 'n adjektief gebruik, soos in § 3.2.1 breedvoerig bespreek is; in *tjoepstil* se geval verbind 'n skimstam (oftewel *cranberry morph*) met 'n adjektief; en in *stok≠siel≠alleen* verbind twee naamwoorde en 'n adjektief met mekaar (kyk § 6.3 oor rekursiewe MEK's).

- (1) Sy t-hemp is agter sy pt-broek ingestee (vermoedelik omdat dit **hondwarm** is) – dit hang soos 'n stert bo sy plumbers-crack en hy is kaalvoet.
- (2) Lekker grootbek as dit by ander mense se geld kom, maar as julle eie sakke geraak word, is julle **tjoepstil**.

- (3) Daar is ou weduwees wat **stoksielalleen** in groot huise sit dan het jy hierdie gesinne wat in krotte kreppeer.

(VivA-KPE)

Kempen (1969:147-150) bespreek intensiewe vorme en sonder uit die staanspoor die verskeidenheid moontlike verhoudings tussen die komponente uit. Hy verwys deurlopend gesamentlik na die vergelykende en intensiewe verhouding tussen die komponente sonder om die twee van mekaar te onderskei. Hy onderskei ook nie tussen die gebruik van affiksoïede (soos *hond÷*) en vergelykende naamwoordkomponente (soos *gal+*) nie. Sy kategorieë sluit stereotipiese vergelykings (*fluweel+sag*), vergelykings en intensiverings (*glas+helder*), slegs intensiewe betekenis (*splinter+nuut*) asook 'n subsoort waarin kleuradjektiewe die kern is (*amandel+bruin*), in. Kempen (1969:149) gee self toe dat sy kategorisering van die Afrikaanse voorbeelde tot sy beskikking subjektief is.

'n Samevatting van Hoeksema, Combrink en Kempens se kategorieë, met Afrikaanse en Nederlandse voorbeelde en Afrikaanse parafraserings, word in Tabel 4-1 gegee.¹⁹ Hierdie kategorieë dien tot 'n mate as die basis vir die afdelings in hierdie hoofstuk. Om te sorg dat die bespreking geïntegreerd is, en kategorieë nie in isolasie bespreek word nie, word twee hoofafdelings onderskei: In § 4.2 word intensiewe vorme met kleuradjektiewe as kernkomponente bespreek, en in § 4.3 word alle ander intensiewe vorme bespreek. Die konstruksies wat as vloekwoordinfigerings (*helder·fokken·blou*) of reduplikasies (*blou·--·blou*) geklassifiseer behoort te word, word onderskeidelik in § 5.4 en § 6.2.1 bespreek.

Die konstruksies wat voorts bespreek word, word geag produktief in Afrikaans te wees, asook uit Nederlands geërf te wees. Waar daar afwykings of interessantheite rondom produktiwiteit, etimologie of diachronie is, sal dit in die bespreking genoem word.

19 Neem kennis dat die kategorieë wat Verhoeven *et al.* (2014) vir Afrikaanse komposita identifiseer, gebaseer is op komposita waar die kernkomponente naamwoorde is. Om daardie rede word hulle kategorieë nie in Tabel 4-1 ingesluit nie. Van Huyssteen en Verhoeven (2014) se voorgestelde taksonomie van Afrikaanse komposita maak slegs voorsiening vir intensiewe vorme as apposisiekomposita.

Tabel 4-1: Vergelykende tabel van intensiewe vorme

<i>Hoeksema (2012)</i>	<i>Combrink (1967)</i>	<i>Kempen (1969)</i>	<i>Nederlandse voorbeelde</i>	<i>Afrikaanse voorbeelde</i>	<i>Afrikaanse parafraserings</i>	<i>Afdeling in proefskrif</i>
Stereotipiese vergelyking	Stereotipiese vergelyking	(a) Stereotipiese vergelyking (b) Vergelyking en intensiverend	<i>dons+zacht</i> <i>ijs+koud</i>	<i>engel+rein</i> <i>vuur+warm</i>	'so rein soos 'n engel' 'so warm soos (n) vuur'	§ 4.3
Analogiese uitbreiding van vergelykings		Slegs intensiewe betekenis	<i>kei=leuk</i> <i>kei=sloom</i>	<i>stok÷oud</i> <i>stok÷alleen</i>	'baie oud' 'baie alleen'	§ 3.2
Kousatiewe verhouding	(a) Kousatiewe verhouding (b) 'so X dat dit Y is' (c) 'so X dat dit/n mens/ Y gaan/word'		<i>kots+misselijk</i> <i>stik+vol</i>	<i>bibber+koud</i> <i>stamp+vol</i>	'so koud dat jy bibber' 'so vol dat mense teen mekaar stamp'	§ 4.3.2
Eerste komponente is taboes			<i>schijt=moe</i> <i>stront=eigenwijs</i>	<i>kak=warm</i> <i>poes÷woes</i>	'baie warm' 'baie woës'	§ 3.2.2
Evaluatiewe prefikse en prefiksoïede			<i>oer.gezellig</i> <i>ber÷e.slecht</i>	<i>aarts.lui</i> <i>hond÷lelik</i>	'baie lui' 'baie lelik'	§ 5.2.3, § 5.2.4 § 3.2.1
Maatnaamwoorde as eerste komponente			<i>ell+en.lang</i> <i>eeuw+en.oud</i>	<i>ell+e.lange</i> <i>eeu+e.oue</i>	'baie lank' 'baie oud'	§ 4.3
Naamwoorde as kernkomponente			<i>geeuw÷honger</i> <i>kolere÷gang</i>	<i>kak÷spoed</i> <i>poes÷klap</i>	'vinnige spoed' 'harde klap'	§ 3.2, § 4.2.1, § 4.3.1, § 5.2.1, § 5.2.2
Intensiewe vorme van kleure		Tweede komponent is 'n kleurnaam	<i>as+grauw</i> <i>hagel+wit</i>	<i>goud+geel</i> <i>gras+groen</i>	'baie geel' / 'so geel soos goud' 'baie groen' / 'so groen soos gras'	§ 4.2

4.2 Kleuradjektiewe as kernkomponente

Die bestudering van kleur is 'n studieveld op sy eie. Wierzbicka (2006, 2018) argumenteer byvoorbeeld ten gunste van 'n benadering toegespits op n t die semantiese (of konseptuele) bestudering van kleur. Sy argumenteer teen Berlin en Kay (1969) wat beweer dat kleur 'n universele taalverskynsel is. Volgens Acquaviva *et al.* (2020:386) geniet kleur as taalkundige onderwerp gereeld aandag in leksikale semantiek. Daar word egter nie in Acquaviva *et al.* (2020) gespesifiseer hoe intensiewe vorme van kleure benader word of benader behoort te word nie.

In hulle studie oor die produktiwiteit van samestelling in Duits, gebruik Hein en Engelberg (2017) komposita waarin kleuradjektiewe die kern is. Hulle fokus nie soseer op betekenis nie, maar gebruik slegs die frekwensies van konstruksies met kleure as kern as die deel van hulle bespreking oor morfologiese produktiwiteit. 'n Observasie wat hulle maak, wat relevant is vir hierdie bespreking van kleurintensiewe, is dat die semantiese patroon van komposita 'n invloed op die produktiwiteit daarvan het (Hein & Engelberg, 2017:42). Hulle beklemtoon dat die kern van 'n kompositum nie alleen as onderskeidingsfaktor moet dien om produktiwiteit te bepaal nie. Ter illustrasie van hulle punt gebruik hulle *knallgelb* ("knal+geel" 'baie geel'), *zitronengelb* ("suurlemoen+geel" 'so geel soos 'n suurlemoen') en *blaugelb* ("blou+geel" "n kleur wat soos blou en geel lyk') waarin *gelb*, oftewel *geel*, die kern is, maar die verhoudings tussen die eerste en tweede komponent deurgaans verskil. In D. *knallgelb* is daar slegs 'n intensiverende verhouding, sonder 'n vergelykende betekenis; in D. *zitronengelb* staan die vergelykende verhouding tussen die komponente sentraal; terwyl die dubbele betekenis van albei kleure in D. *blaugelb* laasgenoemde karakteriseer as iets wat sowel blou as geel is.

In teenstelling hiermee sluit Klara (2009:13), in haar studie van intensiveringskonstruksies in Duits, kleurintensiewe totaal uit. Volgens Klara is dit nie moontlik om enige van die kleurintensiewe in Duits as 'baie X', waar X die kleur is, te parafraseer nie. Sy kontrasteer kleurintensiewe met D. *steinreich* ("klip+ryk" 'baie ryk') wat slegs as 'baie ryk' geparafraseer kan word. Ander studies wat ook hierdie perspektief op kleurintensiewe neem, kon nie opgespoor word nie.

Daar is bestaande Afrikaanse studies waarin kleurintensiewe genoem, gelys of kortliks bespreek word. Hierdie studies sluit Esterhuizen (1974), Kruger (1977) en Liebenberg (1983) in. Studies waarin kleurintensiewe in Afrikaans in detail met betrekking tot hulle vorm en betekenis beskryf word, ontbreek egter. Die beskrywing van kleurintensiewe in Afrikaans sal daarom kan baat by 'n datagebaseerde beskrywing. In hierdie afdeling word slegs oorweging geskenk aan MEK's waarvan die kernkomponent 'n kleuradjektief en die eerste stam intensiverend is.

As beginpunt vir die bespreking word 'n aangepaste weergawe van Hoeksema (2012) se frekwensietabel van Nederlandse kleurintensiewe in Tabel 4-2 gegee. In die tabel verskyn die Afrikaanse vertaling van die kleuradjektief in die eerste kolom, Hoeksema se tellings vir Nederlands in die tweede kolom en die Afrikaanse tellings in die derde kolom. Die insluiting van *vaal* by *wit* en van *donker* by *swart* is gebaseer op sowel Van der Sijs (2001) as Hoeksema (2012) se insluiting daarvan by hulle bespreking van kleure. Kruger (1977) se stelling dat kleure nie op grond van pole gegradeer kan word nie, maar slegs op grond van tint, versadigheid en helderheid, dien ook in hierdie verband as motivering.

Die tellings vir Afrikaans is bepaal nadat komplekse met kleure in VivA-KPO en VivA-KPE gesoek is en volgens hulle (moontlike) betekenis geannoteer is. As voorbeeld is Hoeksema se telling vir *blauw* in Nederlands 2, aangesien die twee konstruksies wat hy identifiseer Ndl. *knal+blauw* ("knal+blou" 'baie blou') en Ndl. *fel+blauw* ("fel+blou" 'baie blou') is. Die telling vir Afrikaans is 15, gebaseer op korpusdata (kyk Tabel 4-3 en Tabel 4-4). Die lys kleurintensiewe uit die korpora waarop die syfers in Tabel 4-2 gebaseer is, is by hierdie proefskrif se aanlyn datastel ingesluit.²⁰

Tabel 4-2: Tellings van kleurintensiewe in Nederlands en Afrikaans

<i>Vertaalde Afrikaanse kleuradjektief</i>	<i>Nederlands - Hoeksema (2012)</i>	<i>Afrikaans²¹</i>
wit/vaal	40	9
swart/donker	44	14
rooi	24	6
groen	7	9
geel	2	9
blou	2	15
bruin	-	2
oranje	1	1
pers	1	2
grys	1	-

²⁰ <https://hdl.handle.net/20.500.12185/566>

²¹ Ter volledigheid word reduplikasiekonstruksies van kleure (wat intensiverend is) by hierdie tellings ingesluit, al word reduplikasiekonstruksies in § 6.2 bespreek.

4.2.1 MEK's met 'n naamwoord (K1) en 'n kleuradjektief (K2): Die tipe *goud+geel*

Konstruksies soos *goud+geel* is attribuutsamestellings wat uit 'n naamwoord en 'n kleuradjektief saamgestel is. In hierdie konstruksies word 'n karaktereienskap van die kern, in hierdie geval 'n kleuradjektief, deur die bepaler, in hierdie geval 'n naamwoord, gespesifiseer (Van Huyssteen, 2017b:199). Voorbeelde van intensiewe vorme van kleure (hierna kleurintensiewe) sluit *pot-blou* in Afrikaans, *spier+wit* in Nederlands ("spier+wit" 'baie wit') en die Duitse *blut+rot* ("bloed+rooi" 'baie rooi') in (4)-(6) in.

- (4) Blou, dink hy, terwyl die leisels slap oor sy handpalms lê, die mooi blonde kind was vanoggend potblou en hy moes sukkel om weer sy natuurlike velkleur en 'n blos op sy wange terug te kry.

(VivA-KPO)

- (5) Ik heb een spierwit looppakje met mijn naam op. Dat is behoorlijk exclusief en dat valt op.

(Oostdijk *et al.*, 2013)²²

- (6) Der Mond wirkte weltweit deutlich grösser als sonst und leuchtete zugleich blutrot.

(Leipzigkorpus)

4.2.1.1 Vorm

Die vorm van *goud+geel*-MEK's kan skematies soos in (7) voorgestel word. In die skemas in (8) en (9) word kleuradjektiewe ook as die kernkomponent aangedui, maar die intensiverende komponente is ander woordsoorte met ander moontlike verhoudings tot die kleuradjektief.

- (7) (a) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} soos SEM_N]$

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

- (b) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

≈

- (8) (a) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} dat dit/jy SEM_V]$

22 Dié verwysing word gebruik om na voorbeelde uit die (Nederlandse) SoNaR-korpus te verwys.

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

(b) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

≈

(9) (a) $[[a+]_{ADV} [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit } SEM_{ADV} \text{ is}]$

>

(b) $[[a+]_{ADV} [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

≈

(10) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ soos } SEM_N]$,

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as kenmerkende eienskap het

≈

(11) $[[a\div]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a\div]_N$ = naamwoord onverwant aan SEM_{ADJ}

Korpusvoorbeelde van die skemas in (7)-(11) word ter illustrasie in ooreenstemmende volgorde in (12)-(16) gegee. Buiten die voorbeelde in (15) en (16), is die konstruksies almal kleurintensiewe waarin die verskillende verhoudings tussen die intensiverende komponent en die kleur duidelik blyk. In *bitter+blou* se geval is dit nodig om te merk dat dit vas geskryf in die gebruiksdatabasis voorkom en daarom as 'n voorbeeld van 'n MEK in hierdie bespreking gebruik word, ondanks *bitter* se meer aanvaarde gebruik as 'n adverbium wat los van adjektiewe geskryf word.

(12) (a) Sy paradeer voor die spieël in gewade wat **wolkwit** en mistig om haar hang, en sy sien al hoe sy en Keith onder jubelende orrelspel in die kerk met die blou vensters se gang afgestap kom...

(b) Die volgende môre het die vroeë son **helwit** op die ou fort gelê.

(13) (a) G'n blaas of spoor van kar of mens mag hierdie **skitterwit** oppervlak bederf nie.

(b) Binne is die afwerking meer sober as sy ougat buitekant, behalwe vir die twee **giggelgeel** gesiggies van die instrumentpaneel.

(14) Maar daardie nag was haar hare geurend en swart en haar **bitterblou** oë het met hom gepraat in 'n ou, ou taal - selfs toe sy nog gewefel het, die kantrokke halfpad om haar

skouers en haar soet lyf uitgesprei soos een van Engela Stewart se waaierstertduiwe waarvan sy vertel het.

- (15) Dit het die kar swaar en stadig gemaak ; inderdaad só **slakstadig**, dat die Ferrari nie sy bande genoeg kon opwarm om greep deur die draaie te kry, om vinniger te ry, om meer bandhitte en daarom meer greep te genereer nie.
- (16) Sleepvoet stap sy die donker trap van haar losiesplek op na haar kamer. Sy is **hondmoeg**, maar dis 'n lekker soort moeg.

(VivA-KPO)

4.2.1.2 Betekenis

Naamwoorde soos *bloed+*, *goud+* en *gras+* dra 'n intensiverende én 'n vergelykende betekenis wanneer hulle in kleurintensiewe gebruik word. Die betekenis van hierdie naamwoorde wanneer hulle deel van intensiewe vorme is, is in die meeste gevalle verwant aan die leksikale betekenis van hulle onafhanklike lekseme. Die vergelyking berus op 'n prototipiese eienskap, naamlik die kleur, van die naamwoord wat gebruik word. Langacker (2008:135) bevestig dat kleur, naas tyd en ruimte, 'n basiese instansiëeringsdomein vir naamwoorde is. Daar is egter uitsonderings, soos in die Afrikaanse *hel≠wit* in (12b), wat weens die gebruik van die taboeprefiksoïed *hel≠* slegs 'baie wit' beteken. Taboeprefiksoïede, soos onder andere *hel≠*, word in detail in § 3.2.2 bespreek.

Kruger (1977) bespreek kleure in twee van sy hoofstukke: die hoofstuk oor polariteit en die hoofstuk oor intensivering. In eersgenoemde hoofstuk beklemtoon hy dat kleure nie op grond van pole gegradeer kan word nie, maar slegs op grond van tint, versadigheid en helderheid. In dieselfde hoofstuk verwys hy kortliks na kleurintensiewe en stel hy slegs dat gebruikers sekere voorwerpe subjektief aan sekere kleure koppel (Kruger, 1977:85-86). Om sy punt te illustreer, noem hy dat die *rooi* in *bloed+rooi* anders beoordeel word as die *rooi* in *skarlaken+rooi*, sonder om te verduidelik hoe, waarom of deur wie. Hy stel sintaktiese vergelykings ('so swart soos die nag') téénoor kleurintensiewe, maar bespreek dit nie verder nie. Kruger se stelling oor die subjektiewe koppeling van kleure word later in hierdie afdeling, waar kleurintensiewe van *geel* bespreek word, geïllustreer.

Esterhuizen (1974:24) wys vroeg in sy bespreking op die problematiek van kleurintensiewe, naamlik die verskil tussen skakerings en intensiverings. Hy illustreer hierdie onderskeid aan die hand van saamgestelde vorme van *geel*, *rooi* en *groen* (Esterhuizen, 1974:24-27). Sy gevolgtrekking is dat die konteks altyd deurslaggewend is wanneer die betekenis bepaal moet word: *Borrie+geel* sou in sekere kontekste die kleurintensief kan wees, behalwe as die gebruiker

bedoel om dit van *goud+geel* of enige ander skakering te onderskei. Hierdie benadering skakel met die subjektiewe koppeling waarna Kruger (1977) verwys.

In Hoeksema (2012) word die “Color terms”-kategorie as een van die tipes *elative compounds* in Nederlands geïdentifiseer. In een van sy eerste stellings oor kleurintensiewe beklemtoon Hoeksema ook die nodigheid om tussen intensiverings en skakerings te onderskei. Hy formuleer twee toetse om te bepaal of ’n konstruksie ’n skakering of ’n intensivering is. Die eerste toets is om redelikerwys te bepaal of dit moontlik is om die konstruksie as ‘baie X’ te parafraseer, waar X die kleur is. Die tweede toets behels emfatiese rekking – indien die eerste komponent emfaties gerek kan word, is dit volgens Hoeksema ’n intensiewe vorm. Hoeksema se “bewys” dat die toets werk, illustreer hy deur die Ndl. *vuur+rood* (“vuur+rooi” ‘baie rooi’) en Ndl. *mos+groen* (“mos+groen” ‘so groen soos mos’) met mekaar te vergelyk. Die vokaal in *vuur* kan volgens Hoeksema maklik verleng word en reg klink, maar dit is ongemaklik in die geval van *mos*. Hoeksema wys eerstens nie op die verskil tussen ’n lang vokaal, soos in *vuur*, en ’n kort vokaal, soos in *mos*, nie: Eersgenoemde sal logieserwys maklik verleng word, aangesien lang vokale hulle outomaties tot rekking leen. Hy brei nie verder op sy toetse uit nie en noem nie die verskil tussen ’n verskynsel soos emfatiese rekking en die gewone beklemtoning van ’n woord of lettergreep vir die doeleinde van nadruk nie.

In aansluiting hierby stel Van Ommen *et al.* (2007) dat emfatiese rekking met graadaanduiding en ’n spreker se persoonlike oordeel verband hou. Voorbeelde van emfatiese rekking in Afrikaans is *laaaank* en *vêêêêrrrrr* soos in (17) en (18). In albei konstruksies word die betekenis van die konstruksies evaluerend gelaai deur die herhaling van spesifieke letters/klanke. Gewone beklemtoning wat moontlik op ’n intensiverende betekenis kan dui, soos om die *mos* in *mos+groen* ekstra te beklemtoon, word nie verder in hierdie studie bespreek nie. Let egter op twee gevalle van gewone beklemtoning in die korpusdata, te wete *splintér+skoon* in (19) en *skrééú+snaaks* in (20).

- (17) In ieder geval – Afrikaners het **laaaank** gelede reeds geleer om ons nie aan sulke fabels te steur nie.
- (18) Straatname is kadername. Nou slaan ek die bal **vêêêêrrrrr** mis.
- (19) Waterford is beautiful, olyfboorde, damme met eende wat swem en dan die lang aanloop na die hoof gebou, nuut, lyk dit my, en **splintérskoon**.
- (20) "Dit was **skrééúsnaaks**, meneer Stink. Jy was die ster van die program. En nou staan en skree daar honderde mense hier voor ons huis. "


(VivA-KPE/VivA-KPO)

Vir doeleindes van hierdie afdeling word slegs Hoeksema se eerste toets verder gebruik, aangesien daar slegs enkele gevalle van beklemtoning van intensiewe vorme in die data voorkom, maar geen gevalle van emfatiese rekking gevind kon word nie. Die effektiwiteit van Hoeksema se eerste toets kan aan die hand van intensiewe vorme wat in die data voorkom, geëvalueer word. Al die konstruksies in (22)-(26) is konstruksies waarin *geel* die kern is. Alvorens MEK's van *geel* bespreek kan word, moet die profiel van *geel* as 'n simpleks-adjektief, soos dit in (21) gebruik word, bespreek word.


- (21) Byvoorbeeld, as **geel** kwashale met rooi kwashale afgewissel word, sal die gevolglike visuele uitwerking oranje wees.
- (22) Eks verlief op di maan en op volmaan oggende as die maan sak praat ek met die somtyds **goudgeel** maan en somtyds silwer maan asof dit my geliefde is.
- (23) Ons verneem die ANC se kenmerkende **galgeel** saam met die seerooggroen word nou glo die groen en goud.
- (24) Al wat ek wil bydra is dat ek hoop Vlaknaai herken die **gifappeltjie-geel** wiele as 'n Ford Capri.
- (25) Ek weet nie wie die ANC se duur 90's acid raver **kotsgeel** leathers sal wil dra nie, maar daar is 'n cooler klerereeks opgedroom vir die opposition party.
- (26) Die eend is **Mia-geel**, die padda is mamma-groen en die seekoei pappa-blou

(VivA-KPE/VivA-KPO)

In (21) word die kleur van kwashale gespesifiseer deur *geel*, dit wil sê *geel* word as 'n gewone, beskrywende adjektief gebruik. Figuur 4-1 is 'n Afrikaanse weergawe van Langacker (2008:102) se voorstelling van *geel* as 'n adjektief. Die "tr"-etiket verwys na die naamwoord; in (21) se geval is dit *kwashale*, wat deur die spreker as *geel* ervaar word. Die stippelpyl in Figuur 4-1 dui op die verband tussen die kleurervaring, links in die figuur, en die kleurruimte, regs in die figuur. 'n Alternatiewe voorstelling van die profiel van *geel*, naamlik as die landmerk van 'n atemporele proses (die vierkant) met *kwashale* as die trajek (die sirkel), word in Figuur 4-2 gegee. Hierdie voorstelling is 'n herhaling van Langacker (2008:116) se algemene konseptuele voorstelling van adjektiewe en bevat ook 'n stippelpyl om die interaksie tussen die komponente aan te dui. Hierdie voorstellings moet voorts in die bespreking van Hoeksema se eerste toets in gedagte gehou word.



Figuur 4-1: Konseptuele voorstelling van *geel*



Figuur 4-2: Voorstelling van *geel* as 'n adjektief

Met die *geel*-MEK's in gedagte kan die effektiwiteit van Hoeksema se toets geëvalueer word. Die konstruksies in (22)-(26) kan op 'n skaal waar *geel* die basis is, gekonsepsualiseer word. Die beginpunt van hierdie konseptuele skaal is *geel* self in (21), wat in die letterlike of leksikale, deskriptiewe betekenis daarvan gebruik word. Die konstruksies in (22)-(25) kan moontlik geparafraseer word as 'so *geel* soos Y', waar Y die naamwoord is, met die uitsondering van *Mia*-*geel* in (26) wat kennis van Mia en haar ouers vooronderstel vir die korrekte interpretasie van die betekenis. Dit geld egter nie dat elkeen as 'baie *geel*', soos Hoeksema se eerste toets vereis, geparafraseer kan word nie, soos *gal+geel* in (23) en *gifappeltjie+geel* in (24). In hierdie konstruksies is 'so *geel* soos gal' en 'so *geel* soos 'n gifappeltjie' die akkurate parafraserings. Uit die konteks word eersgenoemde gebruik om neerhalend na die kleure van 'n politieke party te verwys, terwyl laasgenoemde gebruik word om negatief na die wiele van 'n motor te verwys. In albei gevalle deel die intensiverende komponente nie net 'n prototipiese *geel* kleur nie, maar ook negatiewe konnotasies. In *gal+geel* word *gal*, wat 'n bitter liggaamsvloeistof is, gebruik en in die tweede geval *gifappeltjie*, wat 'n giftige vrug is. Hierdie woorde is effektief as intensiveerders waarmee die gebruiker nie net die kleur intensiveer nie, maar ook 'n negatiewe oordeel uitspreek. Hierdie spesifieke subskema waarin 'n negatiewe betekenis sentraal staan, is nie in die skemas

in (7)-(11) ingesluit nie, maar dit blyk 'n gebruiksmoontlikheid van kleurintensiewe te wees. Hierdie skemas word in (27) gegee en dien as 'n uitbreiding van die skema in (7b).

(27) (a) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} soos SEM_N]$

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} negatief karakteriseer,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

(b) $[[a\div]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a\div]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} negatief karakteriseer,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

'n Ander konstruksie wat nie aan Hoeksema se toets voldoen nie, is *Mia--geel* in (26), aangesien daar 'n spesifieke assosiasie tussen die genoemde persoon en die kleur gemaak word. Die gebrek aan enige kennis oor Mia maak dit vir die leser onmoontlik om sonder verdere konteks te weet watter geel die skrywer bedoel.

Die oorblywende konstruksies, *goud+geel* in (22) en *kots÷geel* in (25), voldoen wel aan Hoeksema (2012) se toets. In die eerste geval kan *goud+geel* as 'baie geel' geparafraseer word, omdat dit deur jarelange gebruik as *geel* se intensiewe vorm in Afrikaans gevestig geraak het (Uys, 2002:215). In *kots÷geel* se geval kan die konstruksie redelikerwys as 'baie geel' geparafraseer word, aangesien *kots* se taboewaarde vir die gebruiker van primêre belang is. 'n Mens sou nie *kots* noodwendig kon definieer as 'n naamwoord wat na iets met 'n kenmerkende geel kleur verwys nie.

Hoeksema (2012) se toets om slégs vir 'baie X' as 'n betekenis te toets, is dus nie so eenvoudig nie en moet omsigtig toegepas word. Benewens die betekenis van 'baie X', is dit duidelik dat negatiewe konnotasies soos in *gal+geel*, én die feit dat verskillende taalgebruikers 'n konstruksie soos *kots÷geel* verskillend kan interpreteer, ter sprake is. Dit is nie onredelik om te vermoed dat 'n ander taalgebruiker *kots÷geel* slegs as 'so geel soos kots' eerder as 'baie geel' sal parafraseer nie. In hierdie verband kan Kruger (1977:85-86) se stelling, dat gebruikers sekere naamwoorde subjektief met sekere kleure koppel, bevestig word. Daar is nie noodwendig 'n oplossing vir hierdie dubbele betekenis van intensiewe vorme nie, aangesien dit meestal as 'n kenmerkende eienskap van hierdie konstruksies aanvaar word dat daar 'n vergelykingsbasis tussen die komponente is.

Met oorweging van die voorbeelde met *geel* is dit duidelik hoe die interpretasie daarvan van gebruiker tot gebruiker kan verskil. In teenstelling daarmee is *pot-blou* 'n Afrikaanse voorbeeld wat Hoeksema se toets sonder twyfel slaag, sonder dat 'n gebruiker oor die betekenis hoef te twyfel. Hierdie konstruksie kan nie as 'so blou soos 'n pot' geparafraseer word nie, slegs as 'baie

blou'. Met die kleurintensief *pot+blou* bestaan daar geen moontlike betekenisverwarring nie, aangesien daar al vir 'n geruime tyd nie 'n sinchroniese vergelykende verhouding tussen die konstruksie se komponente bestaan nie. Hierdie vorm bestaan boonop ook nie (meer) in Nederlands nie. Die *pot+* in *pot+blou* blyk 'n wisselvorm van die Nederlandse *bot*, wat 'heeltemal' beteken, te wees (Esterhuizen, 1974:18). *Pot-blou* word in § 4.2.3.3 saam met adverbiale intensiveerders bespreek. Die enigste ander intensiewe vorm wat volgens Esterhuizen met *pot-* eerder as *bot+* voorkom, is *pot+dig*, die intensiewe vorm van *dig*. As 'n mens na die data in VivA se korpusversamelings kyk, kom *pot-dig* slegs een keer in VivA-KPO voor, terwyl *pot+toe* sewe keer voorkom.

Die verbleking van komponente se betekenis, en hulle ontwikkeling tot skimstamme, blyk 'n gevolg van hulle gebruik as intensiewe vorme te wees. Hierdie ontwikkeling blyk ook uit die bespreking van *stapel-* in § 3.2.1.2, aangesien dit in *stapel-gek* ook nie vir 'n algemene Afrikaanssprekende duidelik sal wees wat die verhouding tussen 'n kriek en gekheid is, of selfs dat *stapel* 'n ou woord vir *kriek* is nie. Kruger (1970) oorweeg die aard van woorddele soos *bot-* as relikte wanneer hy voorbeelde van dieselfde relik in 'n soortgelyke konstruksie vind. Die vorming van skimstamme, oftewel relikte, na aanleiding van volgehoue gebruik in intensiewe vorme kan in toekomstige studies met behulp van diachroniese data verder ondersoek word.

4.2.1.3 Gebruik

Die onderskeid tussen kleurintensiewe en kleurskakerings, wat reeds met behulp van die stel *geel*-konstruksies en *pot-* en *bot-* geïllustreer is, is 'n taak wat 'n korpusondersoek na slegs kleurintensiewe kompliseer. As 'n mens die opsomming van kleure in Tabel 4-2 oorweeg, is die verskil tussen die Afrikaanse en Nederlandse tellings opvallend. Die tellings vir *wit/vaal* en *swart/donker* is vir Afrikaans, anders as in die geval van Nederlands, nie die kleure met die meeste tellings nie. Die kleure met die meeste intensiveringskonstruksies in Afrikaans is *swart/donker*, *geel* en *blou*. Die hoë tellings vir *wit/vaal* en *swart/donker* wat Hoeksema vir Nederlands identifiseer, is moontlik weens 'n aanvaarding van opgetekende intensiewe vorme eerder as 'n empiriese ondersoek na wat in die data gevind kan word.

Vir die doeleindes van die korpusondersoek is slegs die frekwensies van die kleurintensiewe wat volgens Tabel 4-3 geag word om in Afrikaans voor te kom, in die korpusversamelings nagegaan. Vir sowel VivA-KPO as VivA-KPO is die drie konstruksies met die laagste N-waarde *spier+wit*, *bloed+rooi*, *pik+swart* en *pik+donker*. Die N-waardes vir hierdie konstruksies is 15 of laer en dui, soos verwag is vir hierdie gevestigde intensiewe vorme, op 'n baie hoë voorkoms van die MEK. Die groot verskil in die aantal trefslae tussen *spier+wit* en *bloed+rooi* enersyds en die ander intensiewe vorme andersyds, is opmerklik. Die verskil kan tot 'n mate verklaar word deur in ag te

neem dat *spier+wit* en *bloed+rooi* onderskeidelik reeds sedert minstens 1645 en 1504 in Nederlands gevestig is (Van der Sijs, 2001:538, 541). Dit is konstruksies wat Afrikaans in hulle vorm en vergelykend intensiverende betekenis oorgeërf het. Die konstruksie waarvan die frekwensie die naaste aan hierdie twee is, is *pik+swart* wat byna die helfte van *bloed+rooi* se trefslae het. Uit die tabel is dit ook opvallend dat die meerderheid van die konstruksies nie hapaxe is nie, anders as wat die geval met baie ander MEK's in Afrikaans is. Die gebrek aan hapaxe beteken egter nie dat daar nie geleentheidskeppings in die data voorkom nie. Benewens die hoogs frekwente kleurintensiewe, is daar ses hapaxe in VivA-KPO en drie hapaxe in VivA-KPE. Die produktiwiteit van hierdie tipe MEK's blyk aanvanklik besonders laag te wees, met $P=0.0009$ in VivA-KPO en $P=0.01$ in VivA-KPE. Hierdie observasie strook egter nie met wat reeds oor kleurintensiewe (dat gebruikers gereeld neologismes vorm) bespreek is nie. Die P-waardes word inderdaad skeefgetrek deur *bloed+rooi* en *spier+wit* in VivA-KPO wat vir meer as die helfte van die trefslae sorg, en *pik+swart* en *spier+wit* wat dieselfde in VivA-KPE doen. Dit blyk in hierdie verband dat kleurintensiewe met naamwoorde as eerste komponent nie 'n hoogs produktiewe konstruksie in Afrikaans is nie, maar dit is nie 'n ware weerspieëling van die data nie: Hapaxe soos *droom+wit* en *weerlig+blou* is slegs enkele voorbeelde van die kreatiewe vermoë van taalgebruikers om nuwe kleurintensiewe te vorm.

Tabel 4-3: Woordfrekwensieklas (N) van kleurintensiewe met naamwoordintensiveerders

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i> ²³		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
spierwit	13	2 145		pikswart	14	73
bloedrooi	13	1 506		spierwit	14	73
pikswart	14	761		bloedrooi	15	38
pikdonker	15	426		pikdonker	15	33
goudgeel	15	338		stikdonker	17	11
stikdonker	16	296		kotsgeel	17	7
lowergroen	16	287		lowergroen	17	7
grasgroen	16	248		potblou	17	7
potblou	16	220		galgeel	18	5
asvaal	16	191		goudgeel	18	5
gitswart	16	174		asvaal	18	4

23 Dit moet ook genoem word dat die tellings in Tabel 4-3, soos die algemene kategorieë vir intensiewe vorme, tot 'n groot mate op die oordeel van die kategoriseerder berus.

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE²³</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
blinkswart	17	128		nagdonker	18	4
nagdonker	18	75		pikgietswart	18	4
pikgietswart	20	12		grasgroen	19	3
blitsblou	22	5		pikgietswart	19	2
katgroen	22	5		gietswart	20	1
donderblou	22	4		gietswart	20	1
pikgietswart	22	4		pisgeel	20	1
slymgroen	22	4				
dikdonker	22	3				
gietswart	22	3				
bliksemlou	23	2				
doodsdonker	23	2				
kotsgeel	23	2				
droomwit	24	1				
galgeel	24	1				
grottonker	24	1				
helwit	24	1				
laserblou	24	1				
weerligblou	24	1				

Ondanks kleurintensiewe waarin die vergelykingsbasis tussen die komponente sterk na vore kom, waar die vergelykende en intensiverende betekenis ewe waarskynlik is, is daar enkele konstruksies wat slégs intensiverend is. In die meeste gevalle is die ondubbelsinnige konstruksies dié wat nie naamwoorde as intensiverende komponente het nie. Hierdie konstruksies het eerder taboewoorde of bywoorde as intensiverende komponente, soos in die geval van *hel-wit* of *bitter-blou* in (28) en (29), wat geen ander betekenis kan hê as 'baie wit' en 'baie blou' nie. Die geval van *pis-geel* val weereens tussen intensiverend en vergelykend, ten spyte van die taboewoord wat as intensiveerder gebruik word. Die beperkte gebruik van taboeprefiksoëde om kleure en ander adjektiewe ondubbelsinnig te intensiveer, is in die afdeling oor taboeprefiksoëde in meer detail bespreek (kyk § 3.2.2).

(28) Die volgende môre het die vroeë son **helwit** op die ou fort gelê.

- (29) Maar daardie nag was haar hare geurend en swart en haar **bitterblou** oë het met hom gepraat in 'n ou, ou taal – selfs toe sy nog gewefel het, die kantrokke halfpad om haar skouers en haar soet lyf uitgesprei soos een van Engela Stewart se waaierstertduiwe waarvan sy vertel het.

(VivA-KPO)

4.2.1.4 Opmerkings

Daar is gevalle in Afrikaans waar kleuradjektiewe self as intensiverende komponente optree. Hierdie konstruksies is (nog) nie algemeen nie en is volgens beskikbare voorbeelde beperk tot adjektiewe wat na hitte of woede verwys. Voorbeelde is *blou÷befok*, *rooi+warm* en *wit+kwaad* in (30)-(32). Reker (1996:73) meen dat *rooi+* aanvanklik letterlik na iets met 'n hoë hitte verwys het, vandaar waarskynlik die Afrikaanse *rooi+warm*. Hierdie konstruksies kan gemotiveer word met behulp van die GKM WOEDE IS HITTE, wat skakel met die GKM WOEDE IS VUUR (Lakoff, 1987:383).

- (30) Uncle maak geen fout nie ; ons het mekaar bietjie gehap voor die tyd maar ek is net so **bloubefok** soos jy oor die kakspul met CWC 2011 - fok man, ons is almal Saffers after all!

- (31) As jy jouself voel **rooiwarm** word in die gesig, sal jy moeilik na hierdie foto's kan kyk.

- (32) Donna is **witkwaad**, veral omdat sy sien hoe dit haar ma ontstel.

(VivA-KPE/VivA-KPO)

Die gebruiksmoontlikhede van onder andere *blou* en *groen* moet by die bestudering van kleure in gedagte gehou word. In Afrikaans, soos in Engels, sou 'n mens *blou* kon gebruik om na 'n onaangename dag of gemoedstoestand te verwys. Op soortgelyke wyse kan *groen* in sommige kontekste nie na die kleur verwys nie, maar na omgewingsbewustheid of 'n produk of diens wat goed is vir die omgewing. Argumentsonthalwe sou 'n moontlike woord soos *??kak÷groen* enersyds as 'baie groen' en andersyds as 'baie goed vir die omgewing' geïnterpreteer kon word.

4.2.2 MEK's met 'n werkwoord (K1) en 'n kleuradjektief (K2): Die tipe *giggel+geel*

In hierdie afdeling word intensiewe vorme bespreek wat uit 'n werkwoord en 'n kleuradjektief bestaan, byvoorbeeld *giggel+geel* in (33). Hierdie tipe konstruksies is konstruksies waarin die kern, in hierdie geval 'n kleuradjektief, deur die bepaler, in hierdie geval 'n werkwoord, geïntensiveer word. Hierdie afdeling skakel met § 4.2.1 waarin kleuradjektiewe wat met naamwoorde geïntensiveer word, en § 4.2.3 waarin kleuradjektiewe wat met adjektiewe of adverbialie geïntensiveer word, beskryf word.

(33) Wat is julle probleem met die kar? Dis goot, dis **giggelgeel**, die spaarwiel cover is skeef, hy het custom U-shackles, chrome mags met low profile tyres, 'n nommerp.

(VivA-KPE)

Studies waarin kleurintensiewe met werkwoorde as die eerste komponent die fokus is, is nie gevind nie. In Hoeksema (2012) word kousatiewe komposita as 'n aparte kategorie intensiewe vorme genoem en kortliks met verwysing na enkele Nederlandse voorbeelde, soos *barstensvol* ("bars·LK+vol" 'baie vol') in (34), bespreek.

(34) Wanhopig soog de Hoge Leermeester de kracht in zich op, als een uitgedroogde man die water kreeg. Meteen zat hij weer **barstensvol** energie.

(Oostdijk *et al.*, 2013)

4.2.2.1 Vorm

Die vorm van *giggel+geel*-MEK's kan skematies as die skemas in (35a) en (35b) voorgestel word. Die skemas in (36) en (37) is verwant aan (35) met verwysing na hulle vorm én intensiverende betekenis.

(35) (a) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit/jy } SEM_V]$,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

(b) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

≈

(36) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ soos } SEM_N]$,

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as kenmerkende eienskap het

≈

(37) $[[a\div]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a\div]_N$ = naamwoord onverwant aan SEM_{ADJ}

Nog voorbeelde van hierdie tipe konstruksie sluit *blink+swart*, *knal+blou*, *lewe·ns+groen* en *skitter+wit* soos die korpusvoorbeelde in (38)-(41) in. Die struktuur van hierdie tipe konstruksies wyk nie struktureel van gewone Afrikaanse komposita, of intensiewe vorme wat reeds bespreek is, af nie.

- (38) In die kombuis met 'n groen geblomde linoleumvloer, was 'n **blinkswart** Falkirk-stoof, of 'n roomkleurige Ellis de Luxe, met 'n houtkas daarlangs en aluminiumketel wat staan en kook, en 'n ysterpot met afgesaagde pote, vir lekker braaihoender.
- (39) Sy kyk vinnig om na die man in die deur, toe terug na die seuntjie in 'n **knalblou** kamerjas vol Disney-karakters, sy voete in Miekie Muis-pantoffels..
- (40) Om die verandering van die kaal takrangskikking na **lewensgroen** blaardraers te aanskou, is om die wederopstanding van die lewe te vier!
- (41) Kombineer dus díe vrolike kleur met **skitterwit** vir 'n treffende emsemble, of versag dit effens deur tikkies grys, groen of skakerings van bessie-pers by te voeg.

(VivA-KPO)

4.2.2.2 Betekenis

Komponente soos *blink+*, *lewe+* en *skitter+* dra 'n intensiverende én 'n kousatiewe betekenis wanneer hulle in kleurintensiewe gebruik word. Dit is moontlik om hierdie tipe konstruksies as 'baie X' te parafraseer, maar in baie gevalle ook as 'so X dat dit Y' of 'so X dat jy Y'. In die parafrasering verwys X na die kleur en Y na die werkwoord. Die betekenis van die werkwoorde wanneer hulle deel van die intensiewe vorme is, is in die meeste gevalle slegs tot 'n beperkte mate aan die leksikale betekenis van hulle onafhanklike lekseme gekoppel. Ter illustrasie kan *brand+rooi*, *knal+rooi* en *gril+rooi* in (42)-(44) geneem word. In *brand+rooi* is daar slegs 'n vergelykende betekenis ter sprake en kan die konstruksie geparafraseer word as 'so rooi dat dit lyk asof dit brand'. Kyk 'n mens na *knal+rooi*, het die konstruksie slegs 'n intensiverende betekenis; die parafrasering kan slegs 'baie rooi' wees. 'n Vergelykende verhouding tussen die komponente is nie moontlik in die konteks nie. Laastens is *gril+rooi* 'n voorbeeld wat as 'baie rooi' én 'so rooi dat dit jou laat gril' geparafraseer kan word.

- (42) Daar is 'n glinstering in sy oë. Sinspeel hy tog op haar **brandrooi** wange?
- (43) Haar **knalrooi** lipstiffie beklemtoon die klein vertikale plooitjies rondom haar lippe.
- (44) Assia het onthou hoe oordadig en geforseerd Sylvia altyd met haar **grilrooi** lippe kon glimlag.

(VivA-KPO)

4.2.2.3 Gebruik

Kleurintensiewe waarin werkwoorde as intensiveerders optree, is in albei VivA-korpusversamelings relatief beperk, soos gesien kan word in Tabel 4-4. In VivA-KPO kom 19 van

hierdie MEK's voor, met *skitter+wit* wat die meeste trefslae het (N=17). Daar is slegs vyf hapaxe wat in VivA-KPO voorkom. Die konstruksie wat die tweede meeste in VivA-KPO voorkom, is *kraak+wit* met N=18, met minder as die helfte van *skitter+wit* se trefslae. In VivA-KPO is werkwoordkleurintensiewe se $P=0.02$, wat nie besonders hoog is nie. Sou dit met die produktiwiteit van naamwoordkleurintensiewe vergelyk word, naamlik $P=0.0008$, is dit egter baie produktiewer. Die verskil het egter te make met die feit dat daar nie werklik MEK's met werkwoordkleurintensiewe is wat so 'n groot deel van die totale frekwensie by naamwoordkleurintensiewe, soos in die geval van *speer+wit* en *bloed+rooi*, verteenwoordig nie. Daar is slegs drie MEK's in VivA-KPE, naamlik *giggel+geel*, *kraak+wit* en *skitter+wit* en al drie is hapaxe wat 'n $P=1.0$ tot gevolg het. Dit wil dus lyk asof kleurintensiewe waarin werkwoorde die intensiveerders is, beperk is tot die soort tekste wat in VivA-KPO voorkom (bv. prosaïese, formele taalgebruik) en dat werkwoordkleurintensiewe byna nie in VivA-KPE (bv. informele tekste wat byna spraakagtig is) voorkom nie.

Tabel 4-4: Woordfrekwensieklass (N) van kleurintensiewe met werkwoordintensiveerders

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
die = 15529096			die = 1209996		
skitterwit	17	106	giggelgeel	20	1
kraakwit	18	47	kraakwit	20	1
knalrooi	19	30	skitterwit	20	1
giggelgeel	20	12			
skeloranje	20	11			
skitterblou	21	9			
skelblou	21	7			
knalgeel	22	5			
skokblou	22	5			
knalblou	22	4			
lewensgroen	23	2			
skrikgeel	23	2			
knarsgroen	24	1			
kraakbruin	24	1			
kraakgroen	24	1			
krasrooi	24	1			
skreeupers	24	1			

Die wyse waarop sommige werkwoordkleurintensiewe na analogie van meer gevestigde werkwoordintensiewe gevorm word, is 'n belangrike aspek van werkwoordkleurintensiewe. Anders as in die geval van intensiverende MEK's met prefiksoïede soos *dood÷*, *hond÷* en *kak÷*, is analogievorming met die eerste komponente van kleurintensiewe nie algemeen nie. Kleuradjektiewe kom meestal met hulle eie intensiverende komponent(e) voor, wat veral sin maak siende dat aansyne nie prototipies een kleur én 'n ander kleur kan wees nie. Voorbeelde van intensiewe vorme waarin aansyne of naamwoorde met kleuradjektiewe verbind wat die prototipiese kleure van daardie naamwoorde is, is *gras+groen* en *bloed+rooi* (kyk § 4.2.1). In die geval van werkwoorde verskil die konstruering egter, aangesien werkwoorde prosesse en nie aansyne nie profileer. Wanneer die intensiverende werkwoordkomponent nie direk met 'n aspek van die werkwoord geassosieer kan word nie, funksioneer dit meer soos prefiksoïede met 'n intensiverende funksie. 'n Voorbeeld wat analogievorming en die affiksoïedagtige gedrag van werkwoorde illustreer, is *knal+* in *knal+geel*, *knal+blou* en *knal+rooi* in (45)-(47). Dit is nie moontlik om die konstruksies te parafreseer met verwysing na die werkwoord en die kleur nie: Nie in een van die kontekste is 'so geel dat dit knal', 'so blou dat dit knal' en 'so rooi dat dit knal' gepas nie. Ons kan dus sê dat *knal+* 'n prefiksoïed in Afrikaans is.

- (45) Gelukkig tog dat sy die oulike rokkie laas week raakgeloop het. Hemelsblou, met **knalgeel** sonneblomme.
- (46) Sy kyk vinnig om na die man in die deur, toe terug na die seuntjie in 'n **knalblou** kamerjas vol Disney-karakters, sy voete in Miekie Muis-pantoffels.
- (47) Clarissa trek 'n skoon jean en 'n **knalrooi** truitjie aan voor sy opgaan na die eetsaal toe.

(VivA-KPO)

4.2.3 MEK's met 'n adverbium (K1) en 'n kleuradjektief (K2): Die tipe *vars+groen*

Benewens die kleurintensiewe wat reeds in § 4.2.1 en § 4.2.2 bespreek is, is daar ook gevalle waar adverbia gebruik word om kleure te intensiveer. Voorbeelde van hierdie tipe konstruksies is minder algemeen, maar *vars+groen* en *dik+donker* in (48) en (49) is enkele gevalle.

- (48) Die wêreld is skoon gewas en **varsgroen** ná die vroeë reëns.
- (49) Sterre wat skiet in **dikdonker** nagte, Het langer lewe dan roem kan kry.

(VivA-KPO)

4.2.3.1 Vorm

Die vorm van *vars+groen*-tipe MEK's kan soos die skemas in (50) voorgestel word. Uiteraard is hierdie konstruksie nou verwant aan die konstruksies in (51) en (52), die kleurintensiewe wat reeds bespreek is.

(50) (a) $[[a+]_{ADV} [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit } SEM_{ADV} \text{ vertoon/voel}]$,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

(b) $[[a+]_{ADV} [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

≈

(51) (a) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ soos } SEM_N]$

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

(b) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

≈

(52) (a) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit } SEM_V]$,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

(b) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

4.2.3.2 Betekenis

Intensiverende adverbialia soos *siek+*, *dik+* en *vars+* dra, soos in die geval van baie ander intensiverende komponente, nie slegs 'n intensiverende funksie nie. Hierdie MEK's kan as 'baie X' én 'so X dat dit Y is' geparafraseer word. Die leksikale betekenis van die intensiverende komponente is egter meestal tot 'n beperkte mate in die MEK's teenwoordig. Voorbeelde ter illustrasie van die grade waartoe die leksikale betekenis teenwoordig is, is *pot-blou*, *bitter≠blou* en *fel+blou* in (53)-(55). In *pot-blou* is daar geen verband tussen die versteende *pot-* en *blou* nie. In *bitter≠blou* kan daar ook nie 'n letterlike verband tussen die adverbiale betekenis van *bitter* wat

na smaak verwys, en *blou* getrek word nie. Dit is egter vir 'n gebruiker nog moontlik om *bitter* se adverbiale betekenis, te wete 'baie', te identifiseer.²⁴ Laastens is die verband tussen *fel* en *blou* meer letterlik, aangesien die parafraserings 'so blou dat dit fel is' en 'baie blou' vir 'n taalgebruiker duideliker sal wees.

- (53) Die volgende dag met die terugreis sit die kêrel agter langs my in dieselfde kar met 'n dik opgeswelde, **potblou** vinger.
- (54) Maar daardie nag was haar hare geurend en swart en haar **bitterblou** oë het met hom gepraat in 'n ou ou taal.
- (55) 'n Groot, imponerende gryskopman, maar die **felblou** oë onder die ruie blonde wenkbroue is te hard en die diep kepe langs sy mond is nie van te veel lag nie.

(VivA-KPO)

4.2.3.3 Gebruik

Die opsomming van adverbium wat met kleuradjektiewe verbind, word in Tabel 4-5 gegee. Dit is duidelik dat *pot-blou* met N=16 in VivA-KPO en N=17 in VivA-KPE die enigste MEK is wat frekwent gebruik word. Daar is slegs 4 hapaxe in VivA-KPO en geen ander konstruksie behalwe *pot-blou* in VivA-KPE nie. Dit is daarom nie sinvol om die P-waardes te oorweeg nie, aangesien VivA-KPO se totale frekwensie deur *pot-blou* skeefgetrek word en daar slegs 1 MEK in VivA-KPE is. Dit kan met sekerheid gesê word dat hierdie tipe MEK nie baie produktief in Afrikaans is nie.

Tabel 4-5: Woordfrekwensieklas (N) van kleurintensiewe met adverbiumintensiveerders

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
potblou	16	220		potblou	17	7
dikdonker	22	3				
felblou	22	5				
varsgroen	22	4				
siekwit	23	2				
bitterblou	23	1				
bitterrooi	24	1				
klaarblou	24	1				

²⁴ *Bitter* as adverbium kan moontlik ook die gevolg wees van 'n proses van *debonding* (Norde & Van Goethem, 2018). Verdere navorsing in hierdie verband moet gedoen word.

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
pimpelpers	24	1				

4.3 Ander adjektiewe as kernkomponente

Al is kleurintensiewe 'n ryk bron van intensiewe vorme, is intensiewe vorme nie tot kleurintensiewe beperk nie. Intensiewe vorme kom algemeen in Wes-Germaanse tale voor en geniet gereeld aandag in taalkundestudies. Intensiewe vorme is al in Duits (Klara, 2009; Oebel, 2011), Nederlands (Hilgsmann & Meurs, 2007; Hoeksema, 2012; Van den Toorn, 1983) en ander Wes-Germaanse tale soos Sweeds (Battfeld *et al.*, 2018) beskryf en ondersoek. Soos reeds in § 4.1 bespreek is, is die algemene benadering om die intensiverende komponente te kategoriseer en op daardie manier verskillende intensiewe vorme van mekaar te onderskei.

'n Volledige bestekopname, met alle moontlike intensiewe vorme, sal nie 'n doel dien of selfs moontlik wees nie. Dit is ook nie moontlik om sonder 'n volledige lys met alle moontlike adjektiewe en intensiveerders te suggereer dat 'n bespreking oor die gebruik van intensiewe vorme volledig is nie. Vir doeleindes van hierdie afdeling is die lys intensiewe vorme (soos aangetref in Uys, 2002:215-218) wat vir die korpusondersoek gebruik is, onderhewig aan die uitsluiting van kleuradjektiewe wat reeds in § 4.2 bespreek is. Verdere uitsluitings is: (a) *aarts·lui*, wat die enigste intensiewe vorm met 'n intensiverende prefiks in Uys (2002) se lys is en in hoofstuk 5 bespreek word; en (b) intensiewe vorme met *hond+* en *perd+* wat in § 3.2.1 beskryf is. Die lys uit Uys (2002) is gebruik om in VivA se korpusversamelings vir die frekwensies van intensiewe vorme te soek.

4.3.1 MEK's met 'n naamwoord (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe *gal+bitter*

Die konstruksies wat in hierdie afdeling bespreek word, is attribuutsamestellings wat uit 'n naamwoord en 'n adjektief bestaan. Voorbeelde van hierdie MEK's is die Afrikaanse *gal+bitter* in (56) en die Nederlandse *ijs+koud* ("ys+koud" 'baie koud') in (57). In die meeste gevalle word 'n naamwoord wat die adjektief as 'n prototipiese eienskap het, as die eerste komponent in hierdie konstruksies gebruik. Konstruksies soos *gal+bitter* kan as 'so bitter soos gal' én as 'baie bitter' geparafraseer word.

(56) Solank die volk nie tot inkeer kom nie, sal hierdie heidense owerheid die lewe vir ons **galbitter** maak.

(VivA-KPE)

(57) En zo kwam het..... dat de ploeg die het dak teerde in de lente van '49..... om 10 uur 's morgens op een rijtje **ijskoud** bier zat te drinken..... dankzij de gemeenste cipier die Shawshank ooit gekend had.

(Oostdijk *et al.*, 2013)

4.3.1.1 Vorm

Die vorm van *gal+bitter*-MEK's kan skematies soos die skemas in (58) voorgestel word. Die skemas in (59) en (60) is aan die skemas in (58) verwant op grond van die vorm- en betekenisverhoudings wat identies is.

(58) (a) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [SEM_{ADJ} \text{ in verhouding}_R \text{ tot } SEM_N]$,

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as kenmerkende eienskap het

>

(b) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

waar $[a]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as kenmerkende eienskap het

≈

(59) (a) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ soos } SEM_N]$,

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

(b) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

≈

(60) $[[a\div]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a\div]_N$ = naamwoord onverwant aan SEM_{ADJ}

Ander voorbeelde van hierdie tipe intensiewe vorme is *plank+dun*, *slak+stadig* en *veer+lig* in (61)-(63).

(61) Iemand kom die kombuis binne en my oë rek. 'n Lang, **plankdun** vrou kyk my op en af oor haar lang, reguit neus.

(62) Dit het die kar swaar en stadig gemaak; inderdaad só **slakstadig**, dat die Ferrari nie sy bande genoeg kon opwarm om greep deur die draaie te kry, om vinniger te ry, om meer bandhitte en daarom meer greep te genereer nie.

(63) 'n Aansteklike laggie wat telkens opborrel en die gesprek **veerlig** hou.

(VivA-KPO)

4.3.1.2 Betekenis

Komponente soos *plank+*, *slak+* en *veer+* dra 'n vergelykende én intensiverende betekenis in intensiewe vorme. Die betekenis van hierdie komponente wanneer hulle deel van intensiewe vorme is, is verwant aan die leksikale betekenis van hulle onafhanklike lekseme. Hierdie konstruksies kan daarom op twee maniere geparafraseer word: 'SEM_X in verhouding tot SEM_Y' én 'baie X', waar X die adjektief en Y die naamwoord verteenwoordig. Die verhouding tussen die komponente is soms vaag of nie veralgemeenbaar nie. 'n Mens kan byvoorbeeld 'n houer of venue as *prop+vol* 'baie vol' beskryf, terwyl dit nie moontlik is om dit te parafraseer as 'so vol soos 'n prop nie'. 'n Moontlike parafrasering sou 'n uitgebreider frase moes insluit om *prop* sinvol in verhouding tot *vol* te formuleer. Die adjektief beklemtoon of wys op 'n prototipiese eienskap van die naamwoord, vandaar die moontlike vergelykende verhouding tussen die komponente. Daar is ook konstruksies soos *spier+wit* wat oorgeërf is en waar die verhouding tussen die komponente nie meer voor die hand liggend is nie. In sommige gevalle verbleek die vergelykende verhouding tussen die komponente, soos *stok±* in *stok±blind* en *dood±* in *dood±gelukkig* waar daar nie meer 'n sinchroniese verband tussen die twee komponente bestaan nie. Daar is reeds kortliks na *stok±* gekyk in § 2.5.1, en meer uitgebreid na *dood±* in § 3.2.2.3.

Komponente soos *gal+* beklee nie 'n spesiale posisie in Afrikaans nie, aangesien samestelling 'n produktiewe woordvormingsproses in Afrikaans is, én dit 'n algemene eienskap van attribuut-samestellings is dat die kern (meestal die tweede komponent) 'n eienskap of gedeelte van die bepaler (meestal die eerste komponent) spesifiseer. Ander voorbeelde, wat meestal nuutskappings is wat deur gebruikers geskep is om 'n sekere beeld by die leser te wek, is *bul+fris* 'so fris soos 'n bul', *gedig+mooi* 'so mooi soos 'n gedig' en *fossiel+oud* 'so oud soos 'n fossiel' in (64)-(66).

(64) "Dien maar net die medikasie toe soos ek dit voorgeskryf het en voor jy kan sê mes, is die bul weer perdfriis, of moet ek se **bulfriis**?"

(65) Die volle naam is Faint young Sun paradox – **gedigmooi**, man!

(66) "Liewe genade. Jy is **fossieloud**!"

(VivA-KPO)

Lyste met intensiewe vorme is algemeen in Afrikaanse naslaanbronne beskikbaar, byvoorbeeld Uys (2002:215-218), asook in Afrikaanse skoolhandboeke, soos Scholtz en Vorster (2007:358-359). Taalgebruikers vorm gemaklik nuwe konstruksies op basis van die assosiasies wat met

sekere naamwoorde gemaak word. As 'n mens die Afrikaanse adjektief *mooi* en die intensiewe vorm daarvan (*prentjie+mooi*) as voorbeeld neem, is dit duidelik dat daar meer as een intensiewe vorm (kan) bestaan. Voorbeeldkonstruksies waarin *mooi* geïntensiveer word, maar wat nie as die intensiewe vorm(e) van *mooi* gelys word of opgeteken is nie, sluit *engeltjie+mooi*, *madonna+mooi* en *filmster+mooi* soos in (67)-(69) in. Uit die kontekssinne is dit duidelik dat 'baie mooi' in al drie gevalle bedoel word, maar gebruikers se keuses vir intensiverende komponente verskil. Met *engeltjie+mooi* in (67) – wat in vorm die naaste kom aan die algemene intensiewe vorm wat ook 'n diminutief as intensiveerder het (*prentjie+mooi*) – asook *madonna+mooi* en *filmster+mooi* in (68) en (69), is dit duidelik dat die beskrywing op 'n persoon van toepassing gemaak word.

(67) 'n Kop vol Kinderbybelengeltjiekurle en 'n **engeltjiemooi** gesig.

(68) Selfs Dioge lyk beïndruk toe sy, **madonnamooi** met haar hare in 'n klassieke bolla vasgemaak, die laaste pragtabberd van 'n bekende klereontwerper vertoon.

(69) Hý is **filmstermooi**, nie dat dit maak dat sy enigsins naby hóm wil wees nie.

(VivA-KPO)

4.3.1.3 Gebruik

Die meerderheid intensiewe vorme in Uys (2002) se lys is intensiewe vorme waarin naamwoorde as intensiveerders gebruik word. In Tabel 4-6 word die intensiewe vorme uit haar lys wat wel in VivA se korpusversamelings voorkom, saam met hulle N-waarde en frekwensie opgesom. In albei korpusversamelings is *klip+hard*, *prop+vol* en *skat+ryk* die MEK's wat gereeld voorkom, met 'n N-waarde van 14 of laer. Dit is nie verbasend dat daar so 'n groot aantal MEK's met 'n lae N-waarde is nie, aangesien 'n lys met gevestigde intensiewe vorme as die basis vir die tabel dien.

Tabel 4-6: Woordfrekwensieklass (N) van intensiewe vorme met naamwoordintensiveerders

VivA-KPO			VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae	MEK	N	Trefslae
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
propvol	13	1993	kliphard	11	443
kliphard	13	1662	skatryk	12	296
yskoud	14	1011	bankvas	13	155
skatryk	14	975	propvol	14	102
blitsvinnig	14	823	broodnodig	14	98
vlymskerp	14	740	peperduur	14	87

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
peperduur	15	623		vlymskerp	14	83
sopnat	15	609		hemelsbreed	14	73
broodnodig	15	582		blitsvinnig	14	72
seepglad	15	529		yskoud	14	52
haarfyn	15	467		haarfyn	15	51
silwerskoon	15	391		splinternuut	15	40
bankvas	15	361		spekvet	15	39
splinternuut	16	354		seepglad	15	38
hemelsbreed	16	351		sopnat	15	36
glashelder	16	314		hemelhoog	15	34
boeglam	16	297		pikdonker	15	33
penorent	16	287		glashelder	16	25
rotsvas	16	262		stroopsoet	16	25
kurkdroog	16	250		silwerskoon	16	22
stroopsoet	16	226		bloedjonk	16	18
kiertsregop	16	225		boeglam	16	18
kristalhelder	16	205		rotsvas	16	17
hemelhoog	16	204		trommeldik	16	16
wasbleek	16	190		houtgerus	16	14
ragfyn	17	174		galbitter	17	12
stapelgek	17	159		penorent	17	10
loodswaar	17	128		poedelnakend	17	10
asynsuur	17	124		grafstil	17	9
knuppeldik	17	123		kiertsregop	17	9
spekvet	17	121		kurkdroog	17	9
houtgerus	17	115		lelieblank	17	9
bloedjonk	17	112		bloedweinig	17	8
wêreldberoemd	17	111		horingoud	17	7
bloedweinig	17	110		kristalhelder	17	7
rateltaai	17	110		pylreguit	18	6
komkommerkoel	17	106		suikersoet	18	6
kerngesond	17	104		asvaal	18	4
galbitter	17	101		knuppeldik	18	4

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
blitssnel	17	98		nagdonker	18	4
veerlig	17	94		vingeralleen	18	4
grafstil	17	91		komkommerkoel	19	3
poedelnakend	18	78		waternat	19	3
suikersoet	18	76		wêreldberoemd	19	3
nagdonker	18	75		blitssnel	19	2
penregop	18	75		bloedmin	19	2
pylreguit	18	73		kerngesond	19	2
trommeldik	18	71		neutvars	19	2
waternat	18	58		plankdun	19	2
rietskraal	18	55		rateltaai	19	2
plankdun	18	53		sielsgelukkig	19	2
fluweelsag	18	51		asynsuur	20	1
vingeralleen	18	50		engelrein	20	1
bolrond	18	45		horingdroog	20	1
koeëlrond	18	45		kietsregop	20	1
wondermooi	19	42		koeëlrond	20	1
spieëlglad	19	37		penregop	20	1
sielsgelukkig	19	36		popmooi	20	1
popmooi	19	34		rietskraal	20	1
horingoud	19	32		ystersterk	20	1
bloedmin	19	30				
kersregop	19	29				
bliksemsnel	19	23				
seningtaai	20	18				
lelieblank	20	17				
neutvars	20	17				
penreguit	20	14				
pylsnel	20	13				
horingdroog	20	12				
moddervet	20	12				
katvriendelik	21	11				
douvars	21	10				

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
kietsregop	21	9			
klipsteenhard	21	9			
moedersielalleen	21	9			
staalhard	21	9			
ystersterk	21	8			
pekelsout	21	7			
hoepelkrom	22	5			
spiksplinternuut	22	5			
beenoud	22	4			
toringhoog	22	4			
sielsbly	22	3			
engelrein	23	2			
keisteenhard	23	2			
slakstadig	23	2			
sopwaternat	23	2			
hoenderswak	24	1			
kuikenswak	24	1			
spinragfyn	24	1			

Om dieselfde rede as die hoë getal lae N-waardes, is dit egter verbasend dat daar enigsins hapaxe in die korpusversamelings voorkom. Die lys wat gebruik is om vir die intensiewe vorme te soek, behoort immers van 'n mate van vestiging in Afrikaans te getuig. Dit is opvallend aangesien Uys (2002) die kontemporêre bron is wat gebruik word om gebruikers oor sake soos intensiewe vorme in te lig. Toegegee, daar is slegs 3 van die 90 MEK's in VivA-KPO en 9 van die 60 MEK's in VivA-KPE wat hapaxe is. Die hapaxe wys moontlik slegs daarop dat sommige intensiewe vorme in hierdie betrokke korpusversamelings nie geredelik gebruik word nie.

Tweedens is daar nie sprake van intensiveerders wat met verskillende adjektiewe in Tabel 4-6 verbind nie. Die eienskap van hierdie naamwoordintensiveerders om nie uit te brei nie beïnvloed tot 'n groot mate waarom hierdie konstruksies as komposita, eerder as affiksoïede beskou kan word. Die feit dat die naamwoorde in konstruksies soos *klip+hard* (N=13 in VivA-KPO; N=11 in VivA-KPE) en *engel+rein* (N=23 in VivA-KPO; N=20 in VivA-KPE) nog nie gebruik word om ander

adjektiewe te intensiveer nie, sorg daarvoor dat die vergelykende assosiasie tussen die twee komponente nog in sekere konstruksies voortbestaan.

4.3.2 MEK's met 'n werkwoord (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe *skreeu+snaaks*

Konstruksies waar werkwoorde as intensiverende komponente met adjektiewe as tweede komponent verbind, is nóg 'n vorm wat intensiewe vorme kan aanneem. Hierdie konstruksies kan as apposisiekomposita geklassifiseer word – komposita waarin die eerste komponent 'n kenmerk van die kern beskryf (Van Huyssteen, 2017b:199-200). Voorbeelde van hierdie konstruksies is *skreeu+snaaks* in (70) en die Nederlandse *barst-ens+vol* ("bars+vol" 'baie vol') in (71). Hierdie konstruksies kan in die meeste gevalle as 'so X dat jy/dit Y', byvoorbeeld 'so lelik dat jy skreeu' of 'so vol dat dit bars', geparafraseer word.

(70) Dit kon eintlik **skreeusnaaks** gewees het.... as dit nie so ramspoedig en negatief was nie.

(VivA-KPE)

(71) Artikelen **barstensvol** informatie over de personages die de twaalfde- en dertiende-eeuwse roman een gezicht geven.

(Oostdijk *et al.*, 2013)

4.3.2.1 Vorm

Die vorm van *skreeu+lelik*-MEK's kan skematies soos die skema in (72) voorgestel word. Die skemas in (73), (74) en (75) is verwant aan die skema in (72).

(72) (a) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit/jy } SEM_V]$,

waar $[a+]_V$ = werkwoord wat deur SEM_{ADJ} gekenmerk (kan) word

>

(b) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

≈

(73) (a) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit/jy } SEM_V]$,

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

>

(b) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

waar $[b]_{ADJ}$ = kleuradjektief

≈

(74) (a) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ soos } SEM_N]$,

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het

>

(b) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

≈

(75) $[[a÷]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a÷]_N$ = naamwoord onverwant aan SEM_{ADJ}

Vormlik bestaan hierdie konstruksies uit 'n werkwoord en 'n adjektief, waar die adjektief 'n toestand beskryf wat tot die proses lei wat deur die werkwoord voorgestel word. Hierdie intensiewe vorme is soortgelyk aan MEK's met *hond÷*, MEK's waar die kern 'n kleuradjektief is, asook MEK's waar die eerste komponent 'n naamwoord is.

4.3.2.2 Betekenis

Werkwoordintensiveerders soos *huilt+*, *skrik+* en *brand+* dra 'n intensiverende én kousatiewe betekenis in intensiewe vorme. Die betekenis van hierdie komponente wanneer hulle deel van intensiewe vorme is, is verwant aan die leksikale betekenis van hulle onafhanklike lekseme. Hierdie konstruksies kan op twee maniere geparafraseer word: 'so X dat jy of dit Y' én 'baie X'. In die parafrasering verteenwoordig X die adjektief en Y die werkwoord. Die adjektief (i.e. die atemporele toestand) lei tot 'n sekere reaksie (i.e. die proses geprofileer deur die werkwoord) by die spreker (die agent).

Die assosiasie tussen die werkwoord en die adjektief is egter minder deursigtig as in die geval van naamwoordintensiveerders. Dit is byvoorbeeld nie 'n gegewe dat 'n persoon enigsins na *kraak+skoon* in (76) sal kyk en 'n verband tussen iets wat skoon is en iets wat kraak, sal sien nie. MEK's wat nie in Uys (2002) ingesluit is nie, waarin 'n werkwoordintensiveerder met *skoon* gekombineer word, is *fluit+skoon* en *skitter+skoon* in (77) en (78). Al drie gevalle is vir enige taalgebruiker potensieel meer of minder deursigtig, aangesien werkwoorde nie 'n prototipiese kleur het nie. Naamwoorde het waarneembare eienskappe soos kleur, vorm en tekstuur, terwyl werkwoorde nie daardie eienskappe het nie. Omdat prosesse se primêre instansiëringsdomein tyd is, beteken dit dat daar nie sprake van konkrete waarneming, soos in die geval van objekte soos *gras+* of *bloed+*, is nie. Om hierdie rede is werkwoorde minder beskikbaar vir konstruksies soos intensiewe vorme, waar die prototipiese patroon op vergelyking berus.

(76) Ek betree Kuberkoos se **kraakskoon** Polo, waar die masjien ongeduldig met 'n vol tenk en dieselkeel vir my snor.

(77) Interlaken en die Jungfrau regio van Switserland – **fluitskoon** en lieflik.

(78) Baracuda se oë speel oor die **skitterskoon** swembad en oor die poppie se slanke been, en waarskuwingsligte begin in sy agterkop flikker.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

4.3.2.3 Gebruik

In Tabel 4-7 word 'n opsomming gegee van die Afrikaanse intensiewe vorme wat saam met werkwoordintensiveerders voorkom. Die tabel se omvang is heelwat kleiner as dié van Tabel 4-6 waarin naamwoordintensiveerders verskyn. Die MEK's met die laagste N-waarde stem grootliks in die korpusversamelings ooreen, met *piep+klein* wat in VivA-KPO die meeste en in VivA-KPE die tweede meeste voorkom; in albei versamelings is N=14. Daarteenoor is daar MEK's wat algemeen in VivA-KPO voorkom, soos *kraak+skoon* (N=19) en *snik+heet* (N=19), wat nie in VivA-KPE gevind is nie. Dit wys moontlik daarop dat gevestigde intensiewe vorme algemener in geredigeerde tekste sal voorkom.

Tabel 4-7: Woordfrekwensieklass (N) van skreeu+lelik-MEK's in VivA-KPO en VivA-KPE

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
piepklein	14	1 008		skreeusnaaks	14	77
stampvol	14	779		piepklein	14	72
smullekker	15	365		brandarm	15	48
kraakvars	15	349		springlewendig	15	46
brandarm	16	317		stampvol	15	42
skreeusnaaks	16	273		kraakvars	15	32
smoorverlief	16	241		smoorverlief	16	18
springlewendig	16	218		brandmaer	17	11
brandmaer	17	135		smoordronk	18	6
blinkskoon	17	101		smullekker	18	6
druipnat	17	84		blinkvet	18	4
smoorkwaad	18	74		skreeulelik	19	2
smoordronk	18	50				
blinkvet	19	41				
snikheet	19	40				
kraakskoon	19	31				
blinknuut	20	17				
skreeulelik	20	13				

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
kraaknetjies	21	8				
kraaknuut	21	7				
piepjonk	21	6				
vonkelnuut	23	2				
kraakdeftig	24	1				
kraaksindelik	24	1				

'n Werkwoordintensiveerder wat volgens die data suksesvol met verskillende adjektiewe verbind, is *kraak+*. Daar is verskillende adjektiewe waarmee *kraak+* verbind: *kraak+lekker*, *kraak+vars* en *kraak+wit* soos die voorbeelde in (79)-(81). As 'n mens die parafrasering vir kousatiewe intensiewe vorme toepas, sal die konstruksies se betekenis onderskeidelik 'so lekker dat dit kraak', 'so vars dat dit kraak' en 'so wit dat dit kraak' wees. Die adjektiewe wat met *kraak+* voorkom blyk nog met smaak (*lekker* en *vars*) of nuutheid (*wit*) geassosieer te word. Dit moet egter uitgewys word dat die konteks van *kraak+vars* in (80) op 'n mate van grammatikalisering dui, aangesien daar nie na voedsel (wat vars kán wees) verwys word nie, maar na 'n persoon. Die vraag kan gevra word of *kraak+* nie reeds in Afrikaans as 'n prefiksoëid geklassifiseer moet word nie. Die analogiese uitbreiding van werkwoord-intensiveerders behoort in toekomstige diachroniese navorsing oor analogievorming van intensiewe vorme meer aandag te geniet.

(79) 'n Brilljante balans tussen geil vrug en **kraaklekker** suurgehalte.

(80) Vandag is ons weer terug met 'n **kraakvars** outjie en ons bespreek 'n aktuele saak: Hoe gaan dit regtig met Nelson Mandela?

(81) Dit was bitter warm in PTA in die somer & moeilik om wit kouse & bloesies **kraakwit** te hou wanneer jy gesweet & die skoolgronde uit rooigrond bestaan het.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

4.3.3 MEK's met 'n adverbium (K1) en 'n adjektief (K2): Die tipe *alom+bekend*

Daar is ook gevalle waar adverbia gebruik word om adjektiewe mee te intensiveer. Voorbeelde van hierdie tipe konstruksies is minder algemeen in Afrikaans, met *alom+bekend* en *pap+nat* in (82) en (83) as enkele voorbeelde.

(82) Magnete is **alombekend** vir die verbetering van bloedsirkulasie, die bevordering van suurstoefvoer na selle en die verligting van pyn.

(83) Die gedagte is vir my so verskriklik dat ek my **papnat** sweet.

(VivA-KPO)

4.3.3.1 Vorm

Die vorm van hierdie tipe MEK's stem ooreen met die intensiewe vorme wat tot dusver beskryf is, met die verskil dat die intensiverende komponent 'n adjektief of adverbium is. Die skemas in (84) beeld die vorm van *alom+bekend*-tipe MEK's uit, terwyl die skemas in (85) en (86) verwante skemas met ander woordsoorte as intensiveerders voorstel.

(84) (a) $[[a+]_{ADJ/ADV} [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit } SEM_{ADJ/ADV} \text{ is}]$

>

(b) $[[a+]_{ADJ/ADV} [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

≈

(85) (a) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ soos } SEM_N]$

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het

>

(b) $[[a+]_N [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a+]_N$ = naamwoord wat SEM_{ADJ} as 'n kenmerkende eienskap het

≈

(86) (a) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [so SEM_{ADJ} \text{ dat dit } SEM_V]$

>

(b) $[[a+]_V [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$

4.3.3.2 Betekenis

Intensiverende adverbium soos *alom+*, *pap+* en *dol+* dra, soos in die geval van baie ander intensiverende komponente, nie slegs 'n intensiverende funksie in intensiewe vorme nie. Hierdie MEK's kan as 'baie X' geparafraseer word. Die betekenis van die intensiverende adverbium is nie voor die hand liggend in hierdie MEK's nie, al is dit moontlik in die geval van 'n MEK soos *pap+dronk* om die konstruksie as 'so dronk dat jy pap is' te parafraseer. Die leksikale betekenis van die intensiverende komponente is meestal slegs tot 'n beperkte mate in die MEK's teenwoordig.

4.3.3.3 Gebruik

Die voorkoms van Uys (2002) se intensiewe vorme, met adjektiewe of adverbialia as intensiverende komponente, in VivA se korpusversamelings word in Tabel 4-8 opgesom. Wat eerste opval, is dat *mors=dood* (N=15 in VivA-KPO; N=14 in VivA-KPE) in albei korpusversamelings die MEK is wat die meeste voorkom. In albei versamelings is *pap+nat* ook een van die mees frekwente MEK's (N=15 in albei versamelings). Daarbenewens kom geen hapaxe in VivA-KPE voor nie, terwyl daar 6 hapaxe in VivA-KPO is. Weens die groot invloed wat die mees frekwente konstruksies op die P-waardes het, is dit nie sinvol om die P-waardes hier te rapporteer nie. Dit blyk egter asof hierdie tipe konstruksies se voorkoms in geskrewe Afrikaans, soos dit in VivA se korpusversamelings verskyn, meestal tot geredigeerde tekste in VivA-KPO beperk is.

Tabel 4-8: Woordfrekwensieklas (N) van *alom+bekend*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
morsdood	15	599	morsdood	14	101
alombekend	15	492	papnat	15	39
papnat	15	379	dolleeg	15	31
piekfyn	15	337	alombekend	15	29
botstil	16	303	piekfyn	16	15
dolleeg	16	187	pottoe	17	9
dolverlief	17	157	bottoe	18	5
stomverbaas	17	93	botstil	18	4
bottoe	18	76	dolverlief	19	3
dolgraag	18	57	stomverbaas	19	3
wildvreemd	18	47			
papdrunk	20	20			
papsag	20	11			
pottoe	21	7			
stomdrunk	21	6			
dolbly	22	5			
diepbedroef	22	3			
papslap	22	3			
diepbewoë	23	2			
diepdrunk	23	2			

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
stomvervelend	23	2				
stomverwonderd	23	2				
alomgelief	24	1				
booskwaad	24	1				
botdroog	24	1				
potdig	24	1				
potdoof	24	1				
stombesope	24	1				

Die gebruik van adverbialia in intensiewe vorme blyk 'n ideale posisie vir die vorming van skimstamme te wees, soos in § 4.2.1.2 bespreek is. Die voorbeeld van 'n skimstam in Tabel 4-8 wat oorspronklik of etimologies 'n adjektief was en 'heeltetal' beteken het, is die wisselvorme *bot-* en *pot-*. Van die MEK's in VivA-KPO het 6 hierdie skimstamme as intensiveerders, terwyl dieselfde vir 3 van die konstruksies in VivA-KPE geld. Dieselfde geld ook vir *mors-* in *mors-dood* wat, volgens Esterhuizen (1974:15), afkomstig is uit die Hoogduitse *murz* of *morsch* wat 'dwarsdeur' beteken het. Al kom *mors-af* nie in Uys (2002) se lys voor nie, is dit 'n algemene intensiewe vorm (N=16 in VivA-KPO; N=17 in VivA-KPE). Albei hierdie skimstamme is tot die genoemde gevalle beperk.

4.3.3.4 Opmerking

Daar moet melding gemaak word van intensiewe vorme waar die intensiverende komponent nie in een van die afdelings tot dusver pas nie: *tjoep-stil* (N=15 in VivA KPO; N=12 in VivA-KPE) en *tjok-vol* (N=20 in VivA-KPO; N=19 in VivA-KPE). Hierdie konstruksies is erkende intensiewe vorme, maar glad nie morfologies analiseerbaar nie.

Die gebruik van *bitter-* in VivA se korpusversamelings verdien ook 'n opmerking. Die gebruik van *bitter* in Afrikaans as die intensiverende komponent in MEK's is nog nie voorheen bestudeer nie. 'n Korpussoektog na intensiewe vorme met *bitter-* word in Tabel 4-9 opgesom en dit is, interessant genoeg, 'n uiters produktiewe intensiverende adverbium in Afrikaans. Daar is 30 MEK's in VivA-KPO en 18 in VivA-KPE, maar 2 hapaxe met naamwoorde in VivA-KPE (*bitter-fokkol* en *bitter-onnoseles*) dui daarop dat *bitter-* besig is om as 'n intensiveerder in Afrikaans te grammatikaliseer. 'n Uitsondering met *bitter+* is *bittersoet* wat geleksikaliseer is en letterlik verwys na iets met 'n bitter én 'n soet smaak, en figuurlik verwys na iets wat terselfdertyd aangenaam én

onaangenaam is. Die voorkoms en gebruik van *bitter-* in Afrikaans moet in toekomstige studies, veral met inagneming van analogiese woordvorming, aandag geniet.

Tabel 4-9: Woordfrekwensieklas (N) van *bitter-*-MEK's in VivA-KPO en VivA-KPE

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
bittermin	16	185		bittermin	13	123
bitterkoud	19	30		bittergraag	16	17
bittergraag	19	24		bittergou	19	2
bitterklein	21	10		bitternodig	19	2
bittermooi	21	8		bitterseer	19	2
bitterswaar	21	6		bitterswaar	19	2
bittermoeilik	22	5		bitter-bitter	20	1
bittersuur	22	4		bitterfokkol	20	1
bitterarm	22	3		bittergroot	20	1
bitteralleen	23	2		bitterhard	20	1
bittergevaarlik	23	2		bitterklein	20	1
bittergoed	23	2		bitterkoud	20	1
bitterweinig	23	2		bitter-noukeurig	20	1
bitter-baie-graag	24	1		bitter-onnoseles	20	1
bitterbang	24	1		bittersleg	20	1
bitterbelangrik	24	1		bittersnaaks	20	1
bitterbrak	24	1		bittersout	20	1
bitterduur	24	1		bitterspyt	20	1
bitter-ernstige	24	1				
bittergou	24	1				
bittergroot	24	1				
bitter-hartseer	24	1				
bitterjong	24	1				
bitter-lekker	24	1				
bittermoeg	24	1				
bitternodig	24	1				
bitterskraal	24	1				
bitterspyt	24	1				
bitterswak	24	1				

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>			<i>die = 1298362</i>		
bittervroeg	24	1			

4.4 Samevatting

Die MEK's wat in hierdie hoofstuk bespreek is, staan meer algemeen as intensiewe vorme bekend en is beskryf in twee hoofafdelings: dié met kleuradjektiewe as kernkomponente (§ 4.2) en dié met ander adjektiewe as kernkomponente (§ 4.3). Die belangrikste eienskappe wat dié MEK's deel, ongeag hulle komponente, is hulle intensiverende en soms vergelykende of kousatiewe betekenisinhoud. Hierdie eienskap van intensiewe vorme maak dit moontlik vir konstruksies soos *bitter+sleg*, wat as 'so sleg dat dit bitter is' geparafraseer kan word, en *bitter=vinnig*, wat as 'baie vinnig' geparafraseer kan word, om naas mekaar in Afrikaans te bestaan sonder dat gebruikers noodwendig onseker is oor die betekenis.

Ondanks die tipiese gebruik van naamwoorde as intensiverende komponente, aangesien naamwoorde meestal kleure of beskrywings deur middel van adjektiewe as 'n kenmerkende uitbreidingsterrein het (§ 4.2.1 en § 4.3.1), is daar volgens die beskikbare data heelwat kleurintensiewe waarin werkwoorde (§ 4.2.2) of adverbia (§ 4.2.3) as intensiverende komponente optree. Dieselfde geld nie vir die ander adjektiewe wat in § 4.3.2 en § 4.3.3 bespreek is nie. In die geval van werkwoorde en adverbia is dit belangrik hoe werkwoordintensiewe en intensiverende adverbia op analogiese wyse na verskillende adjektiewe uitbrei. 'n Voorbeeld wat produktief vir kleure blyk te wees, is *knal+* in MEK's soos *knal+rooi*, *knal+geel* en *knal+blou*. In § 4.3.3.4 is daar ook gewys op die besondere funksie van *bitter=* om 'n soortgelyke funksie vir ander adjektiewe te verrig. Verdere studies oor die analogiese gebruik van intensiveerders in Afrikaans moet in die toekoms gedoen word om die omvang van hierdie twee intensiveerders na te speur. Die ontwikkeling van skimstamme uit intensiewe vorme is ook 'n belowende moontlikheid vir toekomstige diachroniese studies.

Die betekenisonderskeidings van MEK's in hierdie afdeling is, veral as met die betekenisrykheid van suffiksoëde in hoofstuk 3 dit vergelyk word, beperk. Benewens die vergelykende of kousatiewe eienskap in sommige intensiewe vorme is intensivering die enkele evaluerende betekenisonderskeiding, en dit dryf bes moontlik die volgehoue produktiwiteit van hierdie konstruksies. Die feit dat samestelling 'n hoogs produktiewe woordvormingsproses in Afrikaans is, en nuwe intensiewe vorme daardeur gevorm word, bevorder die algemene produktiwiteit nog meer.

Hoofstuk 5: Affikse

5.1 Inleiding

Dit word dikwels aanvaar dat affikse, wat prefikse, suffikse en infikse in Afrikaans insluit, 'n tipe evaluasie kan aandui. MEK's soos *super-mooi* kan geparafraseer word as 'baie X' waar X die adjektief is. Esterhuizen (1974) bespreek die Klassieke prefikse se intensiewe betekenis in Afrikaans. Hy maak melding van drie van die vyf Klassieke prefikse, naamlik *hiper-*, *super-* en *ultra-*, terwyl *ekstra-*, *mini-*, *midi-* en *mega-* nie in sy studie genoem of bespreek word nie (Esterhuizen 1974: 50-51, 55-56, 56-57). Kruger (1977:155) maak slegs 'n opmerking met verwysing na die gebruik van Klassieke prefikse in Afrikaans: Wanneer adjektiewe met "vreemde" prefikse gebruik word, dit wil sê met prefikse uit die Klassieke stratum, is die betekenis intenser as in die geval van Germaanse prefikse. Hy lys egter net sy eie voorbeelde op die wyse wat in (1) en (2) herhaal word, en beredeneer of staaf nie sy stelling nie.

(1) krities x oorkrities x hiperkrities

(2) sorgvuldig x oorsorgvuldig x hipersorgvuldig

(Kruger, 1977:156)

Van die MEK's wat in hierdie hoofstuk bespreek word, vorm deel van Hoeksema (2012) se "elative prefixes and affixoids"-kategorie wat in Tabel 4-1 genoem word. Naas prefikse (§ 5.2) word daar hier ook aandag geskenk aan MEK's wat deur middel van suffikse (§ 5.3) en infikse (§ 5.4) in Afrikaans gevorm word. Die afdeling oor infikse, en meer spesifiek omdat dit oor vloekwoordinfigering handel, sal die grootste gaping in die beskrywing van affiks-MEK's vul.

5.2 Prefikse

Die bespreking van prefikse in hierdie afdeling is tot drie prefikse uit die Germaanse stratum (*aarts-*, *oer-* en *uber-*) en vyf prefikse uit die Klassieke stratum (*ekstra-*, *hiper-*, *mega-*, *super-* en *ultra-*) beperk. Hierdie prefikse is eksemplaries en slegs verteenwoordigend van die intensiverende gebruik van prefikse in Afrikaans.

5.2.1 MEK's met 'n kategorieneutrale prefiks uit die Germaanse stratum (K1) en 'n naamwoord (K2): Die tipe *aarts-vyand*

Konstruksies soos *aarts-vyand*, *oer-hoer* en *uber-geek* in (3)-(5), wat uit 'n prefiks uit die Germaanse stratum en 'n naamwoord bestaan, het 'n intensiverende betekenis waarin daar na die belangrikste of grootste van hulle soort verwys. Weens die intensivering van naamwoorde wat

minder aandag as die intensivering van adjektiewe geniet, is studies of beskrywings daarvan nie so algemeen soos studies waarin die intensivering van adjektiewe die fokus is nie.

- (3) In die meantime sit die jong pous met 'n gewraakte **aartsvyand**, Kardinaal Spencer – sy mentor wat actually poesgraag pous wou geword het.
- (4) Anders as die oerpatriarg leef die **oerhoer** onder die beskerming van die oerbok, Mhlophe, en hulle albei spook steeds op die plaas.
- (5) Even ons eie Suid-Afrikaanse-Amerikaanse rykgat en **ubergeek**, Elon Musk, het geskied die ouens het heavy raakgevat en 'n winner op die tafel gesit: "It was like watching a bizarro version of your own reality".

(VivA-KPE/VivA-KPO)

5.2.1.1 Vorm

Die vorm van *aarts·vyand*-MEK's kan skematies as die skemas in (6a), (6b) en (6c) voorgestel word. Die skemas in (7a) en (7b) is identies aan (6a)-(6c), met die verskille dat die skemas in (7a) en (7b) vir konstruksies met prefikse uit die Klassieke stratum is en die betekenis soms verskil. In (6) word drie skemas aangedui, met (6a) wat slegs *oer·* spesifiseer as die prefiks wat hierdie betekenis aandui. Die skemas in (6b) en (6c) is uitbreidings wat na belangrikheid en grootheid verwys, asook na *aarts·* en *uber·* as ander Germaanse prefikse. In (7) word prefikse uit die Klassieke stratum as verlengingskonstruksies aangedui, aangesien slegs die ooreenstemmende betekenis van (6b) en (6c) ter sprake is.

- (6) (a) $[[a\cdot]_{CN}[b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{die oorspronklike SEM}_N]$,

waar $[a\cdot]_{CN} = \textit{oer}\cdot$

>

- (b) $[[a\cdot]_{CN}[b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{n belangrike SEM}_N]$,

waar $[a]_{CN} = \textit{aarts}\cdot / \textit{oer}\cdot / \textit{uber}\cdot$

>

- (c) $[[a\cdot]_{CN}[b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{n groot SEM}_N]$,

waar $[a\cdot]_{CN} = \textit{aarts}\cdot / \textit{oer}\cdot / \textit{uber}\cdot$

≈

- (7) (a) $[[a\cdot]_{CN}[b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{n belangrike SEM}_N]$,

waar $[a\cdot]_{CN} = \textit{ekstra}\cdot / \textit{hiper}\cdot / \textit{mega}\cdot / \textit{super}\cdot / \textit{ultra}\cdot$

>

- (b) $[[a\cdot]_{CN}[b]_N]_N \Leftrightarrow [\text{n groot SEM}_N]$,

waar [a·]_{CN} = *ekstra· / hiper· / mega· / super· / ultra·*

5.2.1.2 Betekenis

MEK's soos *aarts·vyand* kan geparafraseer word as 'die oorspronklike X', 'n belangrike X' of 'n groot X', waar X die naamwoord is. Laasgenoemde betekenisonderskeiding is intensiverend, terwyl 'n belangrike X' 'n grensgeval is. In konstruksies soos *aarts·kont* en *oer·vraag* kan die betekenis moontlik op tipes aansyne eerder as intensiverings dui, maar daar kan kontekste wees waar gebruikers die konstruksies intensiverend gebruik, soos in (8) en (9).

- (8) Wrap dit om die donderbuis, tape dit op en fok dit in die dominie/skoolhoof/ander **aartskont** se yard.
- (9) Die **oervraag** van die filosofie is presies wat die verhouding van syn en syndes is.

(VivA-KPE/VivA-KPO)

Konstruksies soos *aarts·vyand* moet in verband gebring word met ander Afrikaanse MEK's waarin naamwoorde geïntensiveer word, byvoorbeeld *super·--zombies* in (10) en *kak÷hou* in (11). In die geval van *super·--zombies* kan die MEK as 'groot zombies' geparafraseer word as gevolg van *super·* wat 'n intensiverende prefiks uit die Klassieke stratum is (kyk § 5.2.2), terwyl *kak÷hou* as 'n groot hou' geparafraseer word as gevolg van die gebruik van die taboeprefiksoïed (kyk § 3.2.2.3).

- (10) Dis makliker gesê as gedaan, want behalwe vir die feit dat die oorlewendes haar met agterdog bejeën, is daar vanweë eksperimente op die zombies (en in lyn met verwickelinge in die speletjie) nou ook **super-zombies**, om nie eens van moorddadige kraaie te praat nie!
- (11) Sy vingers verdwyn in die openinge van 'n bal... en dan ruk hy dit terug en moker vir Dries 'n **kakhou** teen die kaak.

(VivA-KPO)

5.2.1.3 Gebruik

As 'n mens na MEK's met *aarts·* kyk, soos in Tabel 5-1, is die meeste konstruksies hapaxe. Van die 113 konstruksies in VivA-KPO is 68 hapaxe, terwyl 12 van die 16 konstruksies in VivA-KPE hapaxe is. Weens die hoë voorkoms van hapaxe is *aarts·*-MEK's se $P=0.12$ in VivA-KPO, en $P=0.52$ in VivA-KPE. Die konstruksie met die laagste N-waarde in VivA-KPO is *aarts·vader*, terwyl *aarts·kommunis*, *aarts·rassis* en *aarts·vader* met $N=19$ die konstruksies met die laagste N-waarde in VivA-KPE is. Die konstruksies in VivA-KPE is heelwat nader gegroepeer, aangesien *aarts·vader* die enigste konstruksie met 'n frekwensie hoër as 20 is. Die hoë voorkoms van hapaxe

wys op 'n gewildheid van hierdie prefiks om nog in Afrikaans gebruik te word om naamwoorde mee te intensiveer. Dit is ook opvallend dat die hoeveelheid *aarts*-MEK's in VivA-KPO (113) omtrent 7 keer meer is as die hoeveelheid in VivA-KPE (16). Hierdie verskil in die totale aantal dui daarop dat *aarts* sterk gevestig is en in geredigeerde tekste verkies word.

Tabel 5-1: Woordfrekwensieklass (N) van *aarts*-N-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15290295</i>				<i>die = 1160695</i>		
aartsvader	16	293		aartskommunis	19	3
aartsmoeder	20	19		aartsrassis	19	3
aartssonde	20	13		aartsvader	19	3
aartsskelm	20	12		aartsliberalis	19	2
aartsleuenaar	20	11		aartsboosdoener	20	1
aartsteenstander	20	11		aartshuigelaar	20	1
aartsoptimis	21	9		aartskont	20	1
aartsskurk	21	9		aartskrimineel	20	1
aartsonde	21	8		aartsmanteldraaier	20	1
aartsketter	21	7		aartsopportunis	20	1
aartskommunis	21	7		aartsoptimis	20	1
aartsrassis	21	7		aarts-patriot	20	1
aartsmanipuleerder	21	6		aartspessimis	20	1
aartsimperialis	22	5		aartsrampokker	20	1
aartsjode	22	5		aartsskelm	20	1
aartsmisdadiger	22	5		aartsterroris	20	1
aartsterroris	22	5				
aartsduiwel	22	4				
aartsmededinger	22	4				
aartsfeminis	22	3				
aartsmiskop	22	3				
aartsopponent	22	3				
aartsromantikus	22	3				
aartsverleier	22	3				
aartsboef	23	2				
aartsboosaarde	23	2				
aartsdiosese	23	2				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
die = 15290295				die = 1160695		
aarts-Engelse	23	2				
aartsfederalis	23	2				
aartshospitaal	23	2				
aartskapitaliste	23	2				
aartskommuniste	23	2				
aartskonserwatis	23	2				
aarts-kugel	23	2				
Aartspessimis	23	2				
aartspessimiste	23	2				
aartspopulis	23	2				
aartsrebel	23	2				
aartsseerower	23	2				
aartsskarminkels	23	2				
aartssot	23	2				
aartsverleidster	23	2				
aartsvervolger	23	2				
aartsvrouejagter	23	2				
aartswagter	23	2				
aartsab	24	1				
Aarts-Afrikaners	24	1				
aartsantagonis	24	1				
aartsbandiet	24	1				
aartsbesoedelaar	24	1				
aartsbewonderaar	24	1				
aartsbooswigte	24	1				
aartsbygelowiges.	24	1				
aartsdemoon	24	1				
aartsdief	24	1				
aartsdissipel	24	1				
aartsdobbelaars	24	1				
aartsdomheid	24	1				
aartsoos	24	1				
aartsdramatiesheid	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
die = 15290295				die = 1160695		
aarts-eksponente	24	1				
aarts-emosie	24	1				
aartsetters	24	1				
aartsfeeks	24	1				
aartsfundamentaliste	24	1				
aartsgenie	24	1				
aartsgerub	24	1				
aartshaters	24	1				
aartshervormer	24	1				
aartshuigelaar	24	1				
aartsintrigant	24	1				
aartsjodestam	24	1				
aartskamerheer	24	1				
aarts-kansvatter	24	1				
aartskarnallie	24	1				
aartskreasionis	24	1				
aartskruiperkaner	24	1				
aartskryger	24	1				
aartskwaal	24	1				
aartsliberalis	24	1				
aartsluiaard	24	1				
aartsluies	24	1				
aartsluiheid	24	1				
aartsma	24	1				
aarts-Marxis	24	1				
aartsmaterialis	24	1				
aartsmilitaris	24	1				
aartsmisantroop	24	1				
aartsmoraliste	24	1				
aartsnavorser	24	1				
Aartsnuuskierigheid	24	1				
aartsoortreding	24	1				
aarts-opportunis	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15290295</i>				<i>die = 1160695</i>		
aartsouers	24	1				
aartspatriarg	24	1				
aartsprotestant	24	1				
aartsskok	24	1				
aartssondaars	24	1				
aartssosialiste	24	1				
aartstipe	24	1				
aartstiran	24	1				
aartstowenaars	24	1				
aartstuisblyer	24	1				
aartstwis	24	1				
aartsverdediger	24	1				
aartsverneuker	24	1				
aartsvernietiger	24	1				
aartsversamelaar	24	1				
aartsvleier	24	1				
aartsvoorbeeld	24	1				
aartswebmeester	24	1				
aartswil	24	1				
aartswyses	24	1				

Die konstruksies waarin *oer-* geag word 'n evaluerende betekenis te hê, word in Tabel 5-2 opgesom. As gevolg van die groot getal konstruksies in VivA-KPO (565) kan die volledige tabel nie hier ingesluit word nie, maar dit word as Bylaag B tot hierdie studie ingesluit. In die geval van VivA-KPO en VivA-KPE vorm hapaxe die meerderheid, met onderskeidelik 333 (~59%) en 17 (~61%) konstruksies. As gevolg van die hoë getal konstruksies wat slegs 1 keer voorkom, is die produktiwiteit ook hoog ($P=0.14$ in VivA-KPO; $P=0.27$ in VivA-KPE). Daar is geen konstruksies wat 'n N-waarde van 14 of minder het nie, omdat geleksikaliseerde naamwoordkonstruksies met *oer-* (soos *oerwoud*) nie as MEK's geklassifiseer kan word nie.

Tabel 5-2: Opsomming van woordfrekwensieklas (N) van oer-N-MEK's

<i>N</i> -kategorie	<i>Aantal konstruksies</i>		<i>Voorbeelde</i>		
	<i>VivA-KPO</i>	<i>VivA-KPE</i>			
	<i>die</i> = 15529096	<i>die</i> = 1209996			
Baie hoog: N ≤ 14	NVT	NVT			
Hoog: N ≤ 17	3	2	<i>oer.gees</i> (VivA-KPO)	<i>oer.bron</i> (VivA-KPO)	<i>oer.dier</i> (VivA-KPO)
Gemiddeld: 17 < N < 20	20	9	<i>oer.instink</i> (VivA-KPO)	<i>oer.lig</i> (VivA-KPO)	<i>oer.verhaal</i> (VivA-KPO)
Laag: N ≥ 20	209	17 (hapaxe)	<i>oer.instelling</i> (VivA-KPE)	<i>oer.kwaal</i> (VivA-KPE)	<i>oer.vraag</i> (VivA-KPE)
Baie laag: N ≥ 24	333 (hapaxe)	NVT	<i>oer.droom</i> (VivA-KPO)	<i>oer.konteks</i> (VivA-KPO)	<i>oer.manier</i> (VivA-KPO)
	565	28			

Aangesien die meeste konstruksies hapaxe is, maak dit sin om meer aandag aan hierdie konstruksies te spandeer. Voorbeelde van hapaxe uit die data is *oer.rustigheid*, *oer.skaamte* en *oer.verskrikking* in (12)-(14). In die meeste gevalle het *oer.* die betekenis van 'die oorspronklike' of 'n belangrike', eerder as wat 'n duidelike evaluerende betekenis van 'n groot X' ter sprake is. In die gevalle van (12)-(14) kan die konstruksies slegs geparafraseer word as 'n groot rustigheid', 'n groot skaamte' en 'n groot verskrikking' – i.e. as evaluerende konstruksies – en slegs sulke konstruksies is in die tellings in Tabel 5-2 ingesluit.

- (12) Daar is 'n **oerrustigheid** in hom. Wat verdwyn toe hy onverwags in haar oë opkyk en nie dadelik wegkyk nie.
- (13) Amalia voel uit haar dieptes uit 'n skaamte. Dit is 'n **oerskaamte**, een van oordeel en vergelding en 'n drang na vergiffenis.
- (14) Miskien leef hulle in 'n verbuiging van die werklikheid waarbinne ons nie eens bestaan nie (ons is slegs deel van die gesigsveld). Wanneer hulle in die hemel verskyn, kyk die plaasvrou op in **oerverskrikking**.

(VivA-KPO)

Die prefiks wat feitlik nie in Afrikaans gebruik word om 'n intensiverende betekenis aan te dui nie, is *uber.* Daar word nie 'n tabel vir *uber.* in hierdie afdeling ingesluit nie, juis as gevolg van die skaarsheid van relevante konstruksies. Die enigste 3 konstruksies in die korpusversamelings waarin *uber.* naamwoorde intensiveer, is *uber.--boer* in VivA-KPO, met 2 trefslae (N=23), en

uber-...staat en *uber-geek* in Viva-KPE, met 1 trefslag elk (N=20). Dit kan sonder twyfel gestel word dat *uber-* nie produktief in Afrikaans gebruik word nie.

5.2.1.4 Opmerking

'n Resente beskrywing van evaluerende konstruksies in Fries verskyn op Taalportaal (2020). 'n Interessante geval is Dyk en Weening (2019), waarin die verskil tussen die gebruik van *poer-* in Fries teenoor die Nederlandse *puur* kortliks bespreek word. In Fries word *poer-* (Ndl. *puur*, Afr. *suiwer*) as 'n prefiks gebruik om adjektiewe mee te intensiveer. Hulle meen dat *poer-* in Fries produktief is en dat die prefiks oor uitsonderlike eienskappe beskik. 'n Voorbeeld van 'n *poer-* konstruksie is *poer-gek-hastich* ("poer-gek+haastig" 'baie haastig').

Anders as in Fries, word *puur-/suiwer-* (*poer-*) nie as 'n prefiks in Afrikaans gebruik nie. In Afrikaans kan *suiwer* en *pure* wel as adverbial gebruik word om evaluerende betekenis op sintaktiese wyse aan te dui. Die verskil in die moontlike evaluerende aard word aangedui wanneer die voorbeelde van *pure* soos in (15) en (16) teenoor *suiwer* in (17) en (18) vergelyk word: Eersgenoemde het 'n sterker negatiewe lading, terwyl laasgenoemde sterker tot 'n uitsluitlik intensiverende betekenis neig.

(15) Jy praat **pure** tjol.

(16) Klink vir my na **pure** sotterny.

(17) Gereeld in die nuus oor hulle onbekwaamheid en **suiwer** rassisme.

(18) Die EFF hou almal op hulle agtervoet met **suiwer** aggressiewe en byna waansinnige gedrag.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

5.2.2 MEK's met 'n kategorieneutrale prefiks uit die Klassieke stratum (K1) en 'n naamwoord (K2): Die tipe *mega-kerk*

5.2.2.1 Vorm

Die vorm van *mega-kerk*-MEK's kan skematies as die skemas in (19) voorgestel word. Die skemas in (19) is verwant aan konstruksies soos *aarts-vyand*, soos in (20), wat op basis van die gebruik van prefiks uit die Germaanse stratum verskil. Die konstruksies deel die betekenisonderskeidings van "n groot N" of "n belangrike N".

(19) (a) $[[a\cdot]_{CN} [b]_N]_N \Leftrightarrow [n \text{ groot SEM}_N]$,

waar $[a\cdot]_{CN} = \textit{ekstra-} / \textit{hiper-} / \textit{mega-} / \textit{super-} / \textit{ultra-}$

>

(b) $[[a\cdot]_{CN} [b]_N]_N \Leftrightarrow [n \text{ belangrike SEM}_N]$,
 waar $[a\cdot]_{CN} = \textit{ekstra} \cdot / \textit{hiper} \cdot / \textit{mega} \cdot / \textit{super} \cdot / \textit{ultra} \cdot$
 \approx

(20) (a) $[[a\cdot]_{CN} [b]_N]_N \Leftrightarrow [\textit{die oorspronklike SEM}_N]$,
 waar $[a\cdot]_{CN} = \textit{aarts} \cdot / \textit{oer} \cdot / \textit{uber} \cdot$

>

(b) $[[a\cdot]_{CN} [b]_N]_N \Leftrightarrow [n \text{ groot SEM}_N]$,
 waar $[a\cdot]_{CN} = \textit{aarts} \cdot / \textit{oer} \cdot / \textit{uber} \cdot$

>

(c) $[[a\cdot]_{CN} [b]_N]_N \Leftrightarrow [n \text{ belangrike SEM}_N]$,
 waar $[a\cdot]_{CN} = \textit{aarts} \cdot / \textit{oer} \cdot / \textit{uber} \cdot$

Voorbeelde van hierdie tipe konstruksie is volop in Afrikaans: *hiper-voortgang*, *mega-projek* en *super-mag* in (21)-(23) is enkele voorbeelde. Struktureel bestaan hierdie konstruksies uit 'n kategorieneutrale prefiks uit die Klassieke stratum en 'n naamwoord uit óf die Klassieke óf Germaanse stratum.

- (21) In hierdie tye van tegnologiese **hiper-voortgang** is dit maar 'n kwessie van (min) tyd op die internet.
- (22) Ná die watersnoodramp van 1916 was die politieke klimaat gereed vir die **megaprojek**, en twee jaar later is toestemming van die parlement verkry om met die projek voort te gaan..
- (23) Sjina sal na verwagting die drie daagse beraad gebruik om sy stempel af te druk as die nuwe **supermag** wat Amerika waarskynlik in 2020 as die grootste ekonomie sal verby steek.

(VivA-KPO)

5.2.2.2 Betekenis

MEK's van die *mega-kerk*-tipe se betekenis kan geparafraseer word as "n groot X", soos *mega-klanktoestel*, of "n belangrike X", soos *mega-projek*, waar X die naamwoord is. Hierdie konstruksie se betekenisinhoud stem ooreen met ander intensiveringskonstruksies in Afrikaans, soos intensiewe vorme (kyk § 4.3) en naamwoordintensiverings met Germaanse prefikse (kyk § 5.2.1). Daar is ook gevalle waar die tweede komponent wel 'n naamwoord is, maar die konstruksie

nie 'n MEK is nie, soos in *hiper-skakel* en *super-familie* in (24) en (25). Laasgenoemde voorbeelde dui spesifieke soorte aansyne aan, en is dus spesifiserend eerder as intensiverend. Konstruksies soos hierdie geniet daarom nie in hierdie bespreking aandag nie.

(24) Deur hierdie **hiperskakel** te aktiveer sal u herlei word vanaf ons webtuiste direk na 'n ander verskaffer se webtuiste.

(25) Insekte van dié **superfamilie** en die verwante superfamilie Apoidea (bye en graafwespe) het dikwels angels, en baie van hulle vorm kolonies.

(VivA-KPO)

5.2.2.3 Gebruik

Daar is nie 'n MEK in VivA se korpusversamelings gevind waarin *ekstra* met 'n naamwoord verbind nie. In die naamwoordkonstruksies met *ekstra* het *ekstra* die betekenis van 'bykomend', byvoorbeeld *ekstra--inkomstes* in (26).

(26) Fraser-Moleketi het na 'n onlangse opname verwys en sê een van die probleme wat die staatsdiens het, is dat amptenare nie hulle **ekstra-inkomstes** verklaar nie.

(VivA-KPO)

Kyk 'n mens na die naamwoordkonstruksies met *hiper*, is die voorkoms van mediese terme (soos *hiper-lipidemie*, *hiper-sensitiwiteit* en *hiper-ventilasie*) of terme wat met inligtingtegnologie verband hou (soos *hiper-skakel*, *hiper-teks* en *hiper-werklikheid*) opvallend. Die MEK's met *hiper* word in Tabel 5-3 volgens hulle N-waarde opgesom. In VivA-KPO kom daar 33 konstruksies voor waarvan 19 hapaxe is, terwyl 6 van die 7 konstruksies in VivA-KPE hapaxe is. Die P-waarde vir *hiper* in VivA-KPO is $P=0.28$, terwyl dit $P=0.5$ in VivA-KPE is. Die konstruksie met die laagste N-waarde in VivA-KPO is *hiper-reus* (N=21), terwyl *hiper--anglisisme* (N=18) die meeste in VivA-KPE voorkom. Dit lyk asof *hiper* nog in Afrikaans gebruik word om naamwoorde mee te intensiveer. In ongeredigeerde tekste, soos in VivA-KPE, is al die konstruksies suiwer intensiverend – insgelyks die hapaxe in VivA-KPO.

Tabel 5-3: Woordfrekwensieklas (N) van hiper-N-MEK's

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
hiperreus	21	9	hiper-anglisisme	18	6
hipersekresie	21	9	hiper-nasionalisme	20	1
hipernorm	21	6	hiper-rassiste	20	1

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
hiperbewustheid	22	4		hiper-RR'e	20	1
hiperlading	22	3		hiper-rykes	20	1
hiperwerklikheid	22	3		hiper-valsheid	20	1
hiper-blootstelling	23	2		hiper-versorging	20	1
hiperfokus	23	2				
hiperkapitalisme	23	2				
hipermaat	23	2				
hipermaatslag	23	2				
hiperstimulasie	23	2				
hiperwinste	23	2				
hiper-aanhanger	24	1				
hiperalles	24	1				
hiperbedagtheid	24	1				
Hipercalvinisme	24	1				
hiper-geestelikheid	24	1				
hipergelowiges	24	1				
hiperheld	24	1				
hiper-innovasie	24	1				
hiperintelligensie	24	1				
hiperkorrektes	24	1				
hipermag	24	1				
hiper-pragmatisme	24	1				
hiper-preutses	24	1				
hiperruimte	24	1				
hiperrykes	24	1				
hiperster	24	1				
hiperstolbaarheid	24	1				
hipervolume	24	1				
hipervooruitgang	24	1				

Naamwoordkonstruksies met *mega·*, *super·* en *ultra·* is algemener as dié met *hiper·*. As 'n mens MEK's met *mega·* oorweeg, wat in Tabel 5-4 opgesom is, is enkele voorbeelde *mega·--mullet*,

mega-tendens en *mega-army* in (27)-(29). Die betekenis van MEK's met *mega-* is, soos in die geval van die meeste prefikse wat reeds bespreek is, moontlik nie ondubbelsinnig evalueerend nie. In hierdie voorbeelde is dit egter duidelik dat die konstruksies slegs as 'n groot mullet', 'n groot tendens' en 'n groot army' geparafraseer kan word.

- (27) Op die ou einde kan sy maar net nie bestand bly teen die sjarme van Swayze se **mega-mullet** en ballerina-agtige houding nie.
- (28) Hierdie **megatendens** manifesteer hom volgens Vorster (1993:8) in die feit dat gesagsinstellinge op ekonomiese, regerings- en bestuursvlakke al meer onder skoot kom
- (29) Om ook nou elke 5 treë van 'n spoorlyn 'n weermaglid te stasioneer om die skroewe te tel, gaan 'n **mega-army** vra.

(VivA-KPE/VivA-KPO)

Tabel 5-4: Woordfrekwensieklas (N) van mega-N-MEK's

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 14058066</i>			<i>die = 1080247</i>		
megakerk	18	46	megaboer	16	22
megastad	18	38	megastad	17	6
megaboer	19	27	megaskool	18	4
megaspoor	19	21	mega-plaas	18	3
megaprojek	20	16	megabesighede	19	2
megagemeentes	20	13	megakerk	19	2
megatendens	20	10	mega-regering	19	2
megamynhoop	21	9	mega-army	20	1
megaboer	21	7	mega-bangmaakstorie	20	1
megaster	21	7	megabedreigings	20	1
megaskool	21	6	mega-beloftes	20	1
megastad	21	6	mega-boerderye	20	1
megahandelaars	21	5	mega-boerderyprojek	20	1
megaskaal	21	5	megaboetes	20	1
megadosisse	22	4	megabonusse	20	1
mega-omgewing	22	4	mega-burokrasie	20	1
mega-ontwikkeling	22	4	mega-ego	20	1
mega-plaas	22	4	mega-flamme	20	1
megareservaat	22	4	megagemeente	20	1

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 14058066</i>			<i>die = 1080247</i>		
megaskool	22	4	mega-gevolg	20	1
megaman	22	3	megahash	20	1
megastruktuur	22	3	mega-hit	20	1
megavlermuise	22	3	mega-konsep	20	1
megawinkel	22	3	mega-kragstasie	20	1
megawins	22	3	mega-landbouontwikkeling	20	1
megabesighede	23	2	mega-moeilikheid	20	1
megaboerdery	23	2	mega-motorplaas	20	1
Megabrein	23	2	mega-mullet	20	1
mega-gebeurtenis	23	2	mega-oliebronne	20	1
Megagroep	23	2	mega-ondernemings	20	1
megakorporasie	23	2	Mega-paranoia	20	1
Mega-lammers	23	2	mega-planne	20	1
megamelkery	23	2	mega-probleme	20	1
mega-mullet	23	2	mega-projekte	20	1
mega-natuurreservaat	23	2	mega-proporsie	20	1
mega-organiseerder	23	2	mega-r'e	20	1
megaparadigmas	23	2	mega-rolprent	20	1
megaparke	23	2	mega-salaris	20	1
megaplakkerskampe	23	2	mega-skuld	20	1
megaprodusente	23	2	megaspektrum	20	1
mega-regering	23	2	megatendense	20	1
megaseiljag	23	2	mega-treffer	20	1
mega-slikdam	23	2	mega-weermag- opleidingsentrum	20	1
mega-staat	23	2	mega-welsynsorganisasie	20	1
mega- steenkoolkragentrales	23	2			
megastreek	23	2			
megatemas	23	2			
mega-transaksies	23	2			
mega-treffer	23	2			
mega-veiling	23	2			

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
Konstruksies met *-asie* wat Afrikaans via Nederlands geërf het, is oorspronklik uit Frans geërf (Kempen, 1969:426). Voorbeelde van sulke konstruksies is *bagasie*, *pakkasie* en *plantasie* wat nie evaluatiewe betekenisinhoud het nie. Konstruksies met *-sel* waar naamwoorde en werkwoorde as basiskomponente dien, kan met 'n afkerende betekenselement gepaard gaan (Kempen, 1969:428) Dit is ook belangrik om *dier-asie*-MEK's van algemene konstruksies te onderskei wat met afhanklike komponente verbind, soos *oper-asie*, *koloni-sasie* en *konsult-asie*. Die toets wat Kempen gebruik om tussen hierdie tipes konstruksies te onderskei, illustreer hy deur te verduidelik dat 'n *dier-asie* steeds 'n dier is, terwyl ('n) *koloni-sasie* nie 'n kolonie is nie. In MEK's soos *koek-er-asie* en *spok-er-asie* is die eerste komponent 'n naamwoord wat onafhanklik kan funksioneer, en 'n *koek-er-asie* is steeds 'n koek soos wat 'n *spok-er-asie* steeds na 'n spook verwys. In albei woorde dra *-asie* tot 'n pejoratiewe interpretasie by.

In Afrikaans kan *-asie* met naamwoorde én werkwoorde verbind om naamwoorde te vorm (Kempen, 1969:427). Voorbeelde van *dier-asie*-tipe konstruksies waar die eerste komponent 'n naamwoord is, is *kakk-er-asie*, *spok-er-asie* en *tew-er-asie* in (71)-(73). 'n Voorbeeld waarin 'n werkwoorde die eerste komponent is, is *bromm-er-asie* in (74).

- (71) Reël 7 lewer siniese kommentaar op die digter se stryd: " wát vir **kakkerasie!** " Reël 9, wat tipografies die langste is, het ook iets op die betekenisvlak te sê.
- (72) Maar die kuns van bangmaak lê daarin om in die gefolterde protagonis se verwarde psige in te gaan, en om die bibberasies te kry vir die **spokerasies**, en dit deur die held of heldin se oë te sien om waarde vir jou geld te kry.
- (73) Wat soek die **tewerasie** in die RSA jaag haar kaalgat terug zimbabwe toe Wat soek sy hier?
- (74) Die gebruik van die provinsie se drie amptelike tale, Afrikaans, Engels en Suid-Sotho, sou veel meer sin gemaak het. Maar buiten 'n **brommerasie** hier en daar was daar nie besware nie.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

5.3.1.1 Vorm

Die vorm van *dier-asie*-MEK's kan skematies soos die skemas in (75) voorgestel word. In (75a) is *-asie* 'n kategorieneutrale suffiks, terwyl dit in (75b) 'n nominaliseerder is. In (75b) word die werkwoordbasis van *-asie*-konstruksies skematies voorgestel. Die betekenis van die konstruksie, wanneer dit gebruik word om MEK's te vorm, is ook duidelik pejoratief.

(75) (a) $[[a]_N [\cdot b]_{CN}]_N \Leftrightarrow [\text{pejoratiewe/minagtende verwysing na SEM}_N]$,

waar $[\cdot b]_{CN} = \cdot asie$

≈

(b) $[[a]_V [\cdot b]_{NMLZ}]_N \Leftrightarrow [\text{pejoratiewe verwysing na die resultaat van SEM}_V]$

waar $[\cdot b]_{NMLZ} = \cdot asie$

5.3.1.2 Betekenis

MEK's soos *dier-asie* kan geparafraseer word as "n X waarvoor die gebruiker nie agting het nie" waar X die naamwoord is, of as "die gebruiker beskou die resultaat van Y as minderwaardig of onbelangrik" waar Y die werkwoord is. In Kempen (1969:426-431) se bespreking van *·asie* beklemtoon hy dat afkeer met sommige van die naamwoordafleidings op *·asie* gepaardgaan, maar nie almal nie. Ondanks die sekerheid van pejoratiewe betekeniswaardes van sommige konstruksies met *·asie*, kon die ontstaan van die pejoratiewe betekenisonderskeid nie vasgestel word nie. Dit sou bes moontlik met behulp van 'n gestratifiseerde, diachroniese korpus in die toekoms ondersoek en vasgestel kan word.

5.3.1.3 Gebruik

Kempen (1969:429) is van mening *·asie* se produktiwiteit in Afrikaans "was en is gering". As die data oorweeg word, blyk Kempen se stelling tot slegs 'n mate waar te wees. Daar kom 50 MEK's in VivA-KPO voor, met 26 hapaxe teenoor die totale 13 konstruksies en 3 hapaxe in VivA-KPE. Die gepaardgaande produktiwiteit ondersteun Kempen se stelling van vier dekades gelede, met $P=0.02$ in VivA-KPO en $P=0.03$ in VivA-KPE. Die konstruksies wat die meeste treffslae in VivA-KPO het, is gevestigde konstruksies soos *dier-asie* (N=16) en *mur-asie* (N=16). Hierdie konstruksies is konstruksies met 'n algemeen aanvaarde betekenis, met *dier-asie* wat 'n duidelike negatiewe konnotasie het as 'n mens die woordeboekdefinisie daarvan oorweeg (e-WAT, 2022). Weens die gevestigtheid van die konstruksies met 'n hoër frekwensie, is hulle evaluerende waarde moontlik laer as dié van hapaxe soos *baard-er-asie* en *stink-er-asie*. Die MEK's in Tabel 5-14 waar daar nie twyfel oor die evaluerende aard is nie, byvoorbeeld *krui-er-asie*, *skrikk-er-asie* en *swet-er-asie* in VivA-KPO, is almal hapaxe. Dieselfde geld vir konstruksies met 'n frekwensie wat baie laag is in VivA-KPE, soos *sput-er-asie* en *tem-er-asie*, soos geïllustreer in (76) en (77).

(76) Gaan gerus aan met jou **sputerasie** Pastoor die soort wat jy spuit sal hulle nie kwaad doen nie en miskien blaas dit dalk 'n bietjie verstand in hulle koppe.

(77) Versuikerde snert is inderdaad 'n baie beleefde beskrywing vir die **temerasie** wat Nambawhan se "spokesperson" hierbo kwytraak.

Tabel 5-14: Woordfrekwensieklas (N) van *-asie*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
dierasie	16	276		stoffasie	14	58
murasie	16	260		murasie	17	10
stoffasie	16	204		dierasie	17	7
bewerasie	17	161		varkerasie	17	7
blokkasie	17	158		blokkasie	18	6
koekerasie	19	25		McBasie	18	6
timmerasie	20	17		bewerasie	18	4
pakkerasie	21	7		temerasie	19	3
papperasie	21	7		koekerasie	19	2
tewerasie	21	7		tewerasie	19	2
katterjasie	21	6		papperasie	20	1
brekasie	22	5		spuiterasie	20	1
otterasie	22	5		vrotterasie	20	1
bibberasie	22	3				
strawasie	22	3				
vryerasie	22	3				
absessasie	23	2				
babbelasie	23	2				
dikkerasie	23	2				
kakkerasie	23	2				
modderasie	23	2				
pluimasie	23	2				
popperasie	23	2				
slotterasie	23	2				
baarderasie	24	1				
bakkerasie	24	1				
bitserasie	24	1				
bitterbekkerasie	24	1				
bodderasie	24	1				
boekerasie	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
broekbewerasie	24	1				
brommerasie	24	1				
gillerasie	24	1				
jitterasie	24	1				
kermierasie	24	1				
kokerasie	24	1				
kruierasie	24	1				
lekkerasie	24	1				
plakkerasie	24	1				
skribbelrasie	24	1				
skrikkerasie	24	1				
skrywerasie	24	1				
spammerasie	24	1				
stinkerasie	24	1				
sweterasie	24	1				
testosterasie	24	1				
tierasie	24	1				
tikkerasie	24	1				
tuinboskasie	24	1				
wipperasie	24	1				

5.3.2 MEK's met 'n diminutiefsuffiks: Die tipes *brief-ie-tjie-tjie* en *sagg-ies*

Diminutiewe is een van die algemeenste evaluerende konstruksies: Die meeste studies oor evaluerende taalgebruik aanvaar diminutiewe as 'n gegewe. Die verskillende vorme en betekenis van diminutiewe geniet gereeld aandag, waaronder Polzin (1901) wat meer as 'n eeu gelede oor Duitse diminutiewe geskryf het, en Wierzbicka (1984) wat die semantiek van diminutiewe beskryf. Bakema *et al.* (1993), Bakema en Geeraerts (2000), Jurafsky (1996) en Schneider (2013) is slegs enkele ander studies waarin aandag aan verskeie aspekte van diminutiewe geskenk word. Coetzee en Kruger (2004:317) wys op die kompleksiteit van diminutiewe wanneer hulle die interaksie tussen fonologie, morfologie en semantiek bespreek, asook die feit dat diminutiewe van basies enige woordsoort gevorm kan word.

Afrikaanse diminutiewe word reeds in Hoge (1932) en Kempen (1940) breedvoerig beskryf. Meer onlangse studies waarin aandag aan diminutiewe gegee word, sluit Coetzee en Kruger (2004) en Sebeka (1997) in. Volgens Kempen (1969:501) is daar “groot aktiwiteit rondom die diminutief in Afrikaans” en onderskei hy in hierdie verband diminutiewe van ander afleidingsaffikse. In hierdie afdeling word aandag geskenk aan diminutiewe in soverre nuwe insigte oor hulle aard as MEK’s verklaar kan word. ’n Volledige beskrywing van Afrikaanse diminutiewe is nie die doel van hierdie afdeling nie.

5.3.2.1 Vorm

Afrikaans beskik oor ses diminutiefsuffikse, naamlik *·etjie*, *·ie*, *·jje*, *·kie*, *·pie* en *·tjie* – ’n voorbeeld per affiks word ter illustrasie in (78)-(83) gegee. Die skema vir al ses hierdie diminutiefvorme word in (84a)-(84c) gegee.

- (78) Ek is ook 'n " vryerige " ouma van 'n 7 week-babatjie, maar ek soen hom op die **wangetjie**.
- (79) Die **boksie** is ook met die hand gevou. Masjien gevoude kartonne is net die groter produsente beskore.
- (80) Duisende manure het verlore gegaan, om nie te praat van al die vermorste brandstof nie. Dit het hierdie ou **landjie** van ons seker miljoene gekos.
- (81) daar was 'n fyn krakie in soos 'n **varinkie** ek weet tot vandag toe presies hoe dit gelyk het so skuins af na links het dit geloop ek kon nie dink nie ek kon nie onthou nie ek kon net na daardie krakie sit en kyk en kyk en kyk iemand klop.
- (82) Die stowwerige blare van die nagemaakte **boompie** in die hoek is steeds 'n spinnekop se woning.
- (83) En Racheltjie de Beer was maar net weerlose **meisietjie** van twaalf.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

By die oorweging van diminutiewe in Afrikaans as MEK’s, is daar twee vormvariasies wat in ag geneem behoort te word, naamlik diminutief-adverbia en iminutiewe. Die vorm van *brief·ie·tjie·tjie*-MEK’s kan skematies soos die skemas in (84d) voorgestel word, terwyl *sagg·ies* in (85) voorgestel word. Die skemas in (84) en (85) het die gebruik van diminutiefsuffikse, asook hul amelioratiewe aard, in gemeen.

- (84) (a) $[[a]_N[\cdot b]_{CN}]_N \Leftrightarrow [n \text{ klein SEM}_N]$

>

(b) $[[a]_N [\cdot b]_{CN}]_N \Leftrightarrow [n \text{ onbedreigende SEM}_N]$

>

(c) $[[a]_N [\cdot b]_{CN}]_N \Leftrightarrow [n \text{ onbelangrike SEM}_N]$

>

(d) $[[a]_N [\cdot b]_{CN}^n]_N \Leftrightarrow [n \text{ onbelangrike of onbedreigende SEM}_N]$,
waar $[\cdot b]_{CN}^n =$ meer as een diminutiefsuffiks

\approx

(85) $[[a]_{ADJ} [\cdot b]_{ADVZ}]_{ADV} \Leftrightarrow [\text{op 'n manier wat deur SEM}_{ADJ} \text{ gekenmerk word}]$

Die twee variasies wat in die bespreking oorweeg word, is diminutief-adverbia en iminutiewe.

5.3.2.1.1 Diminutief-adverbia

Corver (2016:252-255) bespreek adjektiewiese diminutiewe in Nederlands en analiseer die *·ie* as 'n diminutiefsuffiks en die *·s* as 'n genitiefmerker. Voorbeelde van adjektiewiese diminutiewe in Afrikaans is *sagg·ies* en *warm·pies* soos in (86) en (87).

(86) Ouma het my geleer dat dogtertjies baie **saggies** moet piepie, so sag dat jy jousef nie kan hoor nie.

(87) Hy wat Olaf Kroukamp is, sit **warmpies** op 'n neseier die grootte van 'n volstruiseier, veilig gekoester in sy familie se ou geld.

(VivA-KPO)

5.3.2.1.2 Iminutiewe

Coetzee en Kruger (2004:300) maak in die verbygang die stelling dat dubbele diminutiewe 'n algemene verskynsel in omgangstaal is. Volgens Rademeyer (1938:60) word dubbele diminutiewe algemeen in Griekwa-Afrikaans gebruik om kleinheid te beklemtoon. Dit is moontlik dat die verdubbeling van diminutiefsuffikse uit Jiddisj geërf is, aangesien die verdubbeling van diminutiefsuffikse 'n konstruksie in Jiddisj is wat as iminutiewe bekend staan (Kahn, 2017:673). Volgens King (1992:428) kom iminutiewe ook in Beierse variëteite van Duits voor. Vir doeleindes van eenvormigheid word voortaan ook na hierdie konstruksies in Afrikaans as iminutiewe verwys.

5.3.2.2 Betekenis

Daar is talryke studies wat die verskeidenheid betekenismoontlikhede van diminutiewe belig. Die konsensus is dat die betekenis wat deur middel van diminutiewe suffikse aangedui word nie tot die referensiële verwysing na fisiese grootte beperk is nie. Kempen (1969:493) meen dat die drie

grondwaardes van diminutiewe kleinheid, amelioratiewe gevoelswaarde en pejoratiewe gevoelswaarde is. Betekenisse kan dus evaluerend gelaai wees en onder meer beleefdheid, simpatie en neerhaling aandui.

5.3.2.2.1 Diminutief-adverbia

In die geval van diminutief-adverbia (Kempen, 1969:488) verbind 'n diminutiefsuffiks met 'n adverbium soos in *mooi-tjies* en *skelm-pies* in (88) en (89). Kempen noem slegs dat hierdie konstruksies in Afrikaans voorkom, maar hy bespreek dit nie in detail nie. Diepeveen (2012:269) bevestig die algemeenheid van afleidings op *-tjies* in Afrikaans en gebruik *koel-e-tjies* as 'n voorbeeld. As 'n mens die enkele bekende voorbeelde van hierdie konstruksies oorweeg, kan die betekenis daarvan geparafraseer word as 'op 'n attenuatiewe manier wat deur X gekenmerk word', waar X die adverbium is.

(88) Kan hulle **mooitjies** vir die verdagtes vra om na ONSE tafel te kom sodat hy verhoor kan word en wanneer skuldig bevind word, word hy op borg vrygelaat en als begin weer van voor af.

(89) Dan lag hy **skelmpies** binnemonds vir homself, want daar is niemand nie, net hy.

(VivA-KPE)

5.3.2.2.2 Iminutiewe

Voorbeelde van iminutiewe in Afrikaans is *deel-tjie-tjie* en *vlaam-etjie-tjie* in (90) en (91). Kempen (1969:489) verwys daarna as dubbelformasies. Schultink (1974) wys ook slegs terloops op die voorkoms van iminutiewe in Afrikaans; sy fokus is eerder op hoe dit binne transformasionele generatiewe taalkunde pas.

(90) Haai en ek het nie eers besef ons soek nog na 'n laaste ou **deeltjietjie** nie!

(91) Op die lae **vlammetjietjie** kan die bredie die hele dag staan en prut sonder dat iets aanbrand.

(VivA-KPO)

In hulle studie oor die Afrikaans van Riemvasmakers sê Fourie en Du Plessis (1987:51): "Hoe aangenamer die ervaring, hoe meer dubbele verkleinings." Soos reeds in § 5.3.2.1 genoem, is dit moontlik dat Afrikaans iminutiewe uit Jiddisj geërf het. Dit is egter duidelik dat die betekenis van hierdie tipe konstruksies met die algemene betekenisonderskeidings van diminutiewe, naamlik pejoratiwiteit en amelioratiwiteit, ooreenstem.

5.3.2.3 Gebruik

5.3.2.3.1 Diminutief-adverbia

Volgens Kempen (1969:488) kom diminutief-adverbia slegs met *·ies*, *·jies*, *·tjies*, *·etjies* en *·pies* voor (dus is *?·kies* die enigste morfeem wat volgens hom nie in hierdie konstruksies bestaan nie). Hierdie stelling beperk nie die soektog nie, aangesien vyf van die ses Afrikaanse diminutiefsuffikse steeds kan voorkom. Dit is ook in beginsel moontlik dat enige adjektief as 'n basiskomponent vir hierdie soort konstruksies kan dien. In Kempen (1969:488) word vyf voorbeelde genoem (*sagg·ies*, *net·jies*, *mooi·tjies*, *still·tjies*, *skelm·pies*). In Corver (2016:252-255) se bespreking van Nederlands word meer voorbeelde van Nederlandse diminutief-adverbia genoem. Die volledige lys konstruksies wat opgespoor kon word, is vir Nederlands opgestel (Diepeveen, 2012:397). Ten einde die Afrikaanse data in te samel en genoeg data te hê om te bespreek, is Diepeveen se lys met 112 diminutief-adverbia vir Afrikaans vertaal en in die soektog gebruik.²⁵ Vertalings waarvoor daar nie treffers gevind is nie, sluit *skraal·tjies*, *somber·tjies* en *suinigg·ies* in. Die volledige lys konstruksies word as Bylaag D ingesluit.

Tabel 5-15: Woordfrekwensieklas (N) van diminutief-adverbia

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Treffers</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Treffers</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
netjies	11	8295		netjies	11	555
saggies	11	6541		saggies	12	323
liggies	11	5699*		stilletjies	13	125
stilletjies	14	881		dalkies	14	102
effentjies	15	439		liggies	15	42
fyntjies	16	296		mooitjies	15	36
skelmpies	16	241		skelmpies	15	33
dalkies	16	199		effentjies	16	17
floutjies	16	181		halfies	17	9
mooitjies	16	174		fyntjies	18	4
lossies	17	85		drogies	19	3
soetjies	18	72		soetjies	19	3
koeltjies	18	63		ietsies	19	2
swakkies	19	36		koeltjies	19	2

²⁵ 104 met adjektiewe as basis en 8 met adverbia.

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
kalmpies	19	33		blekies	20	1
knussies	19	26		floutjies	20	1
strakkies	20	13		kalmpies	20	1
ietsies	20	12		lossies	20	1
drogies	20	11		siekies	20	1
warmpies	21	8		skefies	20	1
dunnetjies	21	7		stadiggies	20	1
halfies	21	6		swakkies	20	1
loutjies	23	2				
gladjies	24	1				
laffies	24	1				
minnetjies	24	1				
skoontjies	24	1				
vlotjies	24	1				
* = geëkstrapoleerde waarde						

Die data vir diminutief-adverbia in Afrikaans word in Tabel 5-15 gegee. Die Afrikaanse konstruksies wat in bronne genoem word as voorbeelde van die verskynsel, soos *net-jies*, *ligg-ies*, en *sagg-ies* is die konstruksies met die meeste trefslae in VivA se korpusversamelings. In die geval van *net-jies* (N=11 in VivA-KPO; VivA-KPE) en *sagg-ies* (N=11 in VivA-KPO; N=12 in VivA-KPE) is daar nie 'n moontlikheid vir betekenisverwarring nie, aangesien albei slegs as adverbia gebruik word. In die geval van *ligg-ies* is 'n naamwoordelike en adverbiale interpretasie moontlik, soos in (92) en (93). In die geval van *ligg-ies* moes 'n seleksie van die data gemaak word om relevante trefslae te vind, aangesien daar aanvanklik meer as 7 500 trefslae in VivA-KPO gevind is. Daar is aanvanklik gesoek na trefwoorde links van *ligg-ies* wat werkwoorde is, aangesien dit 'n akkurate aanduiding van die adverbiale gebruik van die konstruksie sou kon gee. Dit is egter nie 'n uitsonderinglose riglyn om net na werkwoorde regs van *ligg-ies* te kyk nie, soos ook deur (92) en (93) geïllustreer word. In (92) word *ligg-ies* as 'n naamwoord gebruik en in (93) as 'n adverbium, juis as gevolg van die spesifieke werkwoorde wat gebruik word. Om hierdie rede is daar besluit om die eerste 1 000 trefslae van *ligg-ies* in VivA-KPO te annoteer en die uitslae op die res van *ligg-ies* se trefslae in VivA-KPO te ekstrapoleer. In byna driekwart van die trefslae vir *ligg-ies* in VivA-KPO (747 van die 1 000 konstruksies wat geannoteer is) word die konstruksie adverbiaal eerder as naamwoordelik gebruik. Die frekwensie vir *ligg-ies* in Tabel 5-15 is 'n

geprojekteerde frekwensie van *ligg-ies* in die korpusversamelings. 'n Groot gedeelte van die 1 000 geannoteerde konstruksies is resepte, wat nie noodwendig 'n weerspieëling van algemene geskrewe Afrikaans nie. Die trefslae vir *ligg-ies* in VivA-KPE is egter akkuraat, aangesien daar veel minder trefslae was om handmatig na te gaan: 42 van die 99 trefslae wat gevind is, is as MEK's geklassifiseer.

(92) Laat julle **liggies skyn** en hou julle name hoog!

(93) Dit lyk vir my of hy hom net **liggies tik** om te maak dat hy homself opkrul.

(VivA-KPE)

Die voorkoms van hapaxe in Tabel 5-15 dui daarop dat, ten spyte daarvan dat 'n vooropgestelde lys gebruik is, sommige diminutief-adverbia nie werklik gevestig is of gebruik word nie. In VivA-KPO is daar 6 hapaxe en in VivA-KPE is daar 6 hapaxe, maar met onderskeidelik $P=0.0002$ en $P=0.01$ as gevolg van die meer gevestigde konstruksies met 'n baie hoë frekwensie.

5.3.2.3.2 Iminutiewe

Al word iminutiewe as deel van Afrikaans aanvaar, is die voorkoms daarvan in geskrewe korpora beperk. Dit is veral die geval by die diminuering van diminutiva tantum soos *bakkie-kie* in (95). Die 19 iminutiewe wat in die data gevind is, word in Tabel 5-16 opgesom. Buiten *meisie-kie-kie* is al die konstruksies hapaxe en hulle N-waardes is die hoogste moontlike waardes vir die onderskeie korpusversamelings. As die produktiwiteit van iminutiewe oorweeg word, is dit duidelik dat hierdie konstruksies produktief in Afrikaans is – slegs een konstruksie is nie 'n hapax nie.

(94) dis peanuts vir rykmans-kindere wat bederfde brokkies is, pappa sal betaal vir die oepsie....as jy my vrou leed aandoen dan begrawe ek jou saam jou **bakkiekie** met n sak vol geld op die sitplek.

(VivA-KPE)

Tabel 5-16: Woordfrekwensieklass (N) van iminutiewe

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
deeltjietjie	24	1	meisiekiekie	19	2
ertjietjie	24	1	andiletjietjie	20	1
Hennerikkiekie	24	1	bakkiekie	20	1
kaartjietjie	24	1	boetetjiekie	20	1

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
kuiertjietjietjie	24	1	briefjietjietjie	20	1
pasteitjietjie	24	1	broekiekiekiekie	20	1
prentjietjie	24	1	drankieie	20	1
vlammetjietjie	24	1	Krimpvarkietjietjie	20	1
			marietjietjie	20	1
			spaniekie	20	1

Die gevalle van iminutiewe in geskrewe Afrikaans is gering as VivA se korpusversamelings oorweeg word, ondanks Kempen (1969:501) se stelling dekades gelede dat iminutiewe se gebruik in Afrikaans toeneem.

Dit is opvallend dat uit die MEK's in Tabel 5-16 daar vier gevalle is waar eiename as basiskomponente dien. Die vier MEK's is **andile·tjie·tjie*, *Hennerikkiekie*, *Krimpvarkie·tjie·tjie* en **marietjie·tjie* in (95)-(98). Uit die kontekste blyk die spreker 'n toegeneë houding teenoor die aangesprokene te hê, met die uitsondering van (95) wat as sarkasties geles kan word.

(95) Sukkel jul mensies om te bestuur, ag shampies ou **andiletjietjie!**

(96) Hennerik... **Hennerikkiekie**, is dit regtig jy, my kjind? " Die tante se vreugde ken geen perke nie.

(97) Ou **Krimpvarkietjietjie**, die kommentatore dink diep, baie diep, om 'n NASIE-VISIE te formuleer wat meetbaar en haalbaar is en gekoppel is aan 'n keerdatum en wat elke soogdier in Suid-Afrika mal van opbouende kreatiwiteit en opgewondenheid

(98) Ten minste sal sy nie op skool in 'n verleentheid wees met annatjie sussanatjie **marietjietjie** saartjie helgatjie.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

5.3.2.4 Opmerking

'n MEK wat as 'n hapax in VivA-KPO voorkom, is *dood÷kalm·pies* in (99). Hierdie konstruksie is tekenend van die aard van MEK's, aangesien 'n intensiverende prefiksoëid met 'n adverbiale-diminutief gekombineer word om 'n selfs meer evaluerende konstruksie te vorm. Hierdie konstruksie kan ook as 'n rekursiewe MEK geklassifiseer word (kyk § 6.3), al is *dood÷* en *·ies* nie 'n tipiese affikspaar soos *aller·* en *·ste* wat rekursiewe MEK's vorm nie.

(99) Toe hy sy mond oopmaak, beweeg my arms alreeds in sy rigting _ sonder dat hulle enige bevele van my brein af gekry het _ want hy sit daar **doodkalmpies** en sê: " Meneer Peters, auntie Lucinda, ek en Monica is li... "

(VivA-KPO)

Iminutiewe is 'n taalverskynsel wat, benewens Jiddisj, sterk met Slawiese tale soos Pools, Bulgaars, Litous en Oekraïnies geassosieer word (Szymanek, 2015; Szymanek & Derkach, 2005; Manova & Winternitz, 2011). Szymanek (2015:157) verwys ook vlugtig na die sporadiese voorkoms daarvan in Iers. Die bestudering van iminutiewe sal in die toekoms beslis by meer gebruiksgebaseerde en taalvergelykende studies baat.

5.3.3 MEK's met 'n adjektief (K1) en 'n nominaliserende suffiks (K2): Die tipe *laf-aard*

Konstruksies wat uit 'n adjektief en 'n nominaliserende, persoonsvormende suffiks bestaan, is algemeen in Wes-Germaanse tale. Voorbeelde van hierdie soort konstruksies is *gierig-aard* en *stout-erd* in (101) en (102) vir Afrikaans, en *wreed-aard* ("wreed·NMLZ" 'iemand wat wreed is') en *slimm-erik* ("slim·NMLZ" 'iemand wat slim is') in (103) en (104) vir Nederlands. In bestaande bronne blyk die konsensus dat konstruksies met *-aard*, *-erd* en *-erik* in Wes-Germaanse tale versteen het en tot enkele konstruksies beperk is.

(100) In die gedigtereeke word die mens uitgebeeld as **gierigaard** wat nooit moeg word om nog meer te gryp nie.

(101) Toe daardie **stouterd** oor 'n tak bo die water uitrek om die nessie te kry, steek die perdebye hom so dat hy pardoems in die wa-ter val.

(VivA-KPO)

(102) De junta schilderde hem af als terrorist en **wrededaard** die religieuse discriminatie op zijn eigen volk toepaste.

(103) Het grootste deel had de **slimmerik** geïnvesteerd in onroerend goed.

(Oostdijk *et al.*, 2013)

5.3.3.1 Vorm

Die vorm van *laf-aard*-MEK's word in (104) skematies voorgestel. Hierdie MEK is in vorm en betekenis nou verwant aan ander persoonsvormende konstruksies in Afrikaans, byvoorbeeld die tipe *stout-gat* en *leer-ling* of *werk-er* waarvan die skemas in (105) en (106) gegee word.

(104) $[[a]_{\text{ADJ}} [\cdot b]_{\text{NMLZ}}]_{\text{N}} \Leftrightarrow [\text{persoon wat SEM}_{\text{ADJ}} \text{ as eienskap het}]$,

waar [\cdot b]_{NMLZ} = \cdot aard / \cdot erd / \cdot erik

≈

(105) [[a]_{ADJ} [\cdot b]_N]_N ⇔ [pejoratiewe verwysing na 'n persoon wat SEM_{ADJ} is],

waar [\cdot b]_N = \div gat / \div gesig / \div kop / \div neus / \div stert

≈

(106) [[a]_V [\cdot b]_{NMLZ}]_N ⇔ [persoon wat SEM_V],

waar [\cdot b]_{NMLZ} = \cdot er / \cdot ling

5.3.3.2 Betekenis

Konstruksies soos *grys-aard* en *stout-erd* kan geparafraseer word as "n persoon wat X as eienskap het" waar X die adjektief is. Die gebruik in Afrikaans om naamwoorde van adjektiewe met evaluerende betekenisladings te vorm, is egter tot enkele konstruksies beperk. Volgens Kempen (1969:383-384) gaan afleidings op \cdot aard in Afrikaans wel met 'n pejoratiewe betekenis gepaard. Hy meen egter dat afleidings op \cdot erd, as gevolg van reeds pejoratiewe inhoud van die adjektiewe waarmee hulle verbind, reeds pejoratief is. Oor \cdot erik meld Kempen (1969:385) slegs dat die suffiks heeltemal onproduktief in Afrikaans is, en \cdot erik "verdien nouliks vermelding". Verdere voorbeelde van hierdie tipe MEK is *dronk-aard*, *stomm-erik* en *stout-erd* in (107)-(109).

(107) Die president se vader was ook glo 'n berugte **dronkaard** en gereelde besoeker van die dorp se Chang'aa-kroeë.

(108) Hierdeur wil ek vir u se dat die **stommerik** wat die Siener en Johanna Brandt wil aanvat, maar so moet maak.

(109) "Dit sou dinge makliker gemaak het as jy nie met die bekendste **stouterd** in die wêreld getrou het nie."

(VivA-KPO/VivA-KPE)

Kempen (1969:381, 385) maak nie dieselfde eksplisiete melding van pejoratiwiteit oor persoonsvormende suffikse soos \cdot er en \cdot ling as wat hy vir \cdot aard en \cdot erd maak nie. Voorbeelde van konstruksies met \cdot er en \cdot ling, wat die neutraler aard van hierdie konstruksies illustreer, is *befonds-er* en *lief-ling* in (110) en (111).

(110) Iran aan die ander kant is die grootste **befondser** van terreur in die wereld en hierdie onlangse blatante skeeps-kapings is verdere bewys van hul rampokker status.

(111) Ek wil my nie eens voorstel as ek by die huis kom en my **liefling** in so 'n toestand vind nie.

Op basis van Kempen se beskrywing én bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat *·aard*, *·erd* en *·erik* as Afrikaanse MEK's geag behoort te word. Die pejoratiewe betekenis wat met hierdie affikse gepaard gaan, is egter nie net 'n resultaat van die negatiewe adjektiewe waarmee hulle verbind nie, maar juis as gevolg van gedeeltelike komposisionaaliteit wat reeds bespreek is. Die skema in (104) behoort dus aangepas te word na (112).

(112) (a) $[[a]_{\text{ADJ}} [b]_{\text{NMLZ}}]_{\text{N}} \Leftrightarrow [\text{pejoratiewe verwysing na 'n persoon wat SEM}_{\text{ADJ}}$ as eienskap het],

waar $[b]_{\text{NMLZ}} = \cdot aard / \cdot erik$

>

(b) $[[a]_{\text{ADJ}} [b]_{\text{NMLZ}}]_{\text{N}} \Leftrightarrow [\text{pejoratiewe verwysing na 'n persoon wat SEM}_{\text{ADJ}}$ as eienskap het],

waar $[b]_{\text{NMLZ}} = \cdot erd$

waar $[a]_{\text{ADJ}} = \text{adjektief wat 'n pejoratiewe betekenis het}$

5.3.3.3 Gebruik

Die beperkte voorkoms van dié drie affikse in die Afrikaanse korpusversamelings is opmerklik. In Tabel 5-17 word *·aard*-MEK's opgesom: Daar is slegs 15 konstruksies in VivA-KPO gevind, waarvan 2 hapaxe is, terwyl VivA-KPE 11 konstruksies, wat 2 hapaxe insluit, opgelewer het. Die MEK met die laagste N-waarde in albei korpusversamelings is *laf·aard* met N=14 in VivA-KPO, en N=10 in VivA-KPE. Die P-waardes is laag, naamlik P=0.001 in VivA-KPO en in VivA-KPE, en dui op die algemene onproduktiwiteit van die konstruksie. Uitsonderingsgevalle, waarin 'n positiewe adjektief of 'n kleuradjektief gebruik word, is *grys·aard*, *trots·aard* en *ryk·aard*. Al drie konstruksies kom in VivA-KPO voor, met onderskeidelik N=16, N=19 en N=20. In VivA-KPE kom *trots·aard* (N=17) en *grys·aard* (N=18) voor. Selfs met 'n positiewe adjektief soos *trots* en *ryk*, asook met die kleuradjektief *grys*, word die konstruksie kritiserend gebruik; *grys*, *trots* en *ryk* word nie in (113)-(115) as positiewe eienskappe beskou nie, maar eerder negatief.

(113) En my tweede man is 'n kortgat, diepbejaarde, knoetsrige **grysaard** met 'n fetisj vir swewende Gregoriaanse gebedsmusiek.

(114) Daar is ongelukkig ook niks wat my so frustreer soos 'n **trotsaard** nie.

(115) Ek sê vir julle, soos die armsaligste bedelaar voor die saal van die huis van 'n hardvotige **rykaard**.

Tabel 5-17: Woordfrekwensieklas (N) van *-aard*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
lafaard	14	782		lafaard	10	1 245
grysaard	16	238		wreedaard	13	159
luiaard	16	177		dronkaard	15	32
dronkaard	17	164		boosaard	16	25
wreedaard	17	126		luiaard	16	20
gierigaard	18	72		woestaard	16	14
trotsaard	19	41		trotsaard	17	13
woestaard	19	38		grysaard	18	6
boosaard	19	25		domaard	19	2
rykaard	20	16		valsaard	20	1
gulsigaard	21	7		vrotaard	20	1
suinigaard	22	5				
valsaard	22	4				
lelikaard	24	1				
norsaard	24	1				

Die voorkoms van *verwoest-aard* (N=17) in VivA-KPE verdien ook melding, aangesien dit 'n uitbreiding van die algemener *woest-aard* (N=19 in VivA-KPO; N=16 in VivA-KPE) is. Dit is uitsonderlik aangesien *verwoes* 'n werkwoord is wat met *-aard* verbind én *verwoest-aard* slegs in VivA-KPE voorkom. Dit is moontlik dat die konstruksie 'n kreatiewe skepping deur 'n enkele gebruiker is, of dat dit 'n malapropisme is.

In Tabel 5-18 word die enkele gevalle van *-erd*-MEK's opgesom. Daar is slegs 13 konstruksies in VivA-KPO en 7 konstruksies in VivA-KPE gevind. Die P-waardes, naamlik P=0.01 vir VivA-KPO en P=0.08 vir VivA-KPE, is besonders laag. Soos wat die geval met *-aard* en *-erik* is, dien adjektiewe met negatiewe betekeniswaardes as basis vir hierdie MEK's: Die konstruksies met die hoogste N-waarde in albei korpusversamelings is *papp-erd* (N=19 in VivA-KPO; N=16 in VivA-KPE) en *stout-erd* (N=20 in VivA-KPO; N=16 in VivA-KPE). In VivA-KPO is die enigste hapax *mal-lerds* in (116) en *domm-erd*, *doww-erds* en *lomp-erd* is hapaxe in VivA-KPE. Die enigste positiewe adjektief wat as basis gebruik word, is *slim* in *slimm-erd*. Soortgelyk aan *trots-aard*, *grys-aard* en *ryk-aard* wat hier bo bespreek is, word *slimm-erd* in (117) ook kritiserend gebruik, ondanks die feit dat die adjektief positief is. Weens die feit dat die konstruksie byna nie in hapaxe

voorkom nie, word Kempen (1969) se stelling rakende die onproduktiwiteit van *-erd* in Afrikaans bevestig.

(116) En, asseblief, sê tog wie is die **mallerds** agter die Gay and Lesbian Alliance?

(117) In plêstiek gebore, in plêstiek gedispatch. Wie was die **slimmerd** wat daai dorp Despatch genoem het.

(VivA-KPO)

Tabel 5-18: Woordfrekwensieklas (N) van *-erd*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
papperd	19	23		stouterd	16	17
stouterd	20	13		papperd	16	14
lomperd	21	8		slapperd	19	2
stinkerd	21	8		slimmerd	19	2
lelikerd	21	7		dommerd	20	1
dommerd	21	6		dowwerd	20	1
slimmerd	21	6		lomperd	20	1
dikkerd	22	5				
vrotterd	22	5				
dowwerd	22	3				
swakkerd	23	2				
mallerd	24	1				

Die besonders beperkte data vir *-erik* word in Tabel 5-19 opgesom. Dit is duidelik dat Kempen (1969) korrek was oor hierdie suffiks: Die MEK's wat daarmee gevorm word, is versteen. In albei korpusversamelings is dit dieselfde drie konstruksies wat voorkom, met *slimm-erik* wat 'n hapax is. Soos in die gevalle van *-aard* en *-erd* word *slimm-erik*, ondanks die positiewe adjektief, kritiserend gebruik. Die P-waarde vir hierdie konstruksie is nie 'n akkurate weerspieëling van die konstruksies se produktiwiteit nie aangesien daar geen produktiwiteit in die korpusmateriaal is nie.

Tabel 5-19: Woordfrekwensieklas (N) van *-erik*-MEK's

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
stommerik	17	143		stommerik	15	43
dommerik	23	2		dommerik	20	1
slimmerik	24	1		slimmerik	20	1

5.3.3.4 Opmerking

Van die drie suffikse wat bespreek word, is dit slegs *-erd* wat met 'n taboe verbind om 'n naamwoord te vorm. Die konstruksie **kakk·ert*, met slegs 12 trefslae in VivA-KPE, is 'n kombinasie van *kak* en **·ert* om 'n skelwoord te vorm. Die spelling van die konstruksie is wel met 'n 't' aan die einde, moontlik omdat dit in 'n informele konteks gebruik is. Voorbeelde van die gebruik van *kakk·ert*, soos in (118) en (119), dui op 'n pejoratiewe betekenis wat in pas is met die gebruik van hierdie affikse om met negatiewe adjektiewe te verbind. Drie ander uitsonderings wat in die data voorkom, is die hapaxe *geweld·aard*, *vrees·aard* en *tjank·erd*. In eersgenoemde twee MEK's verbind negatiewe naamwoorde met *-aard*, terwyl 'n negatiewe werkwoord met *-erd* in laasgenoemde verbind. Twee verlengings van die aanvanklike skemas (kyk § 5.3.3.1) kan dus geïdentifiseer word: die gebruik van negatiewe naamwoorde (*geweld* en *vrees*) en werkwoorde (*tjank*) as basis vir hierdie MEK's, asook die gebruik van *-ert* eerder as *-erd* (*kakk·ert*).

(118) En Dirk Prinsloo – jy fokken fail op soveel levels, jou idiotiese **kakkert** van 'n verskoning vir 'n mens.

(119) Hierdie **kakkert** het onder in die pit van die damestoilet weggekrui om poes te kyk.

(VivA-KPE)

5.3.4 MEK's met 'n naamwoord (K1) en 'n adjektiverende suffiks (K2): Die tipe *wolw·er*

Die gebruik van suffikse om trappe van vergelyking aan te dui, is – soos diminutiewe – 'n algemene verskynsel. Die prototipiese konstruksie bestaan uit 'n adjektief ('n gradeerbare eienskap van 'n aansyn) en 'n suffiks wat die vergrotende of oortreffende trap aandui. Trappe van vergelyking is inherent evaluerend en afhanklik van 'n gebruiker se mening. Esterhuizen (1974:41-59, 63-64) wys morfeme wat die vergrotende en oortreffende trap in Afrikaans aandui spesifiek as intensiverend uit. Vir doeleindes van hierdie afdeling word daar, buiten die voorbeeld van 'n

adjektief in die stellende, vergrotende en oortreffende trap – *zef*, *zef·er* en *zef·ste* in (120)-(122) – nie verder aan gewone trappe van vergelyking aandag geskenk nie.

(120) Dan besluit griff: " Ek gly nie 'n fok onder daai **zef** wiele in nie, maar ek wil ook nie lyk soos iets uit World War II in daardie slote nie. "

(121) Daar is darem niks **zef·er** as die vaaldam nie. Baie van hierdie manne moet nog leer braai.

(122) Iemand het actually die **zef·ste** club in Suid-Afrika in een van die larneyste dele van Joburg gaan oopmaak.

(VivA-KPE)

'n Interessante innovasie as verlenging van hierdie algemene konstruksie, is waar naamwoorde as basiskomponente saam met CMPR en SUPL gebruik word. Daar is beperkte voorbeelde in geskrewe Afrikaans en die voorbeelde wat wel gevind is, is in kreatiewe werke. In Van der Walt (2013) se jeugroman word "Lien, Liener, Lienste" op 'n stadium deur een van die karakters gesing, terwyl Steenberg (1980) se romantitel *Boom, bomer, boomste* is. Aanlyn is *maandag·ste* (Anon., 2019), *herfs·er* en *april·er* gevind – laasgenoemde in 'n gedig van De Waal (2017). 'n Ander geval van 'n naamwoord met 'n vergrotende suffiks wat gevind is, is *wolw·er* in (124). Die oorsprong van hierdie tipe konstruksie in Afrikaans is vermoedelik weens 'n invloed van identiese Engelse konstruksies in informele uitdrukkings soos "The mondayest Monday that ever mondayed".

(123) Ek wil 'n **wolwer** wolf wees as die wolf self.

(Horn, T., 2018:177)

5.3.4.1 Vorm

Die vorm van *wolw·er*-MEK's stem skematies ooreen met die algemene skema vir trappe van vergelyking waar adjektiewe die basiskomponente is. Die skema in (125) is die skema waar adjektiewe as basis dien, terwyl die skema van *wolw·er*-MEK's in (124) gegee word. In plaas daarvan dat CMPR en SUPL kategorieneutraal bly, word dit nou adjektiverend gebruik, én telkens met 'n evaluerende betekenis.

(124) $[[a]_{ADJ} [·b]_{CN}]_{ADJ} \Leftrightarrow [meer\ of\ die\ meeste\ SEM_{ADJ}]$,

waar $[b]_{CN} = ·er\ of\ ·ste$

>

(125) $[[a]_N [·b]_{ADJZ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [tipieser/tipiesste\ lid\ van\ die\ kategorie\ SEM_N]$,

waar $[·b]_{ADJZ} = ·er\ of\ ·ste$

5.3.4.2 Betekenis

Die gebruik van die CMPR- en SUPL-suffiks in *wolw-er*-tipe MEK's lei tot 'n evaluerende, gradeerbare betekenis vir konstruksies wat tipies nie gradeerbaar is nie. Die betekenis van *-er* en *-ste* wanneer hulle deel van hierdie MEK's is, is verwant aan die betekenis wat hulle in die prototipiese konstruksies het waar hulle met adjektiewe verbind. Hierdie tipe konstruksies kan geparafraseer word as 'die tipieser/tipiesste lid van die kategorie X' waar X die naamwoord is, en met die verwagting dat die hoorder of leser weet watter eienskappe daardie naamwoord het.

5.3.5 MEK's met 'n werkwoord (K1) en 'n nominaliserende suffiks (K2): Die tipe *skep-sel*

Van der Wouden (2020) bespreek *-sel* as 'n Germaanse deverbalerende suffiks wat in Nederlands gebruik word om naamwoorde van werkwoorde te vorm. Wanneer *-sel* só gebruik word, het die konstruksies volgens Van der Wouden betekenisinhoud wat op 'n geringskating van die produk dui. In Afrikaans word *-sel* in dieselfde funksie gebruik, gereeld ook met 'n spesifieke pejoratiewe betekenisinhoud, soos in *namaak-sel* in (126).

(126) Heel moontlik die swakste gehalte artikel wat ek tot op hede op Maroela Media gelees het: vieslik, afskuwelik, en 'n totale **namaaksel** van bronne soos huffington post.

(VivA-KPE)

5.3.5.1 Vorm

Die vorm van *skep-sel*-MEK's kan skematies soos die skemas in (127) en (128) voorgestel word. Die skemas in (129)-(131) is verwant aan *-sel*-konstruksies in soverre die suffikse ook nominaliserend funksioneer en 'n pejoratiewe betekenisinhoud kan aandui.

(127) (a) $[[a]_V [\cdot b]_{NMLZ}]_N \Leftrightarrow [\text{resultaat van SEM}_V]$,

waar $[\cdot b]_{NMLZ} = \cdot sel$

>

(b) $[[a]_V [\cdot b]_{NMLZ}]_N \Leftrightarrow [\text{instrument wat gebruik word om te SEM}_V]$,

waar $[\cdot b]_{NMLZ} = \cdot sel$

≈

(128) (a) $[[a]_V [\cdot b]_{NMLZ}]_N \Leftrightarrow [\text{pejoratiewe verwysing na die resultaat van SEM}_V]$,

waar $[\cdot b]_{NMLZ} = \cdot sel$

>

(b) $[[a]_V [\cdot b]_{NMLZ}]_N \Leftrightarrow [\text{pejoratiewe verwysing na instrument wat gebruik word om te SEM}_V]$,

waar $[\cdot b]_{NMLZ} = \cdot sel$

\approx

(129) (a) $[[a]_V [\cdot b]_{NMLZ}]_N \Leftrightarrow [\text{resultaat van SEM}_V]$,

waar $[b]_{NMLZ} = \cdot ing$

$>$

(b) $[[a]_V [\cdot b]_{NMLZ}]_N \Leftrightarrow [\text{instrument wat gebruik word om te SEM}_V]$

waar $[b]_{NMLZ} = \cdot ing$

\approx

(130) $[[a]_N [b]_{CN}]_N \Leftrightarrow [\text{pejoratiewe verwysing na SEM}_N]$,

waar $[b]_{CN} = \cdot asie$

\approx

(131) $[[a]_N [\cdot b]_{VR}]_N \Leftrightarrow [\text{aksie wat deur SEM}_N \text{ gekenmerk word}]$,

waar $[b]_{CN} = \cdot el$

Nog voorbeelde is *skep·sel*, *verguld·sel* en *versin·sel* in (132)-(134). Hierdie konstruksies bestaan uit 'n werkwoord, hetsy 'n saamgestelde werkwoord soos *verguld*, of 'n ongelede werkwoord soos *skep*, en die *·sel*-suffiks.

(132) Hierdie **skepsel** is die grootste ramp wat hierdie land getref het en hy gaan verseker nie gou verdwyn nie.

(133) Hulle het 'n skouburg besoek wat in 'n boekwinkel verander is, met behoud van die fluweelgordyne teen die mure en die **verguldsel** aan die plafon.

(134) Baie mense is oortuig die man was 'n **versinsel**, en alles dui daarop.

(VivA-KPE/VivA-KPO)

'n Suffiks wat met die eerste oogopslag op 'n vormvariant van *·sel*-konstruksies lyk, is konstruksies met *·el* soos *kink·el* en *vonk·el* in voorbeelde (135) en (136). Hierdie konstruksies het eerder 'n iteratiewe betekenisonderskeiding as wat 'n pejoratiewe of evaluerende betekenis relevant is, en word nie verder bespreek nie. Literatuur waarin konstruksies met *·el* vir Nederlands en Duits bespreek word, sluit Audring *et al.* (2017), Audring *et al.* (2021) en Weidhaas en Schmid (2015) in.

(135) As jy nie 'n kosbare familieresep het nie, probeer gerus die bekende soutkenner, sjef Craig Cormack, se spesiale **kinkel** tot hierdie bekende Kaapse dis.

(136) My beskaafde ma vloek soos 'n matroos (altyd op Engels), my pa sê nie 'n woord nie, maar laat kalmpies sy wil geskied met 'n **vonkel** in die oog en 'n spiertjie wat spring in die wang.

(VivA-KPO)

Soos wat in die skemas in (127)-(131) aangedui word, hou *·asie*-MEK's en *·sel*-MEK's met mekaar verband op grond van hulle aard as suffikse én gedeelde pejoratiewe betekenis. MEK's met *·asie* is breedvoerig in § 5.3.1 bespreek, waar gesien is dat *·asie*-MEK's geneig is om as hapaxe in die data voor te kom. Of dieselfde vir *·sel*-MEK's geld, word in § 5.3.5.3 bespreek.

5.3.5.2 Betekenis

Soos in die geval van ander nominaliserende suffikse soos *·aard*, *·asie* en *·erd*, het *·sel*-konstruksies 'n evaluerende betekenis-komponent wat pejoratief kan wees. Die betekenis van *·sel* in *skep-sel*-tipe MEK's is nie op sigself negatief as gevolg van die gebruik van *·sel* nie. Kempen (1969:567) bevestig hierdie eienskap van *·sel*-konstruksies deur te spesifiseer dat die werkwoord wat gebruik word 'n invloed op die pejoratiewe interpretasie van die konstruksie het. In KG word streng komposisionaaliteit hoegenaamd nie onderskryf nie (Van Huyssteen, 2005:128): Die betekenis van konstruksies is nie bloot 'n som van die komponente nie, maar word weergegee deur die resulterende komposisiestruktuur. Die voorbeelde in (138)-(143) illustreer hierdie eienskap, tesame met Combrink en Kempen se waarnemings.

Wanneer *oorblyf-sel*, *pluk-sel* en *raai-sel* in (137)-(139) en *skep-sel* in (132) beskou word, is *pluk-sel* en *raai-sel* konstruksies wat gewoon beskrywend van 'n aansyn is, nie pejoratief nie. Dit is nie moontlik om *pluk-sel* of *raai-sel* met enigsins minder evaluerende konstruksies te vervang wat dieselfde aansyn aandui nie. Dit is moontlik dat *oorblyf-sel* 'n tussenposisie tussen slegs beskrywend én pejoratief het wanneer die konteks van die sin oorweeg word, terwyl *skep-sel* 'n konstruksie is wat in die meeste gevalle as 'n neerhalende woord vir persone of diere gebruik word. Die insluiting van *ver-guld-sel* en *ver-sin-sel* in (133) en (134) het te make met die gesamentlike gebruik van *ver·* en *·sel* om dieselfde soort naamwoord te vorm. Eerstens is *ver-guld-sel* nader aan 'n denotatiewe beskrywing soos *raai-sel*, terwyl *ver-sin-sel* pejoratief is en meer met *skep-sel* ooreenstem.

(137) Dit is nie meer lekker in hierdie **oorblyf-sel** van 'n land wat op sy tyd onder die beste in die wereld getel kon word nie.

(138) Ons kook elke jaar vye, veral die Kaapse bruinvy, diespoel ons net af, nadat die **pluksel** geweeg is, maal ons sommer skil en al vir fyn vye konfyt.

(139) Vir my is die grootste **raaisel** waarom hulle nie uit die huis padgegee het toe die brand ontstaan het nie.

(VivA-KPE/VivA-KPO)

Devos en Taeldeman (2003:157-159) bespreek ander betekenismoonlikhede van *-sel-*konstruksies, naamlik dat hulle ergatiewe objekte en instrumentele naamwoorde kan wees. Ergatiewe objekte is soos *kap-sel* en *plavei-sel* in (140) en (141), terwyl instrumentele naamwoorde soos die voorbeelde *belet-sel* en *versier-sel* in (142) en (143) is. Kortliks is die verskil tussen die twee dat ergatiewe objekte die produk van 'n proses is, terwyl instrumentele naamwoorde verwys na dit wat nodig is om die proses uit te voer. In Afrikaans kategoriseer Kempen (1969:361) die *-sel-*suffiks saam met *-te* as substantiewe in die “Dit wat –”-groep, waar die “–” na die werkwoord verwys. 'n Voorbeeld met Kempen se parafrasering sou *oorblyf-sel* wees, wat geparafraseer kan word as ‘dit wat oorbly’.

(140) Haar grys **kapsel** netjies in plek, soos dit 'n gerespekteerde dame betaam.

(141) Oproeriges het bakstene uit die **plaveisel** losgemaak en na die polisie gegooi en ander het straatborde gevandaliseer.

(142) Daar is egter geen **beletsel** teen 'n derde termyn vir Mbeki as ANC-leier in die ANC-grondwet nie.

(143) Gebruik die tuit om die **versiersel** soos rose te laat lyk en spog by jou gaste.

(VivA-KPO)

In Afrikaans is daar egter konstruksies met *-sel* wat nie 'n ergatiewe objek of 'n instrumentele naamwoord is nie, en ook nie in Kempen se parafrasering inpas nie. Dit is veral die geval by konstruksies wat na mense verwys. Voorbeelde in Afrikaans is *gebroed-sel*, *uitvaag-sel* en *vervloek-sel* in (144)-(146). In hierdie konstruksies word daar pejoratief na persone verwys, sonder dat die werkwoorde (*broei*, *uitvee* en *vervloek*) duidelik of deursigtig as die basis vir die woorde se betekenis dien. Al drie die konstruksies kan as ‘persoon wat sleg of boos is’ geparafraseer word.

(144) Die aarde het 'n plek van verderf geword en hy moet daarom weer van die **gebroedsel** uit die hel gesuiwer word.

(145) Hy's nie 'n mens nie. Hy's 'n patetiese **uitvaagsel** wat jag maak op weerloses.

(146) Die **vervloeksel** hoort nie in 'n tronk nie, hy hoort vir die kindertjies se ouers gegee te word vir 'n uitstappie in die woud. Hulle moet hom ook dagvaar vir skadevergoeding vir ordentlike berading vir die kindertjies.

(VivA-KPO & VivA-KPE)

5.3.5.3 Gebruik

As gevolg van konstruksies wat op die affiks *-sel*, die woord *+sel* of die letters *-sel* eindig,²⁶ is die data wat vir hierdie afdeling onttrek is, handmatig gekontroleer aangesien daar nog nie 'n akkurate, geoutomatiseerde proses bestaan om slegs geaffigeerde konstruksies te onttrek nie. Die *-sel*-konstruksies wat in die Afrikaanse korpora voorkom, word in Tabel 5-20 opgesom. Van die 151 konstruksies in VivA-KPO is 53 hapaxe, terwyl 35 van die 69 MEK's in VivA-KPE hapaxe is. Die meeste konstruksies in sowel VivA-KPO as VivA-KPE se N-waarde is 18 of groter.

Tabel 5-20: Woordfrekwensieklass (N) van *-sel*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 14058066</i>			<i>die = 1080247</i>		
skepsel	14	1 114	skepsel	12	206
aanhangsel	15	599	vermorsel	13	105
uitspannel	15	430	maaksel	14	81
vermorsel	15	579	uitvaagsel	14	87
versiersel	15	395	braaksel	15	34
brousel	16	201	skryfsel	15	34
kapsel	15	325	uitspannel	15	37
uitvindsel	15	324	uitvindsel	15	32
versinsel	16	225	uitvloeiessel	15	42
baksel	17	119	versinsel	15	32

²⁶ Hierdie tipe MEK's moet onderskei word van ander Afrikaanse woorde wat op die letters *-sel* eindig, maar nie as 'n werkwoord en 'n suffiks geanaliseer kan word nie. Voorbeelde hiervan sluit *aarsel* en *messel* aan die een kant, en *brein+sel* en *dod+e-sel* aan die anderkant in. Hierdie konstruksies is nie naamwoorde nie (*aars-el* en *mess-el*), of hulle is N+N-komposita (*brein+sel* en *dod+e-sel*). Kempen (1969:565) wys ook op die belang daarvan om afleidings met *-sel* te onderskei van woorde wat op die letters *-sel* eindig.

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 14058066</i>				<i>die = 1080247</i>		
braaksel	17	125		aanhangsel	16	21
namaaksel	17	136		beletsel	16	19
proesel	17	90		brousel	16	16
skeersel	17	140		kapsel	15	25
verdigsel	17	111		sleepsel	16	13
beletsel	17	76		verdigsel	16	14
gebroedsel	18	66		vulsel	16	14
groeisel	18	71		baksel	17	8
hingsel	18	50		byvoegsel	16	12
skryfsel	18	60		kooksel	17	7
sleepsel	18	72		uitwerpsel	17	10
smeersel	18	68		vreksel	17	9
spatsel	17	85		namaaksel	17	6
uitvaagsel	18	54		oortreksel	18	4
uitwerpsel	18	52		plaksel	18	4
vreksel	18	46		smeersel	18	5
aanbousel	18	41		opgooisel	19	2
borduursel	19	27		spoegsel	19	2
kooksel	18	40		stiksel	19	2
leksel	18	38		sweersel	18	3
misbaksel	19	34		uitgroeisel	19	2
opdrifsel	19	23		verfoeisel	19	2
stiksel	19	27		vervloeksel	19	2
strooisel	19	28		vomeersel	19	2
uitloopsel	19	31		aanskousel	20	1
vergroeisel	19	25		afskeidsel	20	1
uitbraaksel	20	14		afwerpsel	20	1
voerspooksel	20	17		bousel	20	1
draaisel	21	8		grimeersel	20	1
koeksel	21	6		leksel	20	1
kousel	21	7		na-aapsel	20	1
mismaaksel	20	11		naaisel	20	1
neuksel	21	6		nalaatsel	20	1

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
die = 14058066				die = 1080247		
oorlegsel	21	9		nasleepsel	20	1
roersel	21	8		opdigsel	20	1
skraapsel	20	11		opdrifsel	20	1
smeltsel	21	9		skeersel	20	1
spinsel	21	8		skrapsel	20	1
stooksel	21	9		spatsel	20	1
veegsel	21	8		tiksel	20	1
verfoeisel	21	9		treksel	20	1
vergruisel	21	6		uitbeeldsel	20	1
vloeksel	21	7		uitbraaksel	20	1
dreksel	22	3		uitbroeisel	20	1
drinsel	21	5		uitloopsel	20	1
druipsel	22	3		uitskeidsel	20	1
grimeersel	22	4		uitsteeksel	20	1
knoopsel	22	3		vaagsel	20	1
na-aapsel	22	4		vatsel	20	1
opkooksel	22	4		veegsel	20	1
sifsel	22	3		verdraaisel	20	1
snoepsel	22	3		verlaksel	20	1
spoegsel	21	5		verspreidsel	20	1
sproeisel	22	3		verstinksel	20	1
sweersel	22	4		verwerpsel	20	1
taaisel	22	4		voorbringsel	20	1
uitbousel	22	4		voerspooksel	20	1
uitspruitsel	22	3		voortbrengsel	20	1
uitstulpstel	22	3		vrotsel	20	1
vertelsel	21	5				
voetsleepsel	22	3				
vomeersel	21	5				
vrotsel	22	4				
afgekapsel	23	2				
afspruitsel	23	2				
bedenkstel	23	2				

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
die = 14058066				die = 1080247		
bedinksel	23	2				
bekladsel	23	2				
diksel	23	2				
drifsel	23	2				
gedrogsel	23	2				
knoeisel	23	2				
knypsel	23	2				
natreksel	23	2				
opgaarsel	23	2				
opnaaisel	23	2				
opsmuksel	23	2				
raapsel	23	2				
rygsel	23	2				
skeursel	23	2				
skifsel	23	2				
skroeisel	23	2				
spreisel	23	2				
spuitsel	23	2				
uitskeursel	23	2				
vatsel	23	2				
voorbereidsel	23	2				
vreetsel	23	2				
aanvoegsel	24	1				
afdrifsel	24	1				
afdrupsel	24	1				
afkapsel	24	1				
afsetsel	24	1				
afskraapsel	24	1				
bedigsel	24	1				
bedruipsel	24	1				
bestryksel	24	1				
braaisel	24	1				
broedsel	24	1				

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
die = 14058066				die = 1080247		
drupsel	24	1				
dryfsel	24	1				
eetsel	24	1				
geefsel	24	1				
herkousel	24	1				
hermaaksel	24	1				
konsel	24	1				
kotsel	24	1				
kwylsel	24	1				
nabootsel	24	1				
naloopsel	24	1				
nasaksel	24	1				
navolgsel	24	1				
oorblufsel	24	1				
oorkooksel	24	1				
opbrengsel	24	1				
opgooisel	24	1				
paksel	24	1				
pleegsel	24	1				
roetsel	24	1				
saaisel	24	1				
saksel	24	1				
samevloei­sel	24	1				
samevoegsel	24	1				
skinksel	24	1				
skrap­sel	24	1				
slyksel	24	1				
smeeksel	24	1				
spooksel	24	1				
streep­sel	24	1				
stulp­sel	24	1				
suip­sel	24	1				
suur­sel	24	1				

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
die = 14058066				die = 1080247		
swamsel	24	1				
uitbroeisel	24	1				
uitdinksel	24	1				
uitdroogsel	24	1				
uitkrapsel	24	1				
Uitsnysel	24	1				
uitspatsel	24	1				
uitstrekssel	24	1				
vondsel	24	1				

Uit die data blyk dit asof *·sel*-konstruksies se produktiwiteit besonders laag is, met $P=0.0008$ in VivA-KPO en $P=0.004$ in VivA-KPE. Dit is minder produktief as ander nominaliserende MEK's soos *·asie* ($P=0.01$ in VivA-KPO; $P=0.03$ in VivA-KPE) wat in § 5.3.1.3 bespreek is. Die P-waarde bevestig ook Kempen (1969) en Van der Wouden (2020) se standpunt oor die beperkte produktiwiteit van *·sel*. Soos in die geval van enige data of berekeninge moet *·sel* se produktiwiteit in die konteks van dié van ander MEK's vergelyk word, en in daardie opsig is *·sel* wel onproduktief. Desnieteenstaande, is dit opvallend hoeveel konstruksies as hapaxe voorkom, veral in VivA-KPO. Dit moet beklemtoon word dat die formule wat vir produktiwiteitsberekeninge gebruik word, deur hoogs frekwente konstruksies soos *begin·sel* en *meng·sel* skeefgetrek word. Daarom, as 'n mens slegs na die tellings in Tabel 5-20 kyk, blyk *·sel* wél produktief deur Afrikaanssprekendes in geskrewe Afrikaans gebruik te word.

Byna 'n derde van die totale konstruksies uit VivA-KPO is hapaxe, terwyl byna die helfte van die konstruksies in VivA-KPE hapaxe is. Ten einde die vindingrykheid van nuwe of unieke konstruksies te illustreer, word enkeles verder bespreek, te wete *naboots·el*, *opgooi·sel* en *suip·sel* in (147)-(149). In sowel *naboot·sel* as *opgooi·sel* word saamgestelde werkwoorde as 'n basiskomponent gebruik, wat opval omdat die meeste gevestigde *·sel*-konstruksies ongelede werkwoorde as basis het, byvoorbeeld in *suip·sel*. Oor *suip·sel* moet ook genoem word dat *suip* reeds 'n werkwoord met 'n negatiewe betekeniswaarde is. Die feit dat die werkwoord en die suffiks 'n pejoratiewe karakter het, dra beslis tot die konstruksie se algemene evaluerende aard by. In die geval van *naboots·el* is dit opmerklik dat 'n wisselvorm van die suffiks gebruik word, aangesien *naboots* op 'n 's' eindig en die 's' van *·sel* nie geskryf word nie. Enkele soortgelyke voorbeelde uit die korpus sluit *kots·el*, *vermors·el* en *vergruis·el* in. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie

wisselvorm nie dieselfde as die *·el*-suffiks in *sprank·el* of *vonk·el* is nie aangesien die affiks in laasgenoemde konstruksies 'n verbaliserende funksie het. Uit hierdie spelfout wat gereeld voorkom, sou 'n mens kon voorspel dat 'n nuwe allomorf dalk besig is om te ontluik. Dit wil dus uit die korpusvoorbeelde blyk asof identiekekonsonantskrapping, wat in meer detail vir vloekwoordinfigering in § 5.4.1.1 bespreek word, in enkele *·sel*-MEK's ter sprake is.

(147) Die R4 en R5 ontwikkel hier in hierdie land miskien wel n **nabootsel** maar n vuurwpen met vuurkrag!

(148) Ek sê vir hom hy's slegter asse hond wat na sy eie **opgooisel** truggaan om dit te eet.

(149) Sy weet hy gaan die godsbotteltjie se geld wat sy by Esegiël agtergelos het, loop uitmors op sondegoed. As dit nie op domino's is nie, sal dit op 'n **suipsel** is.

(VivA-KPE/VivA-KPO)

Die vraag wat gevra kan word, is of minder frekwente *·sel*-konstruksies hulle pejoratiewe inhoud mettertyd gaan prysgee? Die antwoord is kompleks as gevolg van algemene eksklusief-pejoratiewe *·sel*-konstruksies soos *gebroed·sel* en *uitvaag·sel* wat wel nog deel van die mentale leksikon is. Dit kan op basis van meer gevestigde konstruksies, soos *bak·sel*, *meng·sel* en *vul·sel* (wat nie in die tabel ingesluit is nie) gespekuleer word dat hoe meer gevestig *·sel*-konstruksies raak, hoe minder evaluerend hulle betekenisinhoud word.

5.3.5.4 Opmerkings

In Feinauer (1981:142) word *opfok·sel* as 'n voorbeeld van 'n samestellende afleiding genoem, wat nie noodwendig ooreenstem met die algemene definisie van 'n samestellende afleiding nie (Taalkommissie, 2017:721). Hierdie konstruksie kon nie in ander bronne of korpusversamelings gevind word nie, maar *samefok·sel* kom as 'n hapax voor, en *foksel* kom drie keer in VivA-KPO voor. Die drie konstruksies verskil egter, aangesien *opfok* 'n Afrikaanse werkwoord is, *?saamfok* nie tans 'n gekonvensionaliseerde Afrikaanse werkwoord is nie, en *foksel* 'n ongelede konstruksie is wat in die korpus na 'n ruimte binne 'n visserskuit verwys.

'n Mens sou die betekenisverskil tussen konstruksies met *·sel* of *·ing* kan bestudeer deur werkwoorde te vergelyk wat albei suffikse neem. Daar is enkele voorbeelde in Afrikaans soos *skepp·ing* teenoor *skep·sel*, *uitvind·ing* teenoor *uitvind·sel*, en *versier·ing* teenoor *versier·sel*. Daar is 'n verskil tussen die betekenis lading wat *·ing* met *skep* het, teenoor *·sel* met *skep*: In eersgenoemde geval is die *·ing* neutraal en verwys dit na iets wat geskep is, terwyl *skep·sel* wel ook daardie letterlike betekenis het, maar met 'n besliste negatiewe konnotasie. Hierdie betekenisonderskeid word ook in die e-WAT (2022) aangedui, waar daar eksplisiet na die

neerhalende, en histories rassistiese, konnotasie van *skep·sel* verwys word. Om sulke stellings met oortuiging te kan maak, moet 'n volledige ondersoek met Afrikaanssprekendes se oordele oor hierdie konstruksies gedoen word.

5.4 Infikse

5.4.1 MEK's met 'n taboe-infiks: Die tipe *fan·fokken·tasties*

Vloekwoordinfigering is 'n konstruksie waarmee taalgebruikers, deur middel van die infigering van 'n taboewoord, 'n evaluerende betekenis aandui. Voorbeelde van vloekwoordinfigering in Afrikaans is *die·fokken·selfde* en *fan·fokken·tasties* in (150) en (151) waarin *·fokken·* ná die eerste lettergreep van *dieselfde* en *fantasties* gevoeg word. Vloekwoordinfigering in Afrikaans is tans nog 'n relatief onderbestudeerde verskynsel. Combrink (1990) en Van Huyssteen (2017b) noem vloekwoordinfigering terloops, terwyl Feinauer (1981) dit in meer detail bespreek.

(150) Alle Suid-Afrikaners is nie **diefokkenselfde** nie.

(151) Dit was **fanfokkentasties**, maar wragtag te kort, moerse anticlimax.

(VivA-KPE)

Combrink (1990:69) verwys na vloekwoordinfigering as 'n "heel besondere WV-reël" (waar WV as 'n afkorting vir *woordvorming* gebruik word). In ander beskrywings gebruik taalkundiges verskillende terme om na dieselfde verskynsel te verwys. McMillan (1980) wissel tussen *expletory insertion*, *emotive intensifier insertion*, *lexical infixing* en *derivational infixing* in sy bespreking van vloekwoordinfigering. Die opskrif van Bauer (2015) se werk oor die onderwerp is *Expletive insertion*, terwyl Feinauer (1981) verkies om na hierdie MEK as *vloekwoordinvoeging* te verwys, en in 'n latere kongresbydrae *vloekwoordinsetting* gebruik (Feinauer, 1983). In Combrink (1990) en Van Huyssteen (2017b) word daar na *vloekwoordinlywing* verwys, terwyl *vloekwoordinfigering* in navolging van McMillan (1980) in hierdie proefskrif gebruik word.

5.4.1.1 Vorm

Die vorm van *fan·fokken·tasties*-MEK's kan skematies soos die skemas in (152) voorgestel word. Let op dat /a/ in die skema meestal sillabes van dieselfde woord aandui. Vir doeleindes van sommige konstruksies soos komposita, meerledige eiename of letternaamwoorde hoef /a/ nie slegs sillabes te wees nie, maar ook woorde of letters.

(152) (a) $[/a/{}^1 (-) [\cdot b \cdot]_{CN} (-) /a/{}^{2\dots n}]_X \Leftrightarrow [n \text{ nadruksvorm van SEM}_X]$,

waar /a/ = sillabe / letter / syfer / morfeem / affiks / stam / eienaam,

waar X = meestal 'n adjektief/adverbium, maar ook 'n naamwoord (insluitend eienaam), tussenwerpsel, of telwoord,

waar $[·b·]_{CN} = ·flippen· / ·fokken· / ·friecken· / ·bleddie· / ·blerrie·$

>

(b) $[/a^1/a^2(-) [·b·]_{CN}(-) /a^{3...n}]_X \Leftrightarrow [n \text{ nadruksvorm van SEM}_X]$,

waar /a/ = sillabe / letter / syfer / morfeem / affiks / stam / eienaam,

waar X = meestal 'n adjektief/adverbium, maar ook 'n naamwoord (insluitend eienaam), tussenwerpsel, of telwoord,

waar $[·b·]_{CN} = ·flippen· / ·fokken· / ·friecken· / ·bleddie· / ·blerrie·$

>

(c) $[/a^1/a^2/a^3(-) [·b·]_{CN}(-) /a^{4...n}]_X \Leftrightarrow [n \text{ nadruksvorm van SEM}_X]$,

waar /a/ = sillabe / letter / syfer / morfeem / affiks / stam / eienaam,

waar X = meestal 'n adjektief/adverbium, maar ook 'n naamwoord (insluitend eienaam), tussenwerpsel, of telwoord,

waar $[·b·]_{CN} = ·flippen· / ·fokken· / ·friecken· / ·bleddie· / ·blerrie·$

>

(d) $[/a^1(-)[·b·]_{CN}(-)/a^{2...n}]_Y \Leftrightarrow [n \text{ nadruksvorm van SEM}_Y]$,

waar /a/ = sillabe / letter / syfer / morfeem / affiks / stam / eienaam,

waar Y = intensiewe vorm, vreemdetaalwoord, samestelling of saamgestelde telwoord,

waar $[·b·]_{CN} = ·flippen· / ·fokken· / ·friecken· / ·bleddie· / ·blerrie·$

>

(e) $[/a^1/a^2(-)[·b·]_{CN}(-)/a^{3...n}]_Y \Leftrightarrow [n \text{ nadruksvorm van SEM}_Y]$,

waar /a/ = sillabe / letter / syfer / morfeem / affiks / stam / eienaam,

waar Y = intensiewe vorm, vreemdetaalwoord, samestelling of saamgestelde telwoord,

waar $[·b·]_{CN} = ·flippen· / ·fokken· / ·friecken· / ·bleddie· / ·blerrie·$

Ander voorbeelde van hierdie konstruksie wat die veelsydigheid daarvan uitbeeld, is *Elton·fokken·John, ge·blerrie·mors, ge·fokken·noeg, MIDDEL·FOKKEN·VINGER, SAU·fokken·K* en *stapel·fokken·gek* soos in die voorbeelde in (153)-(158). Kenmerkend van hierdie

konstruksies se vorm is die voorkoms van een van vyf moontlike bisillabiese vloekwoorde tussen die sillabes of woorde van 'n twee- of meerlettergrepige woord of konstruksie, met of sonder koppeltekens aan weerskante van die vloekwoord. Uit die voorbeelde in (153)-(158) blyk dit dat vloekwoordinfigering 'n verskeidenheid konstruksies as basiskomponente kan neem, van meerledige eiename tot adverbiala.

(153) Die poeslike JMPD het my al so baie gevang van agter af ek voel soos **Elton-fokken-John**.

(154) Die hele rugby sisteem is in sy dinges en julle verstaan dit net nie, julle is deel van die **geblerriemors**.

(155) Gabba besluit hy't nou **ge-fokken-noeg** gehad.

(156) jou kop is so plat soos 'n fokken cd jy loerseekir tussen jou voortanne deer hoe kry 'n mes armant se bryn so groot soos 'n erkie? jy blaas hom op bwahhhaaahaaahaaahaaaa < VET **MIDDELFOKKENVINGER** >

(157) Kyk maar na paragraaf so-en-so, subparagraaf dit-en-dat, die rentekoers is net so 'n bietjie hoër, meneer Milos. ' En toe rasionaliseer die **SAU-fokken-K**.

(158) Hy sê om elke dag daarna te luister, is genoeg om hom **stapelfokkengek** te maak.

(VivA-KPE/VivA-KPO)

McMillan (1980:163) identifiseer vyf morfologiese vorme van vloekwoordinfigering in Engels. Hierdie vyf vorme word in (i)-(v) gelys en met die relevante voorbeeld in (153)-(157) gepas. Buiten McMillan se vyf kategorieë is 'n algemene vorm van vloekwoordinfigering in Afrikaans in intensiewe vorme. Die gebruik van vloekwoordinfigering in Engelse intensiewe vorme word egter as 'n sintaktiese variant in McMillan (1980:168) bespreek. In Afrikaans is *stapel-fokken-gek* in (158) slegs een voorbeeld waar die intensiewe betekenis van die adjektief verder versterk word.

- (i) Binne-in morfeme, soos die Afrikaanse *ge--fokken--noeg* in (155);
- (ii) Op die grens tussen basisse en affikse, soos die Afrikaanse *ge-blerrie-mors* in (154);
- (iii) Tussen die komponente van komposita, soos in die Afrikaanse *MIDDEL.FOKKEN.VINGER* in (156);
- (iv) Binne-in letternaamwoorde waarin syfers ook gebruik kan word, soos in die Afrikaanse *SAU--fokken--K* in (157) en
- (v) Tussen die sillabes van eiename wat een of meer woorde kan wees, soos in *Elton--fokken--John* in (153).

Bauer (2015) stel ondersoek in na taalgebruikers se voorkeur vir fonologiese of morfologiese motiverings wanneer vloekwoordinfigeringskonstruksies gevorm word. Volgens Bauer (2015:125) blyk dit dat gebruikers, benewens morfologie en fonologie, ook ortografie oorweeg. Sy gevolgtrekking is dat die plasing van die vloekwoord deur frekwensie, semantiese deursigtigheid en die relatiewe frekwensie van geprefigeerde konstruksies en hulle basisse bepaal word (Bauer, 2015:126).

Afrikaanse taalgebruikers vorm vloekwoordinfigeringskonstruksies op drie maniere, naamlik deur die vloekwoord gewoon binne-in die woord te voeg, die vloekwoord deur middel van koppeltekens (en moontlik hakies) aan weerskante ortografies te merk, of deur die vloekwoord in hoofletters te skryf. Voorbeelde van hierdie variante waarin *briljant* as die basiswoord gebruik word, word in (159)-(161) gegee. Geen literatuur of spelreël kon opgespoor word wat die skryf van hierdie konstruksies bereël nie, maar gebruikers blyk 'n (klein) voorkeur vir koppeltekengebruik te hê: Van die 54 konstruksies in VivA-KPO en die 127 konstruksies in VivA-KPE word onderskeidelik 26 (~48%) en 72 (~57%) met koppeltekens geskryf.

(159) Gin wonder die IRA het die bliksems so gebom nie fokken main ek dink alhoewel ons gaan miskien daai vrouman van ons olimpics toe stuur aweh!!!! **Brilfokkenjant!**

(160) Ek was by laasjaar se Kings of Chaos concert gewees en dit was **bril-fokken-jant**.

(161) Ek laaik nog steeds daai storie van die wyse manne wat presente gebring het omdat dit Krismis was. Hahahaaa **BrilFOKKENjant!**

(VivA-KPE)

In haar studie wys Feinauer (1981:142-160) daarop dat, benewens die semantiek (kyk § 5.4.1.2), drie vormlike aspekte vloekwoordinfigering beïnvloed: die aantal sillabes in 'n woord, sillabegewig en morfeemgrense. Met betrekking tot die aantal sillabes in 'n woord, wys Feinauer daarop dat 'n woord uit ten minste twee sillabes moet bestaan om vloekwoordinfigering moontlik te maak. Die drie voorbeeldkonstruksies in (162)-(164) is tekenend hiervan, aangesien elkeen uit drie of meer sillabes bestaan. Swaarder en meer sillabes aan weerskante van die vloekwoord verhoog volgens haar die moontlikheid dat 'n woord as basis vir vloekwoordinfigering gebruik kan word. Om hierdie stelling van Feinauer te kan bevestig, is meer data as hierdie voorbeelde egter nodig.

(162) Gaan maak 'n draai by die Drie Rondawels se uitkykpunt (**asem-fokken-rowend**) oppad terug en as jy regtig dan moet eet, skiet gou in by Forever Resorts in Blyderivier Canyon vir 'n cheaperige restaurantete.

(163) Ek weet waarvan ek praat - my kroos het redelik onlangs op 'n streep hul lisensies (**uitbleddie-eindelik!**) gekry.

(164) Onmiskenbaar Franna, maar heelwat anders as beide Fokofpolisiekar en Van Coke Kartel.

Verfokkenfrissend van Coke. Kry nou by iTunes.

(VivA-KPE)

Tweedens noem Feinauer dat vloekwoorde gewoonlik voor beklemtoonde sillabes geplaas word, soos ook blyk uit die voorbeelde in (162)-(164). Ons sien egter in die data dat dit nie noodsaaklik is dat die vloekwoord 'n beklemtoonde lettergreep moet voorafgaan nie. Voorbeelde uit die data waar die vloekwoord êrens anders as voor die beklemtoonde lettergreep geïnfigeer is, is *stapel·fokken·gek* en *inter·fokken·kontinentale*.

Die derde vormlike aspek wat sy noem, is morfeemgrense: Vloekwoordinfisering wat gereeld op morfeemgrense voorkom, sorg vir 'n groter mate van herkenbaarheid van die oorspronklike woord (Feinauer, 1981:149-150). In al drie voorbeelde in (162)-(164) is *·fokken·* wel tussen herkenbare morfeemgrense geplaas. Volgens Van Huyssteen (2017b:197) vind vloekwoordinfisering dikwels sonder inagneming van die morfologiese struktuur van die basiswoord plaas, wat reeds deur die enkele voorbeelde in (162)-(164), asook Feinauer (1981), bevestig word.

Al speel morfeemgrense normaalweg 'n rol omdat vloekwoorde meestal by grense ingevoeg word om herkenbaar vir die gebruiker te bly, is morfeemgrense verál belangrik in komposita (Feinauer, 1981:154-155). Hierdie eienskap blyk uit *Liefde·--·FOKKEN·--·groete* en *Lyn·--·fokken·--·stane* in (165) en (166) waar die vloekwoord tussen die komponente van die komposita geïnfigeer is. Die voorkoms van komposita as basiskomponente vir vloekwoordinfisering is egter nie algemeen in die korpusversamelings nie. Die data word in meer detail in § 5.4.1.3 bespreek.

(165) David, jou grammatika: mens plaas die woord-speserye by die deel waar mens wil hê die geur moet meer uitkom - jy is opreg in jou goeie wense vir haar dus wil jy daardie deel van die sin beklemtoon en dus is dit " **Liefde-FOKKEN-groete**, David " né?.

(166) Kaptein se concerns: **Lyn-fokken-stane**. Dis nie rocket science nie, maar dit is wel statistically die plek waar jy die maklikste 'n try-scoring assault can launch.

(VivA-KPE)

Buiten bogenoemde eienskappe van hierdie konstruksies, maak Feinauer (1981:152) opmerkings oor die anlaut en auslaut van woorde én identiekekonsonantskrapping; vergelyk *krimi·--·fokken·--·neel*, *on·--·fokken·--·nuuswaardig* en *Ver·--·fokken·niet* in (167)-(169). Volgens Feinauer sou die keuse van vloekwoord deur die anlaut en auslaut van spesifieke sillabes bepaal word: Waar die begin van 'n sillabe identies is aan die einde van die vloekwoord, sal daardie vloekwoord meer gereeld deur 'n ander (byvoorbeeld *·blerrie·*) vervang word. Sy gee drie voorbeelde waar *·fokken·* om hierdie rede deur *·blerrie·* vervang sou word, naamlik *kolo·--·fokken·--·nel*, *ge·--·fokken·--·neuk*

en *ge--fokken--noeg* (Feinauer, 1980:152). Al drie voorbeelde in (167)-(169) weerlê egter hierdie opmerking, aangesien *·fokken·* deurgaans aan 'n *-n* in die basiswoord grens. Sy voeg by dat wanneer dit wel gebeur, soos in hierdie drie gevalle, die twee konsonante sal saamsmelt in 'n proses wat identiekekonsonantskrapping genoem word. Al drie konstruksies in (167)-(169) sluit egter die *-n* van *·fokken·* en die *-n* van die sillabe wat op die vloekwoord volg, in. Alle konstruksies uit die data, soos opgesom in Tabel 5-21, dui daarop dat hierdie skrapping nie plaasvind nie en dat gebruikers nie die anlaut en auslaut van sillabes in ag neem wanneer hierdie konstruksies gevorm word nie.

(167) Dis **krimi-fokken-neel** om nie jou 50 overs klaar te maak nie.

(168) In ander niksseggende nuus wat net so **on-fokken-nuuswaardig** is, het ek onlangs my kombuis oorgedoen.

(169) Hy gaan maak die venster oop om sy kop skoon te kry voor hy voor sy rekenaar neersak.
Ver-fokken-niet of hy kan konsentreer.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

5.4.1.2 Betekenis

Vloekwoordinfigeringskonstruksies is affektiewe vorms van die basis; die evaluerende inhoud wat die gebruiker daarmee kan kommunikeer, word deur die vloekwoord beklemtoon. Volgens Feinauer (1981:150-151) kom vloekwoordinfigering liefers met predikate voor, aangesien niepredikate in die meeste gevalle slegs 'n referensiële funksie het. Feinauer spesifiseer nie wat sy met predikaat bedoel nie, maar uit haar voorbeelde van predikate en niepredikatiewe naamwoorde blyk dit of sy adjektiewe en adverbiala as predikate beskou (Feinauer, 1980:151). Ná Feinauer (1981:151) voorbeelde aan respondente voorlê, kom sy tot die slotsom dat vir niepredikate om as basis vir vloekwoordinfigering te dien, dit affektief gelaai moet wees of affektief gelaai moet kan word. Dit is egter 'n minder interessante bevinding, aangesien enige woord affektief gelaai kan word wanneer dit saam met 'n taboewoord gebruik word. Myns insiens dra die vloekwoord juis die "affektiewe lading" by, eerder as wat die gebruik daarvan op bestaande affek steun – voorbeelde sluit *LEES·FOKKEN·TEKENS* en *Werner--bleddie--Schutte* in (170) en (171) in. In albei voorbeelde is die basiswoord "niepredikate" wat deur middel van die vloekwoord affektief gelaai word.

(170) Let nou mooi op sussie, **LEESFOKKENTEKENS** en SPELLING asseblief Sorry Prof, hier's hy.

(171) Dan gaan sy haar wasgoed was, klere inpak vir 'n aand of twee en na Nicol toe ry. **Werner-bleddie-Schutte** gaan haar nie ontstel nie.

(VivA-KPO)

Vloekwoordinfigering bied aan 'n taalgebruiker ook 'n unieke geleentheid om evaluerende konstruksies te vorm van woorde wat normaalweg nie deur vloekwoorde bepaal kan word nie. Twee gevalle is *Liefde-...FOKKEN-...groete* en *enso-fokken-voorts* in (172) en (173). Albei hierdie konstruksies kom nie met *fokken* as 'n adverbium voor nie; **fokken liefdegroete* en **fokken ensovoorts* bestaan nie.

(172) David, jou grammatika: mens plaas die woord-speserye by die deel waar mens wil hê die geur moet meer uitkom - jy is opreg in jou goeie wense vir haar dus wil jy daardie deel van die sin beklemtoon en dus is dit " **Liefde-FOKKEN-groete**, David " né?

(173) Ah, die Blou Bul is nie in die semi's nie, die BB.....Lalalalallalal **ensofokkenvoorts!**

(VivA-KPE)

5.4.1.3 Gebruik

Die voorkoms van vloekwoordinfigering in VivA se korpusversamelings word in Tabel 5-21 (*·fokken·*), Tabel 5-22 (*·blerrie·* en *·bleddie·*) en Tabel 5-23 (*·flippen·*) opgesom. Dit moet van meet af gestel word dat die data nie met betrekking tot vorme met en sonder koppeltekens genormaliseer is nie aangesien die koppeltekens met die herkenbaarheid van die basiswoord van die konstruksie te make het. Slegs op basis van die grootte van die tabelle kan 'n mens reeds sien dat *·fokken·* taalgebruikers se voorkeur is om hierdie MEK's te vorm.

Tabel 5-21: Woordfrekwensieklass (N) van *·fokken·*-MEK's

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
asse-fokken-blijf	21	7		asse-fokken-blijf	16	24
befokkenslis	22	3		assefokkenblijf	17	10
ver-fokken-seker	22	4		verfokkenseker	17	7
assefokkenblijf	23	2		vir-fokken-seker	17	8
assefokkenblijftog	23	2		fanfokkentasties	18	4
onbefokkenkostigbaar.	23	2		ongefokkenlooflik	18	5

VivA-KPO				VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae		MEK	N	Trefslae
die = 15529096				die = 1209996		
ongefokkenlooflik	23	2		uitfokkenstekend	18	4
stapelfokkengek	23	2		ver-fokken-seker	18	5
Ver-fokken-niet	23	2		Brilfokkenjant	19	3
vir-fokken-seker	23	2		bril-fokken-jant	19	2
audio-fokken-naaifees	24	1		dirt-fokken-cheap	19	2
be-fokken-fok	24	1		ensofokkenvoorts	19	2
Bull-fokken-shit	24	1		Hi-fokken-steries	19	2
Des-nie-teen-fokken- staande	24	1		kak-fokken-duur	19	2
En-fokken-core	24	1		Klipfokkenhard	19	2
fanfokkentasties	24	1		onfokkenmoontlik	19	2
Fi-na-fokkenly	24	1		on-fokken-moontlik	19	2
ge-fokken-donner	24	1		onfokkenoorspronklik	19	2
gefokken-fluitery	24	1		Onge-fokken-looflik	19	2
gefokkenvloekery	24	1		Onsamefokkenhangend	19	2
half-fokken-vyf	24	1		Oppifokkenkoppi	19	2
helderfokkenblou	24	1		pre-fokken-sies	19	2
hond-fokken-duur	24	1		Presifokkendent	19	3
in-fokken-sane	24	1		uit-fokken-eindelik	19	3
Inteen-fokken-deel	24	1		virfokkenseker	19	3
kak-fokken-duur	24	1		Absofokkenluut	20	1
LEESFOKKENTEKENS	24	1		A-fokken-men	20	1
Lemmer-fokken-Bosman	24	1		asem-fokken-rowend	20	1
musiekliedhebbersparrafok kendys	24	1		Assefokkengrootblief	20	1
On(fokken)moontlik	24	1		asse-fokken-groot-blief	20	1
onfokkendenkbaar	24	1		Ata-fokken-ri	20	1
onfokkenmoontlik	24	1		BE-Fokken-FOK	20	1
ongefokkenhoord	24	1		befokkenslis	20	1
on-ge-fokken-looflik	24	1		be-fokken-slis	20	1
Onuitfokkenputlik	24	1		Bekotsensfokkenwaardig	20	1
Onverfokkenbiddellik	24	1		Bra-fokken-vo	20	1
ouder-fokken-dom	24	1		Bull-fokken-shit.	20	1

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
papfokkensopnat	24	1		damfokkenduikers	20	1
pikstikfokkendonker	24	1		Dan-fokken-Roodt	20	1
pisfokkenkoud	24	1		defini-fokken-tief	20	1
pre-fokken-sies	24	1		Des-nie-teen-fokken- staande	20	1
SAU-fokken-K	24	1		diefokkenselfde	20	1
Slam-fokken-DUNK	24	1		dood-fokken-ernstig	20	1
Stikswartfokkendonker	24	1		Eeeiii-fokken-naaa	20	1
Uit-fokken-eindelik	24	1		e-fokken-pos	20	1
uitfokkenstekend	24	1		Elton-fokken-John	20	1
Vasgefokkenketting.	24	1		enterfokkentain	20	1
Veer-fokken-tien	24	1		fan-fokken-tastiese	20	1
verfokkenseker	24	1		Fe-fokken-nomenale	20	1
verfokkenvlakste	24	1		Foeifokkentoggie	20	1
verfokkenwurg	24	1		gefokkendink	20	1
vis-fokken-motte	24	1		ge-fokken-duik	20	1
Witfokkenwarm	24	1		ge-fokken-enter	20	1
Zimfokkenbabwe	24	1		ge-fokken-fine	20	1
				ge-fokken-fire	20	1
				ge-fokken-irriteer	20	1
				ge-fokken-kerm	20	1
				ge-fokken-lukkgig	20	1
				ge-fokken-noeg	20	1
				gefokkenpraat	20	1
				gefokkensê	20	1
				gefokkensingery	20	1
				gefokkenspin	20	1
				gefokkensteel	20	1
				gefokkenstenig	20	1
				gefokkensukkel	20	1
				ge-fokken-swaai	20	1
				gefokkenvlieg	20	1
				ge-fokken-woonlik	20	1

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
			gods-on-fokken-moontlik	20	1
			heelte-fokken-mal	20	1
			high-fokken-heals	20	1
			hom-fokken-self	20	1
			honder-en-fokken-vyftig	20	1
			hond-fokken-duur	20	1
			hondfokkenkak	20	1
			HORFOKKENMONE	20	1
			In-fokken-credible	20	1
			Inteen-fokken-deel	20	1
			interfokkenkontinentale	20	1
			Jirrejissesfokkengot	20	1
			kinder-fokken-kak	20	1
			Knop-fokken-kop	20	1
			Konsenfokkentreer	20	1
			krimi-fokken-neel	20	1
			Krokkefokkendiltrane	20	1
			Liefde-FOKKEN-groete	20	1
			Lyn-fokken-stane	20	1
			malfokkenhond	20	1
			MIDDELFOKKENVINGE R	20	1
			musieklieffhebbersparrafo kkendys	20	1
			Non-fokken-stop.	20	1
			on-fokken-nuuswaardig	20	1
			onfokkensigbaar	20	1
			on-fokken-vergeeflik	20	1
			onge-fokken-lukkig	20	1
			Oppi-fokken-Koppi	20	1
			ouder-fokken-dom	20	1
			Yusuf Pa-fokken-wie	20	1
			Panfokkenyaza Lefokkensufokkenfi	20	1

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>			<i>die = 1209996</i>		
			Pikfokkenswart	20	1
			pisfokkenkoud	20	1
			Poesfokkenjammer	20	1
			poes-fokken-snaaks	20	1
			powerfokkenforce	20	1
			pro-fokken-tective	20	1
			sam-fokken-blief	20	1
			Se-fokken-blief	20	1
			semi-fokken-gloss	20	1
			Siesfokkentog	20	1
			skynfokkenheiligheid	20	1
			Slam-fokken-DUNK	20	1
			soet-fokken-sappig	20	1
			Ster-Kinefokkenkor	20	1
			stink-fokken-ryk	20	1
			ter-fokken-loops	20	1
			Uitfokkeneindelik	20	1
			Un-fokken-real	20	1
			Verfokkenfrissend	20	1
			verFOKKENvelig	20	1
			virfokkenniet	20	1
			vrotfokkendronk	20	1
			wel-deur-fokken-dagte	20	1
			Wielie-fokken-Walie	20	1
			wikkifokkenpedia	20	1
			wit-fokken-warm	20	1
			ysterfokkenvark	20	1

As 'n mens Tabel 5-21 oorweeg, is daar 54 MEK's in VivA-KPO en 128 MEK's in VivA-KPE. Die konstruksie met die laagste N-waarde in sowel VivA-KPO as VivA-KPE is *asse--fokken--blief* met onderskeidelik N=21 (lae voorkoms) en N=16 (hoër as verwagte voorkoms). Beide N-waardes is laer as die variante wat sonder koppeltekens geskryf is (N=23 en N=17 onderskeidelik). Die verskil in N-waardes wys moontlik op gebruikers wat óf dink koppeltekens

moet in hierdie konstruksies gebruik word, óf nog nie gemaklik is om die konstruksies sonder koppeltekens te skryf nie. Ander konstruksies waar die koppeltekenlose vorm minder as die vorm mét koppeltekens gebruik word, kom nie in die data voor nie. Die oorgrote meerderheid van die konstruksies in albei versamelings is hapaxe, met slegs 10 konstruksies in VivA-KPO en 26 konstruksies in VivA-KPE wat nie hapaxe is nie. Die voorkoms van nuwe konstruksies is daarom algemeen volgens Tabel 5-21; vir *·fokken·* in VivA-KPO is $P=0.61$ en in VivA-KPE is $P=0.56$.

'n Patroon in die konstruksies in VivA-KPO is dat die vloekwoord meestal ná die eerste, tweede of derde lettergreep, maar voor die beklemtoonde lettergreep geplaas word. Uitsonderingsgevalle is egter gevalle waar vreemdetaalwoorde (*En·fokken·core*), intensiewe vorme (*stapel·fokken·gek*) en soms wanneer samestellings (*vis·--fokken·--motte*) die basis vorm.

'n Vorm van vloekwoordinfigering wat nog nie genoegsaam beskryf is nie, is waar eiename as die basis gebruik word. Voorbeelde hiervan in Afrikaans is *Zim·fokken·babwe* en *Lemmer·--fokken·--Bosman* soos in (174) en (175). McMillan (1980:163) wys vroeg in sy studie deur middel van voorbeelde op die veelsydigheid van die konstruksie om oor woordsoorte heen te kombineer. McMillan (1980:163-164) verwys na die moontlike voorkoms daarvan in enkele of meerledige eiename, maar bespreek ook nie die verskynsel in meer detail nie. Feinauer brei nie in haar studie oor vloekwoordinfigering in ander woordsoorte uit nie. Sy bespreek wel vloekwoorde in persoonsnaamgroepe kortliks (Feinauer, 1981:156-157), maar nie die gevalle waar 'n vloekwoord in 'n eienaam gevoeg word nie. Sy sonder die kontekstueel affektiewe en fonologiese vereistes vir hierdie tipe konstruksies uit, maar bespreek dit nie. Vir 'n naamwoord om egter die basis van vloekwoordinfigering te wees, meen sy dat dit deur die konteks van die taaluiting "affektief gelaai" moet wees.

(174) Ja, die lot was hoeka op 'n " feite sending " na Rhodesia (**Zimfokkenbabwe**) om te leer hoe om die stemme " reg " te tel.

(175) En ná skool sluit hy by die weermag aan om 'n man te wees. Toe kom **Lemmer-fokken-Bosman** in sy lewe.

(VivA-KPO)

Die 10 konstruksies in die korpusversamelings waarin 'n eienaam as basis dien, is almal hapaxe. Voorbeelde wat nog nie bespreek is nie, is *Ata·--fokken·--ri*, *Dan·--fokken·--Roodt*, *Pan·fokken·yaza* *Le·fokken·su·fokken·fi*, *Oppi·fokken·koppi* (met en sonder koppeltekens weerskante van *·fokken·*), *Yusuf Pa·--fokken·--wie* en *Ster-Kine·fokken·kor*. Dit is opmerklik dat *·fokken·* by *Ata·--fokken·--ri* en *Ster-Kine·fokken·kor* ná die beklemtoonde sillabe geplaas is, soos ook in onder andere *helder·fokken·blou* en *En·--fokken·--core* in VivA-KPO. Die infigering van eiename in VivA-KPO (*Lemmer·--fokken·--Bosman*, *SAU·--fokken·--K* en *Zim·fokken·babwe*) volg

almal die “gewone” patroon waar die vloekwoord voor die beklemtoonde lettergreep geplaas word.

In *Pan·fokken·yaza Le·fokken·su·fokken·fi* gebruik die skrywer *·fokken·* drie keer om besondere negatiewe emosie uit te druk. In die rekursiewe infigering van laasgenoemde konstruksie, wat ’n onbekende patroon volg, word die herhaling van *·fokken·* as ’n stylmiddel gebruik om intense frustrasie mee uit te druk. Hierdie konstruksie skakel daarom met die GKM MEER VORM IS MEER BETEKENIS, asook rekursiewe MEK’s wat in § 6.3 bespreek word.

Die gebruik van *·fokken·* om verskillende gevoelswaardes aan te dui, word veral duidelik wanneer *Oppi·fokken·koppi* met *Pan·fokken·yaza Le·fokken·su·fokken·fi* vergelyk word. In die voorbeeldsinne in (176) en (177) blyk die belangrikste verskil dat *Oppi·fokken·koppi* ’n positiewe betekenislading het, terwyl *Pan·fokken·yaza Le·fokken·su·fokken·fi* ’n negatiewe betekenislading het. Hierdie aspek van vloekwoordinfigering, naamlik om sowel ’n positiewe as negatiewe konnotasie aan ’n woord te verleen, skakel direk met die stelling van Feinauer oor die invloed van ’n affektiewe konteks, wat vroeër in die afdeling bespreek is.

(176) Eina, alles is seer. Was weer vet pret. Goed om te weet ek was nie die enigste alkoholgedrewe motherless zombie by Wedding DJ’s nie. **Oppifokkenkoppi!**

(177) Natuurlik sit die LUR van Onderwys in Gauteng, **Panfokkenyaza Lefokkensufokkenfi** agter alles.

(VivA-KPE)

Die verskil in die vloekwoordinfigering van eiename teenoor die gevalle waar *fokken* adverbiaal gebruik word, blyk uit ’n vergelyking van *Oppi·fokken·koppi* in (176) met *fokken Oppikoppi* in (178). Eersgenoemde is ’n MEK terwyl laasgenoemde ’n sintaktiese evalueringskonstruksie met dieselfde betekenis is. Die gebruik van *fokken* op albei hierdie wyses, om op verskillende maniere dieselfde boodskap oor te dra, behoort in die toekoms in meer detail bestudeer te word.

(178) Granted, so paar het in die bome beland, want dit is after all **fokken Oppikoppi**, met like bome en shit.

(VivA-KPE)

As die konstruksies in Tabel 5-22 oorweeg word, blyk dit dat ’n totaal van 28 konstruksies met *·bleddie·* en *·blerrie·* gevorm is. Daar is slegs 26 unieke konstruksies waarin *·bleddie·* of *·blerrie·* gebruik word, waarvan 6 ’n eienaam as basiskomponent het. Al die MEK’s in VivA-KPE is hapaxe (N=24), terwyl *uit--·bleddie--·eindelik* (N=22) in VivA-KPO die hoogste frekwensie het, met slegs 3 trefslae. Die gebruik van *·blerrie·* en *·bleddie·* in die tipes tekste wat in VivA-KPE voorkom, is

besonders beperk as die enkele MEK's wat in Tabel 5-22 gelys word, oorweeg word. Taalgebruikers lyk ook minder daartoe geneig om koppeltekens met *·bleddie·* en *·blerrie·* te gebruik as in *·fokken·* se geval. Dit kan dui op taalgebruikers wat die basiswoord makliker kan identifiseer as in die gevalle waarin *·fokken·* gebruik word. Dit kan ook op *·blerrie·* se gevestigde gebruik in spesifieke Afrikaanse konstruksies wys, eerder as wat dit produktief na nuwe konstruksies uitbrei.

Tabel 5-22: Woordfrekwensieklas (N) van *·bleddie·*-MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
<i>bleddie·</i>						
uit-bleddie-eindelik	22	3		uit-bleddie-eindelik	20	1
Ongebleddielooflik	23	2				
Werner-bleddie-Schutte	23	2				
Armin-bleddie-van-der-Walt	24	1				
Assebleddieblief	24	1				
Asse-bleddie-blief	24	1				
ekstrableddiepolasie	24	1				
flambo-blêddie-jant	24	1				
On-bleddie-gelooflik	24	1				
ongebleddieskik	24	1				
onge-bleddie-twyfeld	24	1				
Porse-bleddie-lyntjie	24	1				
van-bleddie-Niekerk	24	1				
Ver-bleddie-domp	24	1				
WhatsbleddieApp.	24	1				
<i>blerrie·</i>						
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
heelblerrietyd	23	2		Beblerrielaglik	20	1
Porse-blerrie-lyntjie	23	2		geblerriemors	20	1
absoblerrieluut	24	1		geblerriesê	20	1
Asblerrieпоester	24	1				
defini-blerrie-tief	24	1				
verblerriedomp	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
verblerrieseker	24	1				
Wawydblerriewakker	24	1				

Die gebruik van *·flippen·* en *·friecken·*, as verdraaide vorms van *·fokken·*, blyk beperk te wees. Daar is slegs enkele trefslae met *·flippen·* in VivA-KPO en VivA-KPE, die meeste daarvan in VivA-KPO. Die opsomming van die trefslae word in Tabel 5-23 gegee. Van die 31 MEK's is 24 hapaxe, soos *uit·flippen·stekend* en *vrek·flippen·moeg*. Die P-waarde vir *·flippen·* (P=0.44) in VivA-KPO wys op 'n mate van produktiwiteit in geredigeerde tekste. Die P-waarde in VivA-KPE (N=0.4) is soortgelyk, maar daar is helaas slegs 6 konstruksies waarmee die waarde bereken is. In *·friecken·* se geval kom slegs *tronk·friecken·voels* as 'n hapax in VivA-KPE voor; daar is geen trefslae in VivA-KPO nie.

Tabel 5-23: Woordfrekwensieklas (N) van *·flippen·*-MEK's


<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
Wian-flippen-Tredoux	20	16		asseflippenblief	19	2
asse-flippen-blief	22	3		asse-flippen-blief	19	2
Uit-flippen-eindelik	22	3		asseflippenblieftog	19	2
Fan-flippen-tasties	23	2		Onge-flippen-looflik	19	2
Josh-flippen-Conradie	23	2		as-se-flippen-blief	20	1
kurk-flippen-trekker	23	2		fanflippen-tastiese	20	1
Onge-flippen-looflik	23	2		poli-flippen-tiek	20	1
Asemflippenrowend	24	1		Vir-flippen-seker	20	1
Asseflippenblief	24	1				
Blake-flippen-Constanzo	24	1				
brilflippenjante	24	1				
donnerflippenstorms	24	1				
ge-flippen-sê	24	1				
Genade-flippen-water	24	1				
Hannah-flippen-Malan	24	1				
hoedaflippenhel	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
Hoer-flippen-ja	24	1				
kurk-flippen-droog	24	1				
Nicol-flippen-le	24	1				
onflippenmoontlik	24	1				
ongeflippenlooflik	24	1				
perflippenfek	24	1				
Per-flippen-soonlike	24	1				
Pre-flippen-sies	24	1				
Proflippenfessor	24	1				
roos-flippen-kleurige	24	1				
Tinus-flippen-Viljoen	24	1				
uit-flippen-stekend	24	1				
Verflippenfomfaai	24	1				
Vrekflippenmoeg	24	1				
Waddeflippenflop	24	1				

5.4.1.4 Opmerkings

Danksy die optekeninge van voorbeelde deur Feinauer (1981) kan dit met 'n mate van sekerheid gesê word dat vloekwoordinfigering in Afrikaans omstreeks die 1970's begin gebruik is. Dit is waarskynlik dat die gebruik daarvan in Afrikaans onder invloed van Engels ontstaan het aangesien hierdie MEK's nie in Nederlands bestaan nie. Hierdie stelling word bevestig as ons sien dat die konstruksie eers in die 1970's in Engels verskyn en in die 1980's begin toeneem het – sien die N-gram²⁷ in Figuur 5-1. Die drie konstruksies waarvoor in Engels gesoek is, is *abso-fucking-lutely*, *fan-fucking-tastic* en *un-fucking-believable*.

²⁷ https://bit.ly/fucking_infiks



Figuur 5-1: Die gebruik van *·fucking·* ‘*·fokken·*’ in Engels

Een MEK wat van die gebruikelike invoeging van *·fokken·*, *blerrie-/·bleddie·* en *·flippen·* afwyk, is *on·bliksems·gelooflik* in (179). Hierdie konstruksie kom drie keer in VivA-KPE voor en is opmerklik weens die gebruik van *·bliksems·* as die infiks, én die invoeging van die taboe voor ’n onbeklemtoonde lettergreep. Die vorme met *·blerrie·*, *·fokken·* en *·flippen·* het tipies die vloekwoord voor *-loof*, die swaarste sillabe in *ongelooflik*. In *on·bliksems·gelooflik* wil die skrywer dus die woord selfs opvallender maak deur ’n ongewone vloekwoord te gebruik, asook om die vloekwoord op ’n ongewone plek in die woord te voeg. Ander konstruksies waarin *·bliksems·* die infiks is, word nie in ander bronne genoem nie en is nie in die data gevind nie.

(179) Vanaand sou die pret begin... sparks will fly. Maar nee, hang aan, die tape sny af na die uiters opwindende intro sequence en ons sit vir mekaar en kyk soos doosbreine. Ongefokkenlooflik. Absofokkenluut **onbliksemsgelooflik**.

(VivA-KPE)

5.5 Samevatting

Uit hierdie hoofstuk blyk die verskeidenheid MEK’s in Afrikaans wat met behulp van affikse gevorm kan word duidelik. Prefikse uit die Klassieke en Germaanse stratum wat met Afrikaanse naamwoorde of adjektiewe verbind om intensiewe of evaluerende betekenis aan te dui, is in § 5.2 beskryf. ’n Algemene beginsel met betrekking tot affikse is dat morfeme uit dieselfde strata verkieslik met mekaar sal verbind – Klassieke affikse sal met Klassieke stamme verbind, terwyl dieselfde geld vir affikse uit die Germaanse stratum en Germaanse stamme (Van Huyssteen, 2020a). Uit die data, wat op woordsoorte gefokus het, blyk dit dat Germaanse prefikse verkies word om naamwoorde in Afrikaans te intensiveer, terwyl Klassieke prefikse in die geval van adjektiewe verkies word. Dit is ook uitgewys dat *ultra·* geneig is om te verbind met naamwoorde

wat met politiese of filosofiese oortuiging geassosieer word, om intensiverende betekenis te verkry. Die naamwoordkonstruksies in die data wat wel met Germaanse prefikse voorkom, verbind eerder met naamwoorde en het die betekenis van 'die eerste of oudste X'. Met die uitsondering van die Germaanse *oer-*, wat met 'n relatiewe hoë aantal Afrikaanse adjektiewe verbind, is *super-* en *hiper-* voorkeuropsies vir die intensivering van adjektiewe. Dit is ongewoon om nuwe MEK's met Germaanse prefikse in Afrikaans te vind. Daar is wel konstruksies in die data wat wys op die gebruik van *aarts-*, *ekstra-*, *mega-* of *ultra-* om adjektiewe te intensiveer. Dit blyk duidelik uit die data dat *uber-* uiters onproduktief in Afrikaanse MEK's is.

Dit blyk 'n deurlopende proses te wees om te bepaal of konstruksies soos *mega-boer* en *mega-kerk* 'n tipe boer en 'n tipe kerk is, en of dit 'n (algemene) groot kerk of (algemene) ryk of suksesvolle boer is. In die geval van adjektiewe is die proses eenvoudiger aangesien *hiper-glikemies* gebruik word om 'n mediese toestand te beskryf en *hiper-beneuk* 'n MEK is. Toekomstige studies oor die gebruik van prefikse in Afrikaans behoort hierdie aspek in ag te neem wanneer 'n stelsel of protokol vir die ondubbelsinnigmaking van betekenis geformuleer word.

Die gebruik van koppeltekens by hierdie konstruksies val ook op. Volgens reël 12.27 van die AWS (Taalkommissie, 2017:92) word prefikse sonder 'n koppelteken vas aan die komponent waaraan dit verbind, geskryf. Daar is bepaalde uitsonderings wanneer koppeltekens of deelttekens gebruik kan word om 'n Klassieke prefiks van die ander komponent te skei, waaronder 'n opeenhoping van vokale (reël 12.2). Vir doeleindes van geprefigeerde MEK's sal *ekstra-*, *mega-* en *ultra-* logieserwys mét koppeltekens vas geskryf kan word aan die adjektiewe waarmee dit verbind, veral wanneer die adjektief met 'n *a-* begin.

Oorweeg 'n mens die beskrywing van suffikse in § 5.3, is die omvangrykheid van die verskillende betekenisonderskeidings opvallend. Anders as in die geval van prefikse wat tot intensiveringsbetekenis beperk is, bied suffikse 'n ryker verskeidenheid betekenis om MEK's te vorm. Die nominaliserende aard van *-asie*, *-aard*, *-sel* en iminutiewe kan gebruik word om verskillende evaluerende naamwoorde in Afrikaans te vorm; die pejoratiewe aard van MEK's met *-asie*, *-aard* en *-sel* staan teenoor die amelioratiewe aard van iminutiewe. Die (tans nog) marginale voorkoms van *-er* en *-ste* om naamwoorde te adjektiveer, en diminutief-adverbia bied aan 'n taalgebruiker die geleentheid om evaluerende adjektiewe te vorm. Die feit dat daar minder dubbelsinnige gevalle met die suffikse in die data voorkom as in die geval van prefikse, is ook opmerklik. Die betekenisrykheid van suffikse beklemtoon die soortgelyke tendens tussen prefiksoïede en suffiksoïede wat in hoofstuk 4 beskryf is.

Die gebruik van taboewoorde om Afrikaanse te infigeer, is in § 5.4 bespreek. In hierdie afdeling het dit duidelik geblyk hoe veelsydig en produktief infigering is, spesifiek met verwysing na

·fokken· in Viva-KPE. Die een aspek wat uitgestaan het, is hoe infigering 'n gebruiker in staat stel om woorde soos *liefdegroete*, wat nie normaalweg intensivering deur taboe-adverbia toelaat nie, evaluerend te laai. Die gebruik van vloekwoorde in eiename is ook bespreek, met die gevolgtrekking dat negatiewe en positiewe betekenisonderskeidings met die gebruik van vloekwoordinfigering gepaard kan gaan.

Hoofstuk 6: Ander MEK's

6.1 Inleiding

MEK's wat nie in een van die ander hoofstukke ingedeel kan word nie, word in hierdie hoofstuk oorsigtelik en/of verkennend beskryf. Die konstruksies wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is by uitstek verklaarbaar deur middel van ikonisiteit. Daar sal eerstens aan reduplikasiekonstruksies aandag gegee word: sowel volledige reduplikasies (§ 6.2.1) as *(schm)*-reduplikasies (§ 6.2.2). Naas reduplikasies, maar wel konseptueel daaraan verwant, is rekursiewe MEK's (§ 6.3). Reduplikasies én rekursiewe MEK's is tekenend van die GKM MEER VORM IS MEER BETEKENIS (Lakoff & Johnson, 1980:127-128). Laastens sal hipokoristiese konstruksies in § 6.4 kortliks aandag geniet.

6.2 Reduplikasiekonstruksies

6.2.1 Die tipe blou--blou

Konstruksies soos *blou--blou* en *vinnig--vinnig* in (1) en (2), waarin dieselfde komponent herhaal word en volgens reël 12.14 in die AWS (Taalkommissie, 2017:86) met 'n koppelteken vas geskryf word, staan as volledige reduplikasies bekend. Hierdie tipe konstruksies kom algemeen in Afrikaans voor, is nie woordsoortelik gebonde nie, en kan 'n reeks betekenisonderskeidings hê.

- (1) Leshiba Wilderness bied spoggerige selfsorgverblyf op 'n privaat wildreservaat en die **blou-blou** swembad sal siel én liggaam verkwik.
- (2) Die opgewondenheid was egter van korte duur en **vinnig-vinnig** was die kwessie rondom die bestuur van die reservaat in omstredenheid gehul.

(VivA-KPO)

Reduplikasiekonstruksies word stereotipies met kreole of tale wat nie 'n lang geskrewe geskiedenis het nie, geassosieer (Fischer, 2011:56). Daar is al verskeie studies oor reduplikasiekonstruksies in Afrikaans gedoen: Botha (1988), Conradie (2003), Dirix (2022), Raidt (1981), Van Huyssteen (2000), en Van Huyssteen en Wissing (2007). Anders as wat met meer sekerheid vasgestel kon word oor van die MEK's wat reeds bespreek is, is reduplikasiekonstruksies nie per se uit Nederlands oorgeërf nie. So meen Stolz (2008:114-115) byvoorbeeld dat die vormlike afwyking van Afrikaanse volledige reduplikasies teenoor Nederlandse vorme toe te skryf is aan die kontak wat Afrikaans met taalgemeenskappe buite Europa gehad het. Ofskoon taalkundiges oor dié aspek van mekaar verskil, word die

intensiverende betekenis van reduplikasie-konstruksies oor die algemeen in studies daaroor bespreek en aanvaar.

Volgens Van Huyssteen (2000), wat spesifiek reduplikasies in Afrikaans beskryf, is daar reduplikasiekonstruksies waarin aansyne, prosesse of atemporele verhoudings geredupliseer word. By die reduplisering van aansyne kan die betekenis wissel tussen ruimtelike verspreidheid, meervoudsintensiteit, temporale verspreiding, speletjies en egtheid (Van Huyssteen, 2000:188-196). Die voorbeeldkonstruksies in (3) en (4), naamlik *dokter--dokter* en *huis--huis*, is die name van speletjies. Die betekenis van reduplikasies waarin prosesse herhaal word, wissel tussen iteratiewe, voortdurendheid, onvoltooidheid en gemak (Van Huyssteen, 2000:196-210). 'n Voorbeeld daarvan is *loop--loop* in (5) wat as 'al lopend' geparafraseer kan word. Oorweeg 'n mens Van Huyssteen (2000:210-224) se bespreking van die betekenis moontlikhede van reduplikasies van atemporele verhoudings (soos kleure), is vier betekenisonderskeidings moontlik: intensiteit, verspreiding, wyse en 'in onmiddellike omgewing van G'. Die reduplikasie van *lank* in *lank--lank* en *byna* in *byna--byna* in (6) en (7) is voorbeelde van intensiteit en kan onderskeidelik as 'baie lank' en 'baie byna' geparafraseer word. Voorbeelde van die verspreidingsbetekenisonderskeid, is *kol--kol* en *bietjies--bietjies* in (8) en (9), aangesien hulle geparafraseer kan word as 'op spesifieke kolle' en 'slegs 'n bietjie op 'n slag'. Volgens Van Huyssteen (2000:220) is hierdie konstruksies tekenend "van die wyse waarop die proses in die scène gekonseptualiseer word", terwyl 'n voorbeeld daarvan soos *stram--stram* in (10) wel as 'baie stram' geparafraseer kan word. Alvorens sodanige reduplikasies dus uit die finale bespreking en tabel in § 6.1.2.3 uitgesluit word, word hulle telkens eers deeglik oorweeg om hulle betekenisonderskeidings vas te stel.

- (3) Ons enterfokkertain net en speel **dokter-dokter**, OK?
- (4) Ek en Queenie was altyd bymekaar en het so lekker pop en **huis-huis** gespeel.
- (5) Hulle is ook **loop-loop** weg uit die winkel uit terwyl ek half verstom, geskok..ge-alles was.
- (6) Terloops.. is sy wit? Ek het êrens **lank-lank** terug (want ek lees hulle nie sommer net nie) gelees dat sy nie 'n Christen is (miskien moslem?) maar dit mag foutief gewees het.
- (7) Hy is weggejaag, geslaan, gestenig, en het 'n paar keer so **byna-byna** in die stof gebyt.
- (8) Ook maar Swak gereën oor KZN waar totale wissel van 1 tot 7mm en dan is dit ook net **kol-kol**.
- (9) Die regeringsoldate begin **bietjies-bietjies** water skink uit die groot kanne.
- (10) " Nee wat, hy sal niks omgee nie, " verseker hy terwyl hy **stram-stram** opstaan soos een wat lyfseer het.

Die reduplikasiekonstruksies wat dus oor die algemeen as MEK's geklassifiseer kan word, is deursigtige reduplikasies met adverbial, adjektiewe, tussenwerpsels en voorsetsels. Uitsonderings, wat in data sal opduik, is *kort--kort* en *stil--stil* soos in (11) en (12). Hierdie konstruksies se betekenis, onderskeidelik 'kortweg' en 'stilweg', dui eerder op maniere van doen of optree as wat dit evaluerende betekenis het, ondanks die feit dat dit adjektiewe of adverbial is wat herhaal word. Dit is daarom hoogstens 'n leidraad oor die evaluerende aard van 'n reduplikasie wanneer dit 'n adverbium of adjektief is wat geredupliseer word. Op sterkte van Van Huyssteen en Wissing (2007:427-428) se identifisering van intensiteit as een van die prototipiese kategorieë van reduplikasies in Afrikaans, geniet slegs konstruksies met 'n betekenisonderskeid wat op intensiteit dui verder aandag.

- (11) Hulle gooi **kort-kort** die kunsas in en katrol dan met rukbewegings stadig in om die aandag van die visse te kry.
- (12) Pret met musical chairs - rolstoel en al Anita het **stil-stil** saam met Willie en die Welmans opgedaag vir haar eerste kamp.

(VivA-KPO)

6.2.1.1 Vorm

Die **vorm** van *blou--blou*-MEK's kan skematies soos in (13) voorgestel word. In die skema word slegs die reduplikasie van adjektiewe, adverbial, tussenwerpsels en voorsetsels aangedui, aangesien die herhaling van hierdie komponente tot 'n intensiverende betekenis-interpretasie sou kon lei.

- (13) $[[a+]_x-[a+]_x]_x \Leftrightarrow [baie SEM_x]$

waar x = adjektief / adverbium / tussenwerpsel / voorsetsel

Reduplikasies wat nie deur hierdie skema gemotiveer word nie, is reduplikasies van die tipe *dokter--dokter*, *drup--drup* en *tjoef--tjaf* in die korpusvoorbeelde in (14)-(16). Eersgenoemde is 'n herhaling van 'n naamwoord wat die naam van 'n spesifieke soort speletjie aandui; *drup--drup* is 'n werkwoordreduplikasie wat 'n iteratiewe proses voorstel; *tjoef--tjaf* is 'n eegwoordreduplikasie wat 'maklik' beteken. Dit is hieruit duidelik dat nie alle reduplikasies somaar as MEK's aanvaar kan word nie aangesien konstruksies wat die naam van 'n speletjie is (soos *dokter--dokter*), spesifiserend is van 'n tipe proses (soos *drup--drup*), of volledig geleksikaliseer is (soos *tjoef--tjaf*) buite die bestek van hierdie studie val.

- (14) Ons begin giggel soos twee skoolkinders wat vir die eerste keer **dokter-dokter** speel.
- (15) Weke – nee, dit was maande – in stikdonker vasgekeer ; iewers **drup-drup** water, vlerke fladder: Waar is hy?
- (16) Soos 'n masjien wat goed geolie is het ons **tjoef-tjaf** die tente staan gemaak en die veldkatels opgeslaan.

(VivA-KPO)

6.2.1.2 Betekenis

Die betekenis van reduplikasie is, soos in die geval van die meeste MEK's, nie streng verdeelbaar in slegs 'n beskrywende en 'n evaluerende komponent nie. Die betekenismoontlikhede van reduplikasies word deur onder andere Van Huyssteen (2000) en Fischer (2011) onderskei en bespreek.

Fischer (2011:59-63) maak 'n tweeledige indeling van reduplikasies en onderskei hoofsaaklik tussen semanties deursigtige en ondeursigtige reduplikasies: Deursigtige reduplikasies kan deur middel van ikoniteit verklaar word, maar ondeursigtige reduplikasies nie. Uit die Afrikaanse voorbeelde wat sover bespreek is, is *loop--loop* en *lank--lank* voorbeelde van deursigtige reduplikasies, terwyl *dokter--dokter* ondeursigtig is. Ikoniteit is die voor die hand liggende verklaring vir reduplikasies wat intensiewe reduplikasies is, aangesien dit 'n tekenende voorbeeld van MEER VORM VIR MEER BETEKENIS is. As 'n mens *lank--lank* in (6) oorweeg, is dit duidelik dat dit 'n reduplikasie met 'n intensiverende betekenis is. Die taalgebruiker se keuse om *lank* in *lank--lank* te herhaal, waar slegs *lank* die nodige deskriptiewe inhoud volledig sou beskryf het, versterk die evaluerende betekenis-komponent wat die taalgebruiker wou uitdruk.

6.2.1.3 Gebruik

In Tabel 6-1 verskyn die MEK-reduplikasies wat in VivA se korpusversamelings gevind is, met hulle N-waarde. Daar is 127 MEK's in VivA-KPO en 49 MEK's in VivA-KPE geïdentifiseer. As die konstruksies in VivA-KPO eerstens oorweeg word, is minder as die helfte van die konstruksies hapaxe – slegs 55 van die 127. 'n Soortgelyke verspreiding kom in VivA-KPE voor, met 20 van die 49 konstruksies wat hapaxe is. Ander MEK's is geneig om 'n oorgrote meerderheid hapaxe te hê, byvoorbeeld MEK's met *≠bedonnerd* en *≠befok* wat in § 3.3.1.3 bespreek is, óf 'n oorgrote meerderheid gevestigde konstruksies, byvoorbeeld *·asie*-konstruksies wat in § 4.3.1.3 bespreek is. Reduplikasie as 'n MEK-vormingsproses in Afrikaans is produktief, met $P=0.03$ in VivA-KPO en $P=0.14$ in VivA-KPE.

Tabel 6-1: Woordfrekwensieklas (N) van reduplikasiekonstruksies

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
vroeg-vroeg	15	351		vroeg-vroeg	16	16
ou-ou	16	194		amper-amper	17	12
byna-byna	17	148		baie-baie	17	9
amper-amper	17	126		bietjie-bietjie	17	9
blou-blou	17	85		skaam-skaam	17	8
nee-nee	18	79		klein-klein	18	6
klein-klein	18	73		mooi-mooi	18	6
skaam-skaam	18	66		ou-ou	18	6
styf-styf	18	60		lank-lank	18	5
dik-dik	18	48		byna-byna	18	4
baie-baie	19	34		diep-diep	18	4
groot-groot	19	29		toe-toe	18	4
lank-lank	19	26		bang-bang	19	3
lekker-lekker	20	20		groot-groot	19	3
diep-diep	20	18		heel-heel	19	3
stadig-stadig	20	15		lui-lui	19	3
lang-lang	20	13		netnou-netnou	19	3
eina-eina	20	12		styf-styf	19	3
goed-goed	20	12		ai-ai	19	2
jonk-jonk	20	12		anti-anti	19	2
fyn-fyn	20	11		fake-fake	19	2
lig-lig	20	11		fokken-fokken	19	2
dom-dom	21	10		naaste-naaste	19	2
nat-nat	21	10		niks-niks	19	2
groen-groen	21	9		nuwe-nuwe	19	2
agter-agter	21	8		sjoe-sjoe	19	2
miskien-miskien	21	8		verkorte-verkorte	19	2
wit-wit	21	8		agter-agter	20	1
maklik-maklik	21	7		amen-amen	20	1
warm-warm	21	7		as-as	20	1
bitter-bitter	21	6		askies-askies	20	1

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
mooi-mooi	21	6		bitter-bitter	20	1
heel-heel	22	5		blink-blink	20	1
mak-mak	22	5		cheap-cheap	20	1
rooi-rooi	22	5		dom-dom	20	1
seer-seer	22	5		geel-geel	20	1
versigtig-versigtig	22	5		haastig-haastig	20	1
eie-eie	22	4		innige-innige	20	1
haastig-haastig	22	4		jammer-jammer	20	1
moeg-moeg	22	4		jong-jong	20	1
reg-reg	22	4		kinky-kinky	20	1
sag-sag	22	4		lekker-lekker	20	1
soet-soet	22	4		liewe-liewe	20	1
sommer-sommer	22	4		los-los	20	1
traag-traag	22	4		maklik-maklik	20	1
blink-blink	22	3		siestog-siestog	20	1
nooit-nooit	22	3		suinig-suinig	20	1
regtig-regtig	22	3				
saggies-saggies	22	3				
siek-siek	22	3				
stram-stram	22	3				
vaak-vaak	22	3				
ver-ver	22	3				
dalk-dalk	23	2				
donker-donker	23	2				
dun-dun	23	2				
ergste-ergste	23	2				
flou-flou	23	2				
geel-geel	23	2				
glad-glad	23	2				
hoera-hoera	23	2				
kaal-kaal	23	2				
klomp-klomp	23	2				
krom-krom	23	2				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
mank-mank	23	2				
mooiste-mooiste	23	2				
salig-salig	23	2				
sjoe-sjoe	23	2				
slap-slap	23	2				
sout-sout	23	2				
swart-swart	23	2				
verlief-verlief	23	2				
asseblief-asseblief	24	1				
bruin-bruin	24	1				
bykans-bykans	24	1				
dood-dood	24	1				
duif-duif	24	1				
effens-effens	24	1				
eintlik-eintlik	24	1				
erg-erg	24	1				
flink-flink	24	1				
fyntjies-fyntjies	24	1				
gaar-gaar	24	1				
geen-geen	24	1				
gek-gek	24	1				
gelukkig-gelukkig	24	1				
gomma-gomma	24	1				
hees-hees	24	1				
helder-helder	24	1				
hoekom-hoekom	24	1				
honger-honger	24	1				
kleiner-kleiner	24	1				
koel-koel	24	1				
koud-koud	24	1				
laat-laai	24	1				
los-los	24	1				
maggies-maggies	24	1				

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 15529096</i>				<i>die = 1209996</i>		
middel-middel	24	1				
mooitjies-mooitjies	24	1				
nuwe-nuwe	24	1				
oer-oer	24	1				
onverklaard-onverklaard	24	1				
ooooop-ooooop	24	1				
oop-oop	24	1				
oukei-oukei	24	1				
rebel-rebel	24	1				
rou-rou	24	1				
ryk-ryk	24	1				
ryp-ryp	24	1				
sad-sad	24	1				
sagte-sagte	24	1				
skaars-skaars	24	1				
skelmpies-skelmpies	24	1				
skraal-skraal	24	1				
soos-soos	24	1				
stink-stink	24	1				
suinig-suinig	24	1				
super-super	24	1				
terloops-terloops	24	1				
vaal-vaal	24	1				
vals-vals	24	1				
voor-voor	24	1				
vrede-vrede	24	1				
vuil-vuil	24	1				
weg-weg	24	1				
werklik-werklik	24	1				
ysig-ysig	24	1				

Die vier konstruksies met die laagste N-waarde is *vroeg--vroeg*, *ou---ou*, *byna---byna* en *amper--amper* soos in die voorbeeldsinne in (17)-(20) – al vier konstruksies kom in VivA-KPO voor. Die reduplikasies met die hoogste voorkoms in VivA-KPE is *wil--wil* en *so---so* met N=15, vergelykbaar met *vroeg--vroeg* se N-waarde in VivA-KPO. Reduplikasies is produktief in beide versamelings, met die verskil dat VivA-KPO meer verskeidenheid as VivA-KPE toon.

- (17) Begin sommer **vroeg-vroeg** al hiermee, dan staan dit so lekker en prut totdat jy eet.
- (18) 'n Aanhaling uit Raka van NP van Wyk Louw waarmee die roman open, dui op die **ou-ou** tema tussen goed en kwaad wat hier uitgebeeld word.
- (19) En dan is daar selfs dié wat **byna-byna** glad nie van water afhanklik is nie.
- (20) As jy so **amper-amper** vegetaries leef het jy al seker gehoor dat jy rooivleis – en veral lewer – nodig het vir genoeg vitamien B12.

(VivA-KPO)

6.2.1.4 Opmerking

Twee konstruksies waarin 'n fonologiese element in die MEK geïnkorporeer is, maar wat nie in Tabel 6-1 ingesluit is nie, is *groot--groot* en *soooo---soooo* in (21) en (22). Albei konstruksies is hapaxe wat in VivA-KPE voorkom. Emfatiese rekking is nie 'n morfologiese verskynsel nie, maar die opmerking is nodig om te beklemtoon dat die verlenging van letters in evaluerende konstruksies 'n belangrike oorweging vir sommige taalgebruikers is. Hierdie verskynsel, waar fonologiese, ortografiese en morfologiese woordvorming gekombineer word, behoort in toekomstige studies oor evaluerende taalgebruik in Afrikaans aandag te geniet.

- (21) Ons geliefde voet-in-die-graf buurman, ken ook die speletjie en dan is daar die Kubaanse-speelbord en die **groot-groot** spel van Noord-Korea,
- (22) Aan die naasbestaandes en familie, my gebede met julle vir vertroosting hierdeur. Dit is **soooo-soooo** baie hartseer.

(VivA-KPE)

'n Ander tipe reduplikasiekonstruksie wat nie hier bo aan bod kom nie, is die sogenaamde kontrastiewefokusreduplikasie (hierna kf-reduplikasie) wat deur Ghomeshi *et al.* (2004) as 'n produktiewe reduplikasiekonstruksie in Engels bespreek word. 'n Voorbeeld van hierdie konstruksie is *ontmoet--ontmoet* in (23). Die spesiale betekenisonderskeiding van hierdie konstruksie blyk uit die spesifiserende aspek wat met die reduplisering gepaardgaan. Volgens Kentner (2017:239) beskik Duits, soos Engels, ook oor kf-reduplikasies. Dieselfde konstruksie staan ook as *lexical clones* bekend, en die gebruik van hierdie konstruksie dui op 'n sterk sosiale

band tussen die gebruikers (Horn, L.R., 2018:240-241). Daar is volgens Horn genoeg gedeelde kennis (*common ground*) tussen die gebruikers sodat hoorders of lesers sal verstaan dat wanneer sprekers na hulle *bed-bed* verwys, hulle die bed bedoel waarin hulle gewoonlik slaap, en nie net enige bed in hulle huis nie. Primêr sou kf-reduplikasies 'n onderskeidende eerder as evaluerende funksie hê aangesien 'n spesifieke aansyn tog daardeur gesimboliseer word. In (23) het *ontmoet-ontmoet* die betekenis van 'ontmoet in die ware sin van die woord', eerder as wat dit 'n evaluerende betekenis het. Hierdie reduplikasie vorm nie deel van evaluerende reduplikasiekonstruksies in hierdie studie nie, maar dit is 'n konstruksie wat nog aandag in Afrikaans behoort te geniet.

(23) Toni glimlag. " Wel, miskien nie regtig **ontmoet-ontmoet** nie, maar toe hy vra waar is jy en ek sê jy het vir Jack gaan groet, toe sê hy dis sy pa. "

(VivA-KPO)

6.2.2 Die tipe Braaidag, (schm)aaidag

(Schm)-reduplikasies is bes moontlik uit Jiddisj ontleen. Voorbeelde van hierdie MEK is *Braaidag*, (schm)aaidag, *Daily (Schm)aweriek* en *Airbag (schm)airbag* in (24)-(26). Die uitsondering in die voorbeelde is *Daily (Schm)aweriek* waar *Schwaweriek* 'n reduplikasie van *Maverick* is, aangesien die oorspronklike publikasie se naam *Daily Maverick* is.

(24) Só gaan hulle nou al etlike dae lank aan in aanloop en opbou tot Maandag se Nasionale Braaidag wat voorts netjies ingespan word om ineengerankte nasionale **Braaidag, schmaaidag**: Alle braaiers is gelyk, maar die goed wat ek braai, is dalk gelyker as dié van jou, armgat.

(25) Daar is geen manier waarop **Daily Schwaweriek** kan bestaan sonder Amerikaanse befondsing nie dis duidelik.

(26) **Airbag schmairbag**, probeer ek die waarskuwingsliggie op ons motor se paneelbord ignoreer en vertel ook myself dat meer as 90% van mense in ons land nog daarsonder oor die weg kom.

(VivA-KPO)

Volgens Van Huyssteen (2004:270-271) word (schm)-reduplikasie as eggowoordreduplikasies geklassifiseer, wat hoofsaaklik fonologies gemotiveer kan word. Kirchner (2010:79) verwys na hierdie konstruksie as *depreciative reduplication*, een van die twee tipes reduplikasie wat in

Engels voorkom.²⁸ Spitzer (1952) bespreek $\langle shm \rangle$ -reduplikasie as 'n verskynsel wat veral in die ooste van die VSA voorkom.

Dit blyk asof $\langle shm \rangle$ -reduplikasie sonder uitsondering met verwysing na kontak met Jiddisj of die Joodse kultuur in die literatuur bespreek word. Enkele studies wat dit onomwonde as 'n Jiddisje verskynsel identifiseer en bespreek, sluit Feinsilver (1961), Nevins en Vaux (2003), en Zimmermann en Trommer (2011) in. Al hierdie studies bespreek betekenis- en vormaspekte van hierdie konstruksie en die fokus is meestal op die fonologiese eienskappe daarvan. Manninen en Wiktorsson (2020) bestudeer die rol van $\langle schm \rangle$ -reduplikasie soos wat dit met verwysing na die COVID-pandemie gebruik word, en hulle gevolgtrekking is dat $\langle schm \rangle$ -reduplikasie slegs gebruik is om die uitdaging wat deur die pandemie daargestel is, te verklein (Manninen & Wiktorsson, 2020:36-37).

As 'n mens dus bestaande studies oor hierdie tipe reduplikasie oorweeg, blyk dit asof kontaksituasies tussen Jiddisj en Engels (in die VSA), Duits (in Duitsland) en Nederlands (in Nederland) vir 'n invloed op die verspreiding van die hedendaagse gebruik van die konstruksie verantwoordelik is. Dit is egter slegs moontlik om te bespiegel dat Afrikaans die konstruksie uit Nederlands, eerder as direk uit Jiddisj, geërf het.

6.2.2.1 Vorm

Die vorm van *Braaidag*, $\langle shm \rangle$ *aaidag*-MEK's kan skematies soos die skemas in (27a)-(27c) voorgestel word. Hierdie tipe konstruksies word nie eenvormig geskryf nie, maar bestaan oor die algemeen uit 'n naamwoord of adjektief, 'n spasie of 'n komma, en 'n gedeeltelik geredupliseerde vorm (soos *Braaidag*, $\langle shm \rangle$ *aaidag*), 'n gekombineerde vorm (soos *Airbag* $\langle shm \rangle$ *airbag*), of 'n ander vorm (soos *Daily* $\langle Schm \rangle$ *averiek*) van die oorspronklike woord. Volgens reël 12.17 van die AWS (Taalkommissie, 2017:87) word gedeeltelike reduplikasies na regs vas, sonder 'n koppelteken geskryf. Idealiter sou hierdie MEK's dus as *braaidag* $\langle shm \rangle$ *aaidag* en *airbag* $\langle schm \rangle$ *airbag* geskryf gewees het.

(27) (a) $[[a+]_{N/ADJ} \langle s(c)hm \rangle [b]_{RX}]_{RED} \Leftrightarrow [SEM_{N/ADJ}$ is onbelangrik, onbedreigend of onbenullig],

waar $[b]_{RX}$ = 'n gedeeltelik geredupliseerde vorm van $[a+]_{N/ADJ}$

>

(b) $[[a+]_{N/ADJ} \langle s(c)hm \rangle [b]_{RX}]_{RED} \Leftrightarrow [SEM_{N/ADJ}$ is onbelangrik, onbedreigend of onbenullig],

waar $[b]_{RX}$ = 'n gekombineerde vorm van $[a+]_{N/ADJ}$

²⁸ Die ander tipe reduplikasie in Engels is kf-reduplikasie waarna in § 6.1.2.4 verwys is.

>

(c) $[[a+]_{N/ADJ}(s(c)hm)[b]_{RX}]_{RED} \Leftrightarrow [SEM_{N/ADJ} \text{ is onbelangrik, onbedreigend of onbenullig}],$

waar $[b]_{RX}$ = 'n ánder vorm van $[a+]_{N/ADJ}$

6.2.2.2 Betekenis

Konstruksies wat deur middel van $\langle schm \rangle$ -reduplikasie gevorm word, het 'n pejoratiewe karakter. Die betekenis van *Braaidag*, $\langle schm \rangle$ aaidag-tipe MEK's word gebruik in kontekste waarin sprekers hulle minagting teenoor 'n situasie of aansyn uitspreek. Met die gebruik van $\langle s(c)hm \rangle$ dui sprekers aan dat die entiteit wat as die eerste komponent optree, nie as iets ernstigs, waardevols of bedreigend geag word nie. Neem 'n mens *ongemaklik* $\langle schm \rangle$ aklik in (28) as voorbeeld, maak die spreker die ongemak van 'n ander persoon as iets onbenulligs of onnodigs af.

(28) Wat dink jy? Riens, ek voel baie ongemaklik. Ag, **ongemaklik shmaklik!** Kom, ons gaan kyk wat is in my kas.

(VivA-KPO)

In Zwicky en Pullum (1987:330) is $\langle s(c)hm \rangle$ -reduplikasie die eerste voorbeeld van Engelse evaluerende konstruksies wat genoem word. Merlini-Barbaresi (2015) verwys slegs vlugtig na $\langle shm \rangle$ -reduplikasie as 'n woordvormingsproses waarmee 'n gebruiker ironie, spot en/of ongeloof kan uitdruk. Nevins en Vaux (2003) bevestig hierdie betekenis en voeg die verswakkende en humoristiese toepassing daarvan by.

6.2.2.3 Gebruik

Daar is slegs enkele konstruksies in VivA se korpusversamelings gevind. In VivA-KPO kom $\langle s(c)hm \rangle$ -reduplikasies slegs as hapaxe voor – *braaidag*, *schmaaidag* in (29), *Airbag schmairbag* in (30) en *ongemaklik schmaklik* wat reeds in (28) genoem is. In VivA-KPE is daar slegs die voorbeelde van *Vampire schmampire* met twee trefslae in (31) en (32), en *Eno schmemo* in (33) wat 'n hapax is. Die enigste ander geval waar hierdie konstruksie gebruik is, is 'n toevallige waarneming van die boektitel *Kanker Schmanker!* (Rust, 2020).

(29) Só gaan hulle nou al etlike dae lank aan in aanloop en opbou tot Maandag se Nasionale Braaidag wat voorts netjies ingespan word om ineengerankte nasionale **Braaidag**, **schmaaidag**

- (30) **Airbag schmairbag**, probeer ek die waarskuwingsliggie op ons motor se paneelbord ignoreer en vertel ook myself dat meer as 90% van mense in ons land nog daarsonder oor die weg kom.
- (31) Uit op beerjag, Kenneth is nie bang nie. **Vampire schmampire** Die bloed het beslis n nommer gedoen op hulle velle en as ek so na haar kyk, cholestrol ook...
- (32) The Smoking Gun **Vampire schmampire** Almal weet dat Goths eintlik net grootmense is wat as kinders leerprobleme gehad het wat eers in hulle volwasse lewens manifesteer.
- (33) So konstipasie is die orde van die paar maande. **Eno schmeno**. Niks help vir hierie kak nie.

(VivA-KPE)

Hierdie konstruksies is moontlik algemener in Afrikaanse spreektaal as wat dit in geskrewe taal is, aangesien voorbeelde daarvan in VivA se korpusversamelings so beperk is. Die gebruik daarvan blyk ook meer fonologies as morfologies bereël te wees, as die literatuur en enkele voorbeelde in ag geneem word.

6.2.2.4 Opmerking

Die voorkoms van Jiddisj het 'n besliste invloed op die gebruik van $\langle s(c)hm \rangle$ -reduplikasies, veral in kontaksituasies met Engels in die VSA, Duits in Duitsland, en Nederlands in Nederland. Die waarde van 'n vergelyking met tale buite die direkte taalfamilie word ook in Wiese en Polat (2016) benut. Hulle bespreek *m*-reduplikasie in 'n stadsdialek van Duits (Kiezdeutsch) en is van mening dat dit 'n konstruksie uit Turks is wat in hierdie spesifieke variëteit gebruik word. 'n Voorbeeld van hierdie tipe reduplikasie is D. *schisser-misser* ("kakker-makker" 'bangbroek'). Die pejoratiewe of neerhalende betekenis in *m*-reduplikasies wat Wiese en Polat (2016:246) bespreek, stem tot 'n bepaalde mate met $\langle s(c)hm \rangle$ -reduplikasies ooreen.

6.3 Rekursiewe MEK's

Konstruksies wat as rekursiewe MEK's geklassifiseer kan word, is konstruksies waarin vormlike inhoud herhaal word, hetsy identies of verskillend, om betekenisinhoud evaluerend te laai. Voorbeelde van hierdie tipe konstruksies is *hiper---hond---kak---mees---tos*, *kak÷lelik-ste*, *oer-aarts-engel* en *spik---skitter+wit* in (34)-(37). Hierdie konstruksies is tekenende voorbeelde van Lakoff en Johnson (1980:127-128) se GKM van MEER VORM VIR MEER BETEKENIS wat in § 2.3.1 bespreek is. Esterhuizen (1974:64) wys ook op rekursiwiteit wanneer hy na affigering in gevalle soos *aller-ellendig-ste* en *super-fyn-ste* verwys. Van der Sijs (2001:242) verwys na hierdie konstruksies as *stapelvormen* wanneer sy Nederlandse intensiewe vorme soos

spik+splinter+nieuw (“spik+splinter+nuut” ‘baie nuut’) en *moeder+ziel+alleen* (“moeder+siel+alleen” ‘baie alleen’) bespreek.

- (34) Hak hak, Sri Lanka is kak...maar vr ons te veel jubel: raai watter span het die heel laagste **hiper-hondkak-mees-tos** telling ooit in toetskrieket?.
- (35) Dis soos party in Palaborwa – daar tel die manne mos eerder die **kaklelikste** girl op voor hul 'n dratie klap.
- (36) Onmoontlik iets anders as wat die grootste **oeraartsengel** kan doen: Sy vervul in haar verhewe eerbiedsvolle stilte die Heilige Wil van die groot, bo alles goeie Vader ; en dit is al wat sy kan doen.
- (37) Ag, Ruben, as jy dan so **spik-skitterwit**, sondeloos is, wees jy tog die eerste een om 'n klip om te tel en dit te gooi, toe?

(VivA-KPE/VivA-KPO)

6.3.1 Vorm

Die vorm van rekursiewe MEK's word gekenmerk deur die komponente wat herhaal word, maar verskillende komponente kan rekursief wees. Die soorte rekursiewe MEK's wat in Afrikaans voorkom, word in die skemas van (38) en (39) voorgestel. Die eerste skemas in (38) stel rekursiewe intensiewe vorme voor. Die rekursiwiteit vind plaas deur dieselfde of verskillende intensiverende komponente, byvoorbeeld prefikse, taboes of naamwoorde, voor die adjektief te voeg. In (39) word 'n herhaling van die diminutiefsuffiks gebruik om die metaforiese verkleining van die aansyn verder te beklemtoon, soos reeds bespreek is in § 5.3.2.2 met verwysing na dubbele diminutiewe. Die belangrikste eienskap van hierdie konstruksies se vorm is die herhaling van inhoud in dieselfde morfologiese konstruksie, al is dit deur middel van verskillende komponente.

- (38) (a) $[[a+]^n [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a+]^n$ = meer as een intensiverende naamwoord, werkwoord, adjektief of adverbium

>

- (b) $[[a \cdot]^n_{CN} [b]_{ADJ}]_{ADJ} \Leftrightarrow [baie SEM_{ADJ}]$,

waar $[a \cdot]^n_{CN}$ = meer as een intensiverende prefiks

≈

- (39) $[[a]_N [b]^n_{CN}]_N \Leftrightarrow [n \text{ onbenullige of onbedreigende } SEM_N]$,

waar $[\cdot b]^n_{CN}$ = meer as een diminutiefsuffiks

Die kern van hierdie tipe konstruksies is die toename in vorm wat die toename in betekenis aandui, ongeag waar dit in die konstruksie plaasvind. Dit is egter duidelik dat rekursiewe MEK's op grond van die herhaling van die tipe vorm van reduplikasiekonstruksies onderskei kan word: Waar intensiverende reduplikasies op MEER VAN DIESELFDE VORM VIR MEER BETEKENIS staat maak, is dit die geval met rekursiewe MEK's dat MEER VAN DIESELFDE TIPE VORM VIR MEER BETEKENIS die GKM is wat toegepas word. Voorbeelde wat met die skemas in (38) en (39) gepas kan word, word in (40) en (41) gegee.

(40) (a) Ek onthou: ek het Ridley Scott se ALIEN destyds as 'n jong resensent gesien, en ek was **vrek-bibberend-ritteltit-boos-bang**.

(b) Sy dink dit beteken iets soos **supermegawonderlik**.

(41) waterroetine tot die afweeg van ieder kriesel die byeentel van punte 1 is vir 'n sny brood 6 vir 'n **pasteitjietjie** oorleef op B12-inspuitings die verorber van voorkwarte kartonne eiers blokke en blokke kaas biltong en bacon

(VivA-KPO)

6.3.2 Betekenis

Die betekenisinhoud van hierdie tipe konstruksies spruit, soos by reduplikasies, uit die ikoniese verhouding tussen die inhoud en die vorm. Die beskrywende of referensiële inhoud verminder soos wat die evaluerende inhoud deur middel van die inkorporering van intensiverende komponente toeneem. In die meeste gevalle is die konstruksies wat as een van die komponentstrukture gebruik word oorspronklik evaluerend, met die rekursiwiteit wat die inhoud verder evaluerend maak. Op dieselfde manier word die onbenulligheid in *pastei-tjie-tjie* in (42) deur bykomende diminutiefsuffiks(e) beklemtoon, eerder as wat die gebruiker werklik die grootte van die pastei probeer beskryf.

Die opeenstapeling in intensiewe vorme, soos in *stok-siel-salig-aloneen* in (43) kom ook in Afrikaans voor. Volgens Kempen (1969:180) is die opeenstapeling in intensiewe vorme 'n konstruksie wat Afrikaans uit Nederlands oorgeërf het, in sommige gevalle selfs die presiese Nederlandse opeengestapelde intensiewe vorme.

(42) waterroetine tot die afweeg van ieder kriesel die byeentel van punte 1 is vir 'n sny brood 6 vir 'n **pasteitjietjie** oorleef op B12-inspuitings die verorber van voorkwarte kartonne eiers blokke en blokke kaas biltong en bacon

(43) En tog sit 'n mens vir twee ure vasgenael op jou stoel. En tog sit ons **stoksielsaligalleen** en tik.

Buiten vir iminutiewe, soos in die geval van (42), wat reeds in hoofstuk 5 bespreek is, is daar verskillende affikse wat rekursief in Afrikaans gebruik word. Een so 'n affikspaar is *ig·lik* wat Kempen (1969:539) nie spesifiek identifiseer nie, maar hy verwys wel na voorbeelde soos *naarstiglik* en *oorbodiglik*. 'n Paar jaar later bestudeer Gous (1974:57) die *·lik*-morfeem in Afrikaans en sy noem die wedersydse beïnvloeding van *·ig* en *·lik* (soortgelyk aan Esterhuizen se bespreking van *ge·* en *·ery*) in 'n moontlike woord soos ??*stuit·ig·lik*. Gous meen dat die byvoeg van *·lik* tot 'n verflouing van die evaluerende inhoud van *stuit·ig* sal lei, eerder as wat dit die betekenis sal intensiveer. Veertig jaar ná Gous (1974) bevraagteken Van Huyssteen (2018b, 2018c) spesifiek die voorkoms van *·ig·lik* in hedendaagse geskrewe Afrikaans. Ná 'n korpusondersoek kom hy tot die gevolgtrekking dat hierdie suffiëskombinasie wel produktief in hedendaagse geskrewe Afrikaans voorkom. Hierdie rekursiewe toepassing van verskillende affikse met dieselfde funksie en betekenis is egter nog nie aan die hand van omvattende gebruiksdata volledig bestudeer nie. Daar is dus nog nie duidelikheid oor die herhaling van verskillende affikse of komponente in dieselfde konstruksie is nie. In Tabel 6-2 word pare rekursiewe affikse wat in Afrikaans voorkom, wat as MEK's geklassifiseer kan word, met enkele voorbeelde opgesom.

Tabel 6-2: Rekursiewe komponentpare in Afrikaans

<i>Rekursiewe paar</i>	<i>Voorbeeldkonstruksies</i>
<i>ge·X·ery</i>	<i>ge·dans·ery, ge·soen·ery, ge·knoei·ery</i>
<i>X·ig·lik</i>	<i>huid·ig·lik, vur·ig·lik, goed·ig·lik</i>

6.3.3 Gebruik

Voorbeelde van rekursiewe MEK's is onsistematies en onvoorspelbaar, wat dit moeilik maak om 'n korpussoektog daarvoor uit te voer. Dit is nie 'n gegewe dat sommige komponente slegs op een manier rekursief gebruik kan word nie. Die konstruksies in Tabel 6-3 is toevallige observasies uit die data en nie enigsins 'n akkurate voorstelling van al die moontlikhede vir rekursiewe MEK's in Afrikaans nie. As die voorbeelde oorweeg word, is dit duidelik dat al die konstruksies 'n sterk intensiverende betekenis het. Die meeste van die konstruksies sluit ook taboewoorde in, met enkele uitsonderings soos *bitter≠bitter≠min*, *stok+siel+salig+alleen* en *super·briljant+wonderlik*. Die meeste konstruksies is ook hapaxe, wat noodwendig beteken dat die produktiwiteitswaardes hoog sal wees ondanks die gebrek aan konstruksies.

Tabel 6-3: Woordfrekwensieklas (N) van rekursiewe MEK's

<i>VivA-KPO</i>				<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>		<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>				<i>die = 1298362</i>		
stoksielsaligalleen	21	10		aarts-fokken-onnoselste	19	2
pik-nag-swart-donker	22	3		hondpoeskak	19	2
bitterbittermin	24	1		boknaai-mal	20	1
doodfokkengodeenvoudig	24	1		hiper-hondkak-mees-tos	20	1
helderfokkenblou	24	1		hiper-hond-poes-fokken-kak	20	1
helwitwarm	24	1		jirrejissesfokkengot	20	1
hipersupermega-kommin	24	1		kaklelikste	20	1
hiper-ultra-modern	24	1		kaksnaakste	20	1
moersebaiedankie	24	1		moederpoesmoerfokken	20	1
stapelgekmal	24	1		poescoolste	20	1
stoksielsaligalleen	24	1		poesFokkenHondEtterNa aierZef	20	1
superbriljantwonderlik	24	1		spik-skitterwit	20	1
super-komkommerkoel	24	1				
super-ongelooflikste	24	1				
superspannetjie	24	1				
vrekflippenmoeg	24	1				

6.4 Hipokoristiese konstruksies

Konstruksies waarin woorde verkort en gesuffigeer word, kan verskillende vorme aanneem, byvoorbeeld *Benn·a* en *Will·ie* in (44) en (45). In (44) en (45) is 'n eienaam as basis geneem, ingekort en met onderskeidelik *·a* en *·ie* gesuffigeer. Roelandts (1983) bespreek die *·a* in Afrikaans en vergelyk dit met soortgelyke konstruksies in Nederlandse en Vlaamse variëteite.

(44) Sienna glimlag vir **Benna** wat 'n plastiekbeker vol whisky, ys en sodawater voor haar neersit.

(45) **Willie** verwys na sy musikale vertonings as kabaserte, 'n mengsel van 'n kabaret en 'n konsert.

(VivA-KPO)

Hierdie tipe konstruksies staan as hipokoristiese konstruksies bekend. Volgens Kidd *et al.* (2011:360) bevorder die gebruik van hierdie konstruksies kulturele ideale soos gelykheid en informaliteit. In hulle studie poog Kidd *et al.* om aan te toon dat die gebruik van hipokoristiese konstruksies nie slegs tot 'n spesifieke deel van die spraakgemeenskap beperk is nie, en dat sulke konstruksies aan dieselfde morfologiese prosesse as gewone woorde onderworpe is.

Eienaammorfologie, wat besonders ingewikkeld is, val egter buite die huidige studie en word nie verder in hierdie proefskrif bespreek nie. Vir meer literatuur oor onomastiek, eienaammorfologie of troeteltaal, kan die werk van onder andere Van Langendonck (1985, 1999, 2007, 2008), Simpson (2012), Hendricks (2017) en Visser (2010, 2019) geraadpleeg word. Van Langendonck se fokus is algemener, terwyl Simpson Afrikaanse troeteltaal oor die algemeen bestudeer. Hendricks (2017:31-52) skenk spesifiek aandag aan vanderivate in Afrikaans (soos *Jorrie* wat van *Jordaan* afgelei word), en Visser se fokus is op troetelname in Fries.

Weens die relatiewe gebrek aan meer taalkundige beskrywings van hipokorisme in Afrikaans, asook die feit dat die komponente in hierdie konstruksies 'n uiters sterk kreatiewe en fonologiese aard het, word die bespreking verkennend gehou. Die bespreking in hierdie afdeling sal wel enkele voorbeelde uit die korpusversamelings insluit.

6.4.1 Vorm

'n Skematiese voorstelling hipokoristiese konstruksies word in (46) gegee. Hierdie konstruksies se vorm is minder sistematies as gewone geaffigeerde naamwoorde, byvoorbeeld *dier·asie* wat in § 5.3.1 beskryf is. Die inkorting én affigering lei daartoe dat die konstruksies onvoorspelbare variasie kan toon. As gevolg van die affigering in hierdie konstruksies klassifiseer Hinskens (2001) dit as 'n afleiding. Die skema in (46b) stem ooreen met die skema in (46a) met die enigste verskil dat ander naamwoorde die basis vorm.

(46) (a) $[[a]_N [a]_{CN}]_N \Leftrightarrow [\text{liefkosingsterm vir SEM}_N]$,

waar $[a]_N$ = 'n eienaam

>

(b) $[[a]_N [a]_{CN}]_N \Leftrightarrow [\text{'n aanduiding van familiariteit met SEM}_N]$

Combrink (1990:378-380) se bespreking van wat hy die *emotiewe ·ie/·y* noem, is 'n bondige verwysing na hipokoristiese konstruksies in Afrikaans. Voorbeelde wat hy noem, sluit *berg·ie* (bergslaper) en *onn·ie* (onderwyser) in, en die verhouding tussen die diminutiewe en *-a*-vorme blyk uit 'n tabel in Kempen (1969:384) waar die basisvorme langs die diminutiefvorme geplaas

word. In sy studie brei Hamans (2015) in meer detail oor die verband tussen hipokorisme en diminuering in Wes-Germaanse tale uit.

6.4.2 Betekenis

’n Primêre funksie van hipokoristiese konstruksies is om liefkosing aan te dui (Hinskens, 2001). Volgens Bardsley (2010) het hipokoristiese konstruksies, wat algemeen in Nieu-Seelandse Engels gebruik word, vyf moontlike funksies wat in (i)-(v) genoem word:

- (i) die voorsiening van identiteit en die behoud van ’n verhouding met ander;
- (ii) toename in solidariteit;
- (iii) identiteit in ’n organisasie;
- (iv) ’n verkortingsfunksie vir nuusopskrifte; en
- (v) eufemistiese of fonotaktiese funksie.

As die betekenismoontlikhede van hipokoristiese konstruksies dus oorweeg word, is daar besliste oorvleueling tussen hipokoristiese konstruksies en diminutiewe. ’n Tipiese geval van die solidariteitsfunksie van Bardsley in (vii) is byname soos *Benn-a* of *Will-ie*, terwyl die ingekorte *blikk-ies* as ’n versagting van *bliksem* ’n voorbeeld van Bardsley se eufemistiese funksie is.

6.4.3 Gebruik

’n Soektog na hipokoristiese MEK’s in Afrikaans is op soortgelyke wyse benader as in die geval van rekursiewe MEK’s in § 6.3, naamlik deur middel van toevallige waarnemings. Weens die variasie van hierdie tipe konstruksies, veral in die geval van woorde wat nie eiename is nie, toon die opsomming in Tabel 6-4 slegs enkele konstruksies. Die konstruksies wat voorkom, is *kammie* vir *kamer+maat*, *draties* vir *draadtrek*, *Brakkies* vir *Brakpan* en *babbies* vir *babelas*. Weens die beperkte data in Tabel 6-4 kan daar nie gevolgtrekkings oor hipokorisme in Afrikaans gemaak word nie. Ter interessantheid kan dit wel opgemerk word dat *draties* met *kap* kollokeer in VivA-KPE en met N=14 ’n baie algemener hipokorisme is as die ander gevalle in Tabel 6-4.

Tabel 6-4: Woordfrekwensieklas (N) van hipokoristiese MEK’s

VivA-KPO			VivA-KPE		
MEK	N	Trefslae	MEK	N	Trefslae
<i>die = 16556480</i>			<i>die = 1298362</i>		
kammie	19	23	draties	14	100

<i>VivA-KPO</i>			<i>VivA-KPE</i>		
<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>	<i>MEK</i>	<i>N</i>	<i>Trefslae</i>
<i>die = 16556480</i>			<i>die = 1298362</i>		
draties	20	22	Brakkies	17	9
Brakkies	23	2	babbies	20	1
babbies	24	1			

6.5 Samevatting

Die konstruksies wat in hierdie hoofstuk bespreek is, kan as perifere MEK's beskou word. Daar is tot 'n mate op reduplikasies in § 6.2 gefokus, waar dit geblyk het dat die intensiverende funksies van reduplikasies produktief deur Afrikaanse taalgebruikers ingespan word. In § 6.3 is rekursiewe MEK's oor die algemeen beskryf, aangesien hierdie konstruksies by uitstek uitbeeld hoe taalgebruikers 'n toename in soortgelyke vorm as 'n toename in betekenis konseptualiseer. Laastens is daar kortliks oorweging aan die interessante verskynsel van hipokorisme in Afrikaans geskenk, 'n proses wat nog in detail vir Afrikaans bestudeer behoort te word.

Hoofstuk 7: Gevolgtrekking

7.1 Inleiding

Die taak wat in hierdie studie in die vooruitsig gestel is, is die beskrywing van MEK's in Afrikaans – iets wat nog nie in sy totaliteit vir Afrikaans onderneem is nie. Die aard van MEK's om verskillende vorms en verskillende betekenis aan te neem, het 'n interessante uitdaging gebied. Daar is eerstens aan die hand van bestaande literatuur vasgestel wát as MEK's beskou kan word, en hóé dit verklaar kan word. Daarna is 'n beskrywingsraamwerk, geskoei op die literatuur, geformuleer om dit moontlik te maak om MEK's in Afrikaans sistematies te beskryf. In die daaropvolgende hoofstukke is 'n ondersoek aan die hand van Viva se korpusversameling onderneem en is MEK's in vier hoofstukke beskryf. In hierdie finale hoofstuk word 'n bestekopname van die studie, met oorweging van die literatuurstudie, die beskrywingsraamwerk en die beskrywings in hoofstuk 3-6 gegee. Die mate waartoe die navorsingsvrae beantwoord is, die bydrae wat hierdie studie maak, die beperkings van die studie, asook moontlikhede vir toekomstige navorsing, word ook bespreek.

7.2 Terugskouing en beantwoording van navorsingsvrae

In hoofstuk 1 is die volgende navorsingsvrae geformuleer:

- Watter teoretiese beskrywings van MEK's kan geïntegreer word om 'n beskrywings-raamwerk daar te stel?
 - Tot watter mate kan KG-konstruksie soos ikonisiteit, vestiging, subjektiwiteit en subjektivering gebruik word om MEK's te verklaar?
- Watter MEK's bestaan daar in Afrikaans?
 - Hoe kan hierdie MEK's beskryf word?

Die mate waartoe hierdie vrae beantwoord is, word in die volgende onderafdelings breedvoerig bespreek. Die bydrae van die studie word ook telkens uitgelig.

7.2.1 'n Beskrywingsraamwerk vir MEK's

Die kernaspekte van wat as evaluerende taalgebruik geklassifiseer kan word, moes eers bepaal word alvorens MEK's in Afrikaans geïdentifiseer kon word. In hoofstuk 2 is seminale bronne oor evaluerende taalgebruik en intensivering, wat Bolinger (1972), Scalise (1984), Stump (1993) en Bauer (1997) insluit, dus bespreek. Die verskillende bronne wat geraadpleeg is, het ook verskillende teoretiese verklarings vir evaluerende taal gebied. Na aanleiding van die literatuur is 'n MEK gedefinieer as 'n konstruksie wat:

- (i) morfologies kompleks is;
- (ii) evaluerend (d.i. ougmentatief, diminutief, melioratief of pejoratief) is; en
- (iii) waarvan die konstruksionalisering óf van subjektivering afhanklik is óf deur subjektivering gemotiveer kan word.

Die KG-konstrukte van ikonisiteit, vestiging en subjektivering het veral as belangrike verklarende begrippe vir MEK's na vore getree in die bespreking.

Ikonisiteit, spesifiek met verwys na die konseptuele metafoor van MEER VORM IS MEER BETEKENIS, dien as een motivering vir MEK's. Sodra die vorm van 'n konstruksie verander, soos in die geval waar *Ford* en *-bedonnerd* saamgevoeg word om *Ford--bedonnerd* te vorm, is daar 'n toename in die betekenis (ongeg watter betekenis). Hierdie konstruksie het, bo en behalwe die feit dat die aanvanklike naamwoord nou 'n adjektief is, 'n spesifieke evaluerende betekenis as gevolg van die gebruik van die taboesuffiksoëd. Hoe meer hierdie spesifieke vorm-betekenispaar in hierdie spesifieke betekenisverband gebruik word, hoe meer gevestig raak dié vorm-betekenispaar onder gebruikers. Hoe meer gevestig *Ford--bedonnerd* raak, hoe waarskynliker raak dit dat taalgebruikers dit sal gebruik om nuwe konstruksies, soos argumentsonthelwe ??*Russell Hobbs--bedonnerd* en ??*Samsung--bedonnerd*, te vorm. Soos wat die produktiwiteit van hierdie MEK saam met die evaluerende betekenis toeneem wat op 'n obsessie met 'n sekere handelsmerk dui, vind subjektivering mettertyd plaas: Die oordeel van die spreker word deel van die konstruksie se betekenisinhoud.

Vestiging as kognitiewe proses is daarom 'n belangrike verklarende konsep vir MEK's aangesien dit die wisselwerking tussen die sinchroniese en diachroniese aspekte ondervang. Soos uitgewys in die bespreking van Schmid (2015) se V&K-model, speel gebruik 'n kernrol in die proses wat 'n konstruksie ondergaan om mettertyd gevestig te raak.

Al is die fokus op die sinchroniese aspekte van MEK's, moet die moontlikheid wat subjektiwiteit en subjektivering vir die beskrywing van MEK's se ontwikkeling bied, beklemtoon word. Langackeriaanse subjektiwiteit maak voorsiening vir 'n raamwerk van semantiese beskrywing, terwyl Traugott se aanvanklike weergawe taalverandering aan die hand van pragmatiese versterking vooronderstel. Haar mees onlangse interpretasie is egter versoenbaar met Langacker se subjektiwiteit, aangesien dit as 'n gevolg van konstruksionalisering herinterpreteer is en betekenis sentraal laat staan.

Om opsommenderwys my interpretasie van subjektiwiteit aan die hand van MEK's te illustreer, kan *brand+warm*, *vuur+warm*, *hond÷warm*, *kak÷warm* en *wit--fokken--warm* in (1)-(7) as

voorbeeld geneem word. Al hierdie MEK's is verskillende konstruerings van 'baie warm'. In *brand+warm* word 'n werkwoord gebruik om terselfdertyd 'so warm dat dit brand' en 'baie warm' in onderskeidelik (1) en (2) aan te dui, terwyl *vuur≠warm* uit 'n naamwoord en *warm* bestaan, wat 'so warm soos vuur' én 'baie warm' in onderskeidelik (3) en (4) beteken. In (5) word *hond≠* as 'n prefiksoïed gebruik om *warm* mee te intensiveer, terwyl *kak≠* as taboewoord in (6) in dieselfde funksie gebruik word; in beide gevalle word slegs die betekenis 'baie warm' gekonstrueer. In (7) word *wit+* en *·fokken·* saam gebruik om die betekenis van *warm* dubbeld evaluerend te laai.

- (1) Op die stoep voel ek aan my hare. Dis **brandwarm** van die son.
- (2) Praat van 'n Bibbertas-koor wat uit vrees die koorsige massalied sing! Praat van 'n **brandwarm** persoonlikheid!
- (3) Hulle ontsmet dus die vloere en mure met spesiale chemikalieë en **vuurwarm** stoom.
- (4) Sy wil nooit, nooit weer só voel nie (só oorweldig deur teerheid, deur 'n **vuurwarm** liefde wat haar laat opbruis van blydschap).
- (5) Sy t-hemp is agter sy pt-broek ingesteeek (vermoedelik omdat dit **hondwarm** is) – dit hang soos 'n stert bo sy plumbers-crack en hy is kaalvoet.
- (6) Haar ma aan die anderkant is, Yolanda Hadid (voorheen Van Den Herik) wat self ook 'n **kakwarm** model van Nederlandse herkoms was, back in the day.
- (7) But we digress. Terug by Miss Huntington-Whiteley. Sy is inderdaad **wit-fokken-warm**.

(VivA-KPO/VivA-KPE)

Dié konstruksies kan volgens die mate van subjektiwiteit gerangskik word: Die denotatiewe betekenis van *brand* en *vuur* maak dat gebruikers die komponente op 'n semantiese vlak maklik as deel van 'n kompositum met *warm* kan kombineer. Daarenteen is *hond≠warm*, *kak≠warm* en *wit--fokken--warm* subjektiewer omdat *hond≠*, *kak≠* en *wit--fokken--* se konseptuele verband met *warm* slégs evaluerend/intensiverend sal wees. Die rol wat die taalgebruiker in die betekenis-konstruering van die konstruksies in (5)-(7) speel, is dus groter en juis dáárom is hierdie subjektiwiteit van die konstruksies groter. Die groter subjektiwiteit is 'n gevolg van die betekenis-elemente op die agtergrond wat deel van die konstruering uitmaak. In die geval van *kak≠warm* is die taboewaarde van *kak≠* 'n betekenis-element wat op die agtergrond bly, maar dit speel 'n belangrike rol in die konstruering van die konstruksie se betekenis. Dieselfde kan van *·fokken·* se gebruik in (7) gesê word.

'n Sentrale tese in hierdie proefskrif is dat 'n mens nie oor die ontwikkeling van evaluerende konstruksies, meer spesifiek MEK's, kan praat sonder om aandag te gee aan subjektivering en

